UNIVERSITY OF THE
FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE
VRYSTAAT
YUNIVESITHI YA
FREISTATA

UFS
THEOLOGY AND RELIGION

# NARRATIEWE PASTORALE SPEL EN GEMARGINALISEERDE GEMEENSKAPPE

**HESTER HELENA VAN SCHALKWYK**

**Proefskrif ter vervulling van die vereistes vir die graad**

***Doctor of Theology with specialisation in Pastoral Care***

**in die Departement**

**PRAKTIESE EN MISSIONALE TEOLOGIE**

**FAKULTEIT TEOLOGIE EN RELIGIE**

**aan die**

**UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT**

**Promotor: Prof. Jan-Albert van den Berg**

**April 2024**

**VERKLARING**

Ek verklaar dat die proefskrif wat hiermee vir die graad *Doctor of Theology with specialisation in Pastoral Care* (Departement Praktiese en Missionale Teologie, Fakulteit Teologie en Religie) aan die Universiteit van die Vrystaat deur my ingedien word, my selfstandige werk is, en nie voorheen deur my vir 'n graad aan 'n ander universiteit of fakulteit ingedien is nie. Ek doen voorts afstand van die outeursreg op die proefskrif ten gunste van die Universiteit van die Vrystaat.



.............................................................

Hester Helena van Schalkwyk

April 2024

## BRIEF VAN TAALVERSORGER

TRANSLATUM

*Mrs H C Lombard*
*B.A. (Bibl)*
*B.Bibl (Hons) – (Cum Laude)*
*M. Inf. (Cum Laude)*
*M.A.(Language Practice) – (Cum Laude)*

*P.O. Box 12122*
*BRANDHOF*
9324

**HEIL DIE LESER**

Ek, Huibrecht Christiana Lombard, bevestig hiermee dat ek onderstaande student se proefskrif taalkundig versorg het volgens die beginsels van akademiese diskoers.

**Hester Helena van Schalkwyk**
**Narratiewe pastorale spel en gemarginaliseerde gemeenskappe**

.

Alhoewel ek altyd daarna streef om konsekwent die hoogste kwaliteit met betrekking tot teksversorging te handhaaf, het ek geen manier om te verseker dat die brondokumente inderdaad met my taalversorgde weergawe vervang is nie. Ek het ook nie beheer oor die veranderinge wat later aan die dokument aangebring is nie. Die finale verantwoordelikheid vir dokumente berus dus altyd by die opdraggewende outeur.

**Mev H C Lombard**
MA (Taalpraktyk) (*Cum Laude*)

## OPSOMMING

Hierdie studie het die lig gesien na bewuswording van die toenemende onvermoë tot emosionele kommunikasie in gemarginaliseerde gemeenskappe binne praktykgrense. Normaalweg beskik volwassenes oor die vermoë om persoonlike probleme en emosies te kan oordra en verbaal te kommunikeer. Wanneer daar na terapie in gemarginaliseerde gemeenskappe gekyk word, word die volgende verskillende marge in ag geneem: kognitiewe vermoëns, post-traumatiese stresversteuring asook toestande van chroniese stres en die afwesigheid van pastorale hulp in gemeenskappe waar daar ŉ tekort aan finansiële ondersteuning is.

Om bogenoemde redes het ek ŉ speelse aanslag begin ondersoek – ŉ aanslag waarby mense in gemarginaliseerde gemeenskappe moontlik kon aansluiting vind en die taal van die medenavorsers in hierdie studie kon word. Ook ek kon baatvind by hierdie speltaal wat daartoe gelei het dat hierdie profskrif 'n outo-etnografiese reis geword het waarin ek myself, ook deur die medenavorsers, van nuuts af kon leer ken.

Die fokus is vanuit ŉ bipolêre, deelnemende aanslag op interdissiplinêre vlak uitgebrei. Hierdie aanslag word sterk op luistervaardighede, empatie en toerusting geskoei. Hierdie toerusting en speelse aanslae is via Gestaltteoretiese-, eksistensiële- en filiaalterapievorme op empiriese vlak bestudeer en pragmaties toegepas.

Die belangrikheid van die waardeverskil tussen postmoderniteit en postmodernisme is ook in hierdie proses uitgelig. Waar postmoderniteit ŉ kritiese dialoog of ŉ redekritiek met ŉ bepaalde paradigma inhou, verteenwoordig postmodernisme ŉ totale ideologiese en chronologiese wegbreek van die vorige paradigma. Omdat die term postmoderniteit die keuse van die invalshoek verteenwoordig, was hierdie studie dus ŉ poging om verskillende aanslae en paradigmas te herbesoek, af te stof en op geredigeerde wyse op die tafel te plaas. Hierdie studie was nie slegs ŉ navorsingsprojek met ŉ bediening *aan* die mense in gemarginaliseerde gemeenskappe nie, maar ook *met* hulle en *deur* hulle.

Die term postmoderniteit bied metodologiese kritiek wat die waarheid en soeke na insiggewendeambisies van konvensionele kwantitatiewe en kwalitatiewe sosiale wetenskappe bevraagteken.

Op pragmatiese wyse is die volgende aksies ten doel gestel en uitgevoer:

- Om die Gestaltteoretiese spelproses aan te pas om sodoende by die narratiewe terapeutiese benadering inslag te vind en in gemarginaliseerde gemeenskappe gefasiliteer te word.
- Om die interdissiplinêre verband tussen narratiewe-, Gestalt-, eksistensiële- en filiaalterapie na te vors, sowel as sistemiese gesinsterapie en kognitiewe gedragsterapie.
- Om kreatiwiteit as modus te gebruik en slegs vanuit die narratiewe benadering nuwe spelmetodes te ontwikkel. Die bordspel wat hieruit gebore is, word reeds met vrug gebruik.
- Om ’n basiese stel spelmetodes met bekostigbare speelmateriaal vir pastorale werkers in gemarginaliseerde gemeenskappe beskikbaar te stel.

In Hoofstuk 1 word die agtergrond geskets, maar vanaf Hoofstukke 2 tot 6 word met die rigting wat Osmer (2008) in die praktiese teologie voorstel, by die vyfledige agendapunt van Müller (2005) aangesluit. Hierdie agendapunte korreleer met Osmer (2008), Browning (1996), Freedman en Combs (1996) en White en Epston (1990):

| **Outeur** | **Müller (2005)** | **White & Epston (1990)** | **Osmer (2008)** | **Browning (1996)** |
|---|---|---|---|---|
| Hoofstuk 2 | Noodverhaal | Dominante verhaal | Die deskriptief-empiriese taak | Deskriptiewe beweging |
| 3 | Verledeverhaal | Probleemgelaaide verhaal | Die vertolkende taak | Historiese beweging |
| 4 | Verduisterde toekomsverhaal | Eksternalisering en dekonstruksie | Die normatiewe taak | Sistematiese beweging |
| 5 | Verledeverhaal geherstruktureer | Unieke uitkoms | Die pragmatiese taak | Strategies Pragmatiese beweging |
| 6 | Nuwe storie – die verbeelde toekomsverhaal | Die uitleef van die nuwe verhaal en toekomstige nuwe uitkomste | Die voortleef in die leiding van die Heilige Gees | Die etiese bewussyn van ’n sinvolle lewe |

## SUMMARY

This study resulted after the author had become aware of the increasing inability to emotional communication experienced by marginalised communities within practice borders. Normally adults have the ability to convey personal problems and emotions and communicate verbally. When looking at therapy in marginalised communities, the following margins are taken into consideration: cognitive abilities, post-traumatic stress disorders, as well as conditions of chronic stress and the absence of pastoral assistance, in communities where there is a shortage of financial support.

The above reasons propelled me to investigate a playful approach – where people in marginalised communities can relate to and which might become the language of the co-researchers in this study. On a personal level, I also benefitted from this ‘playful language’, which resulted in this thesis becoming an (auto)biographical journey where I could also get to know myself from scratch.

The focus stems from a bipolar, participatory approach on an inter-disciplinary level. The building blocks of this approach is strongly embedded in listening skills, empathy, and the use of equipment. The equipment and playful approach is examined on an empirical level via Gestalt theoretical, existential and filial therapy and pragmatically applied.

The importance of the difference in value between postmodernity and postmodernism is also highlighted in this process. Where postmodernity focuses on a critical dialogue or criticism of reason with a specific paradigm, postmodernism represents a total ideological and chronological shift from a previous paradigm. As the term postmodernity represents the angle of attack, this study was an attempt to revisit, renew, and edit the different approaches and paradigms. This study was not only a research project with a service *to* people in marginalised communities, but also *with* them and *through* them.

The term postmodernity offers methodological criticism, which questions the truth and the ambitions of seeking insight into conventional quantitative and qualitative social sciences.

The following actions were put to task and accomplished in a pragmatic manner:

- To adapt the Gestalt theoretical play process in order to fit in with the narrative therapeutic approach to be facilitated in marginalised communities.

- To research the interdisciplinarity relationship between narrative-, Gestalt-, existential- and filial therapeutic forms, as well as systemic family therapy and cognitive behaviour therapy.
- To use creativity as modus and develop new play methods solely from the narrative approach. The board game that was developed from this, is already being used fruitfully.
- To make available a basic set of playing methods with affordable play material for pastoral workers in marginalised communities.

The background is sketched in Chapter 1, but from chapter two to six the direction which was proposed by Osmer (2008) in practical theology, connects with the fivefold agenda item of Müller (2005). These agenda items correlate with the agreement of Osmer (2008), Browning (1996), Freedman and Combs (1996) and White and Epston (1990).

| **Author** | **Müller (2005)** | **White & Epston (1990)** | **Osmer (2008)** | **Browning (1996)** |
|---|---|---|---|---|
| Chapter 2 | Emergency story | Dominant story | The descriptive-empirical task | Descriptive movement |
| 3 | Past story | Problem-saturated description | The interpretative task | Historical movement |
| 4 | Darkened future story | Externalising and deconstruction | The normative task | Systematic movement |
| 5 | Past story restructured | Unique outcome | The pragmatic task | Strategic Pragmatic movement |
| 6 | New story – the imagined future story | The living of the new story and future new outcomes | The future living under the guidance of the Holy Spirit | The ethical consciousness of a meaningful life |

**Sleutelterme/Key terms**:

Spelterapie, narratiewe, pastorale spel, gemarginaliseerde gemeenskappe, postmoderniteit, filiaalterapie, eksistensiële terapie, armoede, Gestaltterapeutiese aanslag.

Play therapy, narrative, pastoral play, marginalised communities, postmodernity, filial therapy, existential therapy, poverty, Gestalt therapeutic approach.

## BEDANKINGS

Met my hele hart: baie dankie aan my Skepper vir die voorreg om sy voorkeurverhaal vir my lewe uit te leef. Dankie dat daar altyd 'n silwer rand om 'n donker wolk is. Dankie vir lewe. Dankie vir hierdie nederige bydrae tot teologiese navorsing.

Aan prof. Jan-Albert van den Berg – géén dankie sal reg laat geskied aan dít wat ek regtig wil sê nie. Aan 'n uitstekende, geduldige studieleier: baie dankie.

Annelize Dreyer van die Fakulteit Teologie en Religiekunde, opregte dank aan jou! Vir alles.

Johanna de Wet, Cornell Terblanche, Cobus Botha, Hanlie Erasmus, Ancois Botha – vir julle vriendskap en geduld en hulp met hierdie proefskrif – julle is kosbaar.

Aan Ernéne Verster en Huibré Lombard vir die amptelike tegniese- en taalversorging – baie dankie.

Baie dankie aan Carmen Nel vir tegniese en tegnologiese bystand – jou hulp word hoog op prys gestel!

Charles, vir jou aansporing. Sonder jou liefde en geduld sou ek nie hierdie opdrag van God wou aanpak nie.

Aan my kinders en kleinkinders – dankie vir al julle liefde, omgee en ondersteuning.

## INHOUDSOPGAWE

VERKLARING ..... i
BRIEF VAN TAALVERSORGER ..... ii
OPSOMMING ..... iii
SUMMARY ..... v
BEDANKINGS ..... vii
LYS VAN TABELLE ..... xv
LYS VAN FIGURE ..... xvi
**HOOFSTUK 1 AGTERGROND TOT NARRATIEWE PASTORALE SPEL EN GEMARGINALISEERDE GEMEENSKAPPE ..... 17**
Proloog: die student met 'n soeke ..... 17
1.1 INLEIDING ..... 19
1.1.1 Gwendolien se verhaal ..... 20
1.2 KLEREMAAKPROSES AS LEITMOTIV OF DEURLOPENDE TEMA ..... 21
1.3 PRAKTIESE TEOLOGIE AS NAVORSINGSORIËNTASIE ..... 23
1.3.1 Voorafstudie ..... 23
1.3.2 Epistemologiese raamwerk ..... 25
1.3.3 Navorsingsoriëntasie ..... 26
1.4 NAVORSINGSVRAE ..... 27
1.4.1 Primêre navorsingsvraag ..... 27
1.4.2 Sekondêre navorsingsvrae ..... 28
1.5 KORT SKEMA OOR HOOFSTUKKE TWEE TOT SES ..... 28
1.6 EMPIRIESE METODOLOGIE ..... 29
1.6.1 Data- en inligtingsinsamelingsmetodes ..... 32
1.7 BEKENDSTELLING VAN DIE NAVORSINGSDEELNEMERS ..... 37
1.7.1 Johannes (29) se kuifgevalle krag ..... 38
1.7.2 Shané se soeke na towerkuns ..... 39
1.7.3 Annalet se stoepstorie ..... 39
1.7.4 Rochelle se verhaal as dapper stapper ..... 39
1.7.5 Riana se huldeblyk aan hoop ..... 40
1.8 INTERDISSIPLINÊRE PERSPEKTIEWE RAKENDE NARRATIEWE PASTORALE SPEL ..... 41
1.8.1 Inkorporering van spel by die narratiewe gespreksproses ..... 41

1.8.2 Postmoderniteit versus postmodernisme ..... 42
1.9 ONDERSKEIDENDE KENMERKE VIR INSLUITING ..... 42
1.9.1 Navorsingsverwagting van hierdie studie ..... 44
1.9.2 Moontlike waarde van hierdie studie ..... 45
1.10 FRAGMENT UIT MY EIE LEWENSVERHAAL: TSOENAMI ..... 46
1.11 SAMEVATTING ..... 47
**HOOFSTUK 2 DESKRIPTIEWE EMPIRIESE NAVRAAG NA DIE ROL VAN NARRATIEWE PASTORALE SPEL EN GEMARGINALISEERDE GEMEENSKAPPE ..... 49**
2.1 INLEIDING ..... 49
2.2 MY EIE POSISIONERING TEN OPSIGTE VAN HIERDIE STUDIE ..... 50
2.2.1 Fragment vanuit my eie verhaal: die lief en leed ..... 52
2.3 PRAKTIES-TEOLOGIESE ORIËNTASIE ..... 55
2.3.1 Definiëring van praktiese teologie ..... 55
2.3.2 Deskriptiewe empiriese navraag na die rol van narratiewe pastorale spel en gemarginaliseerde gemeenskappe ..... 57
2.3.3 Navraag gesien vanuit die oogpunt van Osmer, Browning, Müller ..... 58
2.3.4 Pastorale sorg as hermeneutiek ..... 60
2.3.5 Fragmente uit die medenavorsers se lewensverhale ..... 61
2.3.5.1 Johannes se worstelverhaal ..... 61
2.3.5.2 Riana se waardige waagmoed ..... 62
2.3.5.3 Rochelle se staptog voortgesit ..... 62
2.3.6 Verwante inligting ten opsigte van hierdie studie ..... 63
2.3.6.1 Agtergrond tot gemarginaliseerde gemeenskappe ..... 63
2.3.6.2 Historiese blik op gemarginaliseerde gemeenskappe ..... 64
2.3.7 Definiëring van armoede ..... 67
2.3.7.1 Armoede as konflik ..... 67
2.3.7.2 Verskil tussen absolute- en relatiewe armoede ..... 68
2.3.7.3 Bestaansminimumbenadering ..... 68
2.3.7.4 Relatiewe verlies as armoede ..... 68
2.3.7.5 Deelnemende benadering tot armoede ..... 69
2.3.8 Interdissiplinêre perspektiewe rakende pastorale spel: narratiewe terapie as basis – die dominante verhaal in die narratiewe landskap ..... 70
2.3.9 Fragmente uit die lewensverhale van medenavorsers ..... 71
2.3.9.1 Annalet se oewerspore ..... 71

2.3.9.2 Shané se vernietigende verslawing ......................................................................72
2.3.9.3 Riana se verwagting van vreugde ......................................................................73
2.3.10 Woestyn as motivering in die soeke na dialoog tussen praktiese en ander interdissiplinêre studieterreine ......................................................................73
2.3.11 Teologiese refleksie ......................................................................75
2.3.12 Fragmente uit lewensverhale......................................................................77
2.3.12.1 Annalet se koestering......................................................................77
2.3.12.2 Johannes se kameelperdbekoring......................................................................77
2.4 SAMEVATTING......................................................................78
**HOOFSTUK 3 ANALITIES-INTERPRETERENDE NAVRAAG NA DIE ROL VAN NARRATIEWE PASTORALE SPEL EN GEMARGINALISEERDE GEMEENSKAPPE ...........80**
3.1 INLEIDING ......................................................................80
3.2 MY EIE POSISIONERING IN HARMONIE MET STUDIELEIDING............................82
3.2.1 Wrede weersomstandighede wat tot natuurrampe lei: ’n fragment uit my eie lewensverhaal ......................................................................83
3.3 INTERPRETATIEWE TAAK VAN PRAKTIESE TEOLOGIE MET INBEGRIP VAN DIE INVLOED VAN NARRATIEWE TERAPIE......................................................................84
3.3.1 Interpretatiewe taak deur Browning, Müller en Osmer ..............................................86
3.3.1.1 Inleidende opmerkings ......................................................................86
3.3.1.2 Historiese beweging van Browning......................................................................87
3.3.1.3 Fokus op Müller se strategiese gespreksvertolking as vyfledige gespreksagenda.87
3.3.1.4 Interpretatiewe taak van Osmer......................................................................88
3.3.2 Betrekking van verhaalstudies......................................................................88
3.3.2.1 Johannes: Die kameelperd se volgehoue bekoring ..............................................89
3.3.2.2 Riana se identiteit en heling in harmonie ......................................................................90
3.3.2.3 Shané se liefdesverhaal ......................................................................91
3.3.3 Verwante inligting ten opsigte van hierdie studie ......................................................................92
3.3.3.1 Lewensstrukture, lewensoorgange en ouderdomsverwante ontwikkeling van die medenavorsers......................................................................92
3.3.3.2 Psigoanalitiese ontwikkelings met betrekking tot pastorale sorg wat tydens hierdie studie tot kennis gelei het ......................................................................96
3.3.4 Gestaltteoretiese benadering tot terapie......................................................................98
3.3.5 Aksentverskuiwing rakende die interpretatiewe metafoor .......................................100

3.3.6 Definiëring van narratiewe terapie ten opsigte van die tweede beweging van soeke ..... 101
3.3.6.1 Inleidende opmerkings ..... 101
3.3.6.2 Dominante verhaal in die narratiewe terapie ..... 102
3.3.6.3 Probleemgelaaide verhaal ..... 103
3.3.7 Effek van stories ..... 104
3.3.8 Fragmente uit verhaalstudies ..... 106
3.3.8.1 Rochelle se droom ..... 106
3.3.8.2 Shané se dieper soeke ..... 107
3.3.8.3 Annalet se roosboomfantasie ..... 108
3.3.8.4 Johannes se woonwa-wysheid ..... 109
3.3.9 Nóg ’n golf in die oseaan: ’n kort fragment vanuit my eie lewe ..... 111
3.3.9.1 Teologiese refleksie ..... 111
3.4 SAMEVATTING ..... 112
**HOOFSTUK 4 NORMATIEWE NAVRAAG NA NARRATIEWE PASTORALE SPEL EN GEMARGINALISEERDE GEMEENSKAPPE ..... 114**
4.1 INLEIDING ..... 114
4.2 FRAGMENT UIT DIE WAG-ORIËNTASIE IN MY EIE TEOLOGIESE REIS – DIE OOP, SWART SAMBREEL ..... 116
4.2.1 Prakties-teologiese interpretasie ..... 118
4.2.1.1 Beskouing van pastorale teologie as herderskap ..... 118
4.2.1.2 Wag as dissipline in terapie ..... 118
4.2.1.3 Normatiewe reflektering op die werke van Osmer, Müller en Browning ..... 119
4.2.1.4 Behoefte aan ’n teologiese brug ..... 120
4.2.2 Dinamika in die vorm van transformasie: fragmente uit verhaalstudies van die medenavorsers ..... 122
4.2.2.1 Shané se reis voortgesit ..... 122
4.2.2.2 Annalet se voortgesette rivieroewerteologie ..... 123
4.2.2.3 Rochelle se vorming in die moederskoot ..... 124
4.2.2.4 Riana se ontwaking ..... 125
4.2.3 Verwante inligting ten opsigte van die normatiewe navraag na spel in gemarginaliseerde gemeenskappe ..... 126
4.2.3.1 Praktykgerigte toepassing ten opsigte van medemenslike verantwoordelikheid ..... 126

4.2.3.2 Geloofsontwikkeling van die medenavorser tydens vroeë volwassenheid: die fase van konvensionele geloof ........ 127
4.2.4 Interdissiplinêre perspektiewe ten opsigte van hierdie studie ........ 128
4.2.5 Filiaalterapie as ondersoekterrein ter versterking van die narratiewe onderbou: filiaalterapie of sistemiese familie- en gesinsterapie ........ 129
4.2.6 Invloed van lewensomstandighede op die individu ........ 132
4.2.7 Beredenering tussen gespreksgenote en 'n prakties-teologiese aanslag ........ 132
4.2.8 Postmoderne aanslag: 'n algemene oorsig wat vanuit die narratiewe terapie verbeeld word ........ 135
4.3 FRAGMENTE UIT VERHAALSTUDIES: DIE DINAMIKA VAN DIE NORM VAN TRANSFORMASIE ........ 137
4.3.1 Shané se reis voortgesit ........ 137
4.3.2 Johannes se kaskarstorie ........ 138
4.3.3 Riana se donker kokosneutdop ........ 139
4.3.4 My eie lewensverhaal in die lig van gebrokenheid: die toevou van die sambreel na die tsoenami ........ 139
4.4 SAMEVATTING ........ 141
**HOOFSTUK 5 'N PRAGMATIESE BESKOUING VAN DIE ROL VAN NARRATIEWE PASTORALE SPEL EN GEMARGINALISEERDE GEMEENSKAPPE ........ 142**
5.1 INLEIDING ........ 142
5.2 FRAGMENT UIT MY EIE LEWENSVERHAAL: VAN VERWOESTENDE YSWATER TOT WARM BRONNE ........ 143
5.2.1 Korrelasionele benaderings tot praktiese teologie – 'n transdissiplinêre dialoog ........ 145
5.3 FRAGMENTE UIT DIE MEDENAVORSERS SE VERHALE ........ 147
5.3.1 Riana se ontwaking ........ 147
5.3.2 Rochelle se drie varkies ........ 147
5.3.3 Shané se sout-sekuriteit ........ 148
5.3.4 Prakties-teologiese verkenning van die pastoraal-teologiese landskap: die pragmatiese taak deur die lense van Müller, White en Epston, Osmer en Browning ........ 149
5.3.4.1 Osmer se strategiese aksie ........ 149
5.3.4.2 Avontuurlike aambeeld (Freedman en Combs; White en Epston; Müller) ........ 150
5.3.4.3 Browning: 'n volhoubare strategies pragmatiese kwaliteit ........ 150
5.3.5 Praktyk en teorie gefundeer ........ 152
5.3.5.1 Aanklank tussen gespreksgenote en 'n prakties-teologiese aanslag ........ 152

5.3.6 Fragmente uit die medenavorsers se verhale ..... 155
5.3.6.1 Johannes se Kades ..... 155
5.3.6.2 Riana - die dinosourus vasgevang ..... 156
5.3.7 Interdissiplinêre perspektiewe ..... 158
5.3.8 Eksistensiële terapie ..... 158
5.3.9 Ou woorde, nuwe akkoorde ..... 161
5.3.9.1 Spelmetodes: die redaksie in aksie ..... 164
5.3.10 Fragmente uit verhalestudies ..... 171
5.3.10.1 Shané se veerkragtige vierkante ..... 171
5.3.10.2 Storieblokkies ..... 171
5.3.10.3 Johannes se melodieë in klank en kleur ..... 172
5.3.10.4 Annalet se vrolike vetkryte ..... 174
5.3.10.5 My eie posisionering as fragment: ’n somber prosessie - die verwesenheid na die chaos van die tsoenami ..... 175
5.4 SAMEVATTING ..... 176
HOOFSTUK 6 NARRATIEWE PASTORALE SPEL EN GEMARGINALISEERDE GEMEENSKAPPE: SAMEVATTENDE PERSPEKTIEWE **..... 178**
6.1 INLEIDING ..... 178
6.2 FRAGMENT UIT MY EIE LEWENSVERHAAL: DIE EMOSIONELE SEKURITEIT VAN ’N VASTE RITME ..... 180
6.3 PRAKTIES-TEOLOGIESE INTERPRETASIE: DIE AFSLUITING VAN HIERDIE STUDIE DEUR DIE LENSE VAN OSMER, WHITE EN EPSTON, MÜLLER, EN BROWNING ..... 181
6.3.1 Osmer se fokus op breinkrag ..... 181
6.3.2 White en Epston se kragtige ooreenstemming en akklimatisering ..... 182
6.3.3 Browning se basale boog van praktyk na teorie na praktyk ..... 182
6.3.4 Post-fundamentele epistemologie en sosiaalkonstruksionisme ..... 183
6.3.5 Navorsingsomgewing en deelnemers: Fragmente uit verhaalstudies van die medenavorsers ..... 184
6.3.5.1 Johannes se dans na die ritme van sy eie voete ..... 185
6.3.5.2 Rochelle se digitale dans ..... 186
6.4 METODOLOGIE, DATAVERSAMELING EN ONDERHOUDVOERING ..... 188
6.4.1 Data-ontleding ..... 192
6.4.2 Etiese aspekte ..... 194

6.4.3 Interdissiplinêre perspektiewe ........................................................................ 194
6.4.4 Fragmente vanuit die medenavorsers se lewensverhale ........................................ 197
6.4.4.1 Annalet se blinkgevryfde kopergoedjies ............................................................ 197
6.4.4.2 Riana se hoofrol in "Lord of the dance"............................................................ 199
6.4.4.3 Shané se stewige vastrapplekke ...................................................................... 200
6.4.5 Persoonlike reflektering van hierdie studie ............................................................ 203
6.4.5.1 Gwendolien se toekoms ..................................................................................... 204
6.5 SAMEVATTING......................................................................................................... 205
Epiloog as afsluiting van my persoonlike besinning van hierdie studie ................................. 206
BRONNELYS.................................................................................................................. 209
ADDENDA ...................................................................................................................... 233
Addendum 1: 'n Voorstelling van die sandrak en projeksiefiguurtjies ................................... 233
Addendum 2: Prentekaarte met vrae soos uiteengesit ........................................................ 234
Addendum 3: Rötter se onvoltooide sinne-lys .................................................................... 236
Addendum 4: Die bordspel "Pachisi" soos op Tomm (2008:174-191) se vraelys gebaseer ... 237
Addendum 5: Vraelys wat gelei het tot die Freed-X spel ...................................................... 238
Addendum 6: Die bordspel Freed X ...................................................................................... 240
Addendum 7: Die Freed-X spel in 'n vroeë stadium van ontwikkeling.................................. 241
Addendum 8: Die nuwe Freed-X speletjie soos op viniel gedruk en in die praktyk gebruik word ........................................................................................................................... 242
Addendum 9: Die Roosboom fantasie.................................................................................. 243
Addendum 10: Die bevrydingspeletjie (Jill-X) soos ook in Addendum 6 na verwys ............... 245
Addendum 11: 'n Voorbeeld van die termineringsboekie...................................................... 246
Addendum 12: GHREC Vorm .............................................................................................. 249

# LYS VAN TABELLE

Tabel 1.1: Opsommende tema oor hoofstukke twee tot ses ....................................................29
Tabel 2.1: Uittreksel uit die oorhoofse tabel in Hoofstuk 1. Die fokuspunte vir hoofstuk twee met die klem op die eerste sekondêre navorsingsvraag en met verder insluiting van Freedman en Combs ........................................................................................................................59
Tabel 3.1: Opsommende skema rakende die klem in Hoofstuk 3 met die fokus op die 2de sekondêre navorsingsvraag ..........................................................................................85
Tabel 3.2: Fases van volwassenheid ..........................................................................93
Tabel 4.1: Opsommende skema rakende die fokus binne Hoofstuk 4 met as klem die 3de sekondêre navorsingsvraag .........................................................................................114
Tabel 5.1: Kompakte tabel rakende die pastorale klem in hoofstuk vyf met as fokus die 4de en laaste sekondêre navorsingsvraag..............................................................................142
Tabel 6.1: Gekompakteerde tabel rakende die pastorale klem in die slothoofstuk..................178

**LYS VAN FIGURE**

Figuur 1.1: Leitmotiv as deurlopende tema ......................................................................21
Figuur 1.2: Datagenerasie soos deur Averill (2012:363) verduidelik........................................31
Figuur 3.1: Lyfrome soos dit vir Riana die fases van terapie verbeeld.......................................90
Figuur 5.1: Fotobeeld van die dooie dinosourus wat tussen Riana en bevryding gelê het.......156
Figuur 5.2: Foto-uitbeelding van waar Riana beheer geneem het van die bedreiging in haar lewe. Die bedreiging het nie verdwyn nie, maar kon daarna anders deur Riana benader word ........158
Figuur 5.3: Maslow se hiërargie van behoefte (https://prezi.com/i/qh3gbc1jjoh6/maslow-se-hierargie-van-behoeftes-).........................................................................................159
Figuur 5.4: Die 'redaksie' van spelmetodes.............................................................................164
Figuur 5.5: Story Cubes: a non-competitive storytelling game designed to spark the imagination of players of all ages (O'Connor en Murphy ®) ......................................................................171
Figuur 6.1: GROW-model (Whitmore 2002) ...........................................................................187
Figuur 6.2: 'n Gekopieerde voorbeeld van Rochelle se digitale boodskappe ...........................187
Figuur 6.3: 'n Voorbeeld van die termineringsboekie se voorblad (Addendum 11)...................192
Figuur 6.4: Die spel "Pachisi" wat ontwerp is om houdings, persepsies, oortuigings, emosies en patrone te eien ..........................................................................................................201
Figuur 6.5: Kleine Kwekery ......................................................................................................202

# HOOFSTUK 1
# AGTERGROND TOT NARRATIEWE PASTORALE SPEL EN GEMARGINALISEERDE GEMEENSKAPPE

### Proloog: die student met 'n soeke

Die wegdreinering van die kuslyn voordat 'n tsoenami inbeweeg

*Februarie 2016. Ek het besluit om by die Universiteit van die Vrystaat vir 'n MTh-kursus met die fokus op narratiewe terapie, te registreer. Hoewel ek gretig was om nuwe kennis te bekom, was my droom aanvanklik moontlik meer 'n vlug uit die werklikheid as wat dit 'n soeke na kennis was. In hierdie stadium van my lewe het ek dikwels met my eie verhaal omgegaan, maar dit was tóg asof daar iets soos 'n dofglimmende koperslot aan die deur van my hart gehang het. Sonder werklike prosessering daarvan, is emosies en belewenisse uitgehaal en weer weggebêre.*

*Müller (2000:17) meen dat, in die narratiewe pastoraat, die mite van "objektiwiteit" geheel en al verwerp word. My beweegrede vir die studie was dat ek kennis van spelterapie het en my werk in die speelkamer geniet, maar dat ek nie weet hoe om volwasse gespreksgenote met voldoende begrip en die nodige professionele leiding te hanteer nie. Ek moes leer dat ek juis vanuit 'n nie-wetende posisie te werk moes gaan.*

*Ek het in 'n kuierplekkie op die kampus gaan sit en die boek "Narrative therapy: the social construction of preferred realities" (1996) van Freedman en Combs oopgemaak. Die eerste sin op die eerste bladsy het reeds tot my gespreek: "Shifting paradigms: from systems to stories" (Freedman & Combs 1996:1). Ek wou beter toegerus wees deur studie, maar hier moet ek eintlik leer om nie my eie storie te ignoreer nie. Ek het gedink dat ek iets soos 'n metaalverklikker sal ontvang wat vir my na die goue ponde in ander mense se lewens sal lei. Müller (2000:18) het egter beklemtoon dat 'n mens nie "soos 'n onbeskrewe lei na gespreksgenote kan luister nie". Hoe onbewustelik dit ook al mag voorkom, word die gespreksgenoot se verhaal ook deur my eie storie beïnvloed.*

*Sommer so sonder om te beplan, het ek vlugtig deur die boek van Freedman en Combs geblaai en op hierdie belydenis van Jill Freedman afgekom: "A turning point for me in learning to externalize problems was having an externalizing conversation with myself" (Freedman & Combs 1996:49). Soos dit vir Jill Freedman 'n draaipunt verteenwoordig het, het dit vir my 'n praktykgerigte basis vir gesprekvoering op 'n speelse wyse gebied. Op*

*onbewuste wyse is die saadjie vir die ontwikkeling van die bordspel reeds op hierdie stadium geplant.*

*Freedman sê dat sy vir 'n geruime tyd in haar lewe aan haarself as skaam gedink het. Sy het per geleentheid 'n skielike vrees ervaar om in die openbaar op te tree, maar het besluit om haarself aan te spreek oor die gevolge van skaamheid in haar lewe. Dit was vir haar merkwaardig dat, sodra sy die perseptuele verskuiwing van skaamheid, wat haar lewe binne sosiale situasies oorneem, ervaar het, dit vir haar meer hanteerbaar as die skaamheid self was. Hierdie insig het haar laat besef dat dit makliker is om soortgelyke perseptuele verskuiwings met ander te handhaaf. Hierdie ontdekking het daartoe gelei dat sy en haar medeskrywer, Gene Combs, 'n spesifieke oefening saamgestel het waar 'n karaktereienskap of emosie wat soms jou lewe op 'n negatiewe wyse beïnvloed, deur 'n spesifieke stel vrae aangespreek kon word.*

*Hierdie stel vrae, soos aangebied in die vyfde sessie met gespreksgenote, het 'n groot impak in my lewe gehad (Sien Addendum 5). Spesifieke pastorale aksente kon hierdeur nuut belig word. Hierdie oefening het, in my praktyk en ook in hierdie navorsingstudie, 'n kosbare praktykformaat vir spel- en storieontwikkeling geword.*

*Hierdie oefensessie van Freedman en Combs (1996:49,101), soos met elke narratiewe aanslag gepoog word, is nie 'n vaste voorskrif vir hoe die gesprek moet verloop nie. Die outeurs bied hierdie oefenformaat as 'n hulpmiddel en leerkurwe aan, en níé as 'n onbuigbare voorskrif of resep nie. Dit skets en idealiseer die formaat vir 'n terapeutiese gesprek. Soos met enige gesprek, is daar ruimte vir verandering en aanpassings. Met 'n speelse aanslag kan dit as 'n waardevolle basis dien om mense te bemagtig om hulle eie insig, visie en storie te herontdek en na vore te bring. Volgens Van den Berg (2020:7) sal die verhouding tussen taal en realiteite nie slegs tot relatiwiteite lei nie, maar eerder tot "'n aanvoeling vir die beperktheid van die taal." Die mikpunt van die spel is nie alleen die antwoorde op vrae nie, maar ook 'n sekere vlak van emosionele betrokkenheid by die spel.*

*Die unieke uitkoms wat hierdie praktykformaat vir mý gebied het, sal altyd uitstaan as een van die hoogtepunte in my lewe. Dit was deel van al my nagtelike gedagtes en tydens al my môres se wakkerword. Dit het verligting gebied vir die klemskroef wat my binneste inmekaargepers het. Nie slegs kon die diep behoefte om my eie verhaal te vertel, hierdeur gefasiliteer word nie (Müller 2000:23), maar ek kon hopelik ook nuwe teorieë vir gesprek help ontwikkel.*

## 1.1 INLEIDING

Een van die min seker dinge van die mens se bestaan is dat die seisoene gereeld verander. Daarmee saam kom sommige inligting aan die lig en dinge wat in die lig was, verdwyn weer in die donker van vergeet. Die doel is om na gesonde herinnering te strewe. Wanneer die verhalende- of narratiewe benadering gevolg word, kan sinvolle gesprekke juis gevoer word om wonderlike moontlikhede vir sinvolle gesprekke en genesende geheue, te bied.

Word sommige mense maar gebore om aan die buitekant van die wêreld se agterdeur te sit? Die nood van gemarginaliseerde gemeenskappe het tot my gespreek en het ten sterkste tot hierdie navorsingsprojek aanleiding gegee. Emosionele ventilering is 'n belangrike konsep vir elke mens. Om te ontlaai kan tot 'n harmonie tussen die verlede en die toekoms lei. Soms is dit nodig om, veral ten opsigte van die gemarginaliseerde gemeenskap, dié soort skets van lewende verhale aan te moedig.

Hierdie aanmoediging tot sinvolle gesprekvoering is hoofsaaklik in die aanwending van narratiewe gesprekvoering geleë. Om sulke gesprekke uit te lok, te versterk en te vergemaklik, het ek psigo-analitiese ontwikkelings met betrekking tot pastorale sorg bestudeer om meer te wete te kom. Tydens hierdie interdissiplinêre aanslag het veral die studieterreine van Gestaltteoretiese-, filiale- en eksistensiële terapie nuwe inligting en alternatiewe idees na vore gebring.

Die narratiewe teorie van verandering is daarop gebaseer dat die gespreksgenoot ou verhale dekonstrueer en voorkeurverhale oor hulself en hulle lewens rekonstrueer. Soos 'n nuwe en voorkeurverhaal na vore kom, is dit belangrik om die gespreksgenoot te help om met die nuwe storie verbind te bly. Verskeie kreatiewe strategieë soos simbole in die sandbak, kuns, klei en metaforiese gesprekke kan tot 'n ryker beskrywing van die alternatiewe verhaal bydra (Geldard & Geldard 1997:83).

Die oorhoofse metafoor van die woestyn, wat in Hoofstuk 2 aangebied word, het as agtergrond en motivering gedien om na spesifieke oplossings te soek, en nie sommer die maklikste kombinasies van psigologiese terreine aan mekaar te wil opdring nie. Ek wil egter as *leitmotiv* of herhalende tema, die metafoor van die kleremaakproses beskryf. Ek sou graag 'n stukkie agtergrond van die keuse om die klere te maak as aanvullend tot my lewensverhaal hier wou deel.

### 1.1.1 Gwendolien se verhaal

*Die tafels is keurig gedek, die bruidegom staan en wag terwyl die gaste hulleself sit en koel waai. Die vrolike atmosfeer is gelaai met elektrisiteit. Die bruid is, soos dit seker maar veronderstel is om te wees, effens laat. Tydens hierdie gewag, terwyl die bruidegom sy kraaknuwe, onberispelike wit sakdoek, nou vol onnodige sweet besmeer, vra die vriendin wat langs my sit of ek asseblief haar trourok sal maak. In die magiese afwagting tussen al die mooi goed, verklap sy ook sommer haar geheim: "Die lot is in die pot en nou moet dit prut; ons moet trou voordat ek te veel gaan wys, en Fransman stam uit die Enakiete, groot van aansien." Hierdie woorde het my nie eintlik met 'n keuse gelaat nie, maar ek was dadelik opgewonde om deel van dié voornemende bruid se groot dag te wees.*

*'n Week later het ons 'n afspraak en kom die bloesende bruid met 'n patroon uit 'n splinternuwe Vogue onder die arm daar aan. Ek het sommer dadelik gesien dat haar droomrok met dié patroon nie 'n vleiende prentjie van 'n groterwordende buik wat 'n kosbare lewetjie huisves, gaan skep nie. Ook nie die flertsie kant wat sy as voorbeeld vir die materiaal gebring het nie. Ons sou van voor af moes soek.*

*Gwendolien woon ook in 'n gemarginaliseerde gemeenskap, maar is nie 'n medenavorser in hierdie studie nie. Sy was só teleurgesteld toe sy besef dat nóg die patroon, nóg die materiaal, die regte keuse is. Terwyl ons in die kas soek na 'n ander patroon wat dalk meer geskik sal wees, waai 'n stukkie papier van agter uit die kas. Toe sy dit optel en lees, is dit asof iets in haar wonderbaarlik tot anderkant haar grense oopvou. Wanneer, en deur wie, hierdie teksversie geskryf is, en presies hoe dit in my naaldwerkkas beland het, weet ek nie. Op mooi versierde papier is met 'n fyn, versigtige handskrif 'n grepie uit Openbaring daarop geskryf: "En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige dade van die heiliges" (Openb. 19:7).*


*Trane het spontaan in die amper-mamma bruid se oë opgewel. "Antie, maar dan beteken dit mos God het my vergewe omdat ons oorhaastig was, en dat Hy die bybie nou seën!" Ons kon kies om die onverwagte, onverdunde seën te ontvang en daaroor bly te wees. Met nuwe energie kon ons verder uitpak en teken en materiale toets, ook vir die rekbaarheid daarvan om die nuwe lewetjie te akkommodeer. Daar kon met ouer stukke materiaal en Gwendolien se nuwe droomkant gespeel word totdat dit nommerpas was. Ek het vaagweg onthou dat Matteus (in hoofstuk 9:16) waarsku dat nuwe lap nie op 'n ou kleed gewerk word nie, maar hiérdie kan geestelik en fisies gedoen word. Tussen kant en brokaat, chiffon en crêpe kon ons prinsesdrome droom*

*en op wolke loop. Met volumetriese strukture, digtheid en elastisiteit, kon die patroon uiteindelik geknip word.*

*Hoe maklik kan 'n mens jou verbeel dat die huwelik altyd "op wolke" gaan wees, of dat jy geen naat voel waar 'n nuwe stuk lap vasgestik is nie! Maar, "waar 'n naald deur ongeskonde lap gegaan het, sal daar gaatjies agterbly, al is dit veronderstel om onsigbaar te wees" (Bredenhann 2011:74). Hierdie waarheid kon ons weer aarde toe bring, maar steeds die drome in ons harte laat voortleef.*

Hieronder volg 'n uiteensetting van die ontvouing van die ryspapier, die materiaal en die kledingstuk.

## 1.2 KLEREMAAKPROSES AS *LEITMOTIV* OF DEURLOPENDE TEMA




***Figuur 1.1: Leitmotiv as deurlopende tema***

Die voorafstudie: Die kies en aankoop van die patroon en bypassende materiaal. Die droom, die soeke na studiemateriaal is "die rein en fyn blink linne" wat van Patmos tot diep in Gwendolien se hart gereis het. Sy het gewéét wat sy wou hê en hoé sy dit wou hê. Die praktyk was egter iets anders. Dit is binne hierdie konteks dat Schrag (1992:148) meen dat, om jou produk te versterk, van diversiteit gebruik gemaak behoort te word. Ander patrone kan aanvullend tot die eerste een gebruik word. Groome (1998:186) meen dat kritiese refleksie persoonlike verbeelding behoort te betrek. Gwendolien se persoonlike verbeelding is geprikkel

en sy het op 'n intiemer vlak deel van die veranderende proses geword en groter drome begin droom.

Hoofstuk 1: Die instruksies word deeglik deurgelees. Op hierdie manier word 'n agtergrond tot narratiewe pastorale spel en gemarginaliseerde gemeenskappe gevorm. Van den Berg (2020:2) gebruik die metafoor van 'n foto-album, wat in hierdie studie met 'n rokspatroon vervang word en wat as beskrywing van Gereformeerde identiteit dien (Stroup 2003:265–268). Al die verskillende pante, aangepas en heraangepas vir hierdie spesifieke rok, asook vir hierdie spesifieke studie, dien ook as "'n brug na 'n eie plasing in die pastorale teologie" (Van den Berg 2020:3). Die groter assosiatiewe netwerke wat hierdeur opgeroep word (Van den Berg 2020:3; Müller & Maritz 1998:66), dien dan ook vir my as *leitmotiv* vir die beskrywing van my eie pastoraal-kwaliteitteologiese "patroon".

Hoofstuk 2: Die ryspapier met patroondele word gesorteer sodat die regte pante op die regte nommer geknip kan word. Die deskriptiewe empiriese vraag word in hierdie opsig uitgelig. Die "wat-is-aan-die-gang" vraag van Osmer (2008:4) word vergelyk met wat op die patroonpante aan die gang is. Wanneer daar duidelikheid is oor wat op die patroonpante aan die gang is, kan die regte dele uitgehaal, uitgeknip en gebruik word. Die moeilikheidsgraad van die "patroon" of die uitvoering van die denkmodel styg as gevolg van die transversale model vir dialoog tussen die teologie en ander terreine (Osmer 2008:170).

Hoofstuk 3: Die uitgesnyde papierpatroon word op só 'n wyse op die materiaal geplaas dat die materiaal teen die regte grein gesny kan word. Hierdie metaforiese aksie sluit aan by die interpretatiewe navraag na die rol van spel in gemarginaliseerde gemeenskappe. In Gwendolien se geval kan die groterwordende buik met die rasionele realiteit van die lewe vergelyk word. Op teologiese vlak dui dit op organismiese selfregulering wat mense se vermoë en natuurlike prosesse om keuses uit te oefen en betekenis te verskaf (Yontef & Jacobs 2014:300), uitbeeld.

Hoofstuk 4: Die lap word op die basis van die papierpatroon uitgeknip en die pante word aanmekaar geryg. Die normatiewe navraag na die rol van spel in gemarginaliseerde gemeenskappe word hierdeur aangespreek. Soos die abstraksie van die patroon gebruik word, word teologiese konsepte gebruik om bepaalde episodes, situasies of kontekste te interpreteer en om etiese norme te konstrueer.

Hoofstuk 5: Die pante van die rok word stap vir stap aanmekaar gestik, gestryk en opgehang. Die pragmatiese beskouing van die rol van spel in gemarginaliseerde gemeenskappe, wat grootliks die bepaling van situasionele invloede behels, word hiermee geïmpliseer. Louw, Denton en Grobler (2016:8) meen dat, aangesien die doelwit in die ander psigologiese teorieë op bewustheid dui, dit beteken dat verskillende kreatiewe aktiwiteite gebruik kan word om

mense te help om te identifiseer waarvan hulle bewus word. Die kreatiwiteit van die vermenging van verskillende materiale en patrone bied in hierdie opsig ŉ praktiese metafoor.

Hoofstuk 6: Die rok word gedra en verteenwoordig die voortleef van die lewensverhaal in die leiding van die Heilige Gees. Dit sluit aan by die teksvers wat tot Gwendolien gespreek het: "Aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en fyn blink linne…" Die afronding aan die rok word met die vasheg van duisende pêreltjies gedoen. Fyn werk. Wanneer die bruid dan op haar groot dag dié spesiale kleed dra, word woordprente geskep wat lank daarna nog in die blaai van familiealbums talm om geluk te deel.

Winslade, Crocket en Monk (1997:71) beveel aan dat mense uitgenooi moet word om hulle ervaring te deel en op ŉ vars manier te verwoord. Addendum 5 lei ŉ moontlike nuwe bordspel in, en impliseer ŉ opregte belangstelling vanaf die kant van die luisteraar. Die agtergrond tot hierdie bordspel word in die fragment uit my eie lewensverhaal in hierdie hoofstuk beskryf. In gemarginaliseerde gemeenskappe word gevind dat mense hulle emosies diep wegbêre en maar voor die agterdeur bly sit, óf hulle koppe optel en deur die lewe voortbeur. Soms is hulle te voos geleef om nog vir vrees ook plek te maak (Matthee 1985:133).

Hierdie studie wil aan mense in gemarginaliseerde gemeenskappe ŉ uitnodiging rig en ŉ keuse daarby insluit: "Wil jy iets van jou storie vertel?" Daarna wil ek, vanuit genoemde interdissiplinêre terreine, hulp bied om op narratiewe wyse saam met hierdie mense ŉ samehangende verhaal van sy/haar lewe te beskryf (Gallant 2008:472). Op hierdie wyse kan mense, vanuit hulle eie posisie en unieke situasie, ŉ morele standpunt inneem (Barbieri 1998:368).

Dít is my roeping en motivering om op hierdie reis te vertrek: *koinonia* wat in missionêre gerigtheid vergestalt word. In hierdie hoofstuk bespreek ek kortliks die navorsingsvrae. Daarna volg ŉ uiteensetting van die verskillende instrumente wat ter fasilitering van die narratiewe gesprek gebruik kan word. Hierdie instrumente is hoofsaaklik aan die Gestaltterapeutiese psigologiese veld ontleen.

## 1.3 PRAKTIESE TEOLOGIE AS NAVORSINGSORIËNTASIE

### 1.3.1 Voorafstudie

Nadat ek in 2019 ŉ mini-skripsie vir voldoening aan die vereistes ten opsigte van die Meestersgraad (MTh), rigting pastorale berading en sorg, aan die Departement van Praktiese en Missionale Teologie, voorgelê het, het nuwe vraagstukke na vore getree. Die titel van die mini-skripsie het soos volg gelui: "Spiritualiteit en gespesialiseerde toerusting as kontekstuele

faktore tydens die terapeutiese intervensieproses". Hierdie studie was spesifiek toegespits op die kind in die pre-operasionele fase van ontwikkeling (Louw & Louw 2016:24).

Tydens die voorafstudie het die onlangse ontwikkeling van Praktiese Teologie as belangrik uitgestaan. Graham (2017:1) beveel aan dat daar na 'n heroriëntering binne die prakties-teologiese veld gekyk word. Sy het die verskuiwing as drieledig beskryf:

- vanaf 'n toegepaste teologie na 'n teologiese refleksie of besinning rakende die praktyk, in hierdie geval die implementering daarvan in gemarginaliseerde gemeenskappe;
- vanuit 'n geestelike paradigma na die bestudering van godsdienstige praktyke van die alledaagse lewe; en
- vanaf teologiese stellings na praktiese wysheid.

Navorsing in ontwikkelingswetenskap onthul die voortdurende invloed van kognitiewe modelle wat gedurende die voorskoolse jare en ook gedurende die volwasse stadium gevorm is (Osmer 2012:71). Vanuit hierdie perspektief beveel Osmer die volgende aan: "Practical theologians might carry out empirical research on adults to determine the extent to which their understanding of prayer is shaped by cognitive models acquired during childhood."

Die prakties-teologiese studieveld lewer 'n eie konstruktiewe bydrae tot die groter teologiese gesprek. Aan die hand van navorsing oor Christelike gemeenskappe in bepaalde sosiale kontekste, poog die teologiese studieterrein om norme en riglyne te ontwikkel wat beide getrou en relevant is. Dit streef daarna om getrou te wees aan die gesaghebbende bronne van Christelike teologie; tog sluit hierdie strewe ook die ontwikkeling van normatiewe voorstelle in, wat tot 'n bepaalde sosiohistoriese konteks relevant is en wat die kerk se missionale praktyke in hierdie konteks kan rig (Kapic & McCormack 2012:321).

Metateoretiese inligting vir die grondige teoretiese navorsing van narratiewe pastorale spel binne gemarginaliseerde gemeenskappe, is deur die werke van White en Epston (1990), Freedman en Combs (1996), Pieterse (1993), Mpofu (2011), Corey (2013), Ward (2017), Graham (2017) en Cilliers (2023) geïnspireer. Volgens Brueggeman (1993:9b) kan daar 'n verskuiwing vanaf die algemene na plaaslike inligting beleef word. Alhoewel Descartes hierteenoor glo dat die konteks nie 'n invloed op die subjek het nie, wys die postmoderniteit eerder na die teendeel. Die gespreksgenoot, as kenner, kan meehelp om wat bekend is, te konstitueer (Johnson 2004:44). Hiermee kan aanvaar word dat die sosio-ekonomiese politieke werklikheid van die kenner deurslaggewend is. Teologie en pastorale sorg is daarom kontekstueel en pluralisties: "We voice a claim that rings true in our context, that applies authoritatively to our lived life. But it is a claim that is made in a pluralism where it has no formal privilege" (Brueggeman 1993:9).

Die inter-dissiplinariteit tussen narratiewe terapie, Gestaltterapie (Corey 2013:192), sistemiese gesinsterapie (Corey 2013:394), kognitiewe gedragsterapie (Corey 2013:263) en eksistensiële terapie (Corey 2013:124) vorm ŉ sterk basis vir die voorafstudie tot hierdie navorsingsprojek.

### 1.3.2 Epistemologiese raamwerk

Daar is beplan om te werk vanuit ŉ postmodernistiese epistemologie, wat sosiaal-konstruksionisme as ŉ psigologiese uitdrukking van die postmoderne wêreldbeskouing aanvaar (Corey 2013:361; Gergen 1985:267). Hierdie raamwerk is ten sterkste op ŉ prakties-teologiese basis gebou.

Hierdie studie fokus daarop om deur middel van ŉ beskrywende en verkennende ondersoek, ŉ wetenskaplik-gefundeerde pastorale hulpprogram, wat op die lees van ŉ narratiewe benadering geskoei is, te ontwikkel en uit te brei. Ontwikkeling binne die veld van pastorale sorg wat vir hierdie studie toepaslik is, sluit die postmoderne aanslag in met narratiewe terapie as fokus, sowel as Gestaltterapie, filiaal- of sistemiese familieterapie en eksistensiële terapie. Epistemologiese verstaan kan beskryf word as die filosofie van hoe kennis verkry kan word deur vrae te vra en ondersoek in te stel. Dit dui ook op verskillende bronne van kennis. Volgens Kotzé (1992:4) gaan dit in die term epistemologie tegelykertyd om die vraag "hóé ŉ mens dink, waarneem en besluit, en wát ŉ mens waarneem, doen en besluit". So kan die sosiale konstrukteorie help om te verstaan "hoe" daar tot kennis en uitsprake oor teologiese sake gekom word.

Volgens Meulink-Korf en Van Rhijn (2016:395) handel sorg, ten spyte van die "not-knowing position" oor geldige intervensie en toepaslike prosesse van weet, al is daar in pastorale metodologie en epistemologie meer as geloof en vroomheid nodig.

Volgens Kapic en McCormack (2012:329) verskaf natuurwetenskappe nie meer die standaard vir alle vorme van wetenskap nie. Teologie, saam met die kunste, geesteswetenskappe en kultuurwetenskappe, het beide die vryheid en verpligting om vorme van rasionele diskoers, wat vir ŉ unieke onderwerp gepas mag wees, na te streef. Die neiging van die moderne dissiplines tot groter spesialisasie het ook plek gemaak vir die belangrikheid van interdissiplinêre werk wat die perspektiewe van verskeie terreine bymekaar bring.

Die werk van Freire (1972:80) word in hierdie studie ter wille van sy "theory of conscientization", wat op ŉ diepgaande wyse na gemarginaliseerde gemeenskappe verwys, betrek. "Conscientization", soos deur Freire verwoord, suggereer die ontwikkeling, versterking en vernuwing van die bewussyn. Hierdie proses waarin ŉ verskeidenheid kennisvorme,

insluitend die teoretiese bronne van die Christelike geloof, aangewend word, kan moontlik tot ŉ nuwe benutting in die praktyk aanleiding gee.

Om ŉ narratief of ŉ lewensverhaal te vertel, is volgens Walton (2022:51) een van die oudste en boeiendste literêre vorme, maar om dit vanuit ŉ letterkundige oogpunt te verstaan, kan ŉ uitdagende proses wees. Vele praktiese teoloë aanvaar byvoorbeeld dat dit vanselfsprekend hulle taak is om geleefde godsdienservaring empiries voor te stel en dan hermeneuties daarop uit te brei. Die ervaring van beide die terapeut en die kliënt word binne die narratiewe proses gekonstrueer. Soos Ricoeur (1992:437) aangevoer het, is dit konstruktiewe werk wat ervaring help vorm:

> *It seems that our life, enveloped in one single glance, appears to us as the field of a constructive activity, deriving from the narrative intelligence through which we attempt to recover […] the narrative identity which constitutes us […].*

Hierdie vorm van identiteit het my verder aangespoor tot die ontwikkeling van ŉ bordspel waarby die gemarginaliseerde gehoor aanklank kan vind. Dit is ook vir my die bevestiging van die dinamika van narratiewe terapie (Ricoeur 1992:438).

### 1.3.3 Navorsingsoriëntasie

In pastoraat word verskillende navorsingsraamwerke of -aanslae gebruik. Die oorheersende raakpunt, wanneer verskillende raamwerke (Zerfass 1974:169; Heitink 1997:178; Osmer 2008:4) bestudeer word, sluit die volgende komponente in: Christelike tradisie, die Skrif, en literatuur- en empiriese navorsing. Smith en Denton (2005:3) het dit as priesterlike luister beskryf en meen dit verwys na ŉ kwessie van aandag gee aan wat in die lewens van individue, gesinne en gemeentes aangaan.

Ward (2017:99) bied ŉ verdere verduideliking aan vir die spesifieke keuse van Osmer (2008:4) se vier take van teologiese interpretasie. Hierdie take bied ŉ struktuurvolgorde wat ontwerp is om in die ondersoek van teologiese sake in die praktyk mee te help. Elke taak is gekoppel aan ŉ reeks vrae wat die metode met die alledaagse praktyke verbind.

ŉ Literatuurstudie met betrekking tot die navorsingsonderwerp kan tot ŉ beter begrip ten opsigte van die onderwerp lei. So ŉ studie kan moontlik meehelp om ŉ verwysingsraamwerk vir die navorsingstudie saam te stel. Die dissiplinêre inhoud rakende die navorsingstema, naamlik narratiewe pastorale spel en gemarginaliseerde gemeenskappe, kan hierdeur beraam word. Verhaalstudies van verskillende individue kan as uitdrukking van gemarginaliseerde gemeenskappe dien.

ʼn Kwalitatiewe navorsingsdenkmodel help om die betekenis wat deur mense aan ʼn probleem geheg word, by wyse van teoretiese raamwerke te benader. Die fokus van hierdie studie val op die wyse waarop pastorale beraders in gemarginaliseerde gemeenskappe genoemde sosiale probleem, naamlik die plek van spel in narratiewe pastorale sorg, verstaan.

Bogenoemde oriëntasie in ag genome, is op verskillende aspekte gefokus. Hierdie fokus het die verkryging van inligting deur woorde, die subjektiewe aanpak van die navorsingsproses, en die gebruik van ʼn kleiner aantal medenavorsers met die klem op individuele emosies en gedagtes, ingesluit. ʼn Speelse aanslag kan geleentheid bied om die gespreksgenote te bemagtig om hulle eie lewensverhale te oordink en ʼn nuwe storie te skryf; ʼn alternatiewe werklikheid waarin die lewe anders geleef kan word (Louw, Denton & Grobler 2016:10).

"Data" is dus op kwalitatiewe wyse ingesamel. In Hoofstuk 4 word die beplande gespreksvorm, sowel as die opvolgsessies wat daaruit voortvloei, volledig bespreek. Daar is ook, naas narratiewe terapie as uitgangspunt, en Gestaltterapie as ondersteunende interdissiplinêre veld, aan filiaal- of sistemiese gesinsterapie en eksistensiële terapie aandag gegee. Die historiese agtergrond, doel, terapeutiese verhouding, "tegnieke", toepassing, bydrae en moontlike beperkings van hierdie ontwikkelings, is ondersoek. Osmer (2012:67) meen dat hierdie aanslag na die vorming van nuwe patrone kan lei. Dit word soos volg bewoord: "When congregations form new patterns of Christian practice and mission, they engage in what Graham (2017:3) calls transforming practice."

Gilham (2005:46–50) bepleit ʼn vaardigheid in die bestuur van die gesprek en tref ʼn onderskeid tussen ʼn gestruktureerde en ʼn ongestruktureerde benadering. Tydens hierdie benadering is daar op die volgende aspekte gefokus: verbale waarneming (die aanhoor van alledaagse gesprekke), die voer van informele gesprekke waarin navorsingsvrae gestel word, en gespreksonderhoude (die vrae tydens beide oop- en geslote onderhoude wat vir die vloei van die opvolgende gesprek aangepas is).

## 1.4 NAVORSINGSVRAE

### 1.4.1 Primêre navorsingsvraag

Die primêre navorsingsvraag handel oor die waarde en toepassing van spel tydens die narratiewe benadering in pastoraat binne gemarginaliseerde gemeenskappe. Die primêre vraag kan soos volg gestel word:

> *Wat is die moontlike rol en waarde van spel in die narratief-terapeutiese pastorale benadering binne gemarginaliseerde gemeenskappe?*

Ek wil die term “spel” nie slegs as aanvullend gebruik nie, maar wil dit so bestuur dat die identiteit daarvan vanuit die narratief verwoord en nuut verweef word. Ricoeur het dit soos volg beskryf: “It is exactly the kind of identity which the narrative composition alone, by means of its dynamism, can create” (Ricoeur 1981:438).

In hierdie opsig word die term “gemarginaliseerd” as ’n teorie van gewetensbesef beskou, waarin diegene wat in gemeenskappe uitgesluit en onderdruk word, deur ’n proses van nadenke, nuwe perspektiewe kan verkry wat tot bevryding kan lei (Ward 2017:97).

### 1.4.2 Sekondêre navorsingsvrae

Die sentrale vraag in die navorsing, naamlik of spel, met in agneming van die korrelasie tussen praktyk en teorie (Browning 1996:9; Graham 2017:2), deur die pastorale berader benut kan word om beter gevoelsvaardighede aan te leer (Blom, Rean & Kind 2013:3). Hierdie gevoelsvaardighede het betrekking op die gebruik van ‘n narratiewe terapeutiese benadering in pastoraat binne gemarginaliseerde gemeenskappe. Derhalwe word die vier sekondêre navorsingsvrae, wat ook direk tot die strukturering van die studie in die aangeduide hoofstukke ‘n bydrae kan lewer, geformuleer.

i. Wat is die deskriptiewe empiriese beskrywing van die rol van spel in die narratief-terapeutiese pastorale benadering binne gemarginaliseerde gemeenskappe? (Hoofstuk 2)
ii. Wat is die interpreterende beskrywing van die waarde van spel in die narratief-terapeutiese pastorale benadering binne gemarginaliseerde gemeenskappe? (Hoofstuk 3)
iii. Wat is die normatiewe waarde van spel in die narratief-terapeutiese pastorale benadering binne gemarginaliseerde gemeenskappe? (Hoofstuk 4)
iv. Wat is die pragmatiese beskrywing van spel in die narratief-terapeutiese pastorale benadering binne gemarginaliseerde gemeenskappe? (Hoofstuk 5)

In die formulering van dié sekondêre vrae word sterk aansluiting gevind by Osmer (2008) se vierledige taak beskrywing van praktiese teologie. Elkeen van die vrae veronderstel 'n intrinsieke ontwikkeling geassosieer met die navorsing wat onder meer sigbaar is in die beskrywing van die rol van pastorale spel.

## 1.5 KORT SKEMA OOR HOOFSTUKKE TWEE TOT SES

Hieronder volg ’n kort skema oor hoofstukke twee tot ses soos dit tydens hierdie studie as verskillende momente beskou is, met spesifieke verwysing na die vyfledige agenda van Müller

(2000), die narratiewe fases van White en Epston (1990), die kerntake van Osmer (2008), en die verskillende bewegings van Browning (1996). In Hoofstuk 2 word die bydrae van Freedman en Combs (1996) ook by hierdie tabel ingesluit.

***Tabel 1.1: Opsommende tema oor hoofstukke twee tot ses***

| **Outeur** | **Müller (2000)** | **White & Epston (1990)** | **Osmer (2008)** | **Browning (1996)** |
|---|---|---|---|---|
| Hoofstuk 2 | Noodverhaal | Dominante verhaal | Die deskriptief-empiriese taak | Deskriptiewe beweging |
| 3 | Verledeverhaal | Probleemgelaaide verhaal | Die interpretatiewe taak | Historiese beweging |
| 4 | Verduisterde toekomsverhaal | Eksternalisering en dekonstruksie | Die normatiewe taak | Sistematiese beweging |
| 5 | Verledeverhaal geherstruktureer | Unieke uitkoms | Die pragmatiese taak | Strategies Pragmatiese beweging |
| 6 | Nuwe storie – die verbeelde toekomsverhaal | Die uitleef van die nuwe verhaal en toekomstige nuwe uitkomste | Die voortleef in die leiding van die Heilige Gees | Die lewe met positiewe, realistiese ideale |

In bogenoemde tabel word die aanslagpunte van verskillende skrywers, wat prominent in hierdie studie uitstaan, kortliks genoem. Wanneer die *leitmotiv* betrek word, herinner die nood- of dominante verhaal in Hoofstuk 2 aan die oënskynlik chaotiese toestand wat op wanhoop kan dui. Die patroon is nog onoopgemaak en dus "onbruikbaar", maar netjies. Die proses begin eers wanneer die patroon uitgehaal word en die deurmekaar strepe ontsyfer word. Soos wat die proses vorder, kan ŉ gevoel ervaar word dat dit eers emosioneel slegter gaan voordat dit beter gaan. In bogenoemde tabel verteenwoordig elke hoofstuk ŉ trefwoord soos deur die verskillende skrywers verskaf.

## 1.6 EMPIRIESE METODOLOGIE


Daar is, ter aanvulling van die literatuurstudie, ook ŉ empiriese ondersoek gedoen. Die empiriese studie het die vorm van ŉ kwalitatiewe ondersoek aangeneem. Vyf verskillende medenavorsers is vir een sessie per week, vir ŉ periode van ses tot agt weke, by ŉ konsepprogram betrek. Deur middel van narratiewe gesprekke wat met konkrete voorstelle

gerugsteun word (Joyce & Sills 2014:130; Louw, Denton & Grobler 2016:11; Blom 2011:48–52) is belewenisse en reaksies tydens die verhalende benadering bekom.

Deelnemende en stelselmatige waarneming kon op hierdie wyse ingesamel word. Die kwalitatiewe waarnemings tydens die sessies word in die vorm van gevallestudies beskryf. Daarna word die verwerkte inligting aan die hand van tematiese kategorieë en subkategorieë, aangebied (Blom 2006:9, 2011:48–59; Nieuwenhuizen 2007:100–107). Hierdie navorsing is nie ontwerp om ’n hipotese te verifieer of om bevindings te opper wat na ’n breër bevolking veralgemeen kan word nie (Kapic & McCormack 2012:335). Die voorbereide spelbasisse, waarna reeds verwys is, is relevant vir al die navorsingsdeelnemers, aangesien al die medenavorsers in die vroeë fase van volwassenheid is.

Die terapeutiese proses van die navorsingsterapie en aktiwiteite wat vanuit die verskillende psigologiese terreine verkry word, is by die emosionele bevoegdheidskomponente van gemarginaliseerde gemeenskappe geïntegreer. In hierdie opsig is die teoreties-gegronde ondersoek die verskynsel van spel in pastorale berading binne gemarginaliseerde gemeenskappe nagevors. Die teorie van spelterapie, wat aan pastorale spel verwant is, is ondersoek. ŉ Moontlike aanvulling en bydrae tot hierdie teorie, wat deur diepgaande verhaalstudies gedoen is, is dan geformuleer. Volgens die kwalitatiewe navorsingsmodel is die betekenis wat deur die deelnemers aan ŉ probleem geheg was, by wyse van teoretiese en pragmatiese raamwerke benader (Creswell & Poth 2013:1089).

In die narratiewe pastoraat word data nie op fisieke vlak ondersoek nie. Dit help egter om volgens ondergenoemde skets inligting te verfyn en te besef dat die verhalende benadering wonderlike moontlikhede vir gesprekke bied. Averill (2012:366) bied ondergenoemde illustrasie as verduideliking ten opsigte van data-insameling en -verwerking. Volgens Walton (2022:50) word die oortuiging deur betrokkenes gekoester dat “the conviction that narrative agency could produce both personal healing and new knowledge”. Kwok (2011:35) bepleit ŉ proses van “self-fashioning” binne die vertel van die persoonlike verhaal. Hy noem dit ŉ “process of negotiating multiple identities”. Walton (2022:53) bepleit dit as ‘n werklike worsteling om verskillende modusse van kommunikasie te vind om die diverse brûe tussen verteenwoordigende wêrelde te vind. Die uitdaging van hierdie navorsingstudie was dus om by ‘n deeglike ondersoek te hou.




***Figuur 1.2: Datagenerasie soos deur Averill (2012:363) verduidelik***

Hoewel Roberts-Holmes (2018:180) se navorsing op die kleiner kind fokus, word die volgende drie stappe, wat aansluiting vind by die bogenoemde figuur van Averill, as belangrik uitgesonder (Averill 2012:364):

- Stap 1: data- of inligtingsvermindering waar temas vanuit die data gegenereer word;
- Stap 2: datavertoning waar temas grafies uiteengesit kan word; en
- Stap 3: waar temas, tabelle en kaarte met die literatuur in gesprek tree.

Hierdie studie is op ŉ kwalitatiewe wyse gedoen en lei dus nie *per se* tot die insameling van data nie. Die kwalitatiewe metode poog om diepgaande insig in mense se belewenisse te verkry. Vanuit ŉ narratiewe agtergrond word data-ontleding, soos deur Averill voorgestel (Fig. 1.1) slegs as begeleiding tot ŉ breër perspektief gebruik. Louw en Louw (2016:38) meen dat kwantitatiewe navorsers inligting *oor* mense kry, terwyl kwalitatiewe navorsers inligting *van* mense verkry. Relevante en tersaaklike beginsels en teorieë as basis vir nadenke, word deurgaans aangebied.

Volgens Müller (2011b:5) kan dit sinvol wees om na prakties-teologiese alternatiewe te verwys, eerder as om een dissipline tot ŉ enkele manier van verstaan te beperk. Die kontakgrense tussen teologie en ander terreine behoort te verskuif sodat die sensitiwiteit vir die menslike toestand binne die menslike samelewing en godsdienstige gemeenskappe verbreed. Die bydrae van praktiese teologie in hierdie interdissiplinêre proses is om die sensitiwiteit vir die menslike leefwyse en menslike gemeenskap te versterk, ook in terme van die geloofsgemeenskap. Dit kan ook ŉ groter sensitiwiteit vir die gemarginaliseerde mens

binne hierdie gemeenskappe skep. ’n Postfundamentele praktiese teologie kan ’n betekenisvolle bydrae met betrekking tot die skep van sensitiwiteit vir die wisselwerking van al die alternatiewe verhale, lewer. Müller en De la Rey (2012:3) meen dat teologie, in teenstelling met tradisionele aanslae, as “’n verhaal van twyfel en verbeelding,” as ’n stelsel van proporsionele sekerhede verstaan behoort te word.

Verbeelding en twyfel kan, as onafskeidbare deel van narratiewe teologie, binne ’n postfundamentele teologiese paradigma ontwikkel. Müller en De la Rey (2012:1) het die relevansie van hierdie teologiese paradigma, soos volg bespreek:

> *’n Teologie wat erkenning gee aan eie twyfel, waardering het vir die eie verhaal, interaktief, op ’n interdissiplinêre basis, betrokke is by ’n netwerk van verhale – verhale van hoop en wanhoop, van lyding, van mag en van marginalisering, verbeeldingryk met alternatiewe verhale na vore kan kom.*

Die postfundamentele teologie neem ’n eiesoortige posisie in. Vanuit hierdie posisie word erkenning aan die invloed van ’n eie konteks gegee. Hierdie invloed speel ’n sleutelrol in die “interpretasie van die kernproses”. In hierdie studie is dit belangrik om postfundamentele teologie toe te laat om na gemeenskaplike en menslike denkprosesse te soek (Van Huyssteen 1997:1). Die ontwikkeling van die bordspel, wat op die werk van Freedman en Combs (1996:49) gebaseer is, word duidelik in Addenda 5 – 8 uiteengesit. Hierdie spel berus op ‘n verantwoordbare epistemologie wat reeds daargestel is (Freedman & Combs 1996:51; Van Huyssteen 1997:1).

### 1.6.1 Data- en inligtingsinsamelingsmetodes

Denzin en Lincoln (2008:6) bied sterk leiding binne die veld van die skryf van ’n persoonlike lewensverhaal wat soos deur Goto (2018:202) as hoop gedeel word. Goto se hoop dat daar waardering behoort te wees vir epistemologiese voordeel, verwys (Goto 2018:202). Hy verwoord dit as ’n kritiese en perspektiewelike voorsprong wat geskep word deur persoonlik onderdrukking te ervaar: “... enabling a knower to stand in multiple places, discern what others might neglect, and challenge ignorance or violence”. Hierdie mening word ten spyte van die “not-knowing” agtergrond van die narratiewe medereisiger of fasiliteerder, uitgespreek.

Goto (2018) bepleit dus ’n wedersyds-analogiese, narratiewe verband wat as agtergrond van die wending na outo-etnografie, invloedryke bydraes binne die terrein van kontemporêre kwalitatiewe navorsing kan lewer. Walton (2022:54) beskryf outo-etnografie as ’n relatief onlangse gebruik binne die kwalitatief-narratiewe terrein van navorsing. Sy moedig ’n dieper, kritiese aanslag vir die vertel en deel van persoonlike narratiewe ten sterkste aan. Hierdeur

kan kwessies wat 'n kollektiewe kulturele betekenis het, 'n nuwe tekstuele verwagtingshorison skep.

Die spelproses wat hieronder volg, word wel vanuit die Gestaltsproses gedoen, maar dien as hulp om beter begrip vir die narratiewe verstaanproses binne gemarginaliseerde gemeenskappe te bied. Joyce en Sills (2014:130) meen dat konkrete voorstelle vanuit verskillende media-agtergronde, goeie opsies tot bewussynsbevordering en die voer van sinvolle terapeutiese gesprekke bied.

Sessie 1: Eerstens is 'n sandrakprojeksie gedoen om meer van die onmiddellike omgewingsdinamika te wete te kom (Axline 1982:48; Blom 2011:71). Vanuit die Gestaltspel-teoretiese perspektief word sandspel op dieselfde wyse as tekeninge hanteer. Die medenavorser word uitgenooi om in die sand te speel en miniatuurfiguurtjies van sy/haar keuse te gebruik om mee te speel en sy/haar prentjie te "bou". Die deelnemer word dan gevra om die toneeltjie te beskryf en te verduidelik wat daar gebeur. So 'n sandtoneel hoef nie werklik sinvol te wees nie: "The sandscene does not have to make any sense and they can create anything they feel like" (Blom 2011:71) (Sien Addendum 1: 'n Voorstelling van die sandrak en projeksiefiguurtjies).

Daarna is vraagstellingstrategieë deur middel van prentekaarte aangewend. Hierdie vrae mag verder meehelp om inligting rakende die medenavorser in te win (Blom 2000:71; Giordano, Landreth & Jones 2005:37; Blom 2011:41) (Sien Addendum 2: Prentekaarte met vrae soos uiteengesit).

Voordat die speelse familie- en gesinsvraelys deur verskillende vraagstellingstrategieë, steierwerk en die vermyding van "waarom" en "wanneer" vrae (Hobday & Ollier 2002:37; Blom 2000:7, 2000:77–78; Jacobs & Van Wyk 2015:12) toegepas en geïnterpreteer word, word 'n grafiese uitbeelding gedoen (Venter 1988; Blom 2006:73). Hierdie skets- en speltegniek is die vereenvoudigde vorm van 'n genogram waar elke familie- of gesinslid deur middel van 'n leë sirkel voorgestel word. Hierna word die mees uitgedrukte emosie, vanuit die medenavorser se profiel, ingeteken en beskryf.

Die amptelike gesprek is dan met spel van die medenavorser se keuse afgesluit. In sommige gevalle het hierdie laaste spel verdere narratiewe gesprekvoering, sonder die hulp van speelmateriaal, ingesluit. Riana, Johannes en Annalet het hier reeds, met die keuse van gesprekvoering, op verhalende wyse die verlede en die toekoms bymekaar laat aansluit en die fokus op die verhalende gesprek, eerder as op bepaalde instrumente om die narratiewe gesprekvoering te ondersteun, laat val.

Sessie 2: Ná inleidingspel, wat sensoriese kontak en enige ander spel tot bemeestering insluit, is die "Rotter Onvoltooide sinne vraelys" (Rotter 1950; Blom 2000, 2006; Giordano, Landreth

& Jones 2005:50) geïmplementeer. Volgens hierdie outeurs kan die deelnemer met die voltooiing van hierdie sinne 'n stukkie van sy/haar leefwêreld na vore bring. So kan die werklikheid spontaan deur die deelnemer verbeeld word. Daarna kan die deelnemer toegelaat word om aan vryspel deel te neem.

Hierdie spelvorm was gewild by die medenavorsers en het sommer gou die nuwe naam "Snapchat" gekry. Hierdie spel, soos ook die spelvorme in die eerste sessie, het die aanvang tot 'n transversale benadering tussen die Gestaltteorie en die narratiewe gesprekvoering gevorm. Hierdie rigtingwysers in die pastorale gesprek kan met vrug gebruik word om opsies vir pastoraat te bied. Die spelvorme en speelse aanslag hou 'n groot verantwoordelikheid in. Hierdie verantwoordelikheid impliseer dat alle mense keuses kan uitoefen om verantwoordelikheid vir die gevolge van die keuses te kan aanvaar (Yontef 1993:141) (Sien Addendum 3: Rotter se Onvoltooide Sinne Vraelys).

Sessie 3: Wanneer die sensoriese verhoudingsbou en inleidingspel (Blom 2011:55) afgehandel is, word die "Roosboomfantasie" (Blom 2011:74–76; Oaklander 1988:192; Thompson & Rudolf 1996:30) geïmplementeer (Sien Addendum 9).

Die gespreksgenoot word gevra om sy/haar roosboom te teken en dit dan te beskryf asof die persoon self die roosboom is. Blom (2006:75) verduidelik die verloop soos volg: "The therapist writes down the child's descriptions. The descriptions are read out to the child and the child is asked how each of them can fit into his or her life." Vergelykings en polariteite word dan hieruit aan die lig gebring. Hierdie spelvorm word met sukses met mense van alle ouderdomme gebruik.

Hierna het die gespreksgenoot 'n vrye keuse om enige van die ander speelmateriaal te gebruik. Nuwe inligting kan ook uit hierdie vryspel-keuses bekom word.

Sessie 4: Nadat selfbeeld-speletjies en speletjies om die emosionele bewussyn te bevorder, afgehandel is, kan die "Veilige Plek Fantasie" gedoen word (Oaklander 1988:196; Blom 2006:76-77). Oaklander meen dat dit aan die gespreksgenoot die geleentheid bied om 'n plek van veiligheid te skep wat selfsorg, selfonderhouding en selfkoestering kan bevorder.

Blom (2006:77) het die volgende begeleide fantasie voorgestel:

Stel jou voor jy kan na 'n veilige plek gaan. Dit kan 'n plek wees wat jy uit jou verlede onthou, of 'n plek waar jy nou woon. Dit kan ook 'n plek wees wat jy vir jouself skep. Dit kan selfs op die maan wees. Dit kan enige plek wees. Dit kan ook 'n plek wees wat jy reeds ken en wat jy vir jouself beter wil maak. Stel jou voor jy kan na daardie plek gaan. Kyk rond. Hoe lyk dit? Wat sien en hoor jy? Wat ruik en proe jy? Wat doen jy in jou veilige plek?

Niemand hoef in hierdie stadium uit hierdie tekening nuwe verstaansperspektiewe te genereer nie. Dit kan in enige lyn, vorm en kleur wees. Die tekening word dan met die gespreksgenoot bespreek, teen min of meer dieselfde agtergrond as die van die roosboomfantasie. Polariteite, byvoorbeeld ŉ onveilige plek, moet ook raakgesien word. Die gespreksgenoot kan dan ŉ "verklaring" oor beide plekke neerskryf en daaroor nadink.

Die sessie is weer met ŉ keuse van vryspel afgesluit.

Sessie 5: In hierdie stadium behoort ŉ deeglike kartering gedoen te wees (White & Epston 1990:42). Dan kan die navorsingspel aanbeweeg na die implementering van die vrae wat van internalisering tot eksternalisering lei. Freedman en Combs (1996:49–50) bied ŉ sinvolle stel vrae wat die terapeut kan help om die kliënt tot eksternalisering van die probleem te kan bystaan. Hierdie vrae (soos vroeër in die fragment uit my eie lewenservaring na verwys, en ook hieronder aangebring is) is verwerk en is in bordspelvorm aangebied.

Soos gewoonlik is die sessie met vryspel afgesluit. Elk van die medenavorsers het ook vir ŉ duplikaat van hierdie spel gevra en wou sekere dele van hulle verhale weer bespreek, eerder as om ander beskikbare speelmateriaal te gebruik.

Freedman en Combs (1996:13) bied motivering wanneer hulle sê dat, in plaas van "rather small, rather tight, recursive feedback loops", daar eerder gefokus moet word op "ideas and practices at play in the larger context". Hierdie outeurs (1996:13) praat van ŉ verskuiwing in wêreldbeskouing wat tot ŉ meer subtiele begrip van stelsels as ŉ organiserende metafoor vir pastorale werk behoort te ontwikkel:

> *The systems metaphor tempts us to look within families for complementary circuits and for collaborative causation of problems, rather than to work with family members to identify the negative influence of certain values, institutions and practices in larger culture on their lives and relationships, and to invite them to pull together opposing those values, institutions, and practices* (Freedman & Combs 1996:13).

(Sien Addendum 5: Vraelys wat gelei het tot die Freed-X spel).

Sessie 6: Inleidingspel, soos in die vorige sessies, is ter aanvang van die sessie aangebied. Daarna is die bordspel "Pachisi" gebruik om problematiese houdings, persepsies, oortuigings, emosies en patrone na vore te bring. Tydens hierdie spel is die landskap waarin die probleem bestaan, vergroot word deur vrae, soos aanbeveel deur Tomm *et al*. (2008:174–191), in die bordspel verwerk. Die kontekstuele invloed van die probleem is ook op speelse wyse verken.

Wanneer die gespreksgenoot nie ŉ geneentheid teenoor hierdie spelvorm toon nie, word ŉ eenvoudige rolletjie papier gebruik wat afgerol kan word om vanaf houdings, persepsies,

oortuigings, emosies en patrone, terug na patrone, emosies, oortuigings, persepsies en houdings, te werk en te gesels. Die spel kon moontlik té uitgerek wees, daarom is die rolletjie papier met groter vrug gebruik. Louw, Denton en Grobler (2016:8) pleit vir die erkenning van die kontaksiklus. Met sommige prosesse toon ŉ korter siklus meer effektiwiteit om ŉ afgerondheid te bereik, terwyl "ander prosesse weens die kompleksiteit daarvan, oor ŉ langer tydperk moet plaasvind".

Die sessie is met die spel van die medenavorser se keuse afgesluit (Sien Addendum 4: Die bordspel "Pachisi" soos op Tomm *et al.* (2008:174–191) se vraelys gebaseer).

Sessie 7: Spel wat op sensoriese bewussyn en -kontak fokus, is ter inleiding gebruik.

Die laaste vraag van die vorige sessie (Wat het jy tóé gedoen wat anders was?), is in narratiewe vorm neergeskryf en aan die navorsingsdeelnemer herhaal. Die volgende vrae (Freedman & Combs 1996:101–103) is dan met ŉ volgende bordspel beantwoord (Sien foto: links onder). Die voëltjies as projeksiefiguurtjies is gebruik om die navorsingsdeelnemer se bevryding van sy probleem te versterk (Sien Addendum 10: Die bordspel Jill-X – ŉ opvolger op die bordspel Freed-X).

Sessie 8: Inleidende spel is weer gespeel deur van sensoriese aktiwiteite gebruik te maak. Daarna is die termineringsvrae deur middel van ŉ boekie, lappieskombers of enige ander tema waarby die gespreksgenoot aansluiting gevind het, gestel. Die volgende temas van die vrae is hierin verwerk:

Wat het ek tydens hierdie navorsingsprojek geleer?

- My hanteringsvaardighede
- Ontspanningstegnieke
- Hoe verskil ek nou van die mens wie ek voor terapie was?
- My veiligheidsplan
- My hoop en drome vir die toekoms
- My ondersteuningsnetwerk

Die moeilikheidsgraad van die vrae is verlaag deur die aanbieding daarvan binne verkillende spelvorme. Die vrae kon tydens elke sessie verder aangepas word om by die spesifieke navorsingsdeelnemer aanklank te vind (Sien Addendum 11: ŉ voorbeeld van die termineringsboekie).

## 1.7 BEKENDSTELLING VAN DIE NAVORSINGSDEELNEMERS

Creswell (2014:9–11) se strategie van ondersoek fokus op die versameling en vertelling van die lewensverhale van die individu: “Data is gathered through conversations in which people share stories or events in their lives.” Osmer (2008:51) meen dat dit gewoonlik in lewenshoofstukke of in terme van “epifanieë” as betekenisvolle gebeurtenisse wat hulle stempel op die individu afgedruk het, geweef word. Hierdie betekenisvolle gebeurtenisse, wat ŉ sterk stempel op elke individu afgedruk het, word in die verskillende verhale in meer besonderhede aangeraak.

As gevolg van die subjektiewe ervaringswyse waarop data tydens outo- en etnografie ingesamel word, is dit vir my ŉ aanvaarde aanslag om die fragment en die refleksiewe nie radikaal van mekaar te skei nie. Die proses, sowel as die produk, word as artistiek aangevulde narratiewe beskou (Mouton 2022:92) en mag dalk kommer oor die strengheid van hierdie tipe navorsing wek. Hierdie kritiese beskouing het my oortuig om die fragmenterings- met die reflekteringsgedeelte in die weergawe van die medenavorsers se verhale, te laat saamsmelt.

Dit bly egter nodig dat daar duidelikheid in rolle en doel in die navorsingsproses is om ŉ mate van neutraliteit na te streef. Hoewel hierdie aanslag sterk op die subjektiewe en emosionele verbintenis en betrokkenheid van die navorser staatmaak, word ruimte gebied vir die stemme van die gemarginaliseerde gemeenskap om in beide die proses en die produk te verskyn.

ŉ Bykomende faktor wat die deurslag bied tot ŉ nie-spesifieke skeiding tussen die fragment van die verhaal en die refleksiewe reaksie daarop, is die feit dat dit in die verlede as introspektief, selftoegewend en individualiserend kon voorgekom het. Gedryf deur ŉ postmoderne paradigma en ŉ sterk sosiale geregtigheidsetiek, korreleer die raamwerk egter goed met sleuteldrywers in praktiese teologiese navorsingsprosesse en -produkte (Mouton 2022:92).

Mouton beweer dat die rol van navorser en die identiteit van die navorser maklik verwar kan word. Mouton verduidelik: “At times there were also deliberate attemps to “sanitise” the re-counting of experiences as a result of my own discomfort when faced with sensitive and sometimes disturbing information” (Mouton 2022:80). Hierdie verduideliking sluit aan by my eie onsekerheid om fragmente sonder geldige verwysings te boekstaaf.

Die volgende navorsingsdeelnemers, wat almal binne die grense van gemarginaliseerde gemeenskappe funksioneer, is by hierdie studie betrek. As gevolg van die vereistes van die etiese verlof om hierdie studie uit te voer, is deurgaans van skuilname gebruik gemaak.

### 1.7.1 Johannes (29) se kuifgevalle krag

*Barbieri (1998:368) sê dat, wanneer 'n mens 'n persoonlike storie vertel, hy ten diepste 'n morele posisie inneem. Die moraliteit wat Johannes toon, hou 'n kulturele, sowel as 'n sosiale, dimensie in. Johannes was nog nooit skaam om sy verledeverhaal met ander te deel nie en beskik oor die vaardigheid om van sy vertelling 'n kuns te maak. Hierdie sogenaamde "oorgangsruimte" soos deur Müller (2011a:253) beskryf, bied ook vir Johannes die sleutelkonsep vir die verstaan van teologie as biografie.*

*Johannes het baie gelukkige kinderjare gehad en kon nog altyd suksesvol in die lewe aanpas en kommunikeer hierdie feit ook as sodanig. Sy storie sluit aan by die volgende woorde waarin Ward (2017:79) die mening van Don Browning beskryf: "Through practice and through the various forms of symbolic communication, Christian communities carry within them resources for practical reason." Hy voel dat hy geroepe is om met gemeenskapswerk korrektiewe raamwerke te probeer vorm om 'n bydrae te lewer "… to help communities change and renew their praxis".*

*Hoewel hy baie positiewe persoonlikheidseienskappe toon en nog altyd sy lewensomstandighede aanvaar en geniet het, toon hy nou 'n moedeloosheid omdat daar nie vir sy vrou se praktyk ruimte in die gemeenskap gemaak word nie. Dit voel vir hom soos 'n Vrystaatse winter; koud, die gras hooidroog en verkrummel ...*

*Hy en Anel is twee jaar gelede getroud, maar hy woon en werk op 'n plattelandse dorp in Noordwes-Vrystaat, terwyl sy by haar ouers aan die Rand woon en werk. Die gedwonge skeiding is besig om sy tol te eis. Sy vermoë om ervarings op 'n logiese wyse te kategoriseer en emosies, soos woede en skuldgevoelens, los te laat (Retief 2004:31), word hierdeur vertroebel.*

*Wanneer Johannes wel oor sy kinderjare gesels, het dit sy gelaat soos 'n opkomende son laat gloei. Hy het op vierjarige ouderdom saam met sy gesin na Mauritius verhuis om sy pa se roeping uit te leef om daar die Evangelie te versprei. Hy vertel van die lekker pret tydens sy grootwordjare en die musiek wat hulle nog op 'n outydse platespeler geluister het. Vandag, waar hy as musiekliefhebber self in die bediening staan, is dit nie vir hom gewyd genoeg sonder om die krap van die naald op die plaat steurend te vind nie. Eintlik smag hierdie man na die suiwer note van nostalgie. Die beelde flits in prentjies voor hom verby; prentjies wat weer ingekleur sal word.*

### 1.7.2 Shané se soeke na towerkuns

*Shané kom uit 'n agtergrond waar sy van kleins af gewoond was aan alkohol-misbruik en die nadele en hartseer wat daarmee gepaard gaan. As kind het sy 'n onstabiele lewe gely waarin sy gedurig afgekraak en verwerp is. As volwassene het sy, op die voorbeeld van haar ouers geskoei, ook alkohol misbruik en met dwelmmiddels begin eksperimenteer. Sy is as jong meisie getroud met die hoop op 'n veilige hawe, maar die situasie was byna erger as in haar ouerhuis. Sy is van die man, by wie sy twee kinders het, geskei en het tot onlangs saam met 'n ander man, wat ook met dwelmafhanklikheid worstel, gewoon. Haar eerste man dien tans gevangenisstraf uit.*

*Ek is bevoorreg om saam met Shané aan die voete van Jesus te gaan sit. Müller (2000:49) sê dat mense se probleme ver buite die bereik van die pastor lê en dat daar saam aan die voete van Jesus gesit moet word, sodat Shané kan sien dat haar verwagting van "magic" uiteindelik met "verantwoordelikheid" vervang moet word. Die verskil tussen realiteit en magiese realisme is soms ragfyn en papierdun.*

### 1.7.3 Annalet se stoepstorie

*Wanneer ek die medenavorser Annalet voorstel, is dit waar sy trots voor haar nuwe woning sit om my in te wag. Deur die vensters wapper gehawende kantgordyntjies sonder fleur. Op die stoepie staan 'n enkele stukkende pot met 'n plant wat meer afbreek as verfraaiing bied, maar Annalet sit vrolik op 'n afpoot tuinstoel voor haar nuwe tuiste. Sy het tot onlangs nog in 'n tent langs die rivier gewoon, maar die paadjie wat ek daarheen gevolg het, het stiller geraak. My motor se wielspore daarheen het toegewaai en die grond, wat eens die fondasie van haar gelapte seilhuisie was, het hard geword. Die strepie koelte aan die suidekant van die huidige huisie kan ook nie eindelose beskerming bied nie. Dit was wel 'n knusse staanplekkie in 'n regte straat, wat met 'n groter samelewing kon saamsmelt.*

### 1.7.4 Rochelle se verhaal as dapper stapper

*Rochelle se noodverhaal is in werklikheid 'n probleem-versadigde verhaal. Müller (2000:74) het Rochelle se noodverhaal perfek in die volgende woorde beskryf: "[Sy] is as't ware verblind deur die nood. Dit is asof die verledeverhaal en die toekomsverhaal in die hede ineengestort het."*

*Rochelle was in 'n hoofstroom laerskool waar sy spesiale onderrig ontvang het. Sy het dikwels "uit" gevoel en het ook nie regtig vriende gehad nie. Sy is later na 'n skool vir*

*kinders met spesiale behoeftes gestuur. Na die aanvanklike aanpassing in die koshuis, het dit met haar goed gegaan in die nuwe skool. Sy het intussen die hoogste kwalifikasie wat dié skool kon bied, behaal en is terug in haar ouerhuis en kindermilieu. Elke faset van haar ontwikkeling word ten sterkste beïnvloed deur haar beperkte begripsvermoë, wat moontlik veroorsaak kon wees deur 'n lang, uitgerekte en traumatiese geboorteproses, sowel as deur haar positiewe diagnosering met petit mal epilepsie en gloukoom. Haar noodverhaal is dat sy nêrens inpas nie, nêrens werk kan kry nie en in die skaduwee van haar ouer, en baie skrander, suster staan.*

### 1.7.5 Riana se huldeblyk aan hoop

*Riana is 'n groot aanhanger van Viktor Frankl se eksistensiële- en logoterapie. Haar insigte in menslike vryheid, waardigheid en die soeke na betekenis is diep menslik en het die krag om lewens te transformeer. Een van haar eerste erkennings was dat dit voel asof sy nie meer 'n vel het nie, dat mense na haar rou vleis kyk. Ten spyte van hierdie mededeling, kom sy sterk voor en glo ook dat die lewe van haar verwag om positiwiteit uit te straal.*

*Riana se dogtertjie sterf na 'n lang lyding in 'n Pretoriase hospitaal. Hierdie kosbare kindjie se sterfdag is vir altyd in haar hart, haar psige en in "haar rou vleise" ingebrand. Klein Lisa het 'n geboortedefek gehad en in haar volle drie jaartjies op hierdie aarde het sy net pyn geken. As mamma het Riana dikwels introjektief gevoel dat sy nie aan die gewone ouerskapstandaarde voldoen nie. Sy het in elk geval bitter min geleentheid gehad om vir Lisa 'n normale ouerhuis te bied. Dit was nie haar skuld nie, maar terugskouend neem sy haarself kwalik. Hierdie gevoelens het reeds tot isolasie en onttrekking gelei.*

*Haar hartseer is vererger toe sy kort voor Lisa se dood uitgevind het dat haar man 'n verhouding met 'n ander man het. Dié twee het onlangs verloof geraak en woon tans in 'n buurdorp. Hierdie fisiese nabyheid hou vir haar 'n groot bedreiging in. Ten spyte van hierdie bedreiging, het sy tóg ook 'n nessie kon skrop in haar huidige tuiste, al is die wisteria wat teen die hoek van die huisie blom, knoetserig en vol vergroeisels.*

## 1.8 INTERDISSIPLINÊRE PERSPEKTIEWE RAKENDE NARRATIEWE PASTORALE SPEL

### 1.8.1 Inkorporering van spel by die narratiewe gespreksproses

Die probleem onder die vergrootglas in hierdie studie kan aanvaar word as ŉ gebrek aan die vermoë om emosies en persoonlike probleme verbaal oor te dra en dat daar om hierdie rede van spel gebruik gemaak mag word. Navorsingswerk ondersteun hierdie voorstel (Landreth 2012:7; Collins 2007:854, Chesley, Gillet & Wagner 2008:399; Geldard & Geldard 1997:5).

Die studieraamwerk van Osmer (2008:4), wat vir praktiese teologie ontwikkel is, is as basisraamwerk in hierdie studie gebruik. Hierdie raamwerk word in vier komponente verdeel: die deskriptief-empiriese-, interpretatiewe-, normatiewe- en pragmatiese take. Saam vorm hierdie vier take die basiese struktuur van teologiese interpretasie. Die vloeibaarheid van hierdie aanslag maak dit toeganklik vir nuwe bestaansruimtes binne teologiese en akademiese perspektiewe.

Osmer (2008:171) meen dat die transversale model van die interdissiplinêre dialoog die prentjie van transversaliteit na die gesprek tussen lede van verskillende studieterreine uitbrei. Hierdie aanslag het ten doel om die verhouding van die dissiplines as ŉ interaktiewe netwerk van verskillende terreine uit te brei. Hierdie aanslag voer ook aan dat die menslike soeke na verstaanbaarheid uitgebeeld word deur rasionele kommunikasie oor hierdie netwerk heen te versterk. Dit kan dus op metaforiese wyse beskou word as lede van verskillende studievelde wat langs ŉ tafel plaasneem, hande vat en by mekaar leer. Die doel hiervan is om ŉ interaktiewe kompilasie te vind om gemarginaliseerde gemeenskappe met pastoraat te bedien.

Die werk van Freire (1972:80) word in hierdie studie betrek ter wille van sy “theory of conscientization”, wat op ŉ diepgaande wyse na gemarginaliseerde gemeenskappe verwys. Ward (2017:97) beskryf hierdie teorie as “a theory in which those who were poor and oppressed in communities, through a process of reflection, can gain perspectives that may lead to liberative action”. Daar is op die werk van Ward, as teologiese nadenke, gesteun. Ward (2017:98) beskryf hierdie leerstellige nadenke as ŉ proses waarin ŉ verskeidenheid kennisvorme, insluitend die teoretiese bronne van die christelike geloof, aangewend word.

Die ideologiese doel van so ŉ kombinasieproses is om ŉ spel- en gesprekstyl te vind wat op ŉ ondersteunende, aanvaardende, empatiese en respekvolle wyse tot die dialoog lei. Terselfdertyd moet hierdie spelstyl ook vir mense binne gemarginaliseerde gemeenskappe ŉ uitdaging bied. Ten spyte daarvan dat terapeutiese intervensie ŉ kontinue proses is, is die ideaal dat die medenavorser, ongeag sy/haar kulturele- en sosiale agtergrond, met veerkragtigheid nuwe en unieke uitkomste kan eien en kan uitleef (Arney & Scott 2010:49).

### 1.8.2 Postmoderniteit versus postmodernisme

Kruidenier (2017a:1) het die vertrekpunt van pastorale hulp binne gemarginaliseerde gemeenskappe soos volg verwoord: "Postfoundational practical theology and the narrative approach function as a paradigm and methodology". Hierdie vertrekpunt staan uit as belangrik tydens hierdie studie. Die "probleem" word as ŉ tekort aan "spel" of ŉ speelse aanslag in die aanwending van narratiewe terapie ervaar. Diskoerse soos mag, armoede, voeding en gesondheid word vanuit die gemarginaliseerde gemeenskappe gevoer.

Hierdie metodologie en paradigmas het ŉ nuwe impak op praktiese- en pastorale teologie (Louw 2003:36; Van den Berg 2006:2). Om die beperktheid van taal binne gemarginaliseerde gemeenskappe te herken en te erken, meen Prickett (2002:195) dat die verhouding tussen die werklikheid en taal nog altyd ŉ problematiese effek op die terrein van praktiese teologie uitgeoefen het. Die konvensionele verstaan van die sensitiwiteit in die verhouding tussen sosiale realiteite en taal, word in die begrip "postmoderniteit" verteenwoordig (Van den Berg 2006:167; Alvesson 2002:67). Met ŉ nuwe begripshorison van postmoderniteit kan, in die selektiewe verandering van metodiek, ŉ groter openheid tot nuwe bestaanshorisonne gebied word.

Die belangrikheid van die waardeverskil tussen postmoderniteit en postmodernisme verdien om by hierdie geleentheid uitgelig te word. Graham (2000:113) meen dat postmoderniteit ŉ kritiese dialoog of ŉ redekritiek met ŉ bepaalde paradigma inhou. Postmodernisme weer, verteenwoordig "ŉ totale chronologiese en ideologiese breek met die vorige paradigma" (Van Aarde 2004a:1107).

Die term postmoderniteit, wat my keuse van invalshoek verteenwoordig, bied metodologiese kritiek wat deur Alvesson (2002:10) soos volg beskryf word: "…questioning the truth- and insight seeking ambitions of conventional quantitative and qualitative social science". Hiermee stem Van Aarde (2004b:1125) saam wanneer hy sê dat die begrip postmoderniteit nie ŉ alternatiewe denksisteem verteenwoordig nie en daarom transversaal tot moderniteit kan bestaan: "… dit neem wel selektief afskeid van die slegte gewoontes en onaanvaarbare waardes van die moderne paradigma".

## 1.9 ONDERSKEIDENDE KENMERKE VIR INSLUITING

Binne hierdie ruimte kan die ekstra vraag rakende Covid-19 (soos ontvang deur e-pos korrespondensie met RIMS) hier bespreek word: "Will it be possible to avoid coming into direct contact with the research participants from whom data will be collected by using alternative methods, such as online or telephonic interviews, questionnaires, etc?"

Hoewel dit moontlik was om inligting op 'n alternatiewe wyse in te samel, mag daar kosbare nie-verbale waargenome inligting in die proses verlore kon raak. Die navorsingskeuse het dus vanweë die beskikbaarheid van speelmateriaal en die direkte waarneming van lyftaal op 'n interaktiewe gespreksoriëntasie gefokus.

Alle Covid-19 vereistes, soos wetlik bepaal, is wel deurgaans gevolg. Volgens Allan en Berry (2002:302), en Green en Connolly (2009:98) mag die "free and protected space" wat deur die navorser gebied word, veiligheid waarborg en mag spel die binne-wêreld en die psige van die medenavorser verteenwoordig.

Verskillende outeurs (Allan & Berry 2002:161–168; Boik & Goodwin 2000:12) het na die voordele van sandspel tydens die fisiese teenwoordigheid van die terapeut verwys: eerstens maak sandspel kreatiwiteit, persepsies, gevoelens en herinneringe vry, aangesien die gespreksgenoot onbewuste gedagtes en gevoelens van die innerlike na die uiterlike areas van bewussyn voer. Tweedens beskou kinders, sowel as volwasse persone wat as medenavorsers opgetree het, hierdie sandspel as 'n natuurlike vorm van uitdrukking, en laat hulle hulleself onbewustelik toe om geredelik by die spel ingetrek te word. Hierdie waarheid was op 'n verrassende wyse waarneembaar tydens die eerste gespreksessie met Johannes. 'n Noodsaaklike terapeutiese afstand van ontstellende of traumatiese gebeure vir gespreksgenote stimuleer die verbeelding aangesien sandspel nie-verbale uitdrukking behels. Terselfdertyd word die mag om medeskeppers van 'n alternatiewe verhaal te wees, ervaar (Groome 1998:48).

Hierdie voordele kan tydens 'n virtuele spelsessie verlore gaan, maar alternatiewe metodes, soos deur die inperkingstyd weens Covid-19 beïnvloed, tot die ontdekking en ontwikkeling van nuwe maniere van spelterapie lei. Hierdie uitdaging is aanvaar en ook in hierdie studie ondersoek.

Van den Berg (2010:85) beklemtoon die noodsaaklikheid daarvan om oor die drumpel van 'n *theologia habitus* te tree, binne die funksionele konteks van sistematiese maniere van dink, waar die klem ten sterkste op die uitlewing van 'n narratiewe epistemologie val. Ganzevoort en Van den Berg (2014:167) bepleit die gebruik van 'n nuwe *modus operandus*, maar met die fokus op die toekoms, en nie op die verlede nie:

> *Moreover, the position and authority of practical theology suffer from the fact that we are constantly reorientating ourselves to new situations rather than steering into the future.*

Die wêreld soos ons dit geken het, is met die koms van die Corona virus omgekeer na 'n nuwe wêreld met nuwe uitdagings. Skedules is verwring, skole is gesluit en vrees het toegeneem (Van Hollander 2020). Die skep van 'n nuwe werklikheid kan tot aansporing van nuwe hoogtes

op ’n virtuele platform lei, en kan moontlik nuwe uitkoms bied waar die terapeutiese speelruimte kan voortleef. Rochelle het hierdie uitkoms met entoesiasme aangegryp en as ’n nuwe uitdaging beskou. Kapic en McCormack (2012:343) waarsku egter teen die aanloklikheid van antwoorde wat sukses beloof, veral waar hierdie antwoorde ’n wetenskaplike mantel dra.

Die navorser respekteer en onderskryf die bepalings en voorwaardes van die Universiteit van die Vrystaat ten opsigte van verantwoordelike navorsing. Ek respekteer ook die Universiteit se voorvereiste om die nodige toestemming te kry voordat empiriese navorsing gedoen word. Daarom is ’n navorsingsvoorstel, met ’n volledige uiteensetting van hierdie projek, aan die fakulteit se etiese komitee voorgelê om toestemming te verkry om hierdie navorsing uit te voer. Etiese toestemming, met die goedkeuringsnommer UFS–HSD2020/0837/0611 is op 20 November 2020 van die *General/Human Research Ethics Committee* verkry (Vind aangeheg as Addendum 12: GHREC Vorm).

### 1.9.1 Navorsingsverwagting van hierdie studie

Met hierdie studie is beoog om aan die vereistes van ’n teoreties gegronde ondersoek (Osmer 2008:52) te voldoen. Ward (2017:99) het die pragmatiese taak se doelstelling as ’n finale stadium beskryf. Hierdie stadium behels die skepping van spesifieke pastorale strategieë wat uit die voorafgaande stadia groei en poog om ’n verskil in die oorspronklike pastorale situasie te maak. Freedman (1996:49) noem dit “a turning point for me…”. In my lewe en bediening kan hierdie keerpunt ook as “turning point” beskou word. Ek beskou dit as ’n stewige praktykgerigte basis vir ’n speelse, dog ernstige, gesprekvoeringsoriëntasie en -aanslag.

Op pragmatiese wyse was die volgende aksies ten doel gestel:

- Om die Gestaltteoretiese spelproses aan te pas om by die narratiewe terapeutiese benadering inslag te vind en in gemarginaliseerde gemeenskappe gefasiliteer te word, met ander woorde, om sodoende nuwe vorme van spel te ontwikkel en aan te pas om sinvol by volwasse beradenes inslag te vind;
- Om die interdissiplinêre verband tussen narratiewe-, Gestalt-, sistemiese gesins-, kognitiewe gedrags- en eksistensiële terapie na te vors;
- Om kreatiwiteit as modus te gebruik (Louw, Denton & Grobler 2016:10); en
- Om ’n stel basiese spelmetodes en bekostigbare speelmateriaal beskikbaar te stel vir pastorale werkers in gemarginaliseerde gemeenskappe.

### 1.9.2 Moontlike waarde van hierdie studie

Ek reageer met nuwe energie op die Groot Opdrag in Matteus 28:19: (Die Bybel 1983:47): “Gaan dan na al die nasies toe en maak hulle my dissipels”. God stuur ons met ’n ou, ou opdrag wat nuutgemaak is en nuwe toekomsmoontlikhede inhou, “na alle uithoeke van die wêreld”. Hierdie uithoeke begin op ons eie drumpel. Wanneer ons bereid is om in ons eie omgewing hierdie toekomsgerigte dissipline van praktiese teologie te begin uitleef, kan dit oor ’n lang tyd vrugte afwerp. Ward (2017:56) verwoord dit soos volg: “This means that lived religion needs to be understood as something that is incomplete and provisional”. Dit sluit aan by Hunter (2004:xxx) wat meen dat ’n bydrae nie perfek hoef te wees nie, maar dat daar na deurlopende verbetering gestrewe kan word.

Op die vraag waarom narratiewe terapie as basis, en postmoderniteit as uitgangspunt, gebruik word, word die volgende antwoord gebied:

Simbole en taal kan tydens spelterapie gebruik word om voorwerpe en idees voor te stel, daarom word dit as veilige basis beskou, juis omdat narratiewe terapie van taal gebruik maak (Geldard *et al*. 2018:50). Die postmoderne aanslag is ’n benadering wat uitstaan. Waar die modernistiese aanslag daarna strewe om hulp te kry om tydens terapeutiese intervensie terug te keer na “normale” gedrag (solve versus resolve: Freeman, Epston & Lobovits 1997:294) en ook na die konsep van “reframing” (Bandler *et al.* 1985:129; Geldard *et al*. 2018:46), aanvaar postmoderniteit dat realiteite nie onafhanklik van waarnemingsprosesse bestaan nie (Corey 2013:361).

Die stelling van Freeman *et al.* (1997:294) van “solve” teenoor “resolve” kan aan die hand van die volgende metafoor verduidelik word: Wanneer ’n bruistablet in ’n glas water geplaas word, gaan dit vinnig oplos, maar die probleem waarvoor die tablet in die eerste plek bedoel is, is nog nie opgelos nie. Die opgeloste bruistablet moet eers gedrink word en toegelaat word om te begin werk, voordat die siektesimptome sal verminder. In hierdie opsig word die waarde van eksternalisering ingesien en kan dit moontlik met ander “tegnieke” vanuit die postmoderniteit as aanslag aangevul word.

Die klassieke baanbrekerswerk van White en Epston (1990:43) rakende pseudo-enkoprese, beklemtoon hoe ’n gesin deur ’n bedreiging, byvoorbeeld “sneaky poo”, in een van sy verhaalstudies saamgesnoer kan word. Hierdie narratiewe aanspreek van probleme in gesinsverband het veral in Rochelle se gesinsopset, nuwe betekenis van “solve vs. resolve” gebied. Naas Freeman *et al.* (1997) verdien ander klinici ook om vir die gebruik van narratiewe terapie met jonger persone, gehuldig te word. Hierdie benadering sluit die werke van Larner (1996) en Smith en Nylund (1997) in.

Soos reeds genoem, wys Van den Berg (2006:4) op die waardeverskil tussen die woorde postmodernisme en postmoderniteit. Laasgenoemde behou ŉ kritiese rede met ŉ bepaalde dialoog, terwyl postmodernisme na ŉ breek met ŉ vorige paradigma verwys (Graham 2000:113). Met hierdie studie wil ek nie ŉ breuk tussen psigologiese terreine en die narratiewe verstaan van pastoraat impliseer nie. Van den Berg (2006:5) sê juis dat relatiwisme nie "koersloos gekoester" moet word nie, maar dat teologiese standpunte waardig moet wees om betwis te word. Hiermee sluit hy aan by die insig van Stiver (2001:184–185) dat daar in pastoraat nie op ŉ onaanvegbare manier met die waarheid omgegaan behoort te word nie, maar dat teologie ŉ waardigheid behou wat enige kritiek sal deurstaan.

Die eksternaliseringsvrae is aan die hand van Freedman en Combs (1996:49–50), binne die raamwerk van die narratiewe aanslag, verwerk om die rykdom en verskeidenheid van tegnieke van die toepassing van narratiewe- en ander spelterapietegnieke te bewerkstellig (Vetere & Dowling 2005:27). Volgens Vetere en Dowling (2005:9) word hierdeur gepoog om die toekoms te antisipeer en meer gevorderde gedrag te toon: "…[it] enables [them] to practise new, more advanced behaviours. It teaches them to anticipate the future".

Bogenoemde in ag genome, word gepoog om ŉ nederige bydrae tot die praktiese teologie te lewer. Ek streef daarna dat, binne ŉ pastorale konteks, verdere betekenis en dinamika aan die pastorale versorging van gemarginaliseerde gemeenskappe, gebied sal word. Dit mag, soos in die opsomming genoem, moontlik die diepgaande voordele inhou.

## 1.10 FRAGMENT UIT MY EIE LEWENSVERHAAL: TSOENAMI

> *TSOENAMI…*
>
> *Soos ŉ vloedgolf tref die gedagtes my vir die eerste keer in sewe-en-veertig jaar. Dit is Saterdagmiddag, 26 Mei 2017. Ek lê op die bed en alles vloei deur my – trane oor my wange, herinneringe deur my brein en verwyt deur my hart. Twee aande gelede het ek gif gedrink. Hoewel gif nie vir kulinêre doeleindes ontwerp word nie, het ek groot, slégte slukke uit die bottel geneem. Ek wou nie noodwendig sterf nie, maar ek wóú nie, ek kón nie meer met die materiële- en emosionele eise wat aan my gestel is, saamleef nie. Ek kón doodeenvoudig net nie meer nie …*
>
> *Ek het Psalm 139:11 in my dagboek aangeteken: "Ek sou die duisternis kon vra om my weg te steek, of die lig rondom my om in nag te verander…", maar God se beplanning is anders as mensedrome. Vir Hom "is selfs die duisternis nie donker nie en die nag so lig soos die dag" (Psalm 139:12).*

*Die realiteit van die nag se duister het my beskerm. My man het die volgende oggend steeds niks raakgesien of vermoed nie. Dit het seker maar net gelyk asof ek lekker slaap. Ek, wat gewoonlik soggens om vyfuur al springlewendig die dag aangryp!?! "Carpe Diem" is 'n lewensleuse wat aan vadersknie reeds aangeleer is!*

*Toe Henri (my jongste seun) later die oggend, soos elke ander dag, kom môre-sê, het hy dadelik gesien dat daar fout is. My twee seuns het my in die motor gelaai en na die hospitaal gehaas. My man het ook saamgegaan. Ek kan glad nie die gebeure van dié dag (25 Mei 2017) in my geheue oproep nie, maar onthou wel dat ek laatmiddag, by die hospitaal, saam met Henri in die bakkie geklim het. Ek het gesien dat die horlosie se wysers dui dat dit kwart voor vier is. Kort na vier die Vrydagmiddag het Henri my by die huis afgelaai en het ek "doodnormaal" met my lewe aangegaan. Ek het aandete gemaak asof niks gebeur het nie. Eers die volgende dag het die realiteit my getref. Nodeloos om te sê dat skuldgevoelens my emosies oorheers het.*

## 1.11 SAMEVATTING

Vanhoozer (2007:7) se mening dat teologie nie slegs 'n alledaagse gebeurtenis is nie, maar ook oortuigings artikuleer en 'n ontwerp vir die lewe voorstel, het 'n besondere impak op my lewe en werk. Ward (2017:69) sluit hierby aan deur 'n onderskeid tussen "practice" en "theology" te tref. Hy meen dat "theology can exist as different genres and operate in different voices, modes and locations". "Practice", volgens Ward (2017:69), "offers a more certain and concrete area for study".

Bogenoemde begrip beklemtoon die motivering vir hierdie studie: om tot 'n afgebakende studiearea toe te tree en binne 'n sekere genre te werk. Osmer (2008:197) verleen in hierdie opsig aanmoediging tot hierdie roeping: "You will gain power by empowering others." 'n Diepgaande verandering word geleidelik 'n aanvaarde doelwit namate mense sien dat die behoefte aan verandering aangespreek word, juis om die soort veranderinge wat moontlik kan plaasvind, te vorm.

Botkin (2000:32) erken die vele terapeutiese voordele van spel vir volwassenes, insluitend die geleentheid om betrokke te raak by magiese denke, voorgee-spel en rollespel. Botkin noem ook dat Terr (1999) erken dat dit lyk of haar kantoor vanself weer "gereoxygenate" word elke keer wanneer iemand, groot of klein, daarin speel. Hierdie "towerlug" (Botkin 2000:32) kan vergelyk word met Van den Berg (2006:8) se reiskoördinaat, wanneer hy die "misterie van

verstaan" aan die hand van Buitendag (2002:949) verduidelik: "Nou word die werklikheid van die reislandskap getooi in veel meer as dit wat normatief deur beperkte sintuie verken kan word en wat net empiries waargeneem en beskryf kan word". Hierdie mening word bevestig en Bybels gereflekteer deur die woorde in Psalm 104:30: "U gee die lewensasem en daar is lewe".

Vir my beteken dit, soos ook deur Van den Berg (2006:15) verwoord word, om "'n nie-outoritêre praktiese en pastorale teologie" hier te beoefen. Dit beaam Dreyer (1998:28) se mening dat ons "in die gees van refleksiewe verwetenskapliking afsien van modernistiese opvattings van wetenskap." Volgens hierdie outeurs behoort daar eerder 'n bydrae gelewer te word sonder om in 'n nuwe toepassingswetenskaplike model te verval.

In hierdie hoofstuk is, aan die hand van die herhalende tema, of *leitmotiv* van kleremaak, die instruksies gelees. Hierdie instruksies, met die assosiatiewe netwerke wat daardeur opgeroep word, kan op akademiese vlak 'n agtergrond tot narratiewe spel en gemarginaliseerde gemeenskappe bied. In die volgende hoofstuk word op die uiteensit van die patroon en die knip van die ryspapier gefokus. Hierdie aksie met die delikate ryspapier lei tot 'n deskriptiewe empiriese navraag na die rol van spel in gemarginaliseerde gemeenskappe. Hoofstuk 2 fokus op die term armoede. Bydraend hiertoe word die definiëring van praktiese teologie, asook die beskrywing van pastoraat as hermeneutiek, bespreek.

Meiring en Joubert (1992:114) beskou pastoraat as "God se troos, deur bemiddeling van sy kerk, aan mense in nood", maar sê ook dat dit ten nouste in verband met die diakonale taak van die Woord staan. Hierdie outeurs bied 'n metaforiese verduideliking: "Pastoraat is die vertroostende woord; diakonaat is die beker koue water" (Matt. 25). Op deskriptiewe empiriese wyse bied dit die basis vir hierdie vertroostende woord wat as pastoraat vasgelê word. Teologiese refleksie bied verdere ruimte om verstaansaksente vir die bied van die koue water uit te lig. Hierdie vertroostende woord, en hierdie beker water, wil ek met God se leiding, en nié met 'n beterweterigheid nie, hanteer (Cunningham 2003:191).

# HOOFSTUK 2
# DESKRIPTIEWE EMPIRIESE NAVRAAG NA DIE ROL VAN NARRATIEWE PASTORALE SPEL EN GEMARGINALISEERDE GEMEENSKAPPE

## 2.1 INLEIDING

Tydens hierdie studie word die sosiaal-konstruksionistiese- en postmodernistiese agtergronde, soos reeds genoem, as belangrike epistemologiese vennote in die prakties-teologiese fasilitering beskou. Die klem op die waardeverskil tussen postmodernisme en postmoderniteit (Alvesson 2002:10; Van Aarde 2004a:1107; Van den Berg 2006:2) word deurgaans in ag geneem. Die belangrikheid van so ŉ waardeverskil vereis nie ŉ totale pradigmaskuif nie, maar dra eerder die bedoeling om selektiewe waarde tot ou gebruike toe te voeg.

Die vraag ontstaan dan, soos in die eerste sekondêre vraag verwoord: "Wat is die deskriptiewe empiriese beskrywing van die rol van spel in die narratief-terapeutiese benadering binne gemarginaliseerde gemeenskappe?" Strydom (2021:13) haal die bekende Richard Rohr aan wanneer hy meer dat ons moontlik in die krag van gewoontes kan vasval. Rohr meen: "We do not think ourselves into new ways of living, we live ourselfves into new ways of thinking." Osmer (2008:4) vra tereg na ‘n beskrywing van wat tans aan die gang is rakende narratiewe pastorale spel in gemarginaliseerde gemeenskappe. Die aanhoudende vlae van gebeure en ontwrigtende prosesse in Suid-Afrikanse gemarginaliseerde gemeenskappe, laat die vraag ontstaan of die paradigmas van die huidige pastorale sorg voldoende in lyn met kollektiewe pastorale sorgbehoeftes is (Mouton 2022:39).

Motsoenyane (2017) het, tydens ŉ klasaanbieding, hierdie toepaslike teks uit Johannes 11:1–11 as illustrasie vir die paradigmaskuif gebruik: om die spreekwoordelike visnette aan die ander kant, die kant van die postmoderniteit, uit te gooi. Hierdie aksie kan unieke en inspirerende transformering tot gevolg hê. Gilbert (2008:3) beskryf dit as sosiale-, beradings- en narratiewe psigologie. Hierdie metafoor beskryf die moontlikheid en ideaal om spel in narratief-georiënteerde pastorale werk met gemarginaliseerde volwassenes te gebruik. Die metafoor bied ook Bybelgegronde- en teologiese refleksie vir hierdie studie.

Strydom (2021:13) sluit skertsend hierby aan wanneer hy sê dat ons nie slegs beter uitsonderings nodig het nie, maar wel beter gewoontes: "Ek kan byvoorbeeld getuig dat ek ook al op ‘n dieet was, dat ek ook al reg geëet en gereeld geoefend het. Maar dit sê min van my hier waar ek in die Spur sit en skryf terwyl ek ‘n bord tjips eet".

Ganzevoort (2011:3) bring die kwessie op tafel dat trauma van veel betekenis vir teologie en godsdiensstudie kan wees. Volgens hierdie outeur het godsdiens nog altyd met die lewe en sy lyding, onsekerheid, magteloosheid en tragedie, te doen gehad het. Die rol van narratiewe pastorale spel word, met ander woorde, in hierdie hoofstuk neergeskryf soos dit eerstehands waargeneem word. Die eksperimentele toepassing behoort hulp te bied om oor die lewe te kommunikeer soos dit deur verskillende mense ervaar word (Landau 2018:62). Die fokus van hierdie eksperimentele toepassing val in hoofstuk 2, wat die narratiewe benadering betref, op die dominante of noodverhaal. Ook die situasie rakende die gamarginaliseerde gemeenskap word belig.

## 2.2 MY EIE POSISIONERING TEN OPSIGTE VAN HIERDIE STUDIE

In Hoofstuk 1 is reeds aan my persoonlike posisionering en subjektiewe integriteit aandag gegee, daarom gee ek hier slegs ŉ verdere bevestiging daarvan:

Tydens die narratiewe proses, wat later in hierdie hoofstuk bespreek word, word die posisie van die gespreksfasiliteerder beklemtoon. Brown en Augusta-Scott (2007:24) sê dat die terapeut die mede-outeur in die herskryf van die gemarginaliseerde persoon se lewensverhaal is, maar nie as kenner van die navorsingsdeelnemer se verhaal optree nie. Morgan (2002:89) moedig ŉ gedesentreerde, ondersteunende posisie aan wanneer hy sê dat narratiewe gesprekke nie ten doel het om raad, oplossings of opinies te gee nie. Volgens hierdie outeur het die invloed van die terapeut ŉ oorsprong in vaardighede in bepaalde vraagstelling en konsultering. Hy noem dit “skills in consultation and asking questions in a particular way”. Hierdie vraagstelling “in a particular way”, soos deur Tomm (1987b:167), Winslade, Crocket en Monk (1997:71), Strong *et al*. (2008:174), en Freedman en Combs (1996:49-50, 101–102) gestel, het ŉ sterk invloed in die vorming van hierdie studie gehad. Die outeurs word as sulks op die bordspel aangetoon.

Die spesifieke feit dat die gespreksfasiliteerder ŉ basiese spelstruktuur, wat met prente en vrae toegelig is, kon gebruik en ontwikkel om in ŉ uiteindelike bordspelvorm gebruik te kon word, kon ŉ groot bydrae lewer op die begripsvlak van die gemarginaliseerde gespreksgenoot. Ek onthou hoe Rochelle se glimlag ŉ kuiltjie in haar wang gekerf het elke keer wanneer sy by die vraag met gepaardgaande prentjie aansluiting kon vind.

Die eksternaliserende gesprek wat Jill Freedman met haarself gevoer het, het ook vir my nuwe deure oopgemaak. Die toenemende gebruik van dié spesifieke vraagformaat “in a particular way” het vir my as gespreksfasiliteerder na nuwe maniere van aanbieding laat soek. Tydens hierdie aanhoudende soeke is die idee van die bordspel gebore. My doel was om die eksternaliseringservaring uit te brei. Na vele pogings wat in die snippermandjie beland het,

het ek mettertyd gesnap dat die Skepper-God dele van sy eie karakter in alle mense verdeel het sodat dit deur mekaar ontdek kon word. Die grense tussen die studie en die gemarginaliseerde opset moes eers heeltemal verdof. Enige reis het medereisigers en dié reis is geen uitsondering nie (Fourie 2022:297).

Soos Weingarten (1991:289) opmerk, kan diskoerse verder ontwikkel wanneer gesprekke tussen mense die kultureel beskikbare narratiewe beïnvloed. In die lig van dominante kennis, is dit 'n revolusionêre daad om bloot na die storie wat iemand vertel te luister. Slegs hierdie luister, met die aktiewe intersessie van unieke vrae, kan tot besondere uitkomste aanleiding gee. Met die gebruik van Freedman se stel vrae word daar, soos genoem, by die transversale model vir dialoog (Osmer 2008:70) aangesluit. Hierdie stel vrae, in watter ontwikkelingsvorm dit ook per geleentheid beskikbaar was, kan moontlik tot verdere eksternaliserende moontlikhede aanleiding gee.

Freedman en Combs (1996:43) skryf: "Given our stories about therapy, which are formed within these prevalent discourses, it is hard for most therapists to learn to listen to people's stories as stories". Die luister na lewensverhale met 'n bordspel as addisionele hulp, behoort nie daartoe aanleiding te gee dat daar met gespitste ore geluister word om 'n "klinies beduidende item" (Freedman & Combs 1996:43) te herken waarmee daar in so 'n geval omgegaan behoort te word nie. In hierdie stadium was die narratiewe pastorale spel se ontwikkeling nog in 'n embriofase, maar kon reeds unieke uitkomste voorsien (Sien Addendum 6, links bo).

Müller (2000:7) meen dat, wanneer daar op verhalende wyse te werk gegaan word, die terapeut toenemend sy/haar deel van wat aangebied word, sal besef: "Daarom is dit beter om sover moontlik eerlik jou eie verhaal te probeer verstaan en te integreer." Die persoonlike groei wat uit hierdie navorsingsprojek voortgevloei het, het 'n nuwe trant en ritme in my lewe gebring.

Gerkin (1984:97) bepleit die ontwikkeling van die terapeut se "core image"; die beeld van die self as interpreteerder van eie lewenservarings. Hy noem dit "the living human document". Gerkin (1984:98) beveel aan dat die integriteit van elke individu, soos dit uit verskillende taalwêrelde spruit, gerespekteer behoort te word. Mpofu (2011:75) sluit hierby aan met sy mening dat Westerse teorieë nie altyd toepaslike pastorale sorg aan mense vanuit 'n gemarginaliseerde agtergrond voorsien nie. Die navorsingsdeelnemer, of in die geval van hierdie studie, die medenavorser, is uiteraard die kenner van sy of haar eie verhaal.

Navorsing word dikwels vanuit die derde persoon geskryf (Binneman 2010:2), maar Ludwig (2007:157) meen dat 'n beter reflektering vanuit die eerstepersoon gedoen kan word. Die rede hiervoor is dat hierdie reflekteringsruimte die plek is waar die verstaan van konsepte gevorm word. Müller (2000:17) beklemtoon dat, hoewel vanuit 'n eerste persoonsposisie geskryf word,

die posisie van "nie-weet-nie" steeds as belangrik beskou word. Binne die sosiaal-konstruksionistiese werkswyse sal die stem van die navorser deurentyd aanwesig en hoorbaar wees (Gergen & Joseph 1996:5). Dit impliseer ook dat die medenavorsers se stemme met "priestly listening" (Osmer 2008:31) gehoor en geïnterpreteer sal word.

Müller (2000:10) meen dat die verhalende benadering nie slegs vermaaklikheidswaarde het nie, maar "dat die grein van die lewe deur verhale blootgelê word". Hy sê dat elke verhaal wat in woorde omgeskakel word, "'n worsteling in die proses van dink, doen en besluit" verteenwoordig. Gewoonlik word hierna as die epistemologiese proses verwys en daarom is die narratiewe terapie ook 'n vorm van epistemologie. Om hierop te reflekteer, dui op die akademiese aanslag as konstruk van objektiwiteit, terwyl die narratiewe uitgangspunt ten gunste van subjektiwiteit is.

### 2.2.1 Fragment vanuit my eie verhaal: die lief en leed

*Eintlik het my verwerping al in my pre-vormingsjare begin. Dawid beskryf dit só mooi in die eeue-oue psalm: "U het my op 'n wonderbaarlike wyse geskep. Wat U gedoen het, vervul my met verwondering" (Ps 139:13). Tydens haar tweede swangerskap het my ma 'n miskraam gehad en die baba verloor. Wat niemand geweet het nie, is dat daar twee babas was en dat die tweede een hierdie trauma oorleef het. Eers toe ek al sewe maande lank besig was om te ontwikkel "soos ek aanmekaar geweef is diep in die moederskoot", het die dokter besef daar is nog 'n lewetjie wat om bestaan veg.*

*Daar is altyd vertel dat ek 'n "moeilike" swangerskap, 'n "moeilike" geboorte en 'n "moeilike" baba was. In die vroeë sestigerjare is daar van 'n "stuitgeboorte" gepraat, met ander woorde, die baba het letterlik "stertkant" eerste die lewenslig aanskou. My pa het op sy sterfbed steeds gespot dat "ek nog nooit weer reggedraai het nie"… Hoeveel waarheid lê daar nie in hierdie woorde nie?*

*In die vormingsproses van lewe het daar drie niere in my liggaam ontwikkel, waarvan al drie my vandag nog laat les opsê. Met 'n tikkie humor is altyd gesê dat ek die "boetie" uitgeskop het, maar een van sy niere gesteel het. As ek dit tog maar net kon verander!*

*As kleuter het ek, as gevolg van volgehoue molestering en gepaardgaande "straf" vir swak gedrag, emosioneel nouliks oorleef. My pa, wat 'n*

*wonderlike mens was, het 'n outoritêre ouerskapstyl beoefen. Hy het vaste opvattings oor wat reg en verkeerd is, gehad. Wanneer ek swak gedrag, waarskynlik as gevolg van die molestering, getoon het, het hy dit soos 'n diktator benader en alle besluite namens sy kind geneem. My broer André, wat sestien maande ouer as ek was, was 'n modelkind. Daarteenoor het ek geworstel met 'n swak selfbeeld, spanningsprobleme, probleme om keuses te maak, en soms ook met 'n uittartende houding en rebellie teen gesag. Dit het die outokrasie versterk en in reaksie weer 'n vrees veroorsaak om verantwoordelikheid te aanvaar.*

*Ten spyte van al dié gebeure in my kinderjare, het ek in 'n liefdevolle huis grootgeword. Ek het nie altyd die "sense of blockage" ingesien waarvan Gerkin (1984:121) praat nie. Ek het, met die kognitiewe beperking van 'n jong ouderdom, maar aanvaar dat dít is hoe die lewe is. Hierdie beperking het ook op affektiewe- en konatiewe vlakke voorgekom.*

*Ek was tien jaar oud toe ek en André saam met 'n vriendin van my ouers in 'n motorongeluk was. Tannie Lizzie en André is albei oorlede, maar ek het oorleef. Hierdie gebeurtenis het 'n vernietigende impak op my lewe gehad. Hicks (1996:12) verwys na 'n studie wat by die Saint Louis Universiteit in die VSA se mediese sentrum "bevind dat 98% van 'n groep met dissosiatiewe identiteitsversteurings in hulle lewens een of ander vorm van fisiese, seksuele of psigologiese mishandeling ervaar het".*

*Ek moes maar net voortgaan om my lewe te leef. Ek het letterlik nie genoeg energie oorgehad om normaal te funksioneer nie en het al my pyn, "soos dit 'n gehoorsame kind betaam", diep onderdruk. Wat hierdie dissosiatiewe emosies vererger het, is dat ek kort na die ongeluk kosskool toe gestuur is. In hierdie stadium was my jonger broer, Ewald, ongeveer 18 maande oud. Langsamerhand het ek wél aangepas, hoewel ek permanent onder die druk en in die skaduwee van die terugtrek- of vermydingsfase geleef het (Retief 2004:35).*

*Na skool het ek, op aanbeveling van 'n sorgsame onderwyser, by die Hugenote Kollege in Wellington gaan studeer. 'n Hele nuwe ervaring vir my! Ek was nie meer 100% van die tyd onder druk om my broer te probeer "vervang" nie. Ek het die vryheid ervaar om myself te wees en my eie interpretasie van die lewe uit te leef. Nét voor my finalejaareksamen was my jonger broer, toe twaalf jaar oud, in 'n ernstige trekkerongeluk. Die*

*prognose was nie goed nie en ons het onsself gestaal om ook van hom afskeid te neem. Hy het egter wonderbaarlik herstel. Hoewel dit 'n tydsame proses was, het hy in so 'n mate herstel dat hy redelik normaal met sy lewe kon voortgaan. God het hom met nog tien sinvolle jare geseën voordat hy in 1994 in 'n motorongeluk oorlede is.*

*Ek het intussen my groot liefde ontmoet en is in Desember 1985 getroud. Hy het teologie studeer en ek is na ons troue saam met hom na Mariepskop, waar hy militêre diensplig moes doen. Daarna het ons 'n beroep gekry na die N.G. gemeente op Wolmaransstad. Hier het ek tien van die gelukkigste jare van my lewe beleef!*

*Met die ondersteuning van my ouers en skoonouers, het ek en Gerhard die gemeentelewe baie geniet. My innerlike sekuriteit was sterk, ten spyte van die rolle wat ek moes vervul en die verantwoordelikhede wat ek moes dra.*

*Helaas het my droomkasteel in duie gestort toe Gerhard onder druk aan my erken dat hy verhoudings met ander man(s) het. My pa was onverbiddelik en het daarop aangedring dat ek hom om 'n egskeiding dagvaar. Na twee jaar se uithou en aanhou het ek moed opgegee en met die egskeiding voortgegaan.*

*Ek moes van voor af worstel met dissosiatiewe emosionele onsekerheid en moes nuwe trauma in 'n laai wegbêre. Weer eens het ek bitter min energie oorgehad om normaal te funksioneer. Ek het egter nie 'n keuse gehad nie. Ek was 'n enkelouer met die verantwoordelikheid van twee jong seuns. My ouers, sowel as my skoonouers, het my op alle terreine ondersteun. Jacques was elf jaar oud en Henri was drie jaar jonger. Die trauma wat hulle op hierdie brose ouderdom in die gesig moes staar, is verdoesel onder die vele aktiwiteite wat die plaas kon bied. Hoewel ek en die seuns in Hoopstad op die dorp gewoon het, was hulle dikwels op die plaas en het by die boerdery betrokke geraak en selfs verantwoordelikhede op hulle skouertjies begin neem.*

*In 1994, dié politieke skeidingsjaar in Suid-Afrika, was in ons lewens ook 'n emosionele skeidingsjaar. Kort voordat ek van Gerhard se verraad uitgevind het, is my jonger broer, Ewald, op drie-en-twintigjarige ouderdom in 'n motorongeluk oorlede. Hierdie gebeurtenis het die hele familie se lewens emosioneel oorlaai. Ons harte was stukkend.*

> *Hierdie bitter seer ervaring word eers hier, en nie in kronologiese volgorde nie, gedeel. My kinders moes, nadat hulle soveel van Ewald se identiteit aangeneem het, met die egskeiding weer 'n herbesinning oor identiteit beleef. My arme kinders. Ek worstel vandag nog met 'n omnipotente oorlewingskuld. Die glinsteroomblikke in my lewensverhaal het my verbygegaan, my gedagtes verstrengel in die beelde van my broosheid.*

## 2.3 PRAKTIES-TEOLOGIESE ORIËNTASIE

### 2.3.1 Definiëring van praktiese teologie

Om die term "pastorale sorg" te begryp, sal die verstaan van praktiese teologie nuttige insig bied. Pieterse (1993:2) se definisie van praktiese teologie lui soos volg: "… die studie van die geloofshandeling van die mens, met ander woorde, hoe die mens God ontmoet." Die verskillende funksies van pastorale berading, soos deur Magezi (2007:615) beskryf, dui op "genesing, onderhouding, leiding, herstel en versorging". Gadamer (1982:289) se hermeneutiese teorie staan direk teenoor die teks-tot-toepassing aanslag van die humanistiese leer (Browning 1991:39).

Vanhoozer (2007:7) sê dat teologie nie slegs 'n alledaagse gebeurtenis is nie, maar "theology articulates beliefs, suggest designs for living". Ward (2017:69) sluit hierby aan deur 'n onderskeid tussen "practice" en "theology" te maak. Hy meen dat teologie as verskillende genres kan bestaan en in onafhanklike modusse, plekke en stemme kan plaasvind. Praktykgerigte werk, daarenteen, kan 'n meer afgebakende studieterrein bied.

Bogenoemde begrip beklemtoon die motivering vir hierdie studie: om tot 'n afgebakende studiearea toe te tree en binne 'n sekere genre te werk. Osmer (2008:197) het weer eens in hierdie opsig aanmoediging tot hierdie roeping gebied:

> *You will gain power by empowering others. Deep change usually begins on the margins of a congregation and only gradually becomes an accepted goal as people see the need for change are empowered to shape the sorts of changes that will occur. Transforming leaders, thus, must be willing to suffer the risks of marginalization.*

Om pastoraat in die lig van die praktiese teologie te definieer, is op verskillende werke van Julian Müller gesteun, asook op die teorieë van die praktiese teoloë Richard Osmer (*Practical theology: An introduction:* 2008), Pete Ward (*Introducing practical theology: Mission, ministry and the life of the church*: 2017), Don Browning (*A fundamental practical theology*: 1996), en Daniël Louw (*Meaning in suffering:* 2000; *Pastoraat as ontmoeting en vertolking:* 1999).

Osmer, Müller en Browning sal deurgaans uitstaan en in elke hoofstuk gebruik word as vernaamste bronne om die verband tussen die Christelike verhaal en die praktiese rede te verstaan (Browning 1996:12). Osmer (2008:4) word aangehaal vir die "four core tasks of practical theological interpretation". Müller (2000:12) se verhalende benadering rakende die lewensreis word as uitstaande beskou en gebruik. Die verhalende benadering steun sterk op 'n eenheid tussen verlede, hede en toekoms. In dieselfde ruimte kan egter ook 'n inherente spanning ervaar word. Die eenheid, sowel as die spanning tussen die tydsverloop van gister na môre, word ook in die vertelling van persoonlike verhale verwerk.

Browning, met sterk steun op die werk van Niebuhr (1941, 1943) en Habermas (1984, 1987), verduidelik sy werkwyse, wat met die Christelike boodskap ooreenstem, en as 'n illustrasie van die aard van 'n fundamentele praktiese teologie beskryf word. Die submomente, soos in die skemas in elke hoofstuk genoem word, sluit deskriptiewe, historiese, sistematiese en pragmatiese aksies in.

Daar word verder, saam met Browning, by hierdie dimensies van prakties-morele denke stilgestaan. Volgens Pederson (1979:8-15) beskryf Habermas dit as 'n "reconstructive science". Browning (1996:108) noem dat hierdie vlakke of dimensies van praktiese teologie maklik by die teorie van teologie inskakel en dat dit nie as gedifferensieerde aspekte van ervaring uitstaan nie: "The visional and obligational dimensions are more comprehensive, and influence our interpretations of the lower three levels: tendency need, environmental-social and the rule of the role."

Voordat hierdie teologiese uitgangspunte aangespreek word, is dit belangrik om weer, soos in Hoofstuk 1, by Graham (2017) se mening stil te staan. Sy beveel aan dat daar na 'n heroriëntering binne die prakties-teologiese terrein gekyk word (Graham 2017:2). Hierdie outeur bepleit 'n verskuiwing vanaf 'n toegepaste teologie na 'n teologiese refleksie of besinning rakende die praktyk. Ward (2017:97) meen dat, deur middel van 'n besinningsproses, nuwe perspektiewe verkry kan word, wat tot bevrydende optrede kan lei. Ek wil graag hierdie nuwe perspektiewe in my eie praktyk ontplooi en gebruik.

Die begrip "pastoraat" het volgens Gerkin (1997:2), 'n diepliggende agtergrond: "Pastoral care as we know it today did not spring forth out of the shallow soil of recent experience. Rather, it has a long history…" Ek het tyd spandeer om die regte vorme van spel na te vors en seker te maak dat dit, binne gemarginaliseerde gemeenskappe, die lewering van optimale diens kan verseker.

"Lived religion" (geleefde godsdiens) is, volgens Ward (2017:56), soortgelyk aan die idee dat kultuurgebruike deur middel van prekursiewe en voorbereidende inisiatiewe uitgevoer word. Dit vind aansluiting by Hunter (2012:xxx) wat meen dat dit na 'n proses ter voorbereiding van

iets meer volledig verwys. Die doel van so ŉ *ad interim* aksie impliseer veel eerder volgehoue verbetering as die bereiking van perfeksie.

### 2.3.2 Deskriptiewe empiriese navraag na die rol van narratiewe pastorale spel en gemarginaliseerde gemeenskappe

Die vrae wat by Osmer (2008) se vier navorsingstake bespreek word, sluit ook by die vyf bewegings van terapeutiese strategieë en tegnieke van Julian Müller (2000:34; Pienaar 2014:1) aan.

Ter wille van Browning (1996:10) se sirkulêre en voortgaande beweging van praktyk na teorie om weer na praktyk te beweeg, word ook sy siening van elke moment bespreek. In *From culture wars to common ground* het Browning en Miller-McLemore (1994:19–20) die rol van die kerk ondersoek om gesinne te help om na die nuwe postindustriële, postmoderne samelewing waarin ons tans leef, oor te gaan. Dit dien ook as stewige agtergrond om vanuit ŉ postmoderne epistemologie, wat sosiaal-konstruksionisme as ŉ psigologiese uitdrukking van die postmoderne wêreldbeskouing aanvaar (Corey 2013:361; Gergen 1985:267), te werk. Hierdie raamwerk is ten sterkste op ŉ prakties-teologiese basis gebou.

ŉ Epistemologiese verstaan kan beskryf word as die filosofie van hoe kennis verkry word deur vrae te stel en ondersoek te loods. Graham (2017:1) het dit in vraagformaat gestel: "What is the theory of knowledge, especially with regards to its methods, validity and scope, and the distinction between justified belief and opinion?" Dit dui ook op die bronne van beskikbare kennis. Volgens Kotzé (1992:4) gaan dit tegelykertyd in die term epistemologie oor die vraag "hoé ŉ mens dink, waarneem en besluit, en wát ŉ mens dink, waarneem en besluit." So kan Browning se sirkulêre en voortgaande beweging tussen praktyk en teorie groot hulp bied met die verstaan van "hoé" daar tot kennis en uitsprake oor teologiese sake gekom word. Freedman en Combs (1996:49–50; 101–102) bied in hierdie opsig praktiese oplossings met die samestelling van die vraagformaat, wat verder as narratiewe pastorale spel ontwikkel kan word.

By die eerste moment, wat deskriptief-empiries aangespreek sal word, gee Graham (2017:3) waardevolle raad om nié op geestelike paradigmas nie, maar wel op die bestudering van godsdienstige praktyke in die alledaagse lewe, te fokus. Sy beveel ook aan dat teologiese stellings met praktiese wysheid vervang word. Van Wyk (2022:1) raak hierdie stellings aan deur ondersoek te doen van die migrasie vanaf godsdienstige gebruike na spiritualiteit.

Die navorsingsvraag word op alternatiewe wyses verwoord: waarom is daar nog nie uitgebreide ondersoeke na die hulpaspek van narratiewe pastorale spel in narratiewe

pastoraat binne gemarginaliseerde gemeenskappe geloods nie? Die alternatiewe vraag word soos volg gestel: Kan narratiewe pastorale spel deur die pastorale berader benut word om, tydens die gebruik van ŉ narratiewe terapeutiese benadering in pastoraat, beter gevoelsvaardighede (Blom, Read & Kind 2012:3) by die medenavorser ontwikkel?

Die deskriptief-empiriese oomblik fokus op die oriëntasie om ŉ situasie te interpreteer en te beskryf. Browning (1996:48) beskou dit as ŉ soort hermeneutiese sosiologie: "Practical theology describes practices in order to discern the conflicting cultural and religious meaning that guide our action and provoke questions that animate our practical thinking."

Müller (2000:72) beklemtoon dat die vyf bewegings waarvan hy praat, eerder op sirkulariteit as lineêre voortgang fokus. Hy wil hierdie bewegings ook nie met fases of stappe vergelyk nie. Hy gebruik die dans-metafoor as rigtinggewend in hierdie opsig: "Dit begin êrens en eindig êrens, maar verder is dit vry en vra om ŉ kreatiewe aanpak." Daarom verskil dit van ŉ strategiese fase-model, maar kan die eerste twee bewegings by die eerste taak van Osmer (2008:4) ingepas word en behoort die gespreksgenote gefasiliteer te word om hierdie bewegings uit te voer. Die noodverhaal, asook die geskiedenis van die noodverhaal, naamlik die verledeverhaal, moet vertel word.

Met narratiewe terapie as fokus en agtergrond, is die vyf medenavorsers wat in Hoofstuk 1 bekendgestel is, genader om, as primêre outeurs van hulle lewensverhale, fragmente uit hulle lewensverhale te deel ten einde hierdie studie te voltooi. Dit is vir my ŉ voorreg om as mede-outeur in die "re-authoring process" op te tree (Morgan 2002:88).

### 2.3.3 Navraag gesien vanuit die oogpunt van Osmer, Browning, Müller

In die vorige hoofstuk is daar na die werk van Freire (1972:30) verwys. Laasgenoemde outeur word in hierdie studie ter wille van sy "theory of conscientization", wat op diepgaande wyse na gemarginaliseerde gemeenskappe verwys, aangehaal. Ward (2017:19) beskryf hierdie teorie as ŉ proses van refleksie waarin nuwe bevryding kan skuil. So ŉ bevryding, wat onvermengde vreugde mag baar, kan hierdeur geïmpliseer word. Wanneer gemarginaliseerde gemeenskappe bespreek word, word weer na hierdie teorie van Freire (1972:30) verwys.

Daar word, naas Osmer, sterk op die werke van Müller en Browning, as teologiese refleksie, gesteun. White en Epston (1990) en Freedman en Combs (1996) bied rugsteun ten opsigte van die narratiewe agtergrond en epistemologie. Soos gesien uit die opsommende tabel in Hoofstuk 1, word nou vanuit die oogpunt van Müller, op die noodverhaal gefokus. White en Epston motiveer die luister na die medenavorser se dominante verhaal, terwyl Browning vir ŉ deskriptiewe beweging pleit. Freedman en Combs, wat die basismateriaal vir ŉ

eksternaliserende vraagformaat gebied het en hier tot die tabel toegevoeg word, verwys na die sosiale konstruksie van voorkeurrealiteite.

***Tabel 2.1: Uittreksel uit die oorhoofse tabel in Hoofstuk 1. Die fokuspunte vir hoofstuk twee met die klem op die eerste sekondêre navorsingsvraag en met verder insluiting van Freedman en Combs***

| **Müller (2005)** | **White & Epston (1990)** | **Osmer (2008)** | **Browning (1996)** | **Freedman & Combs (1996)** |
|---|---|---|---|---|
| Noodverhaal | Dominante verhaal | Die deskriptief-empiriese taak | Deskriptiewe beweging | Die narratiewe metafoor en eerste tree van die verhaal |

Ward (2017), soos genoem in Hoofstuk 1, beskryf refleksie as ŉ proses waarin ŉ verskeidenheid kennisvorme, insluitend die teoretiese bronne van die Christelike geloof, aangewend word. "Kennisvorme" kan ook as lewende menslike dokumente beskou word (Gerkin 1991:121). Ward (2017:98) beskryf refleksie as ŉ proses waarin die Christelike geloof hoog geag word. Brueggeman (1993:14) meen ook dat, sáám met so ŉ refleksie, die verbeelding van ŉ nuwe toekoms ten diepste ŉ geloofsaak is.

Binne die hedendaagse soeke na metodologie in 'n hermeneutiek van pastorale sorg en ontmoeting, bepleit Louw (2003:49) dat pastorale teologie nie kan funksioneer sonder die korrelasie tussen Bybelse tekste en menslike kontekste nie. Hierdie onderlinge afhanklikheid reflekteer op die gebruik van die Woord van God as deurlopende en uiteindelike geloofsverwysing.

Morele filosowe redeneer dikwels dat etiese denke geen noodwendige verband met godsdiens het nie, en tóg word daar, deur die Christelike narratief, belangrike aksente tot die funksionering van die praktiese rede gevoeg. Browning (1996:194) argumenteer dat die vorm van praktiese rede binne die Christelike narratief onderskei kan word, maar ook dat dit binne ander narratiewe kontekste onderskei kan word. In die kartering van ander kontekste, is dit belangrik dat die agtergrond tot gemarginaliseerdheid deeglik hersien word. Dit is belangrik dat al die stukke van die komplekse, verbandhoudende legkaart inmekaar pas om ŉ sinergistiese geheel te vorm. Die *leitmotiv* wat in Hoofstuk 1 uiteengesit is, het hierop betrekking. Om die verandering in modestyl tydens die kleremaakproses te laat plaasvind, word die selektief gekose ryspapier met patroonpante gesorteer sodat die regte pante op die

regte nommer geknip kan word. Spelmetodes word dus nie lukraak op grond van een psigologiese ontwikkeling gebruik nie, maar verskillende metodes word by herhaling getoets.

### 2.3.4 Pastorale sorg as hermeneutiek

"In die hermeneutiese paradigma wat geesteswetenskaplike ontwikkeling kenmerk, gaan dit om te verstaan eerder as om te verklaar" (De Wet 2010:15). Om die begrip hermeneutiek en die verskillende betekenisse wat aan die begrip geheg word, te verstaan, word die Griekse mitologie ook in ag geneem (Landman 1985). Die Grieke het 'n god gehad met die naam Hermes, wat as boodskapdraer en tolk tussen die gode en die mense opgetree het. Die Griekse begrip *herméneia,* wat afgelei is van die naam van die Griekse boodskappergod Hermes, beteken vertolking. Plato verklaar ook hierdie begrip**.** Hy meen dat, wanneer 'n uitspraak nie vanself duidelik is nie, dit "verklaar" moet word {*herméneia*} (Deist 2010:1). Interpretasie of uitleg kan dus as die essensie van hermeneutiek beskou word.

Die hermeneutiek van pastorale sorg behoort as teologiese kwessie beskou te word (Louw 1999:334). Binne die konteks van postmoderniteit, maak dit die beeld van God vir die gemarginaliseerde medewerker meer aanvaarbaar en relevant as 'n God wat raas en streng reëls toepas. Hiérdie beeld van God is essensieel vir die sosio-emosionele ontwikkeling van die mens. Terwyl 'n mens groei en binne verskillende ontwikkelingsperspektiewe verandering toon, dui dit op die integrasie van die persoon se identiteit en sy persoonlike narratief, wat noodwendig ten opsigte van mekaar verander (Ganzevoort & Visser 2007:111; Müller 1996:22).

God stap nie net 'n pad met die medenavorsers nie, maar ook met my. Elke berader sal in afhanklikheid van God 'n eie unieke terapeutiese styl ontwikkel (Humphrey 1986:9). God se teenwoordigheid in die terapeut se lewe is ononderhandelbaar. Corey (2013:439) verwoord dit soos volg: "The therapist's attitudes and behaviour count more than the 'techniques' used." Dit sluit aan by die mening van Nell (2022:117) wat die klem in die navorser(s) se geval op absolute gehoorsaamheid aan God laat val.

Soos in die aanslag van postmoderniteit, lê die terapeut se rol nie daarin om die lewe vir medereisigers te interpreteer nie, "…but to assist them in developing means to make their own interpretations. Clients identify and work on unfinished business from the past that interferes with current functioning" (Corey 2013:429; Perls 1976; Perls 1990). Müller beskryf hierdie rol van die medereisiger as dié van 'n gids of gespreksfasiliteerder. Müller se bevestiging lê in die volgende woorde: "One's identity and personal narrative is integrated, since one's identity grow and change as their narrative changes (Ganzevoort & Visser 2007:111; Müller 1996:22).

Groei en verandering, binne ŉ steeds veranderende konteks, het noodwendig ŉ invloed op die individu se kernverhaal (Ganzevoort & Visser 2007:115; Müller 1996:23).

Wanneer op die teologiese onderbou binne die veld van pastoraat gefokus word, word nie slegs die mens se storie nie, maar ook God se storie, in ag geneem (Ganzevoort & Visser 2007:116).

### 2.3.5 Fragmente uit die medenavorsers se lewensverhale

#### *2.3.5.1 Johannes se worstelverhaal*

> *Johannes, met sy pa as grootste vriend en mentor, was onseker toe hy sy eerste gemeente moes lei. Sy ouers se motor was nog net ŉ stippel en ŉ stofstreep in die verte, toe dié realiteit hom tref. Hy was só voorbereid en opgewonde om in die bediening te staan, maar die alleenoomblik het bleek geword – soos die witgrys winterlug om hom.*
>
> *Vanuit hierdie amper ongekende gevoel van onsekerheid moes hy vir die wêreld glimlag en aanbeweeg. Die werk was ŉ uitdaging waarvoor hy kans gesien het, maar hy het êrens op ŉ rand gehuiwer, nie opgeneem in die kring van kleindorp se vriendegroepe nie. Sy tydlyn het in sirkels begin beweeg en hom byna daarin vasgedraai. Gelukkig belowe God in sy Woord dat elke dag saam met nuwe genade kom. Al was dit aanvanklik net die pastelkleurige blos van ŉ nuwe dag, kon Johannes mettertyd ook oopgaan soos ŉ plantjie wat voldoende son en water kry.*
>
> *Johannes het tóg in sy onderbewussyn na perfeksie gestreef. Sonder sy vrou het daar ŉ moeë, negatiewe houding in sy gemoed nes gemaak. Ek vermoed dat hy aan uitbranding gely het. Om hom heen was ŉ onbewuste, maar byna tasbare somberheid. Hy het homself meedoënloos voortgedryf – dit was al manier waarop hy dit kon hanteer en self emosioneel oorleef.*
>
> *Om 'n getroue Christen in die wêreld te wees, kan 'n soort ingebore of intuïtiewe gebruik wees. Om as Christen te leef, sal egter tye van besinning en aanpassing inhou (Ward 2017:168). Saam met hierdie gespreksgenoot, met die inagneming van Graham, Walton en Ward (2005:18–45) se verkenning van "... how practical theology can arise out of and contribute to the everyday lives and experiences of believers", mag teologiese refleksie op hierdie studie moontlik verkry word.*

Daar het outentieke gespreksessies met hierdie medenavorser plaasgevind. Die egtheid van die hier-en-nou ontmoetings het ŉ groot invloed op albei gespreksgenote uitgeoefen. Johannes kon mettertyd ŉ 180° visie kry en sy eie situasie deur ŉ wyehoeklens besigtig.

Tydens hierdie sessies het narratiewe pastorale spel as modus sterk uitgestaan en groeiwaarde gebied.

Tóg sal Johannes se herinneringe aan hierdie stowwerige dorpie in die noordweste van die Vrystaat ook mooi herinneringe inhou. Dalk was Karen Blixen in "Out of Africa" tóg reg oor Nairobi: "It is impossible that a town will not play a part in your life; it does not even make much difference whether you have more good or bad things to say of it, it draws your mind to it, by a mental law of gravitation" (Dinesin 1983:102).

#### *2.3.5.2 Riana se waardige waagmoed*

*Tydens die eerste gespreksessie was Riana se woorde: "Tannie gaan nou seker vra wat soek ek hier. Ek het sóveel om voor dankbaar te wees... As Tannie vra "wat soek ek", ek soek vergifnis. En om te vergewe. Vrede. Ook met my pa. Partykeer is ek ontembaar, onbuigbaar en onvermoeid, maar soms wil ek net sterwe."*

*Wat 'n woordevloed! Dit was amper asof Riana haarself in een sin wou beskerm én verdedig. Sy voel dat sy "reg" móét wees, vrolik móét wees, inspirasie sál bring oral waar sy gaan. Sy het ook genoem dat sy nie meer draf nie – hieruit is 'n metafoor vir haar swaarkry gebore. Sy moet insien dat die pad uit posttraumatiese stres nie 'n 100m-naelloop nie, maar eerder 'n marathon is. Dit het vir haar sin gemaak en sy is bereid om vir hierdie marathon voor te berei. Coetzer (2016:99) beskryf dit asof hy Riana se lewe ken: "Hierdie is soos 'n tydelike ompad, 'n syspoor langs die hoofspoor, beslis nie die eindbestemming nie. 'n Deel van die genesingsproses is om nou tree vir tree teen die heuwel uit te klim, soms twee treë vorentoe en een tree terug. Hierdie roete is baie rof en dit mag by tye vir haar voel asof haar toestand eers versleg voordat dit beter word. Op die langtermyn is die grafiek egter stadig besig om te styg." Eeuelange lydingsgrepe uit haar lewe. Sewe sekondes van 'n somer word "Twenty days that autumn" (Louw 1963:1); en later word dit maar net 'n yl draad wat eens in Riana se lewe gespin is.*

#### *2.3.5.3 Rochelle se staptog voortgesit*

*Müller meen dat daar eers genoeg aandag aan "storytelling" spandeer behoort te word, voordat daar met "storymaking" begin word. Keeney en Ross (1988:440) wys op 'n nuttige onderskeid tussen semantiese en politieke rame. Laasgenoemde hou verband met die "wat-vrae" en hoe dinge inmekaar pas, terwyl die semantiese met die betekenis van verskillende gebeure en waar die "waarom-vraag" na vore kom, te*

*doen het. Tydens die noodverhaal worstel die mens in die storie, soos in Rochelle se geval, met “waarom”-vrae.*

*Wanneer blamering aangevoel en ervaar word (Müller 2000:75), word daar maklik teruggeval na verdediging en word die nood eintlik groter. Ek glo dat sirkulêre vrae in hierdie stadium insig na vore bring en dat ŉ klein verskuiwing in die manier van interaksie ŉ verskil kan maak.*

*Met die aanbeweeg na die verledeverhaal, kan terapeutiese bouwerk moontlik vir Rochelle help om haarself met die oog op die toekoms te posisioneer.*

### 2.3.6 Verwante inligting ten opsigte van hierdie studie

#### *2.3.6.1 Agtergrond tot gemarginaliseerde gemeenskappe*

In algemene terme is gemarginaliseerde gemeenskappe dié wat beperk is tot die onderste of perifere rand van die samelewing. Van so ’n groep word die betrokkenheid by die hoofstroom ekonomiese, politieke, kulturele en sosiale aktiwiteite ontken, weens hul lewensomstandighede, lewenstyl of uitsluiting. Hierdie sogenaamde beperking kan ekonomiese agterstande, verwaarlosing, gesinsgeweld, die misbruik van afhanklikheidsvormende middels en mense in informele nedersettings, insluit (Pieterse 1993:104).

Professor Sampie Terre Blanche gebruik ŉ eenvoudige term om die begrip armoede te probeer vereenvoudig. Hy sê dat armoede tipiese tekorte aan hulpbronne impliseer, “sodat ’n mens ontneem word van baie van die noodsaaklikhede van en die gemak in die lewe” (Terre Blanche, 1997:15).

Ward (2017:99) meen dat gemarginaliseerde gemeenskappe in ŉ eie situasie gewortel en gegrondves is: “They will tend to reflect on their own situationality to the extent that it challenges them to act upon it”. Die ervaring met mense in gemarginaliseerde gemeenskappe bevestig hierdie mening van Ward. Die mens binne ŉ gemarginaliseerde opset is grotendeels geneig om oor sy/haar eie situasie te besin, in so ’n mate dat dit hulle uitdaag om daarvolgens op te tree, ongeag hóé graag hulle ook al uit ŉ slegte lewensituasie wil wegkom, en hulle daarvan wil distansieer (Maree & Janse van Rensburg 2009:177). Omgewingsfaktore speel ŉ groot rol in mense se lewens (Louw & Louw 2016:405) en soms val die lewensloop maar net weer in dieselfde gemarginaliseerde groewe.

Op deskriptiewe empiriese wyse is gepoog om die konteks, praktyk en missie van moontlike hulpverleners te beskryf (Osmer 2012:336). Die beskikbaarheid van vrywillige hulpverleners is egter ŉ kwessie wat kommer wek. ŉ Onderlinge sorg wat in spontane vriendskappe en

positiewe reaksies op krisisse kan manifesteer, word bepleit. Hierdie mening vind aansluiting daarby dat ŉ pastor, sowel as Christen vrywilligers, vir hierdie taak aangewend kan word. Daarom word die pastorale gespreksbenadering as ŉ verlengstuk van die geloofsgemeenskap beskou. Die spanning tussen verskillende psigologiese aanslae kan mettertyd ŉ kreatiewe kleur aan die pastoraat besorg.

Om diakonaat in gemarginaliseerde gemeenskappe binne ŉ skeppingsperspektief te sien (Maree & Janse van Rensburg 2009:177), is dit belangrik om na die fundamentele praktiese teologie van Browning te verwys (Browning 1996; Ward 2017:79): "Practical theology describes practices in order to discern the conflicting cultural and religious meanings that guide our action and provoke the questions that animate our practical thinking." Die beskrywing van praktyke om godsdienstige betekenisse te onderskei, is om teorie en praktyk bymekaar te bring. Motivering om die mens wéér na die Skepper te draai, kan teologiese refleksie borg – soos straatligte wat in plasse water reflekteer.

Ek wil positief in ŉ diversifiserende rigting beweeg, waar kulturele volwassenheid hoog geag word. Met die onverwagte uitbreek van Covid-19, die virus wat vreesloos regoor die wêreld voortgewoed het, is die kerk op gedwonge wyse na "change and journey toward the future" (Osmer 2008:9) gelei. Osmer meen dat daar op so ŉ wyse nuwe, strategiese denkwyses geskep word. Hy het dit soos volg verwoord: "Preaching and teaching the stories of Scripture in which God's people recall God's actions in the past to guide them in time of change and crisis". Pienaar (2020:5) meen dat "die herder-kudde-model wat kerke nog altyd volg, totaal en al herbesin moet word om in hierdie tyd te wil oorleef". Futuristiese paradigmaskuiwe kan in hierdie opsig onontbeerlik wees.

Vir die medenavorser wat binne ŉ gemarginaliseerde opset werk, is die voortgesette teenwoordigheid en leiding deur die teenwoordigheid van die Parakleet wat Hy gestuur het, die Heilige Gees wat lewenskragtigheid bevestig, volhoubaar belangrik (Hays 1996:151,155). Êrens tussen ŉ roesemoes beelde, is daar die Één wat ŉ wesenlike verskil maak.

#### *2.3.6.2 Historiese blik op gemarginaliseerde gemeenskappe*

Freire (1972:80) het, soos genoem, ŉ teorie van gewetenswaardigheid ontwikkel waarin onderdrukte gemarginaliseerde gemeenskappe, deur middel van ŉ reflekteringsproses, bevrydende perspektiewe kan verkry (Ward 2017:97). ŉ Individu kan nie werklik ten volle verstaan word wanneer die sosio-politiese konteks nie in ag geneem word nie en dat elke individu binne sy/haar holistiese bestaan behandel behoort te word nie. Die bakens van hulle bestaan is dalk veel anders as wat van buite voorgestel kan word. Sommige mense worstel

om wortel te skiet in kleurlose, ontboomde en bar lewensituasies. Hulle lewensloop is 'n aaneenlopende waarneming van armoede, geweld, drankmisbruik en sosiale verval.

Die betrokkenheid by mense in hierdie gemarginaliseerde gemeenskappe, asook 'n professionaliteit ten opsigte van die maatskaplike werk as beroep, het aanvanklik uit praktiese naasteliefde ontwikkel. Hierdie betrokkenheid is geïnspireer deur godsdienstige oorwegings soos opgeteken in die Evangelies: "Wat jy aan een van hierdie minste van My gedoen het, het jy ook aan My gedoen (Matt 25:40; Basson 1971:1; Bowpitt 2000:349; Gilbert 2008:69). Meer as bloot uitreik na die medemens, word daar, aldus Bowers-du Toit (2012:211), na die mobilisering van individuele kragte, sowel intra- as interaktief, binne die individu én die gemeenskap, gefokus.

Basson (1971:5) onderskei ten opsigte van die ontwikkelingsgeskiedenis, soos genoem, tussen die volgende tydperke: die antieke tydvak (4000 v.C. tot 500 n.C.), die Middeleeue (500 n.C. tot 1500 n.C.), die Ontdekkingsperiode (1500 tot 1750 n.C.), die Oorgangsperiode (1750 tot 1900). Die moderne tyd (1900 tot 1960) wat op die oorgangsperiode volg, word beskou as 'n era waar daar vanaf "gewone vrywillige naastediens na 'n meer gestruktureerde welsynsbestel aanbeweeg word.

Die uitstaande kenmerk van hierdie tydperk word as 'n poging om die wetenskapstatus van die professie te bevestig, beskou.

Op 'n simposium in Chicago, waartydens die status van werk in gemarginaliseerde gemeenskappe opnuut bespreek is, is die volgende teorieë aangespreek: die funksionele, psigososiale, probleemoplossende en middel-reeks benaderings wat krisisingryping, rouberading, gesinsterapie en volwasse sosialisering ingesluit het (Roberts & Nee 1970:16).

Volgens Brammer en Shostrom (1977:6) is psigoterapie oorspronklik deur die beradingservarings van pastorale beraders en maatskaplike werkers, persoonlikheidsteorieë en mensgesentreerde benaderings ontwikkel. Hulle het gemeen dat berading alleen nie vir die hantering van dieperliggende sielkundige probleme voorsiening maak nie.

Tans word psigoterapeutiese en mensgesentreerde beginsels algemeen in raamwerke van pastorale terapie geïntegreer (Collins 1988:16; Mearns & Thorne 2013:xiii). Graham (2017:9) verduidelik dit soos volg: daar is baie plekke waar 'n dialoog kan plaasvind". So 'n proses kan inderdaad begin met die huidige klem van Christelike praktiese teologie op waarheid as performatief en pragmaties.

Die ooreenstemmende aktiwiteitsareas of "shared realms" en gemeenskapsorganisering, advies oor godsdienstige geletterdheid en die bevordering van sosiale geregtigheid en menseregte, bied dalk die mees kreatiewe geleenthede vir dienooreenkomstige herbesinning

van benadering. Graham (2017:9) bied verdere advies rakende so 'n herbesinning van benadering: “Maybe those things have to happen outside the recognised centres of power such as academy or male-dominated hierarchies”. Op 'n rivieroewer saam met Annalet, met die plant van 'n nuwe boompie vir Shané, en met 'n speelgoeddiertjie in Johannes en Riana se hande – dít is die “buitekant van die erkende sentra” waarvan Graham praat.

Die Postmoderne era (1960 +) waarin ons tans leef, het ontstaan as 'n alternatiewe ondersoekmetode tussen verskillende dissiplines in hulle soeke na antwoorde op meta-narratiewe. Feitelike gegewens, metodes en praktyke van modernisme in tradisionele wetenskap, literatuur, geskiedenis, kuns en menslike wetenskappe, wat alternatiewe konsepte en beskrywings ondersoek, word hierby ingesluit (Becvar & Becvar 2014:88).

Philips (2019:1) meen dat kerke dikwels die verantwoordelikheid van die versorging van gemarginaliseerde gemeenskappe aan die sendingpastor oorlaat. Die gebrek aan sorg en empatie vir gemarginaliseerde gemeenskappe is, volgens Philips, 'n veelvlakkige saak. Daar is verskeie faktore wat daartoe bydra dat Christene nie die gemarginaliseerdes wil versorg nie. Eerstens beweer hy dat Christene nie werklik toegang het, of weet van, gemarginaliseerde gemeenskappe en hulle probleme nie. As gevolg van hierdie feit is daar nie altyd empatie met mense in gemarginaliseerde gemeenskappe nie.

Medemense weet nie altyd wat tot marginalisering lei nie. Negatiewe stereotipes en verkeerde inligting doof die behoefte om na gemarginaliseerde gemeenskappe uit te reik. Derdens beweer Philips dat mense nie altyd weet hoe om te help sonder om emosioneel te kwets nie. 'n Tussenganger is nie altyd 'n gegewe nie.

Die biografie van 'n individu moet nie beskou word as die som van al die ervaarde gebeure nie, maar eerder as 'n persoonlike identiteit; 'n interpretasie van die verlede om orde te skep uit die ongestruktureerde verlede. Die herstruktureringsaktiwiteit(e) moet nie as oppervlakkige weergawe(s) beskou word nie, maar as heroriëntering in terme van herontdekte waardes. Uit hierdie nuwe herontdekte waardes behoort 'n nuwe verhaal geskep te word. White (1991:56) sê dat unieke uitkomste geïdentifiseer kan word deur na 'n historiese oorsig van die mens in nood se invloed met betrekking tot die probleem te kyk. Tydens hierdie navorsingstudie het geblyk dat die studieveld van Gestaltterapie juis so 'n oorsig bied.

Die wêreld staan voor 'n nuwe uitdaging, naamlik om uiteenlopende kulture só by mekaar te laat aansluit dat dit 'n nuwe geestelike en sosiale samehorigheid kan verseker, en vir 'n “therapeutic environment” kan sorg (Müller 1996:123, 129). Die vraag word gevra hoe die gemeenskap van gelowiges of die kerk, futuristies gesproke, 'n nuwe kultuur kan skep om as brug tussen multikulturele *praxes* te dien. Volgens Meylahn (2012:27) word die kerk in die wêreld as sosiale fenomeen ervaar, en nie soseer “as she is believed to be” nie.

Laasgenoemde geloof beskryf hy as *credo ecclesiam*. Sy vraag is: Hoe word hierdie verskynsel uitgedaag, innerlik oopgebreek deur die krag van die Gees, om die teenstrydighede en dus verlies aan betekenis, identiteit en relevansie, te openbaar?

### 2.3.7 Definiëring van armoede

"Om die begrip "armoede" te definieer, is geen maklike taak nie" (BUVTON Navorsingsgroep 2002:28). Iemand het eenkeer die opmerking gemaak dat daar armoede is wanneer daar onder die broodlyn gelewe word. Magezi (2005:48) sê dat "broodlyn" na die minimum inkomste wat benodig word om 'n basiese lewenstandaard te handhaaf, verwys. Dit is nie maklik om armoede in één definisie saam te bind nie"; swaarkry het verskillende aangesigte.

Vyf riglyne, om die verskillende dimensies van armoede uit te lig, word vervolgens aangehaal (BUVTON Navorsingsgroep 2002:29–30). Die voortdurende wete dat die vooruitsig van 'n lewe op straat dalk 'n realiteit kan word, stem mense in hierdie situasie tot moedeloosheid. Dié mense het merendeels een ding in gemeen – hulle oë is leeg. Hoewel dié mense 'n inherente trots in hulleself het, is hulle eenvoudig van alle hoop ontneem. Dit is juis dié hoop wat herstel moet word."

#### *2.3.7.1 Armoede as konflik*

Armoede kan in werklikheid beskou word as konflik teen verontmensliking van die lewe. Daar is 'n stryd oor hoe om jou menswees te midde van sielkundige, geestelike en fisiese uitwissing, te behou (Rader in 2002:218). Hierdie benadering gebruik metodes vir konflikoplossing om armoede te bestry. Rader (1990:211) bewoord dit soos volg: "poverty is against dehumanising forces of life – the struggle about how to remain human in the face of psychological, spiritual and physical extinction". Die armoedevraagstuk in Suid-Afrika is egter ook, volgens Bowers-Du Toit (2012:207), benewens die sosio-ekonomiese kwessies wat daarmee gepaard gaan, 'n belangrike politieke saak.

Bowers-Du Toit meen ook dat noodlenigingswerk, hoewel dit in baie kontekste goedgesind en wettig is, meer op die simptome fokus as op die oorsake van armoede en impliseer 'n liefdadigheidsbenadering soos gebaseer op beginsels soos bemagtiging, selfstandigheid en deelname wat deur die Suid-Afrikaanse regering voorgestaan word. Swart (2004:330) poneer dat barmhartigheid tradisioneel as hulpverlening aan armes gesien word. Transformasie of bemagtiging van geregtigheid aan mense wat in armoede leef, word nie soseer geraak nie. Bowers en August (2004:419) het dit verwoord dat die begrip barmhartigheid met die term "social welfare" vertaal kan word, aangesien "dinge vir hulle gedoen word en nie noodwendig

mét hulle nie". Volgens Jonker (2008:63) behoort die kerk, selfs tot op ŉ punt van selfontleding, solidêr met die wêreld behoort te wees. Die uitdaging hiervan het my opnuut geroep om by armoede betrokke te wees.

### *2.3.7.2 Verskil tussen absolute- en relatiewe armoede*

ŉ Tweede benadering tot armoede dui op twee dimensies van armoede, naamlik absolute en relatiewe armoede. Absolute verarming kan as ŉ vlak van inkomste wat werklike fisiese lyding afdwing, beskou word. Hierdie fisiese lyding kan sigbaar word in ŉ gebrek aan skuiling, hongersnood, ŉ gebrek aan basiese dienste, chroniese siektes te midde van onbekostigbare hulp en die afwesigheid van "enige private leefruimte vir kontak met God". Finansiële toegang by algemene instansies word ook as probleem van absolute armoede uitgelig.

Relatiewe armoede het meer betrekking op die sielkundige en geestelike aspekte van die belewing van armoede. Dit kan aanleiding gee tot die verlies van menswaardigheid. Hierdie mense is dan geneig om hulle met meer welvarende mense te vergelyk en dan te voel dat hulle nie werklik deel van God se lewensplan is nie. Hierdie aanname word verder versterk deur die verskynsel van ekonomiese, sosiale en politieke uitsluiting (Jeffrey 1997:31). Volgens Jeffrey ontwikkel ŉ gevoel dat die gemeenskap nie omgee nie, en daarom ontstaan die vraag waarom húlle dan aan die norme en reëls van die samelewing gehoorsaam moet wees.

### *2.3.7.3 Bestaansminimumbenadering*

Die uitgangspunt van die bestaansminimumbenadering is om die inkomstevlak wat ŉ huishouding nodig het om kos te koop, te bereken, wat dan die "bestaansminimum" genoem word. By hierdie bedrag word ook ŉ toelaag vir basiese kleding, huurkoste en munisipale dienste gevoeg. Indien ŉ huishouding minder as hierdie bedrag genereer, word die gesin as arm gereken. Die kritiek teen hierdie benadering is dat dit armoede vereenvoudig asof dit net met ŉ tekort aan inkomste te doen het.

### *2.3.7.4 Relatiewe verlies as armoede*

ŉ Vierde benadering tot armoede is dié van relatiewe verlies. In hierdie benadering word armoede beskryf as die mate waarin mense basiese standaarde wat sosiaal as "gewoon" aanvaar word, ontbeer. Hierdie ontbering het ŉ invloed op aspekte soos dieet, lewenstandaard, geriewe en aktiwiteite vir ontspanning (BUVTON Navorsingsgroep 2002:30).

Hierdie relatiewe verlies is ŉ kwessie wat tydens hierdie studie groot kommer gewek het. Van die navorsingsdeelnemers ervaar werklik ŉ relatiewe verlies as armoede.

#### *2.3.7.5 Deelnemende benadering tot armoede*

Die doel van hierdie benadering is om armoede op ŉ meer geïntegreerde manier te verstaan. Armoede word dikwels net gedagtig aan geld, of die tekort daaraan, omskryf. Met hierdie benadering, daarenteen, word gepoog om mense se persoonlike belewenis van, en ingesteldheid teenoor, armoede te betrek. ŉ Voorbeeld hiervan is die "South African Participatory Poverty Assessment" (SA-PPA). Dit bevat ses kenmerke wat mense self as die moeilikste aspekte van armoede beklemtoon het: vervreemding van die gemeenskap; geen sekuriteit oor kos nie; oorvol huise; gebrekkige toegang tot die basiese bronne van energie, soos elektrisiteit en water; geen werksekuriteit nie; en fragmentering van die gesin waar kinders ter wille van oorlewing by familie geplaas moet word (BUVTON Navorsingsgroep 2002:30).

Die definiëring van die begrip armoede, ten spyte van die groot aantal mense wat met gepaardgaande tekorte gekonfronteer word, is steeds die onderwerp van debat onder navorsers en akademici. Dit is moeilik om armoede te definieer. Wilson en Ramphele (1998:14) noem dat armoede soos siekte is. Dit het uiteenlopende oorsake en behou aandag op verskillende maniere in verskillende historiese situasies.

Daar is ŉ komplekse interaksie tussen oorsaak en gevolg, wat dit moeilik maak om ŉ klinkklare beskrywing te voorsien. Van der Merwe (2020:2) noem dat die kerk reeds in 1892 sy besorgdheid uitgespreek het oor "de zinkende deel" van Afrikaners. Dit is in hierdie tyd dat die kerk haar roeping soos volg beskryf het: "Die siel van die redding is die redding van die siel." Hierdie eeue-oue mening is steeds van toepassing op die kerk van vandag. Dit is hier waar Browning (1996) se modus operandi van "van praktyk na teorie na praktyk" diepgaande waarde inhou. Swart (2004:475) noem dat barmhartigheid op tradisionele wyse as hulpverlening aan armes verstaan word, nie as bemagtiging, transformasie of geregtigheid aan mense wat in armoede leef nie. Bowers en August (2004:419) toon ŉ geneigdheid om ŉ onderskeid tussen "social welfare" en "community development" te tref. Volgens Swart (2004) kan die term "social welfare" met die begrip "barmhartigheid" vertaal word. Die rede hiervoor is dat "dinge dan vír mense, en nie áán mense nie, gedoen word.

Armoede is nie ŉ eenvoudige saak nie en dit is waarskynlik beter om dit op verskillende maniere te beskryf. Die een benadering vul die ander aan (BUVTON Navorsingsgroep 2002:29). Daar is wel algemene konsensus oor die volgende definisie van armoede: "ŉ onbevoegdheid van individue, huishoudings of die samelewing om genoegsame hulpbronne

te genereer om 'n sosiaal aanvaarbare minimumstandaard van lewe te bewerkstellig" (Pieterse 1993:32). May en Govender (1998:1) trag om al dié bogenoemde moontlike definisies van armoede in die volgende woorde weer te gee: "Poverty can be defined as the inability to attain a minimal standard of living".

Die Gees van God stel meer bevoorregte mense bloot aan hierdie aangesigte van armoede om na die medemens in nood te terug te keer (BUVTON Navorsingsgroep 2002:31). Volgens Jithoo en Bakker (2011:142) is die grootste bron van stres vir behoeftige gesinne nie slegs om die handhawing van gesinsamehorigheid te hanteer nie, maar om terselfdertyd die uitdagings van armoede om in basiese behoeftes vir oorlewing te voorsien, te hanteer.

Dit is nie ongewoon vir gesinne in armoede om bogenoemde beperkte toegang tot basiese hulpbronne te hê nie. Daar is 'n magdom stresfaktore, beide ten opsigte van die persoon en die gesin, wat dringend aangespreek moet word. Die lewe word as 'n eindelose reeks krisisse gekonseptualiseer. Die benutting van gemeenskapskragte wat gemobiliseer kan word om mense te help, bied eksterne hulp sodat mense gehelp kan word om sinvol te leef. In Annalet se hartseerverhaal het die mobilisering van gemeenskapskragte 'n groot rol gespeel om haar lewenskwaliteit te verbeter. Solank daar ligdraers is, bestaan daar 'n geleentheid vir soekende mense om nie deur die donker ingesluk te word nie (Swart 2004:146).

### 2.3.8 Interdissiplinêre perspektiewe rakende pastorale spel: narratiewe terapie as basis – die dominante verhaal in die narratiewe landskap

Die dominante storie word gesien as dié probleem wat die "kliënt" gedryf het om hulp te soek. Hierdie dominante verhaal word dan, in samewerking met die terapeut, uitgebrei tot 'n beskrywing van die probleem (Bruner 1986:153) wat meer op die agtergrond huiwer, en wat lig werp op die huidige dominante beskrywing. Sóveel van 'n gespreksgenoot se emosionele energie word in trauma vasgevang (Retief 2004:12), wat veroorsaak dat losgelate emosies begin om uitgeleef te word. Daar word in 'n volgende hoofstuk in fyner besonderhede op die speelse benadering tot die uitleef van 'n voorkeurverhaal, uitgebrei (Retief 2004:43). Freedman en Combs se tweede vraag (1996:50) laat die gespreksgenoot toe om terug te dink na wat die motivering agter sy/haar soeke na hoop was.

Binne die narratiewe metafoor kan die magsdiskoerse, wat Foucault (1979) bestudeer het, gesien word as historiese, kulturele meta-narratiewe. Bruner (1986b:19) sluit met die volgende woorde hierby aan: Dominante narratiewe is eenhede van krag sowel as van betekenis. Die vermoë om 'n mens se storie te vertel, het 'n politieke komponent. Die een maatstaf van die dominansie van 'n narratief is die plek wat daaraan toegeken is in 'n diskoers. Alternatiewe,

mededingende stories word oor die algemeen nie ruimte in vestigingskanale gegun nie en moet uitdrukking soek in "verskuilde" media en andersdenkende groepering.

Wanneer daar na die dominante verhaal geluister word, is dit belangrik om 'n breër agtergrond in ag te neem. Freedman en Combs (1996:37) toon waardering vir die wyse waarop White (1993:125) die kwessie van magspolitiek aanspreek:

> *I am arguing for refutes foundationalist assumptions of objectivity, essentialism, and representationalism. And the constitutionalist perspective proposes that the descriptions that we have of life are not representations or reflections of life as lived, but are directly constitutive of life, that these descriptions have real effects in the shaping of life.*

### 2.3.9 Fragmente uit die lewensverhale van medenavorsers

#### *2.3.9.1 Annalet se oewerspore*

> *Annalet se noodverhaal is, soos Müller dit omskryf (2000:73), inderdaad nié uniek nie. Sy is nie daaraan gewoond dat daar na haar geluister word nie, maar, nieteenstaande hierdie feit, het sy hulp gesoek. Sy ervaar letterlik 'n disintegrasie van haar bestaan, maar het dit eintlik nog altyd ervaar. Die angswekkende aspek van wat onderdruk word, word geïsoleer van haar bewuste beeld van haarself. Eintlik onderdruk sy nog haar hele lewe lank haar gevoelens. Sy het altyd gevoel dat sy nie goed genoeg is nie en haarself beskuldig dat sy "sleg" is. Sý was, binne haar verwysingsraamwerk, die rede waarom sy nie goed genoeg is nie.*
>
> *Annalet is as klein kindjie deur haar pa afgeknou, afgeskeep en verbaal en fisies mishandel. Wanneer haar ma vir haar probeer intree het, het haar haar pa haar hardhandig weggejaag. Hulle was van kleins af gewoond aan rondswerf en het nie die vastigheid van 'n dak oor die kop geken nie. Op veertienjarige ouderdom het haar pa haar uit die "huis" gestuur om te gaan "geld verdien". Sy het vyf kinders, met verskillende biologiese vaders, maar al die kinders is deur "die Welsyn" in 'n kinderhuis geplaas. Die onstabiele verhoudings waarmee sy grootgeword het, het uitgeloop op haar hantering van haar kinders. Haar lewe het heeltemal gedisintegreer toe haar ma oorlede is. Sy was in daardie stadium swanger, maar die kind se pa het haar geskop omdat sy so baie gehuil het. Sy het dié kindjie verloor.*
>
> *Daarna het die bure se seun, wat heelwat jonger as sy is, hom oor haar ontferm. Hulle het steeds 'n turbulente verhouding. Sy woon tans saam met dié man in 'n tent langs 'n rivier. Volgens Müller (2000:74) is dit deel van die nood dat mense probeer*

*interpreteer wat gebeur het en dat sulke interpretasies nie werklik oplossings is nie: "Heel dikwels werk die interpretasies van mense in die rigting van die identifisering van 'n swartskaap. Sulke interpretasies maak die nood net al hoe groter." Hoewel hierdie interpretasie waar is in Annalet se lewe, kon sy tóg die pols vind van hierdie plek wat op sy eie manier sy arms vir haar oopgehou het. Langs 'n rivieroewer waar sy haar roeping as intersessor ten beste kon uitleef, ten spyte van die feit dat syself en ander haar as weggooibaar beskou. "Disposable" en "dispensable" is die woorde wat eenkeer ten opsigte van hierdie kosbare mens uitgespreek is. Hierdie oordeel omring haar met 'n siniese somberheid en visioene van skuld. Haar herinneringe aan haar kinderjare bestaan slegs in haar kop. Sy het geen outydse album waar sy kosbare prentjies tussen vier goue hoekies kan inskuif nie. Nog minder het sy prentjies wat sy êrens in 'n digitale wolk kan stoor. Annalet voel inderdaad "disposable" en "dispensable".*

#### *2.3.9.2 Shané se vernietigende verslawing*

*Shané vertel haar noodverhaal oor haar alkohol- en tikverslawing, met die hoop dat die navorser as pastor 'n wonderwerk sal bewerkstellig. Müller (2000:63) sê dat "wonderwerke gebeur wanneer 'n mens wag en op God vertrou vir uitkoms." Saam met Shané sal geleer word dat pastorale werk eintlik fasiliteringswerk is, dat wonderwerke nie "daardie goedkoop, georganiseerde en gemaakte 'wonder' waarmee so maklik gesmous word", is nie. "Ware wonderwerke van God kan 'n mens soms verbaas laat staan!" (Müller 2000:62). Shané sou mettertyd die fyn klemverskil tussen wonderwerke en werke van wonder kon insien.*

*Deur herhaalde vertellings van haar lewensverhaal kan sy die diepliggende traumatiese ervarings uit haar kinder-, sowel as haar huidige lewe, vasvang in die verhaal en die pad na heling begin stap. Coetzer (2016:5) bied hoop deur te sê dat heling altyd moontlik is, veral wanneer gebed en 'n pastorale benadering tot hierdie raad bygevoeg word.*

*Müller (2000:49) vra tereg: "Maar wat van die toekoms as iemand nie self geleer het om die probleem te oorbrug nie?" Tydens die eerste twee sessies waarin spel as modus aangewend is, is 'n verwagting geskep en nié strategieë gevorm nie. Sy het met 'n oop hart die vryspraak ervaar met die aanname van die feit dat sý nie die probleem is nie, maar dat die probléém die probleem is (White & Epston 1990:14).*

*Saam met Shané sal ek graag beter toekomsverwagtinge wil help skep en haar motiveer om bo die moeilike omstandighede van haar realiteit uit te styg – op 'n*

*speelse, kreatiewe manier. Müller (2000:65) beskryf dit soos volg: "Dit is tipies van kreatiwiteit dat dit juis na vore kom wanneer die bewustelike oordeel plek maak vir naïwiteit, speelsheid en kinderlike onskuld."*

#### *2.3.9.3 Riana se verwagting van vreugde*

*Voordat ons 'n vorige keer gegroet het, het Riana een van haar gunstelingaanhalings van Frankl (2004:189) met my gedeel: "To live is to suffer, to survive is to find meaning in the suffering". Hansen en Steenkamp (2008:414) vertel in hulle boek vir die populêre mark 'n staaltjie van die negentiende-eeuse skrywer, Robert Louis Stevenson. Hy het as klein seuntjie by 'n venster gestaan en uitkyk. Die lampopstekers van destyds het sy aandag getrek. Dit was die eerste keer dat hy kon aanskou hoe mense 'n lang stok met 'n gasvlammetjie vooraan, gebruik het om die lampe aan te steek. Hy het verwonderd uitgeroep: "Kom kyk! Daar buite is 'n man wat met 'n stok gate in die donker steek!"*

*Wat 'n vreugde sou dit nie wees om, stukkie vir stukkie, te sien hoe die lig weer in Riana se oë aangesteek word nie. White en Epston (1990:65) het hierdie "nuwe" geleenthede met die volgende woorde beaam: "With this, persons are able to assume responsibility for the investigation of new choices in their lives and to pursue new possibilities. In the process, they experience a newfound capacity to intervene in their world."*

*In hierdie dapper vrou se lewensreis word die spanning tussen eksistensiële terapie en die narratiewe benadering beter belig. Die dagbreek lê in skakerings van nuwe hoop wat aangegryp word teen die lig van 'n nuwe dag.*

### 2.3.10 Woestyn as motivering in die soeke na dialoog tussen praktiese en ander interdissiplinêre studieterreine

Hoewel elke medenavorser en gespreksgenoot 'n eie, unieke metafoor tydens die narratiewe proses gevind het, word tydens hiérdie studie kortliks, anders as met die *leitmotiv*, 'n metafoor gebruik om die vier vrae van Osmer (2008:4) te probeer beantwoord. Hierdie oorhoofse metafoor impliseer slegs die soeke na die regte interdissiplinêre aanslae en sal nie die *leitmotiv* vervang nie. Fowler (1981:29) verwoord die gebruik van simbole en metafore soos volg:

*Metaphors, symbols, concepts – and many, many other kinds of representations - serve to bring our shared images of an ultimate environment to expression. The*

*lasting world religious traditions prove again and again to be the lively custodians of truthful images of the ultimate environment. They awaken persons to an imaginal grasp of the ultimate conditions of existence and enable them to celebrate or assent to the visions of transcendent value and power they mediate.*

Die metafoor van die woestyn is in die soeke na beantwoording van die navorsingsvrae gebruik. Die verwysende teksverse is Eksodus 15:27 en Jesaja 12:3. Ek het juis hierdie metafoor gebruik omdat ek nie sommer enige psigologiese "model" of terrein as aanslag wou gebruik nie. Dit sou maklik wees om doodgewoon spelterapie by die berading van gemarginaliseerde volwassenes as "model" aan te wend, maar ek wou soek na wyses wat op die beste manier by die narratiewe aanslag aansluiting kon vind. Soos in 'n vorige paragraaf genoem, wou ek nie sommer enige aanslag betrek nie, maar na die beste metaforiese "peperwortel" soek om optimale waarde tot die narratiewe aanslag te voeg.

Daar moet ook in die woestyn gesoek word na die boom wat die spreekwoordelike water weer sal soet maak. Moses het waarskynlik die tak van die geharde *moringa oleifera* (peperwortel) met sy watersuiwerende, kulinêre en medisinale waarde gebruik om die water by Mara soet te maak (Smith & Botha 2001:12). Hy het nie sommer net enige takkie gebruik nie. So wou ek ook speelmateriaal en tegnieke ondersoek om "water soet te maak" en "water uit die klip te verkry", sonder om net enige speeltegniek aan te wend en te aanvaar dat dit ook met volwasse medenavorsers in gemarginaliseerde gemeenskappe sal werk. Browning (1996:213) neem dit 'n stap verder: "Or to say it more directly, all Christian education should be seen as education in fundamental practical theological reflection and action".

Ek wou nie slegs spelterapie, soos dit bekend is, in gemarginaliseerde gemeenskappe gebruik nie. Ek wou moeite doen om dit deur te werk, om vír en binne die narratiewe oriëntasie, speelmateriaal te skep, byvoorbeeld om die verskillende vraagformate van Freedman en Combs, Tomm, en White en Epston op 'n speelse wyse aan te pas. Die gebruik van die Panoptikon (White & Epston 1990:67), wat uit die narratiewe terapie spruit, kan weer bestudeer word. Die panoptikon is 'n uitstekende tegniek: "The panopticon was an architectural form developed by Jeremy Bentham in the 18th century" (Foucault 1979:200). White en Epston (1990:68) beskryf die gebruik van die panoptikon in die volgende woorde:

*Bentham proposed this architectural form as an 'ideal' model for the organization or arrangement of persons in space that would be effectively 'forge' them as 'docile bodies' – bodies that could be more easily transformed and used. He considered it ideal in that it would maximize the efficiency of persons while simultaneously minimizing the efforts required to supervise them. Thus, the Panopticon was envisioned as a model for a very economic form of power.*

Hierdie panoptikon is soos 'n altyd-teenwoordige persoonlikheid in die mens se lewe. Foucault (1979:187) werp lig op die psigiese voordeel hiervan: "It is the fact of constantly being seen, of being able always to be seen, that maintains the disciplined individual in his subjection". Hierdie tegniek van Bentham, wat deur Foucault (1979:187) en White en Epston (1990:67–69) weer verfris is, het veral in die lewe van Shané 'n groot invloed uitgeoefen. Dit kan as't ware as 'n vennoot in haar kwekery beskou word.

Soos met die panoptikon, wou ek spesifiek weet watter speelmateriaal en -metodes die beste sou werk om getraumatiseerde lewensverhale te kan herskryf. Hiervoor is vier verskillende aanslae, wat psigo-analitiese ontwikkelings binne pastorale sorg is, by hierdie studie betrek. Moses het later geweet presies wátter poreuse kalksteen hy sou moes slaan om water uit die klip te laat loop (Num. 20:1–13). Die ideaal is om by 'n oase uit te kom, maar Moses leer ons dat ons "uit die fonteine van redding sal skep" (Jes. 12:3) al is ons nog binne die woestyn. Beter kennis en beter insig kan tot nuwe horisonne lei. Ons sien nie altyd die manna en kwartels, of die wolkkolom en vuurkolom, raak nie.

Freeman *et al.* (1997:294) se opsomming van narratiewe terapie sluit hierby aan, hoewel die musikale metafoor gebruik word:

> *We are more likely to think of problems as being resolved rather than solved. When we look up 'resolve' in the dictionary, the musical definition struck us: 'the progression of a dissonant tone or chord to a consonant tone or chord. Analogously, the dissonance of problems can be brought into an unexpected harmony through narrative. The resolution, if approached with a lightness of heart, humour, or playfulness, is dynamic.*

Met hierdie nuwe aanslag kan daar, ten spyte van die teenwoordigheid van die spreekwoordelike woestyn, 'n nuwe lewe geskep word. Zander en Zander (2002:1) beskryf dit op 'n kosbare wyse: "And with that, [she] sailed into a universe of possibilities…"

My visie is dat elke medereisiger op hierdie teologiese reis, al is daar fisiese- en sosio-emosionele "woestyn"-beperkinge, die heelal van nuwe moontlikhede sal binnegaan.

### 2.3.11 Teologiese refleksie

Met die vrae wat die hedendaagse postmoderne wêreld aan ons stel, is 'n besliste teologiese betrokkenheid benodig (Graham 2017:3). Die term *praxis* dui op 'n refleksiwiteit wat terselfdertyd waardegerig, sowel as waardebelaai, is. Beaudoin (2106:9) het dit met die volgende woorde beskryf: "Theology is practical, but practice is also theological". Die gedeelde terreine van teologiese- en praktiese aktiwiteite, soos gemeenskapsorganisering,

godsdienstige geletterdheid en die bevordering van sosiale geregtigheid en menseregte, bied kreatiewe geleentheid vir genoemde benadering (Graham 2017:9).

Die doel van hierdie hoofstuk – op teologiese-sowel as praktiese vlak – is om pastors te help om die deskriptief-empiriese taak van die teologiese interpretasie uit te leef (Osmer 2008:32). Browning (1996:10), sowel as Ward (2017:79) beskou hierdie eerste taak as die beskrywende, waarnemende en empiriese moment in die soeke na antwoorde. Vanuit hierdie deskriptief-empiriese vraag, behoort die hermeneutiese teorie, “if utilised as a general theory for understanding the narrative structuring of events and behaviour in the lives of persons” (Gerkin 1984:196) die pastor op ŉ dieper vlak met ŉ struktuur vir luister én reaksie te voorsien.

Müller (1996:36) meen dat navorsers se eie begrip van God se teenwoordigheid in ’n sekere situasie ’n waardevolle bydrae tot pastoraat kan lewer, maar dat die volgende negatiewe aspek deeglik in ag geneem behoort te word:

> *Müller warns those who counsel as a pastor by saying “This has led so shallow pastoral conversations which have consisted of giving a little advice to attempts to manipulate God to get Him to do what we want Him to do. True pastoral work is not result-oriented but rather wait-oriented. It does not offer answers but facilitates questions and wait.”*

Die Christelike hoop bied nié oorvereenvoudigde en maklike oplossings nie (Müller 2000:45). In hierdie opsig kan Josef as ŉ goeie voorbeeld gebruik word. Hy het ŉ moeilike pad gestap (Gen. 37:1–36). Hy het in Egipte beland, waar sy lewe baie wisselvallig verloop het. Ten spyte van hierdie turbulente lewe, meen Beaumont (2007:24) dat hy ŉ lewensveranderende ontdekking gemaak het: “God kan selfs slegte bedoelings ten goede laat meewerk” (Gen. 50:20).

Wanneer daar terugskouend na die gespreksgenote se verhale geluister word, beklemtoon dit die feit dat daar nie met goedkoop hoop gesmokkel mag word nie. Ward (2017:96) sê dat teologiese refleksie, ondanks die formaat, ŉ metodologiese uitdaging verteenwoordig. Hy het dit soos volg verwoord: “At its most basic, it reinforces the vitally important perception that theology is not just something that other people have written about in books; everyone should and can think theologically about practice” (Ward 2017:95).

Swinton en Mowat (2006:13) meen dat die aanvang van praktiese teologie juis in ondervinding gesetel is: “It tends not to produce unified theological systems. It uses the language of themes and patterns, rather than systems and universal concepts, seeking to draw us into the divine mystery”. Soos die geloof in God ŉ radikale verskil in menselewens maak, maak ook geloof in die aangebore kapasiteit van die mens (Landreth 2012:226), ŉ verskil.

Sekere vorme van teologiese refleksie begin weer by teologiese bewerings wat aan ŉ praktiese toets onderwerp word. Dit is ook die mening van Graham (2017:2) en Swinton en Mowat (2006:14). In plaas van ŉ reeks stadia wat uit ervaring spruit, fokus hierdie benadering daarop om die Christelike etiek en sistematiese teologie in wisselwerking te bring deur van kritiese vrae gebruik te maak. Hierdie vrae fokus op hoe teologiese idees in die praktyk van verskillende gemarginaliseerde gemeenskappe funksioneer.

### 2.3.12 Fragmente uit lewensverhale

#### *2.3.12.1 Annalet se koestering*

*Annalet het nog altyd haar emosies onderdruk, omdat sy nooit ruimte gehad het en as mens met normale emosionele behoeftes aanvaar is nie. Die losgelate emosies wat sy begin ervaar het nadat sy begin praat het en ook ŉ tydelike werk gekry het, kan reeds op bevryding dui. Soveel van haar emosionele energie is nog altyd in trauma vasgevang (Retief 2004:42). Die progressiewe kortisolvlakke en volgehoue verwaarlosing het hulle tol in Annalet se lewe geëis – sy kon nog nooit haar voorkeurverhaal uitleef nie.*

*Sy het ŉ lang pad na herstel, maar met Anderson (1997:331) se "caring and being with the client" kan sy bemoedig word om tree vir tree na beterskap te beweeg, al is haar omstandighede steeds nie haar voorkeurverhaal nie. Hierdie wete gee haar die vrymoedigheid om haar verhaal op skrif te deel en met haar ma te kommunikeer. Oaklander (1988:196) meen dat so ŉ "fantasie" aan ŉ mens in nood die geleentheid bied om ŉ plek van veiligheid te skep wat selfsorg, -onderhouding en koestering kan bevorder.*

*Annalet het die pols van die plek waar sy woon, gevind. Sy het haar daarvoor oopgemaak, haarself ontvanklik en beskikbaar gestel. Die riete het haar rose geword (sien volgende fragment uit Annalet se lewensverhaal: die roosboomsessie).*

#### *2.3.12.2 Johannes se kameelperdbekoring*

*Müller (2000:9) meen ook dat verskillende metafore in die nadenke oor ŉ toekomsverhaal, ŉ rol kan speel. Met ŉ eenvoudige speelgoeddiertjie kon appèl op Johannes se verbeelding aangebring word.*

*Hy het tydens die begin van die sessie ŉ kameelperd as voorwerp van persoonlike projeksie gekies. Hy het gesê dat hy nie normaalweg dié dier sou kies nie, maar dat*

*dit juis daardie dag "met hom gepraat het". Hunter (2012:50) se verduideliking het hierop betrekking: "Our unconscious mind and the dreams it gives us, has untold riches that we are only beginning to understand".*

*Johannes het hierdeur besef dat hy homself tot die (re)konstruksie van ŉ realistiese toekomsverhaal kan motiveer. Hy kon met die kameelperd se versiendheid, weet dat hy die individu in sy gesinsverhaal was wat verder moes sien en nie met ŉ "pretensie van kragdadige moontlikhede" (Müller 2000:55), die toekoms op ŉ realistiese manier moet aanpak nie. Hierdie besef het ŉ kalmerende, verreikende, sowel as verrykende, effek op Johannes se gemoed gehad.*

## 2.4 SAMEVATTING

Effektiewe berading, binne die raamwerk van pastorale sorg, vereis nie slegs vaardighede en passie van die berader nie, maar ook ŉ diepe besef van afhanklikheid van God. Met pastorale sorg as agtergrond val die klem, soos genoem, grootliks op *parakletos* wat, volgens Louw (1999:351), direk met berader, helper, trooster en oortuiger in verband gebring kan word.

Louw meen ook (2008:75) dat elke vorm van pastorale sorg, insluitend spel, drama, virtuele realiteit en narratiewe, 'n geestelike dimensie het waar 'n mens die onsienlike sien en die oë van die gespreksgenoot, ongeag ouderdom, se oë geopen word om die teenwoordigheid van God in die lewe te sien.

Botkin (2000:32) erken die vele terapeutiese voordele wat narratiewe pastorale spel vir volwassenes inhou. Hierdie voordele kan die volgende insluit: "the opportunity to engage in magical thinking, pretend play, and role playing." Rotter en Bush (2000:173) lig die volgende uit: "Often, because of early life experiences or simply forgetting the process, adults have to learn hów to play." Om die deskriptief-empiriese navraag na die rol van spel in narratiewe terapie met volwassenes in gemarginaliseerde gemeenskappe te beantwoord, kan gesê word dat daar plek is vir narratiewe pastorale spel, maar dat dit belangrik is om die positiewe én die negatiewe raak te sien en in ag te neem. Die spanning van hierdie debatterende gesprek word in die volgende hoofstukke uiteengesit.

In die lig van die Woord van God, het Louw (1999:352) drie komponente van sorg uitgelig. Die indikatiewe komponent van troos en sorg as "die heil in Christus op grond van die opstandingsoorwinning" word in die eerste plek uitgelig. Die imperatiewe komponent van sorg as bemoediging "met die oog op verandering van lewensrigting" en die pneumatologiese komponent as die "voortsetting van die versoeningswerk van Jesus Christus" word as opvolgende komponente genoem.

Met die “verandering van lewensrigting” (Louw 1999:352), wys Gil (2015:48) op die hoop dat die volgende aktiwiteite tydens narratiewe pastorale spel sou kon plaasvind. Dit sou kon gebeur deur die skep van ŉ metafoor in die gedagtewêreld, die eksternalisering van die metafoor, die deelname aan projektering, die besinning oor ŉ nuwe metafoor, die bekendstelling van nuwe elemente binne die metafoor en die inspirasie om elemente in die realiteit van sy lewe te verander.

In die volgende hoofstuk word op die interpretatiewe vraag na die rol van pastorale sorg gefokus. Die verbeelde pastorale teologiese kleremaakproses sal die volgende aksie akkommodeer: die uitgesnyde papierpatroon word op die materiaal oorgedra op só ŉ wyse dat die materiaal teen die regte grein gesny kan word en om die optimale gebruik van die materiaal te verseker. Die soektog na die régte tak, die geharde *moringa oleifera*, word voortgesit om die water, wat narratiewe pastorale spel verbeeld, te suiwer. Hierdie suiweringsproses word dan op ŉ verklarende, verhelderende wyse nagevors.

# HOOFSTUK 3
# ANALITIES-INTERPRETERENDE NAVRAAG NA DIE ROL VAN NARRATIEWE PASTORALE SPEL EN GEMARGINALISEERDE GEMEENSKAPPE

## 3.1 INLEIDING

Die verhalende benadering in narratiewe terapie word, volgens Müller (2000:10), gebruik sodat “die grein van die lewe deur verhale blootgelê word”. Elke gespreksgenoot se storie, soos reeds genoem, verteenwoordig ŉ emosionele worsteling in die epistemologiese proses, die narratiewe proses van “dink, doen en besluit”. Om hierdie rede kan gesê word dat teologie ŉ alledaagse gebeurtenis is.

Daar word dikwels na praktiese teologie as 'n teorie van krisis verwys. Dit behels dat die kerk gedurende tye van groot veranderinge en verskuiwings in die samelewing die behoefte ervaar om te verstaan hoe om hierop te reageer, deur na praktiese teologie te kyk vir interpreterende advies, rigting en die ontwikkeling van nuwe benaderings (Heitink 1993:4).

Teologie bied juis níé slegs insiggewende oortuigings nie, maar stel ook samehangende en verstaanbare ontwerpe vir die alledaagse lewe voor. Hierdie samehangende onderwerpe sluit juis by die tweede navorsingsvraag aan: “Wat is die interpreterende beskrywing van die rol van spel in die narratief-terapeutiese pastorale benadering binne die grense van gemarginaliseerde gemeenskappe?” Teologie is ŉ alledaagse geleentheid (Vanhoozer 2007:7) waar praktyk en teorie met mekaar in gesprek tree en ook plek maak vir die praktyke van die eksistensiële-, filiale- en Gestaltterapeutiese psigologiese terreine. Louw (2008:75) sluit hierby aan deur te sê dat alle vorme van pastorale sorg ŉ geestelike dimensie het, waar die onsienlike ervaar kan word en waar oë geopen word om die teenwoordigheid van God in die lewe te sien. Hetsy Hy op ŉ kinderlike wyse as “Liewe Jesus”, of op ŉ meer teoretiese weergawe as “die eskatologiese manifestasie van syn” genoem word, Hy is God en Hy het vir elke mens aarde toe gekom.

Binne die raamwerk van Hoofstuk 3 val die fokus op die deel en vertel van die verledeverhaal. Browning (1997:12) het ŉ verkennende ondersoek na die rol van die kerk ten opsigte van die pastoraat gedoen. Osmer (2008:46–47) het die hulp van navorsing rakende die oorgang na die huidige post-industriële gemeenskap aangeraak. Browning en sy kollegas plaas hierdie tendense in 'n breër interpretasieraamwerk, wat veranderende kulturele waardes, ekonomiese

patrone, sosialiseringspraktyke en die voortdurende invloed van patriargie insluit. Hierdie soort tendense is behoorlik deel van die interpretasietaak van praktiese teologie.

Wanneer die *leitmotiv* in die teks van hierdie hoofstuk betrek word, word die korrek geknipte patroondele op die materiaal gepas en vasgesteek. Die materiaal dra hier ook 'n dieper betekenis. Die woorde "God is liefde" is op soveel stukke lap uitgeborduur en word landwyd as kanselklede gebruik, daarom is hierdie woorde bedoel om woorde van troos te wees. Tegelyk is dit ook woorde wat op die lewe van gelowiges appèl rig om vir jou medemens om te gee – in die geval van hierdie studie, 'n medemens binne gemarginaliseerde gemeenskappe. Daar word vertel dat mense tydens die Sharpeville onluste 'n kerk probeer afbrand het. Daar was betreklik min skade – slegs die kanselkleed en die liturgiese ruimte het uitgebrand. Die dankgebed van al die betrokkenes het een emosie in gemeen gehad. Hulle het God gedank dat sy liefde nie net op lappe staan nie, maar aan 'n houtkruis gehang het.

Die *leitmotiv* vir die uitbeelding van die kleremaakproses as verbeelde pastoraal-teologiese aktiwiteit fokus ook nou op die proses om die materiaal te vou. Hierdie kuns om die materiaal te vou en weer te vou om uiteindelik optimale benutting te waarborg, kan ook met 'n teologiese beweging vergelyk word. Dit kan ook by die herhaalde vertelling van die lewensverhale aansluiting vind.

Die uitdaging om na die kleremaakproses, of na armoede as krisis, te kyk, mag dalk in die oog van die waarnemer lê. Die volgende verhaaltjie het betrekking: "'n Jonggetroude paartjie het in 'n nuwe woonbuurt ingetrek. Die eerste oggend, terwyl hulle ontbyt eet, sien die jong vroutjie die buurvrou terwyl sy haar wasgoed buite ophang. "Daardie wasgoed is nie baie skoon nie," sê sy aan haar man. "Die buurvrou weet nie hoe om wasgoed behoorlik te was nie. Miskien moet sy oorskakel na 'n ander waspoeier." Haar man het na die buurvrou se wasgoed gekyk, maar nie 'n woord gesê nie. Elke keer wanneer die buurvrou haar wasgoed op die draad hang, het die jong vroutjie dieselfde opmerkings oor die wasgoed gemaak. Ongeveer 'n maand later was die jong vroutjie een oggend uiters verbaas om silwerskoon wasgoed op die buurvrou se wasgoeddraad te sien. "Kyk! Sy het geleer hoe om haar wasgoed behoorlik te was. Ek wonder wie het haar 'n bietjie touwys kom maak?" Haar man antwoord toe: "Ek het vanoggend bietjie vroeër opgestaan en die venster skoongemaak!" Dit is soms 'n goeie idee om eers te kyk of 'n mens se eie venster skoon is, want wat gesien word terwyl na ander gekyk word, hang grootliks af van die vlekkeloosheid van die venster waardeur daar gekyk word. Voordat daar kritiek gelewer word, is dit 'n goeie idee om eers die vraag te vra of 'n persoonlike visie in staat is om die goeie, sowel as die slegte, in mense raak te sien.

Die pyn in gemarginaliseerde gemeenskappe is veel meer as net fisieke geweld. In plaas daarvan is dit dikwels verskans in strukture van die samelewing en word dikwels die diepste

uitgedruk in die ervarings van armoede en ongelykheid. Hierdie mismaakte mag agter verskillende verhoudings is juis wat die Suid-Afrikaanse politieke en sosio-ekonomiese landskappe kernmerk (Lockhat & Van Niekerk 2000:291-302).

## 3.2 MY EIE POSISIONERING IN HARMONIE MET STUDIELEIDING

Met die roeping van God en die motivering van 'n studieleier posisioneer ek myself vanuit die "nie-weet"-posisie, wat veral deur Freedman en Combs (1996:44) as deel van die narratiewe pastorale terapeutiese situasie beskou word. 'n Refleksie word vanuit die eerstepersoon vir navorsing aanbeveel (Ludwig 2007:157; Zahavi 2007), juis omdat dít die plek is waar die verstaan van konsepte gevorm word. Hierdie mening verskaf 'n gerustheid om vanuit hierdie posisie die reis saam met die reisgenote voort te sit (Van den Berg 2006:13). God se betrokkenheid by mense is vertroostend en bevrydend, daarom stel ek myself en my persoonlike lewensverhaal vir hierdie reis oop. Hoewel reisgenote nie *per se* as vriende beskou word nie, vind ek motivering vir hierdie reis in die woorde van Mergaert (1983:6): "'n Vriend is 'n reisgenoot wat weet wanneer jou asem opgeraak het en dan bereid is om stadig verder saam met jou te stap."

Op 'n sosiaal-konstruksionistiese wyse, soos deur Gerkin (1997:19) bepleit word, stel ek myself ten volle oop vir geestelike betrokkenheid in hierdie reis (Van der Lans 2002:33; Hermans & Dupont 2002:240). 'n Nuwe begrip vir die self word deur die sosiaal-konstruksionistiese model in die visier gestel. 'n Nuwe hoop, 'n nuwe "oefensessie in wag" (Müller 2000:45).

Dreyer (2003:335–336) verwoord dié betrokkenheid wanneer sy sê dat die fokus eerder op self-verstaan en ontwikkeling binne die sosiale konteks val, juis omdat hierdie model op diskoerse, eerder as individuele eksistensie, berus. Die benadering volg vanuit die eerstepersoonposisie, waardeur die navorser beïnvloedbaar is en nie los en neutraal van die navorsingsveld kan staan nie (Binneman 2010:2).

Die interpretatiewe taak is 'n vorm van wyse oordeel (wise judgment) waar die medemens gelei word, en ook leiding bied, oor die "hoé" om binne God se koninklike heerskappy te leef (Osmer 2008:29). Ek kan nie aan my medenavorsers mý identiteit bied nie, maar ek kan saam met hulle hierdie pad stap om hulle eie identiteit en sosiale bestaanshorisonne te vind en hulle daarin uit te leef.

### 3.2.1 Wrede weersomstandighede wat tot natuurrampe lei: ’n fragment uit my eie lewensverhaal

*Coetzer (2016:51) skryf dat sekere traumatiese geheue nie op normale wyse aan ander herinneringe verbind word nie, maar eerder geïsoleer of gedissosieer word. Hierdie gedagtes word letterlik in die amigdala van die brein afgesonder en gevolglik nie as langtermyngeheue geliasseer nie. Hy gebruik die volgende voorbeeld: “’n Vrou wat as sesjarige dogter herhaaldelik deur haar pa verkrag is, vertel byvoorbeeld dat sy deur die loop van jare dikwels die gevoel gehad het dat sy ’n sesjarige dogtertjie is, veral gedurende tye wanneer sy emosioneel op ’n laagtepunt was.”*

*Waarom juis hierdie aanhaling van Coetzer? As driejarige dogtertjie is ek blootgestel aan seksuele molestering deur ’n familielid, oom Nico, my ma se broer. Hierdie misbruik het eers opgehou met die oom se afsterwe, toe ek sewe jaar oud was. Om my trauma te verduidelik, deel ek ’n direkte aanhaling uit Coetzer (2016) se werk:*

Die traumatiese emosionele geheue word nie in narratiewe vorm gestoor nie maar in die vorm van ‘sensuele indrukke’. “One could say it is like bubbles of sense impressions” (Friedman 1998).

*Alhoewel hierdie indrukke en herinneringe in fyn besonderhede in die brein gestoor word, word dit in losstaande eenhede wat nie noodwendig ’n samehangende eenheid vorm nie, gestoor. Hierdie emosionele geheue verweer ook nooit nie – na 60 jaar is dit steeds dieselfde wanneer dit gestimuleer word.*

*Hierdie woorde beskryf wat in my lewe gebeur het. Die herinnering aan hierdie slegte, aanhoudende gebeurtenisse in my lewe is so diep onderdruk dat ek dit eers op 54-jarige ouderdom weer “onthou” het. Coetzer (2016:51) toon begrip vir die feit dat ek, as maatskaplike werker wat met die normale verloop van trauma bekend behoort te wees, hierdie inligting vir soveel jare onderdruk het: “Daardie deel van die brein wat traumatiese geheue in die langtermynstoor moet plaas, was totaal oorweldig deur die trauma en gevolglik is hierdie materiaal eenvoudig hier inforseer – ongeprosesseer en onverwerk.”*

*Retief (2008:34) verduidelik die “onthou” soos volg: “Die inligting van die primitiewe breinstam word beskikbaar wanneer ’n herinnering in die vorm van ’n terugflits spontaan veroorsaak word”. In die loop van 2013 het ek sewe aanmeldings van molestering hanteer, waarvan twee tot kriminele hofsake gelei het. Hierdie sewe dogtertjies was almal tussen drie- en sesjarige ouderdom, dieselfde ouderdom waartydens ek herhaaldelik gemolesteer is. Na my ma se dood het ek al hoe meer*

*terugflitse ervaar. Hierdie flitse was egter vaag en het geen spesifieke inligting oor molestering gebied nie.*

*Is hierdie inligting dalk onbewustelik verder onderdruk om my lieflike ma teen haar broer te beskerm? Met die terugflitse in 2013 is my brein moontlik met afgeskeide streshormone oorspoel. Retief (2004:33) verduidelik dit met die volgende woorde: "Op die hipokampus, wat met die geheue te make het, is daar reseptore vir die streshormone wat die geheuefunksie van die hipokampus belemmer en dus die persoon se vermoë om te onthou, kortwiek." Hierdie akademiese verduideliking het ek só nodig, omdat 'n familielid my daarvan beskuldig het dat ek "hierdie snert" uitdink.*

*Ná die gif-episode het ek twee wonderlike weke in BloemCare deurgebring. Ek het ook hipnoterapie ondergaan om oor hierdie "nuwe" feite in my brein sekerheid te kry en om dit op 'n verantwoordelike wyse aan te spreek. Ek moes ook leer dat ek verantwoordelikheid moet aanvaar vir die skade wat ek aan my man en kinders gedoen het.*

*Peter, 'n vriend uit my studentejare, het my as sielkundige bygestaan. Hy het sommer reguit vir my gesê dat ek deur hierdie ondeurdagte daad my "mag" weggegee het. Ek het egter besluit om met mening "op te staan" en die outoriteit wat ek in God het, opnuut te aanvaar en uit te leef. Hunter (2012:80) gebruik Gandhi as voorbeeld wanneer hy sê: "Talk about having no power!" Soos 'n nederige volgeling van Gandhi, wíl ek nie mag hê nie. Hunter (1998:79) gebruik 'n vraag om dit te beskryf: "What is authority built on? Jesus said influence, leadership, is built on service." Daarom kon ek in nederigheid voortleef met die outoriteit wat God aan my gegee het. Ten spyte van my selfdoodpoging. Dít is genade – onverdiende, onverdunde guns!*

## 3.3 INTERPRETATIEWE TAAK VAN PRAKTIESE TEOLOGIE MET INBEGRIP VAN DIE INVLOED VAN NARRATIEWE TERAPIE

Waar Browning (1996:10) die eerste navorsingstaak, naamlik die deskriptiewe empiriese taak, as hermeneutiese sosiologie beskou, laat Ward (2017:79) met karakteristieke navrae na die bronne en outoriteit vir wat tans gedoen word, dié vraag direk by die interpretatiewe moment aansluit. Tydens hierdie beweging, wat deur Browning (1996:10) die historiese moment genoem word, word 'n nuwe keerpunt beleef: "There is a turn toward the texts and the traditional disciplines of theology". Hierdie vrae word binne 'n oorkoepelende teologiese metode van fundamentele praktiese teologie geposisioneer.

***Tabel 3.1: Opsommende skema rakende die klem in Hoofstuk 3 met die fokus op die 2de sekondêre navorsingsvraag***

| **Outeur** | **Müller (2005)** | **White & Epston (1990)** | **Osmer (2008)** | **Browning (1996)** | **Freedman & Combs (1996)** |
|---|---|---|---|---|---|
| 3 | Verledever-haal | Probleem-gelaaide verhaal | Die interpreta-tiewe taak | Historiese beweging | Die stimulasie vir die opening van nuwe verhale |

Tydens die interpretatiewe of historiese moment is teorieë en bestaande praktyke ondersoek om te verstaan waarom spesifieke patrone en dinamiek voorkom. Die tweede sekondêre vraag was juis gerig op waarom daar nog nie uitgebreide ondersoeke na die aspek van spel as hulp in die narratiewe pastoraat geloods en toegepas is nie. Gerkin (1984:14–15) het in die vroeë tagtigerjare reeds 'n moontlike samewerkende ooreenkoms tussen teologiese en psigologiese terreine ondersoek. Hoofstuk 4 brei verder uit op hierdie verduideliking van Gerkin en ander ondersoekende outeurs.

Ward (2017:31) meen dat praktiese teoloë in praktiese onderwerpe soos sielkunde en berading, leierskap en kerkbestuur, politiek, en gemeenskapsontwikkeling, belangstel. Daar kan aanvaar word dat hierdie soort kwessies 'n ander benadering, gebaseer op die sosiale wetenskappe, bestuursteorie of politieke wetenskap, behoort te hê.

In reaksie hierop sou ek argumenteer dat 'n teoretiese benadering tot praktiese teologie anders aangespreek kan word. Die klem kan dan op die interdissiplinêre karakter van praktiese teologie val. Die dispuut is nie dat praktiese teologie deur geloof op begrip wil aandring nie. "The real issue is not with the utilization of insights, methods, and theoretical frameworks from disciplines other than theology, but with the way that these are understood" (Ward 2017:13).

Wat hierdie moontlike samewerkende ooreenkomste betref, vind ek aanklank by Browning (1996:89): "My interest in the dialogue between theology and the modern psychologies was ultimately practical. It was for the beginning a concern to relate theology and the social scenes to inform caring practices in concrete situations."

Om teologie en sosiale tonele van omgee in konkrete situasies met mekaar in verband te bring, vind daar gebeure plaas wat reeds in hierdie deelnemende gespreksgenote se lewens as situasie van nuwe hoop uitgewys kon word.

Müller (2000:55) verwys na ŉ epistemologie en benadering tot die werklikheid. Sy benadering tot die realiteit impliseer dat bekende psigoanalitiese modelle op ŉ persoonlikheidsteorie berus. Hierdie sogenaamde modelle het ten doel om menslike gedrag te verklaar en bepaal dat sekere kwessies in die mens se lewe net "reg hanteer" behoort te word (Müller 2000:12). In hierdie opsig begin daar spanning opbou tussen die hoofuitgangspunte van die psigoanalitiese modelle wat by hierdie studie betrek is. Die sterk mening van "net reg hanteer" wat deur die eksistensiële terapie gehuisves word los nie werklik ŉ probleem op nie. Hierteenoor staan die beskouing van Gadamer (1982:235) wat ŉ dialoog of gesprek verkies waartydens vooroordele, slegte ervarings of verbintenisse uit die verlede in die hele proses van verstaan gebruik behoort te word. Om goeie begrip en voldoende praktyk te bevorder, pleit Müller (2000:56) ook vir "sisteemdenke – ŉ verstaan van die prosesse, interaksies en verhoudinge tussen mense."

Wanneer gesprekvoering op die narratiewe wyse aangepak word, gaan dit juis eerder daarom dat die verhale herhaaldelik vertel word, sodat dit "uiteindelik as geherformuleerde verhale nuwe betekenis en stukrag aan die lewe kan gee" (Müller 2000:12).

Van den Berg (2020:4) dra die persoonlike inligting van Walton oor, naamlik dat sy dele van haar bydrae tot die uitgawe *Theology in the way we live now: a theopoetics of life writing* by haar kombuistafel geskryf het. Dit wys direk op die outobiografiese refleksie van Graham (2017:6) waarin sy op die ontwikkeling van praktiese teologie fokus – ŉ teologie wat "van die aanvanklike kerklike toepassingsmodel tot ŉ kontekstuele oriëntasie waarin die heilige in die alledaagse nagespoor word" (Van den Berg 2006:5; Ganzevoort 2009; Ganzevoort & Roeland 2014:96), ontwikkel het. Daar word in die nuutste ontwikkelings in praktiese teologie gepoog om in refleksie op kontekstuele verbondenheid te reageer "in die soeke na die taal en woorde om juis dít te beskryf, en sodoende relevansie aan lesers te bied". Van Klinken (2018:216) het dit soos volg verwoord:

> *Storytelling is not only a method for developing culturally relevant theology, but it is also political significant as it allows foregrounding the perspectives and experiences of people and communities who otherwise do not become part of the theological discourse, granting them an epistemological privilege.*

### 3.3.1 Interpretatiewe taak deur Browning, Müller en Osmer

#### *3.3.1.1 Inleidende opmerkings*

Wanneer die woestynmetafoor betrek word, kan gevra word waarom die pastorale voedingsbronne in die lewenswoestyn dan plek-plek bitter is. Soos Moses sy ervaring in die

woestyn gebruik het om die regte takkie te kry om die water mee aan te raak, wou ek ook, naas narratiewe terapie, ander psigologiese aanslae toets om uit te vind wat die beste opsie vir die vroeë volwassene in ŉ gemarginaliseerde gemeenskap is. Ek wou in nederigheid van die steun gebruik maak waar ek van persoonlike perspektiewe van studieleiers, waarin narratiewe, metafore en assosiatiewe netwerke van betekenis ŉ sentrale rol speel, kan leer (Van den Berg 2006:4; Müller & Maritz 1998:64).

#### *3.3.1.2 Historiese beweging van Browning*

Met die verandering van die epistemologiese klimaat, het ŉ vernuwing van praktiese filosofieë, asook praktiese teologie, plaasgevind.

Die historiese moment word deur Ward (2017:79) beskryf as ŉ beweging waar daar 'n wending na die tekste en die tradisionele dissiplines van teologie is. Hierdie teologiese dissiplines, met verskillende benaderings tot kritiek en kennis, word as 'n afstandsvormende tegniek in diens van die verstaan van die *praxis* gebruik. As sodanig word dit deur Browning binne 'n oorkoepelende teologiese metode van fundamentele praktiese teologie geposisioneer.

Tydens hierdie beweging verskuif die fokus na die tradisionele dissiplines van die teologie. Met die verskillende benaderings tot kennis en kritiek kan dit, binne ŉ oorkoepelende teologiese metode van fundamentele en praktiese teologie, as distansiëringstegniek aangewend word. Browning (1996:142) vind sterk aansluiting by Niebuhr (1941, 1943, 1953) se "narrative of the Christian faith" wat met ŉ weergawe van die basiese narratief begin. Daarna beweeg dit na ŉ identifisering van hoe diep die metafore met die narratief in aksie is. Dan eers word die ander dimensies van praktiese beredenering, wat implisiet by die narratief inskakel, ontbloot.

#### *3.3.1.3 Fokus op Müller se strategiese gespreksvertolking as vyfledige gespreksagenda*

Die eerste beweging van Müller (2000) se "model", wat in Hoofstuk 2 beskryf is, word die noodverhaal genoem. In hierdie hoofstuk word op die volgende agendapunt, naamlik die verledeverhaal, gefokus. Die storie van die nood-geskiedenis moet ook gedeel en vertel word (Müller 2000:72). Die groot kuns en uitdaging van hierdie gekombineerde fase is om saam met die gespreksgenoot die storie van die toekoms wat binne die verledeverhaal vasgevang is, te ontdek. Geen veranderingstegnieke word gebruik nie, daarom word op interdissiplinêre vlak beweeg om leiding te bied met die fasilitering van veral kognitief ingeperkte gespreksgenote.

Müller (2000) het 'n besondere stimulus ontvang met die ontdekking van die werk van Wentzel van Huyssteen, in besonder rakende sy idees oor "postfoundationalism and interdisciplinary" (Dreyer 2010:3). Volgens Ganzevoort (2012:218) het die metaforiese benadering tot narratief dus 'n baie belangrike rol ten opsigte van die narratiewe wending in die praktiese teologie, in Suid-Afrika sowel as in die internasionale konteks, gespeel. Die spontane metafore van elke gespreksgenoot is ter sake.

#### *3.3.1.4 Interpretatiewe taak van Osmer*

In die verduideliking van die interpretatiewe moment, het Osmer (2008) van die voorbeeld van land- en wêreldkaarte gebruik gemaak. Hy meen dat kartograwe moet aanvaar dat kaarte slegs sekere kenmerke van 'n terrein uitbeeld: "So, too, theories help us understand and explain certain features of an episode, situation or context but never provide a complete picture of the 'territory'" (Osmer 2008:80).

Daar kan, bogenoemde in ag genome, aanvaar word dat die oorhoofse doel van narratiewe terapie na die konstruksie, dekonstruksie en rekonstruksie van stories verwys. Volgens Josselson (2011:225) word die volgende beoog om dieper betekenisse van die vertellings te interpreteer "…to explore and conceptualise human experiences as it is represented in textual form".

Osmer (2008:80) sluit met sy kaart-metafoor weer hierby aan:

> *[They] needed a trail map that portrayed the twists and turns of particular paths, as well as their length. Likewise, different theoretical maps are good for some purposes, but not for others. Interpretative guides, thus, must be wise in discerning which theoretical maps will be most helpful in guiding others through the territory they are entering.*

### 3.3.2 Betrekking van verhaalstudies

In hierdie ruimte deel ek graag die "kombuistafel- of informele teologie" van Johannes, maar ook van Riana, as gespreksgenote in hierdie studie. Browning (1996:142) verwoord my aanklank by die "kombuistafelteologie" soos volg: "Sometimes a narrative is very difficult to discern. Even when it is practical, thinking will reveal what I call deep metaphors that suggest something about how the world *really* is." In hierdie opsig het ek besef dat metafore op 'n diepgaande wyse met elke mens se narratief interaktiwiteit inhou.

Dit was ŉ voorreg om ander dimensies van praktiese redenering wat implisiet by die persoonlike narratief inskakel, te ontbloot. Die spontaneïteit van die ontstaan van persoonlike metafore wat moontlike nuwe verhale verbeeld, kon tot die proses van uitbreiding van betekenis lei (Müller 2000:101). Tydens ŉ gesprek met Johannes, een van die medenavorsers, het ek ervaar hoe feite wat ter wille van die vermyding van emosionele pyn ongesê gebly het, na vore geroep word om relevansie tussen die negatiewe en positiewe pole van die toekoms te impliseer. Teenstrydighede word letterlik in ŉ nuwe verhaal geïntegreer.

### *3.3.2.1 Johannes: Die kameelperd se volgehoue bekoring*

*Müller (2000:99) meen dat baie verskillende metafore elk in die nadenke oor ŉ toekomsverhaal ŉ rol kan speel. Met ŉ eenvoudige speelgoeddiertjie kon appèl op Johannes se verbeelding geplaas word. Hy het tydens die eerste sessie ŉ kameelperd vir persoonlike projeksie gekies. Hy het gesê dat hy nie normaalweg dié dier sou kies nie, maar dit dat juis daardie dag met hom "gepraat" het. Ek kon met binnepret waardeer dat die kameelperdjie ŉ ereplek op Johannes se boekrak gevind het.*

*Johannes het nie die natuur se spogtyd gekies om na ŉ Wes-Vrystaatse dorpie te trek nie. Sodra die mielies van die lande af is en die grond geploeg word ter voorbereiding van die nuwe seisoen, word die omgewing oorheers deur stofstorms. Dit kom soos ŉ soliede rooi muur oor die braaklande aangerol, met stoppels wat deur die lug vlieg. Hierdie stofmuur, wat aanvanklik vir hom sinoniem met teenkanting was, het uiteindelik ook verbygegaan. Na ŉ paar buitjies verfrissende reën kon hy ook hiérdie mense se hoop leer ken: planters wat dag en nag soos vuurvliegies oor die lande vlieg – op en af, heen en weer, soos die nuwe hoop geplant word.*

*Waar hy hom aanvanklik verbeel het dat hierdie stofband nooit sal ophou nie en straks reg rondom die aarde span, kon hy moed skep en tuis raak, ten spyte van die uitdagings van sy verblyf. Hy het besef dat dit die één ding in sy lewe is wat bo verdenking is: sy roeping om God se Woord uit te dra. Daarna kon ek ŉ verskil sien in hoe hy die kansel bestyg: met ŉ ekstra soort eerbied wanneer hy halfpad talm, voorkop geboë in aanbidding. Was dit net ek wat gesien het dat sy toga se skouers ekstra fier en regop gestaan het? Was dit net ek wat die nuwe, fyn mineurtoon, ŉ nuwe, egte vertolking in sy preke, kon waarneem?*

*Toe ek weer eendag vinnig by Johannes ingeloer het, was ek opgewonde om te sien dat daar nou twee kameelperdjies is wat ŉ ereplek op sy boekrak deel.*

### *3.3.2.2 Riana se identiteit en heling in harmonie*

*Voordat daar tydens die aanvang van hierdie sessie met die terapeutiese gesprek begin kon word, het Riana gevra of sy dié dag net mag praat. Sy het die "syspoor langs die hoofspoor" gekies, en was opgewonde om die heuwel tree vir tree uit te klim. Aangesien Riana die tyd tussen die sessies gebruik het om te reflekteer en te besin, het dit vir my 'n teologiese refleksie, soos deur Graham (2017:1) voorgestel, geborg en kon ek met nuwe opgewondenheid na haar luister. Ek het werklik die heroriëntering binne die prakties teologiese veld ervaar. Riana het my oë oopgemaak vir die paradoksale teorie van verandering (Beisser 1970:77).*

*Soos Browning (1996:11–12) die interpretatiewe taak as historiese moment bewoord, is dit positief ervaar dat Riana se eie keuse hierop gesinspeel het. Dit is belangrik dat sy in die narratiewe proses, tree vir tree sal stap sodat haar egosterkte sal groei en sy minder volmaak sal wil voorkom. Toe ek haar uitnooi om vir die mees sensitiewe alter-ego Riana te gaan "kuier" en met haar te gesels, het sy gesê dat sy vir daardie Riana wat met skuldgevoelens en vrees worstel, wil gaan kuier. Eintlik vir die klein Riana wat bang is vir haar pa en nog altyd vir hom bang was. Ek is saam met Riana opgewonde om identiteitsvormende bouwerk aan te pak.*

*Riana het dikwels na haar frustrasie verwys. Ek besef nou eers dat dit as 'n eksistensiële frustrasie binne die veld van die logoterapie beskou sou kon word. Soos haar voorbeelde van die lyfrome vyf verskillende fases van terapie beskryf het, kon ons vanaf "Extreme Therapy Rescue", deur "Advanced Therapy" tot by "Intensive Care" vorder.*




***Figuur 3.1: Lyfrome soos dit vir Riana die fases van terapie verbeeld***

*Voordat die terapeutiese pad met die "Essential Healing" en "Soothing Care" begin kon word, het Riana "weggeraak". Ek het besef dat daar 'n onafwendbare interafhanklikheid tussen haar en haar sosiale behoeftes is. Sy het 'n nuwe vriend gekry en hulle het besluit om saam 'n nuwe huis te koop en saam die lewenspaadjie verder aan te durf. Hierdie vriend was ook nie positief gesind teenoor "sielkundiges" nie en my en Riana se kuiers het begin doodloop.*

Augsburger (1986:86) haal 'n Maleise spreekwoord aan: "Seperti katak be bawah tempering." Die Engelse vertaling lui: "Like the frog under the coconut shell" (Müller 2000:34). Terwyl die padda vasgevang is en nie kan wegkom uit die grense van die kokosneutdop nie, ervaar hy dat die wêreld donker is. Hoe dan nou ook anders? Soms slaag die mens ook nie daarin om uit 'n kulturele dop te beweeg nie en bly die ander se wêreld onverstaanbaar en duister. Müller meen ons is "ingesluit binne ons eie kulturele sisteem en dat daar 'n behoefte is om oop en uit te breek na die wyer ekosisteem."

### *3.3.2.3 Shané se liefdesverhaal*

*Soos in Hoofstuk 2 genoem, verwys Müller (2000:63) daarna dat "wonderwerke gebeur wanneer 'n mens wag en op God vertrou vir uitkoms." Saam met Shané sal steeds geleer word dat pastorale werk eintlik fasiliteringswerk is, dat wonderwerke nie "daardie goedkoop, georganiseerde en gemaakte 'wonder' waarmee so maklik gesmous word", is nie. "Ware wonderwerke van God kan 'n mens soms verbaas laat staan!" (Müller 2000:62).*

*In Shané se oorspronklike verhaalstudie is "'n onbevange luister" na die gespreksgenoot se verhaal nagestreef, maar die versoeking om haar teen haar "verloofde" te waarsku, was groot. Ek was oor die drumpel van haar verlede ingenooi, sodat ek grootliks op empatie en reflektering gefokus het (Müller 2000:35).*

*In die oorspronklike weergawe van haar narratief is die "verloofde" tydens die sandrakprojeksie as 'n wrede seerower uitgebeeld. Sy wou nie 'n verduideliking vir hierdie projeksie bied nie, maar het gesê dat dit "reg voel" dat hy 'n wrede seerower is, ten spyte van die feit dat hy haar en die kinders goed versorg en dat sy hom baie lief het. Ek het probeer om "neutrale luister" na te streef, maar voel aan dat die groot probleem nie aansgespreek kon word nie. Müller (2000:35) toon begrip vir hierdie fout deur 'n ander verhaaltjie te vertel:*

*Daar was 'n man wat op sy knieë in die straat voor sy huis na iets gesoek het. 'n Verbyganger vra hom toe wat hy doen. "Ek het my huis se sleutel verloor en ek soek dit," sê hy. "O", sê die verbyganger. "Wys my min of meer waar dit geval het, dan help ek jou soek." "Ek het dit in my huis verloor", antwoord die man. "Maar waarom soek jy dan hier buite na die sleutel?" "Want hier kan ek beter sien", antwoord die man.*

*Die versoeking was groot om haar net teen hierdie man te waarsku! Sonder dié waarskuwing het dit gevoel asof ek nie die sleutel van interkulturele kommunikasie kon aanraak nie. Die narratiewe terapie leer egter dat selfinsig beter as goedkoop*

*waarskuwings is. Ek glo dat die aanbied van ŉ empatiese oor meer werd was as nóg ŉ waarskuwing. Die krisis is in elk geval deur die aanranding self aangemeld.*

### 3.3.3 Verwante inligting ten opsigte van hierdie studie

#### *3.3.3.1 Lewensstrukture, lewensoorgange en ouderdomsverwante ontwikkeling van die medenavorsers*

Pastorale spel kan nie slegs tot ŉ ouderdomsgroep beperk word nie, daarom word teoretiese perspektiewe op die lewensloop-lewensruimtebenadering van Super, Savickas en Super (1996) hier beskryf. Dié teorie, soos aangepas deur Louw en Louw (2016:37), omsluit die lewensloop en volg ŉ ontwikkelingsbenadering wat individuele aspekte soos selfkonsep, waardes en lewenstemas insluit. Die breër sosiale konteks word in ag geneem, daarom word kultuur en lewensrolle hierby geïntegreer. Hierdie oorwegings word in die volgende tabel opgesom, met 'n dieper verwysing na die tydperk van vroeë volwassenheid (25-44 jaar):

*Tabel 3.2: Fases van volwassenheid*

| Ontwikkelings-konstrukte | Kinderjare (4–13 jaar) | Adolessensie (14–24 jaar) | **Vroeë volwassenheid (25–44 jaar)*** | Middel-volwassenheid (45–64 jaar) | Laat volwassenheid (65+ jaar) |
|---|---|---|---|---|---|
| | GROEI | VERKENNING | **VESTIGING** | HANDHAWING | ONTKOPPELING |
| Selfkonsep | Leer om ŉ positiewe selfkonsep in verskillende areas van die lewe te hê. | Leer om ware, ideale en sosiale selfkonsep te integreer. | **Integreer sielkundige en omgewingsfaktore in die selfkonsep.** | Aanvaar beperkinge; ontwikkel nuwe potensiaal. | Handhaaf sin van selfaanvaarding. |
| Loopbaanrypheid | Maak tentatiewe keuses. | Bevestig loopbaankeuse. | **Maak ŉ keuse, verseker en vestig in beroep.** | Handhaaf jouself teen kompetisie. | Hou vol met dit wat steeds geniet word. |
| Aanpasbaarheid | Gewillig om tot patroon wat deur omgewing bepaal is, te konformeer. | Fokus op eie behoeftes en identiteit. | **Persoon-omgewing aanpassing; aanvaar positiewe onsekerheid.** | Pas aan by eie beperkings, aanvaar nuwe uitdagings in veranderende omgewing. | Aanvaar afname is sommige vermoëns (bv. Fisies); handhaaf of ontwikkel vermoëns in ander areas (bv. integriteit, wysheid). |
| Waardes | Aanvaar ouerlike waardes; identifiseer en leer deur voorbeeld. | Fisiese, sosiale, outonome lewenstyl. | **Materialisties.** | Innerlik georiënteer. | Innerlik georiënteer. |
| Lewensrolle | Spel/ontspanning; begin skoolopleiding | Geniet ontspanning; leer nuwe vaardighede. | **Verminder ontspanning, vermeerder werk- en gesinsrolle.** | Herevalueer lewensrolle (werk, leë nes, ontspanning). | Tree af van of verminder werk; streef nie-werkrolle na. |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Lewenstemas | Spel, loopbane naboots. | Dagdroom, toets loopbaan-drome in die regte lewe. | **Hersien of implementeer loopbaandrome; maak dit 'n werklikheid.** | Innoveer of hernu loopbaandrome. | Reflekteer oor die lewe. |
| Kulturele konteks | Primêre fokus is op gesin, portuurs, helde. | Primêre fokus is op werk en gesin. | **Primêre fokus is op werk en gesin.** | Fokus op werk; minder gesinsverantwoorde-likhede; meer tyd vir wyer sosiale stelsels. | Fokus word nouer tot gesin en gevestigde sosiale stelsels. |

(Aangepas uit Langley, 1999; Super, Savickas & Super, 1996; Louw & Louw, 2015:153)

Die medenavorsers in hierdie studie val binne die ouderdomsraamwerk van vroeë volwassenheid, wat twee verskillende stadia inhou, naamlik die vroeë volwassenheidsoorgangsfase, en toetrede tot volwassenheid (Levinson 1978:198). Hierdie eerste fase word die nuwelingfase genoem. Tydens hierdie fase is individue veronderstel om emosioneel en finansieel van hulle ouers onafhanklik te probeer word. Tydens die aanhoor van die gedeelde verhaal van Rochelle, was hierdie "onafhanklikheid" vir haar ŉ angswekkende gedagte. Danksy eksterne hulp, kon hierdie rots in haar pad ook in ŉ veilige vastrapplek na die toekoms verander.

Opsommenderwys kan die figuursamestelling, van onder na bo gelees, die volgende insluit:

- Die eras van voor volwassenheid;
- Die era van vroeë volwassenheid;
- Vroeë volwassenheid-oorgangsfase (70–22);
- Toetrede tot lewenstruktuur vir vroeë volwassenheid (22–25);
- Ouderdom dertig oorgangsfase (28–33);
- Kulminerende lewenstruktuur vir vroeë volwassenheid (33–40)
- Era van middel volwassenheid;
- Middel volwassenheid–oorgangsfase (40–45);
- Toetrede tot lewenstruktuur vir middel-volwasssenheid (45–50);
- Ouderdom 50 oorgangsfase (50–55);
- Kulminerente lewenstruktuur vir middel volwassenheid (55–60);
- Era van laat volwassenheid; en
- Laat volwassenheid-oorgangsfase (60–65).

Die tydperk vanaf die toetrede tot die lewenstruktuur tot die kulminering van die struktuur, het betrekking op hierdie studie en is tydens die vorige tabel so uitgelig. Volgens Levinson (1986:5) word sekere take binne ŉ kontekstuele verbondenheid, as nuwelingsfase (±17– 22 jaar) nagestreef om volwassenheid te bereik: die definiëring van ŉ droom, die sinvolle en ouderdomstoepaslike doelstellinge wat elke individu vir hom/haarself stel; die ontwikkeling van ŉ loopbaan; en die vestiging van intimiteit.

Binne die volgende fase (±28–33 jaar) beleef individue ŉ oorgangsfase waartydens hulle, hulle vroeëre keuses herevalueer. Die probleme en tekortkominge van bestaande strukture word herevalueer en moontlike veranderings word oorweeg.

Die kulminerende fase van vroeë volwassenheid (± 33–40 jaar) word normaalweg as ŉ periode of tydperk van vestiging beskou. Lewenstake, byvoorbeeld samelewingverwante gesins- en beroepgeoriënteerde take behoort nou met groter toegewydheid aangepak te word. Die relevansie hiervan word later in die hoofstuk met die vertel van Johannes se verduisterde

toekomsverhaal vertel. Levinson (1986:9) beskou dit as belangrik dat die individu sy/haar nis in die samelewing vind. Hierdie is 'n moeilike opdrag vir gemarginaliseerde persone. Ward (2017:37) het hierdie marginalisering soos volg beskryf: "Many argue that theology as it has been practiced, has marginalized and ignored certain groups." Hierdie is 'n basiese element, 'n sleutelinsig, wat nié geïgnoreer kan word nie. Dit sluit ook aan by die mening van Miller-McLemore (2012:9) en resoneer met die woorde in die volgende paragraaf:

> *Practical theology has always been and remains far more than an academic endeavor. It has been about returning theology to the people ... as a way of faithful discipleship and as a way of doing theology in daily life, it is fundamental to Christian faith as a way of doing theology in daily life.*

Soos Walton (2017) 'n "kombuistafelteologie" beoefen het, motiveer Miller-McLemore (2012) my tot 'n nuwe verstaan van die medenavorsers se persoonlike metafore. Nou kan ek dit, soos Van den Berg (2010:8), as belydenis van God se misterie beskryf, en met my gespreksgenote op 'n pastoraal-terapeutiese reis gaan. "Nou word die werklikheid van die reislandskap getooi in veel meer as wat normatief deur beperkte sintuie verken kan word en wat net empiries waargeneem en beskryf kan word" (Van den Berg 2010:8; Buitendag 2002:949).

#### *3.3.3.2 Psigoanalitiese ontwikkelings met betrekking tot pastorale sorg wat tydens hierdie studie tot kennis gelei het*

Ontwikkeling binne die veld van pastorale sorg wat vir hierdie studie toepaslik is, sluit die postmoderne aanslag met narratiewe terapie as fokus, sowel as Gestaltterapie, filiaal- of sistemiese familieterapie en eksistensiële terapie in. Ten opsigte van genoemde terapeutiese modelle is aan die volgende aspekte aandag gegee: die doel, die terapeutiese verhouding, "tegnieke", toepassing, bydrae, en moontlike beperkings. Hierdie gebeure was sterker motivering om ander psigologiese terreine by hierdie studie te betrek.

> *'n Kort fragment om aan te dui dat filiaalterapie besondere waarde vir een van die medenavorsers ingehou het:*
>
> *Rochelle het reeds, weens kognitiewe ingeperktheid, positief op kognitiewe gedragsterapie vanuit die Gestaltterapeutiese veld, gereageer. Sy, en haar (uitgebreide) familie, het ook filiaalterapie baie behulpsaam gevind. Lowenstein (2010) se werk, "Creative family therapy techniques: Play, art and expressive activities to engage children in family sessions" het bruikbare materiaal vir hierdie fasilitering gebied.*

Müller (2000:13) maan tot versigtige aanhaling van psigoanalitiese modelle op ŉ persoonlikheidsteorie van menslike gedrag uit onderdrukte aggressiewe instinkte uit die verlede: Die uitgangspunt is dat daar êrens in die verlede emosies sluimer wat "hanteer" moet word, sodat iemand optimaal kan funksioneer. Dilthey (1972:237) se mening van drie dekades tevore het betrekking op hierdie vermaning van Müller (2000:13), naamlik dat ŉ mens net jou gees moet "leegmaak" en dan ŉ verbeeldingryke identifikasie met die ervaring van historiese rolmodelle moet aanleer. Hierdie siening sluit aan by Riana se werkswyse voordat sy die narratiewe aanslag begin aanvaar het. Ander teorieë, soos ook die gesinsterapeutiese teorieë, is geneig om die huidige en die funksionele meer te beklemtoon.

Die toekoms en die eenheid tussen toekoms, hede en verlede, kom nie altyd tot sy reg nie. Brueggeman (1993:120) meen dat, wanneer die toekoms die hele reis betrek, dit ŉ ontdekking is wat wonderlike nuwe geleenthede vir die verstaan van die lewe bied: "Telling the past and dreaming the future", solank dit ŉ beskrywing van die mens se totale bestaan inhou. Bellah (1985:302) noem dit "our effective history – how we got from the past to the present". Die filosofiese verskil is dus meer gemoraliseerd as fundamenteel van aard.

Narratiewe terapie fokus nie op tegniek-georiënteerde gesprekke waarin die vrae met presisie uitgemeet word nie. Die breë narratiewe benadering is gebaseer op verhale wat gespreksgewys na vore kom, solank die benadering die volgende gesprekswyse inhou: responsief-aktiewe luister; die nie-wetende posisie; en gespreksvrae wat vir die doel van hierdie studie op ŉ speelse wyse saamgestel is (Müller 2000:70). Müller se gebruik van gespreksvrae en die betrekking van sosiale konstruksie, steun sterk op die vroeëre werke van Boyd (1996:220) en Freedman en Combs (1996) en word met groot verwagting in my eie praktyk gebruik. Ward (2017:41) sluit hierby aan wanneer hy sê dat teologie as ŉ debatsonderwerp tussen liberale en konserwatiewe uitgangspunte gebruik word. "In between the two extreme positions are approaches that attempt to link or correlate theology and experience".

Gadamer (1982:289) handhaaf die siening dat al die kulturele dissiplines in die fundamentele struktuur van menslike begrip en empatie gewortel is. Browning (1996:37) glo dat die sentrale vraag in Gadamer en sy voorgangers se werke is hoe om die dissiplines van die gesogte natuurwetenskappe van fisika, chemie en biologie in teenstelling met institusionele menslike vakke, te onderskei. Hierdie siening van Browning word in ag geneem wanneer die volgende rubrieke met ŉ kritiese oog as waardevolle psigologiese terreine waargeneem word.

### 3.3.4 Gestaltteoretiese benadering tot terapie

Die woord "kliënt" is deurgaans hier gebruik omdat dit slegs steunteorieë tot die narratiewe benadering inhou.

Fritz (1893–1970) en Laura Perls word (1905–1990) as die stigters van hierdie terapeutiese benadering beskou. Humphrey (1986:9) het Laura Perls as terapeut aanbeveel. Vanuit haar perspektief word alles wat in die mens se persoonlikheid geïntegreer is, as ondersteuning gebruik vir wat tegnies in terapie gebruik word. Fritz Perls se bekendste werke sluit in: *Gestalt therapy verbatim* en *In and out of the garbage pail*, wat albei in 1969 uitgegee is. Laura Perls se bekendste bydraes is in 'n joernaal en ook in boekvorm opgeneem: *Comments on new directions* (1976), en *A talk for the 25th anniversary* (1990).

Hoewel die Perls-egpaar die basis vir Gestaltteoretiese terapie vasgelê het, het ek ook baie by Virginia Oaklander *(Windows to our children: A Gestalt therapy approach to children and adolescents*: 1988), en Gary Landreth (2012) geleer. Laasgenoemde outeur se boek, *Play therapy: The art of the relationship*, het 'n baie groot bydrae tot my praktyk gelewer.

Die doel van hierdie vorm van pastorale sorg, met 'n toetrede tot die lewenstruktuur, kan die volgende voordele insluit: om die kliënt te help om die hier en nou (die huidige moment) te beleef en om die kapasiteit om keuses te maak, te vergroot.

Landreth (2012:29) steun die werk van Klein (1955:223–237) wanneer sy verklaar dat spelterapie direkte toegang tot die kind se onbewuste verskaf. Klein het, as gevolg van haar navorsende spel met kinders, verklaar dat bykomende materiaal op haar rak uitgestal is – juis as gevolg van die verskillende interpretasies wat sy tydens navorsende spel ervaar het. Beide Klein en Anna Freud (1946) het die belangrikheid daarvan om die verlede te ontbloot en die ego te versterk, beklemtoon. Landreth (2012:29) meen dat die groot verskil tussen Klein en Anna Freud was dat Klein se sterk afhanklikheid van die interpretasie van die onderbewussyn in onbewustelike betekenisse van die spelproses uitgestaan het.

Uiteindelik is die veronderstelling dus dat hierdie bewustheid tot kreatiewe aanpassing van narratiewe pastorale spel en gemarginaliseerde gemeenskappe sal lei. Die doel van hierdie aanpassing in die lewe, volgens Louw en Louw (2016:110), is om ontmoetings met die Christelike storie in die proses van geloofsvorming te laat realiseer. Wanneer hierdie aanslag gebruik word en, soos in hierdie studie, 'n narratiewe nuanse kry, behoort die fasiliterende gespreksgenoot advies met die uiterste versigtigheid te hanteer (Müller 2000:55).

Die terapeutiese verhouding binne hierdie vorm van pastorale sorg is ten sterkste in die kwaliteit van die terapeut se teenwoordigheid geposisioneer. Die terapeut interpreteer nie die probleme vir die gespreksgenoot nie, maar help hom/haar om self te ontwikkel om persoonlike

interpretasies te maak. In die geval van die individu binne ŉ gemarginaliseerde gemeenskap, kan hierdie hulp deur middel van spel as modus gebied word (Blom 2011; Landreth 2012).

Ten spyte van aannames dat Gestaltterapie uit ŉ stel tegnieke en terminologie bestaan, verduidelik Hamilton (1997:3) soos volg: "Gestalt is more than a set of experiments. It is a way of living, a way of understanding life and relationships in the here and the now." ŉ Wye reeks eksperimente is ontwerp om ervarings te intensiveer en om teenstrydige gevoelens te integreer.

Ek het in hierdie studie veronderstellend gewerk dat nuwe spelvorme ŉ sterker aksent ten opsigte van narratiewe pastorale spel sal lewer. Met afwagting het ek gehoop dat die transversale dialoog tussen narratiewe terapie en spelterapie vanuit die Gestaltagtergrond, ŉ praktykbenadering tot pastorale spel binne die konteks van missionale ekklesiologie sal kan genereer.

Die toepassing van die Gestaltbenadering spreek ŉ wye verskeidenheid mense en probleme aan. Corey (2013:444) lig die waarde ten opsigte van krisis-intervensie, pare- en familie- of gesinsterapie, en gedragsproblematiek by kinders, as besonder waardevol uit. Gestaltterapie kan beskou word as ŉ kragtige katalisator om die mens in kontak met sy/haar emosies te bring. Ten opsigte van geestelike genesing word hierdie vorm van terapie ook ŉ hermeneutiese proses op die pad na heling, des te meer wanneer dit ŉ bemiddeling van hoop op ŉ beter toekoms is.

Gestaltterapie lewer ŉ groot bydrae tot die kind in die pre-operasionele fase van ontwikkeling waartydens hy/sy nie altyd sy/haar probleem op verbale vlak kan weergee nie. Hierdie siening betrek ook die gemarginaliseerde gemeenskap waar verbalisering van pyn nie altyd ŉ gegewe is nie. Volgens Siegel (1999:333) verwys hierdie tipe implisiete (procedural) geheue na die onthou van ŉ gebeurtenis en hoe dit deur die liggaam en die senuweestelsel onthou word. Blom (2011:15) lewer die volgende uitspraak:

> *It occurs on a pre-verbal level; thus it is not remembered on a cognitive level, however influences behaviour continuously as the child grows older. The trauma experience is stored implicitly via images, sensations, affective and behavioural states.*

Vir die doeleindes van hierdie studie was daar in ŉ mindere mate van Gestaltterapie gebruik gemaak. ŉ Innoverende tegniek-allokasie was dus belangrik om vanuit ŉ postmoderne oogpunt die voordele van Gestaltterapie raak te sien.

Die beperkinge van hierdie terapeutiese model kan insluit dat die meer gereserveerde gespreksgenoot nie by Gestaltgebaseerde berading aanklank sal vind nie. Landreth (2012:39) meen dat ŉ groeiende belangstelling in die gebruik van spelterapie met volwassenes in

terapie-omgewings, tans plaasvind. In hierdie speelomgewings raak die volwassene geabsorbeer in die aktiwiteit van spel self en is dus betrokke by ’n soort bewustheid wat nie deur blote verbalisering van probleme moontlik is nie.

Deur spel voer die volwassene ’n gesprek met homself wat ’n baie persoonlike ervaring is, omdat direkte betrokkenheid vereis word. Sommige volwassenes kies voorwerpe wat hulself simbolies verteenwoordig. Hierdie ervaring met Johannes se kameelperd en Riana se dinosourus, wat in ‘n volgende hoofstuk bespreek sal word, staan uit as sulke ervarings. Johannes het ŉ hoër waarheid soos ŉ templaat oor sy vertellings afgedruk sodat sy kameelperdstorie tot iets sinvols verhef kon word. Dieselfde het met Riana gebeur: dit wat ‘n bedreiging in haar lewe was, is deur haar nuwe emosionele aanslag gereduseer tot iets waarvan sy in beheer was.

### 3.3.5 Aksentverskuiwing rakende die interpretatiewe metafoor

Kwalitatiewe navorsing bied leiding om die leefwêreld van die gespreksgenoot te verstaan. Die werklike doel is nie om opinies in te win nie, maar om ŉ verskeidenheid weergawes van ŉ saak te ondersoek (Gaskell 2000:39-41).

Hoewel hierdie studie nie die opinies van (gemarginaliseerde) mense ondersoek het nie, kan daar interessante lig gewerp word op hoe die deelnemers elkeen sy/haar eie leefwêreld, deur spel en narratief, verstaan en verduidelik. Pieterse (1993:185) en Silverman (2001:87) lig ander voordele van kwalitatiewe navorsing uit, naamlik die dialoog in die spelproses en die feit dat kreatiewe interaksies die deelnemer se geloof in ag neem.

Jensen (2005:236) gaan van die standpunt uit dat die navorser die rol van ŉ “interpretive subject” speel. Dit is van toepassing op bogenoemde situasie, waar die deelnemer nie slegs vrae beantwoord nie, maar deur spel ŉ proses uitbeeld. Pienaar (2014:1) sluit hierby aan wanneer hy die volgende belangrike feite beklemtoon: “There is no such a thing as a story – even, or perhaps especially, relating to one’s academic positioning – an expression of facilitation – without characters, places, experiences and events.” Hiermee is hy van mening dat drie fases van die teoretiese ontwikkeling en verskuiwing plaasgevind het, vanaf:

- Fase 1: die eko-hermeneutiese narratief (Müller 1994; Müller 1996; Müller & Stone 1998); na
- Fase 2: die skuif vanaf narratiewe teologie na ŉ meer geartikuleerde “sosiaal-konstruktiewe teologie” (Müller 2000; Müller, Van Deventer & Human 2001); na
- Fase 3 waar die na-stigting (postfoundational theology) die botoon gevoer het (Müller 2003, 2004, 2005; Müller & Schoeman 2004); en na

- Fase 4 waar die groei van Müller se "postfoundational theology" volwassenheid bereik het in die "postfoundational practical theology" (Müller 2011). Hierdie "postfoundational practical theology" is tydens die studie as raamwerk beskou.

Teen hierdie agtergrond is dit belangrik om die morele standaardsverskil tussen postmoderniteit en postmodernisme met eerbied en integriteit te hanteer. Van den Berg (2020:4) sluit by die mening van Graham (2000:113) aan wanneer sy sê dat postmoderniteit met "'n klem van kritiese dialoog", 'n bepaalde paradigma inhou. Terre Blanche (1997:155) bepleit 'n sensitiwiteit vir die magsoortuiging wat enige waarheidsaansprake mag bevat. Die ontmoeting op pastorale vlak moet juis krities wees aangaande die konsepte oor God "wat verband hou met patriargale en nasionale assosiasies gebaseer op status, hiërargie, outoritêre dominansie en afstand" (Louw 1999:340). So 'n kritiese benadering het betrekking op gemarginaliseerde gemeenskappe. Die uitdaging lê in die kritiese nadenke oor God se identiteit (Groenewald & Buitendag 2005:160).

### 3.3.6 Definiëring van narratiewe terapie ten opsigte van die tweede beweging van soeke

#### *3.3.6.1 Inleidende opmerkings*

Dit is belangrik om die plek en waarde van die psigologie as addisionele studieveld vir die praktiese teologie en vir die teologiese pastoraat vas te stel. Dit word as deel van die praktykteoretiese arbeid van die praktiese teologie beskou om die funksionele waarde van die *praxis*, in besonder die resultaat van die psigologie, deurlopend aan te toon. Die klemplasing tussen *praxis* en teorie was nog altyd wisselend. Jonker (1968:9, 24) fokus op ampswerk en diens binne die kerk. Hierteenoor sien Schleiermacher (1966:99) die empiriese werklikheid as die objek van die vak. Zerfass (1974:164–177) plaas ook die klem op die empiriese, maar wel met 'n groter balans. Praktiese teologie word dus as handelingswetenskap beskou, met 'n latere uitbreiding na kommunikatiewe handeling (Pieterse 1993:43–45).

Hierdie kommunikatiewe handeling kan aansluiting vind by Anderson en Goolishian (1990:159) se beskouing van terapie as 'n proses van beweging. "... we [are] always moving toward what is not yet known". In hierdie opsig kon die ontwikkelende bordspel, Freed-X, 'n vorm van praktiese hulp bied. Bogenoemde outeurs (1988:381) beskryf ook die doel van terapie as deelname aan 'n gesprek wat bevryding bied, "rather than constricts and closes down". Die bordspel, wat in hierdie stadium steeds op 'n onprofessionele A4-aanbieding ge"speel" is, kon reeds ruimte en verandering suggereer. Soos die krap van 'n naald op 'n outydse vinielplaat steurend kon wees, kon dit ook weldra deel van die musiek word. Die vormende bordspel kon dan byna as lirieke wat uitnodiging tot samesang bied, beskou word.

*Praxis* dui ook op die sosiale realiteit, wat die sosiale kontak tussen teologie en die sosiale wetenskappe op die agenda plaas. *Praxis* word deur Van der Ven (1993:97) en Louw (1996:33) as sosiale en kulturele dimensie van die moderne samelewing beskou. Browning (1983:192) plaas die klem op die versorgingsmotief binne praktiese teologie. Hy meen dat die praktiese of pastorale teoloog binne die sosiale en Christelike konteks behoort te funksioneer.

Sider, Olson en Unruh (2002) meen dat voorbeelde van gelowiges, binne 'n eie wêreld, 'n verskil kan maak. "Gedurende 'n VSA-toer in 2004 saam met professor Malan Nel het ons een oggend besoek afgelê aan 'n stedelike gebied in die omgewing van Princeton." Hierdie toergroep het spesifiek gaan kyk hoe dié betrokke gemeente vir armoedige gesinne huisvesting bekom het en dit op volhoubare wyse aan hulle verhuur het. Moffit en Tesch (2006) het 'n boek geskryf met die titel *If Jesus were mayor*. Aan die einde van die boek het hulle 'n uiteensetting gegee van wat hulle saadprojekte genoem het. "Saadprojekte" word as klein, eenvoudige, kortstondige bedieningsaktiwiteite beskryf. Hierdie handelingsaktiwiteite word as die demonstrasie van liefde aan diegene buite die gemeente beskou (Moffitt & Tesch 2006:275). Die oorspronklike onderbou, asook die praktiese toepassing daarvan, is prakties uitvoerbaar en volhoubaar.

#### ***3.3.6.2 Dominante verhaal in die narratiewe terapie***

Die dominante storie word beskou as dié probleem wat die gespreksgenoot daartoe dryf om hulp te soek en wat in die hede sy/haar gedagtes en gedrag beheer. Hierdie dominante verhaal word dan in samewerking met die navorser uitgebrei tot 'n beskrywing van die probleem (Bruner 1986:153) wat meer op die agtergrond huiwer, en wat lig werp op die huidige dominante beskrywing. 'n Groot deel van 'n gespreksgenoot se emosionele energie word in trauma vasgevang (Retief 2004:12), wat veroorsaak dat losgelate emosies uitgeleef word. Daar word in 'n volgende hoofstuk in meer besonderhede op die speelse benadering tot die uitleef van 'n voorkeurverhaal uitgebrei (Retief 2004:43).

Binne die narratiewe metafoor kan die magsdiskoerse, wat Foucault (1980) bestudeer het, beskou word as historiese, kulturele meta-narratiewe. Bruner (1986:19) sluit met die volgende woorde hierby aan:

> *Dominant narratives are units of power as well as of meaning. The ability to tell one's story has a political component; indeed, one measure of the dominance of a narrative is the place allocated to it in the discourse. Alternative, competing stories are generally not allocated space in establishment channels and must seek expression in underground media and dissident grouping.*

Wanneer daar na die dominante verhaal geluister word, is dit belangrik om ŉ breër agtergrond in ag te neem. Freedman en Combs (1996:37) toon waardering vir die wyse waarop White (1993:125) die kwessie van magspolitiek aanspreek:

> *I am arguing for refutes foundationalist assumptions of objectivity, essentialism, and representationalism. And the constitutionalist perspective proposes that the descriptions that we have of life are not representations or reflections of life as lived, but are directly constitutive of life, that these descriptions have real effects in the shaping of life.*

In die soeke na die beskrywing van perspektiewe vir opheldering is die erkenning van die persoonlike register dus belangrik (Van den Berg 2006:4). Die geestelike konneksie tussen navorser en gespreksgenoot beklemtoon hierdie feit.

#### *3.3.6.3 Probleemgelaaide verhaal*

Tydens die vertel van ŉ gespreksgenoot se dominante verhaal, word verdedigingsmeganismes gebruik (Corey 2013:61). Herhaalde traumatiese gebeurtenisse beïnvloed die mens se vermoë om waarnemings op ŉ logiese wyse te kategoriseer (Retief 2004:31). Speelmateriaal en -tegnieke wat "onderlinge verhoudings"-vrae verteenwoordig, kan moontlik gebruik word om die netwerk van oortuigings, houdings en patrone te konstrukteer (Freedman & Combs 1996:123–124; Blom 2012:8).

Die aanvullende (probleemgelaaide) verhaal verander nie slegs die verteller daarvan nie, maar die luisteraar word ook geraak. Die dominante storie word uitgebrei en aangewend om lewens te verander. Bruner (1986:153) verwoord dit soos volg:

> *… narrative emphasizes order and sequence, in a formal sense, and is more appropriate for the study of change, the life cycle, or any developmental process. Story as a model has a remarkable dual aspect – it is both linear and instantaneous.*

Dit is belangrik dat die probleem wat geëksternaliseer word, behoorlik gedefinieer word. Hierna kan die probleem buite die persoon geplaas word, deur die probleem te verwoord. Freedman en Combs (1996:49–50) bied ŉ sinvolle stel vrae aan wat die terapeut kan help om die gespreksgenoot tot eksternalisering van die probleem te kan bystaan (sien Addendum 5). Annalet het baie goeie reflektering ten opsigte van hierdie aanslag gebied en het ook vir ŉ duplikaat van hierdie spelvorm gevra.

White en Epston (1990:38) beveel aan dat die invloed van die probleem op die navorsingsdeelnemer behoorlik bepaal behoort te word (1990:42), en ook dat die invloed op die persoon of persone van die probleem, ondersoek sal word (McKenzie & Monk 1997:92).

Feite wat voorheen oor die hoof gesien is, kan tydens hierdie stap na vore gebring word. White en Epston (1990:45) stel dit soos volg:

> *Thus, in the mapping of their influence in the life of the problem, persons are not restricted to the narrow focus of the relationship between the problem and the person of the relationship in which the problem was considered to reside.*

Wanneer die gespreksgenoot hom- of haarself sien as "being the problem" (Corey 2013:379) word daar 'n beperking op die metodes van effektiewe oplossing geplaas. Corey (2013:379) beskryf dit met die volgende woorde: "Separating the problem from the individual facilitates hope and enables clients to take a stand against specific story lines, such as self-blame."

### 3.3.7 Effek van stories

Volgens Freedman en Combs (1996:35) het stories 'n belangrike invloed op die verteller en die luisteraar. Wedersydse betrokkenheid kan aangemoedig word "to examine our constructions and stories – how they have come to be and what their effects are on ourselves and others" (Freedman & Combs 1996:35).

Die groot paradigmaskuif wat die afgelope dekades binne die prakties-teologiese veld plaasgevind het (Dreyer 1998:14–15), was soos volg deur Freedman en Combs (1996:1) beskryf: "Shifting paradigms: From systems to stories".

Volgens Van den Berg (2008:118) was daar groei vanuit 'n individuele konteks na 'n meer sistemiese aanslag. Daar kan tussen die vroeëre kerugmatiese en later terapeutiese-, en 'n hermeneutiese aanslag onderskei word. Die aksent verskuif van 'n eensydige preek- en voorskriftelike model na 'n bipolêre, deelnemende verhouding tussen die prakties-teologiese reisiger en die gespreksdeelnemer (Fosket & Lyall 1988:49–50, Scholtz 2005:141). Hierdie deelname binne die bipolêre verhouding word ook tydens spel as modus, belangrik geag.

Louw (2003:54) meen dat hierdie verhouding op die lees van luistervaardighede, empatie en toerusting geskoei word. Die navorser poog dus letterlik om die gespreksgenoot se narratief, sy/haar storie en sy/haar teks, binne 'n groter konteks, te verstaan.

Met hierdie paradigmaskuif as agtergrond, word die verdere en meer onlangse ontwikkeling van praktiese teologie in ag geneem. Graham (2017:1) beveel aan dat daar na 'n heroriëntering binne die prakties-teologiese veld besin word. Sy bepleit 'n verskuiwing van 'n toegepaste teologie na 'n teologiese refleksie of besinning rakende die praktyk. Ward (2017:96–97) gebruik die "Pastoral Cycle" van "see, judge and act", terwyl Ballard en Pritchard (1996:77–78) met hulle weergawe van die siklus, meer op die konteks van ervaring fokus. Hierdie mening in ag genome, kan die bedieningservaring van 'n navorser by die mening van

Freire, met sy “theory of conscientization”, aansluit. Freire (1972:80–81) pleit vir ’n diepgaande begrip rakende die veld van die navorsingsdeelnemers wat die waarneming en blootstelling van waargenome sosiale en politieke teenstrydighede met betrekking tot hierdie studie, moontlik maak. Ward (2017:97) meen dat, deur middel van ’n besinningproses, nuwe perspektiewe verkry kan word wat tot bevrydende optrede kan lei. Hierdie diepgaande begrip en nuwe perspektiewe, is waarheen ek met aangepaste narratiewe terapie sal wil streef.

Wanneer daar na die medenavorser, binne die raamwerk van Freire se “theory of conscientization” gekyk word, is die spiritualiteit en die praktiese situasie in ag geneem. Ward (2017:97) verwoord dit soos volg: “People *are* because they *are* in a situation. And *they will be more* the more they not only critically reflect upon their existence but critically act upon it.” Daarom is daarna gestreef om narratiewe terapie met die medenavorsers binne gemarginaliseerde gemeenskappe kognitief-toepaslik te hou. Die verwagting in navorsing met jonger of gemarginaliseerde medenavorsers, is dat praktyke aangeneem kan word wat by hulle kultuur en daaglike roetines moet inpas (Christensen & James 2017:9). Die inligting wat verken en verduidelik word, moet die medenavorsers se gemeenskaplikhede, sowel as diversiteit, getrou weergee om aan Fraser (2004:3) se vereiste van “participant friendly rather than child friendly” te voldoen.

Die gebruik van spel kom duidelik na vore wanneer oor die pastorale benadering tot gemarginaliseerde gemeenskappe gefilosofeer word. Landreth (2012), asook Smith en Nylund (1997:27) meen dat spel die taal, en speelgoed die “woorde” is waarmee kinders, en in hierdie studie ook gemarginaliseerde gespreksgenote, kommunikeer. In die geval van hierdie studie, is die medenavorsers wat reeds volwassenheid bereik het, hierby betrek. Cattanach (2005:3) en McMahon (2009:26) bevestig beide die belangrikheid dat spel die taal van die mens in gemarginaliseerde omgewings kan wees. Volgens Sisemore (2003:115) bestaan daar min pastorale aanslae wat juis vir die gemarginaliseerde volwassene ontwerp is:

> *Though there have been numerous efforts to develop integrative models of Christian therapy for adults, the same cannot be said for models for counseling children and adolescents. Epistemological foundations for such a model are presented, with the Five Domains Model being offered as an initial effort to build a sound approach to Christian counseling with young people. The nature of persons, health, and pathology are derived from Christian theology.*

Volgens Du Plessis en Müller (2007:1302) word die vraag gevra: “Is daar ’n verskil tussen hoe ’n kind en ’n volwassene in die narratiewe benadering hanteer moet word?” Smith en Nylund

(1997:27) reken dat kinders, veral jonger kinders, dikwels sukkel om ondervindings of begrippe te verbaliseer en verkies daarom eerder om hulself in spelaktiwiteite uit te druk.

Die kernkonsepte van narratiewe terapie, voordat dit na die vlak van die gemarginaliseerde volwassene (vir die doeleindes van hierdie studie as medenavorsers aangespreek) aangepas is, kan volgens White (1991:21–40) in die lig van die volgende proses beskou word:

Die verhaal van die mens, in hierdie geval die mens binne 'n gemarginaliseerde gemeenskap, moet eers werklik sy/haar eie gemaak word wanneer die vaardigheid van deel en vertel benut word. Daar kan 'n interaktiewe proses op die deelnemer se vlak en met 'n eie unieke spiritualiteit plaasvind, soos deur Patterson en Weifel (1999:21) verwoord: "an interactive process characterized by a unique relationship between counsellor and client". Hierdie verhouding mag tot groei en verandering by beide die deelnemers lei.

Hierdie hoop op 'n groeiproses sluit op treffende wyse by die woorde van White en Epston (1990:65) aan:

> *With this, persons are able to assume responsibility for the investigation of new choices in their lives and to pursue new possibilities. In the process, they experience a newfound capacity to intervene in their world.*

### 3.3.8 Fragmente uit verhaalstudies

#### *3.3.8.1 Rochelle se droom*

*Müller (2000:14) promoveer die beskouing van elke storie deur verskillende brillense: "Die semantiese het te doen met die betekenisse wat aan die gebeure toegeken word. Dit is op hierdie vlak waar die waarom-vraag funksioneer. Die politieke het weer te doen met die wat-vraag. Hier gaan dit oor hoe die een ding by die ander inpas".*

*Die "oop toekoms" wat 'n groot rol in Rochelle se verhaal speel, word volgens Müller (2000:40) in die narratiewe benadering as 'n integrale deel van die narratiewe perspektief en oriëntasie beskou. Die verlede word juis met die oog op die toekoms geïnterpreteer.*

*Tydens die eerste gespreksessie het dit duidelik na vore gekom dat Rochelle met 'n skeidingsangsversteuring worstel. Tydens die gebruik van die prentekaarte (Blom 2006:70), wat wel as Gestalt-spelterapeutiese tegniek beskou word, word tydens die narratiewe benadering 'n nie-tegniekgeoriënteerde gesprek gevoer wat nie met presiesheid uitgemeet word nie. Müller (2000:70) beskryf dit soos volg: "Die 'tool' is bloot gespreksvrae, want daar moet 'n geselskap op gang kom". Hierdie vrae skakeer*

*in by die stelle vrae wat Freedman en Combs (1996:40) aanbied om die sosiaal-konstruksionistiese posisie te behou. Daar is ook spesifiek op hierdie vraagformaat besluit omdat Winslade, Crocket en Monk (1997:71) aanbeveel dat gespreksgenote uitgenooi word om hulle ervaring(s) op ŉ vars en kognitief-toepaslike manier te verwoord. Ek glo dat hierdie vrae inklusief is van Müller (2000:68) se responsief-aktiewe luister en Boyd (1996:220) se gespreksvrae.*

*Soos in Hoofstuk 2 genoem, kan Rochelle nie "weggestuur" word nie, aangesien sy nie die vermoë besit om op haar eie as volwassene te funksioneer, of in die normale arbeidsmark aan te pas nie. Tydens die verhalende gesprekvoering is Rochelle uitgenooi om haar eie toekomsverhaal te konstrueer – waaroor sy droom en waarvoor sy bereid is om op reis te gaan (Müller 2000:25).*

*In die nastreef van haar droom om ook ŉ "normale" werk te hê, is met ŉ plaaslike koffiewinkel gereël dat sy een middag per week daar sal "werk". Rochelle en haar ouers is baie opgewonde oor hierdie moontlike geleentheid.*

*Müller (2000:25) beklemtoon weer die belangrikheid van ŉ oop toekoms waar ons mág droom. Ek wil Rochelle se droom deel en ter wille van hierdie droom saam met haar op reis gaan.*

#### *3.3.8.2 Shané se dieper soeke*

*Müller (2000:36) poneer dat daar nie van empatie sprake kan wees as daar nie ŉ gewillige toetrede tot die ervaringswêreld van ander kan wees nie. Müller sê egter ook dat die pastor se kundigheid juis in die bemeestering van ŉ "eerlike nie-wetende posisie" geleë is. Vrye en gelyke kommunikasie word nagestreef sodat die gespreksgenoot tot die eintlike deskundige bemagtig word. Ek vertrou dat ek tydens die eerste sessie, ná drie weke van afwesigheid, wel as gespreksgenoot geïnteresseerd geluister het en Müller (2000:20) se "sagte salf op die wonde" voorsien het.*

*Tydens die roosboomfantasie het Shané gesê dat daar geen insekte naby die boom toegelaat word nie. Dit maak nie saak of dit goeie of slegte insekte is nie. Hulle sal haar tog net seermaak. Sy het egter nie Japie (die verloofde) se naam genoem nie. ŉ Uitdaging het tydens hierdie sessie na vore gekom. Shané het gevra of ek saam met haar aan ŉ Bybelstudieprojek sal deelneem. Sy het Warren se "Veertig dae doelgerigte lewe" (2003) gekies. Elkeen bestudeer ŉ hoofstuk teen ŉ tempo wat pas*

*en dan word hierdie hoofstuk elke Donderdag via ŉ selfoontoepassing bespreek. Hierdie versoek verteenwoordig ook terselfdertyd ŉ vorm van teologiese refleksie.*

*Ná die sessie met die roosboomfantasie het daar ongeveer drie weke verloop voordat ŉ volgende gesprek kon plaasvind. In hierdie tyd het Japie se ware kleure na vore gekom en het hy haar op ŉ wrede wyse aangerand. Sy het dadelik na die polisiekantoor gegaan en ŉ klag teen hom aanhangig gemaak. Hierdie situasie het nuwe feite aan die lig gebring: Japie het ŉ opgeskorte vonnis as gevolg van dwelmmisbruik en mishandeling gehad en is dadelik weer in die gevangenissisteem opgeneem.*

*Müller (2000:46) omskryf bogenoemde tipe krisis voos volg: "Krisisteorie sê vir ons dat daar eintlik nie iets soos objektiewe krisis is nie. ŉ Krisis is altyd subjektief". Die vraag wentel dus nie rondom die gebeure nie, maar fokus op die vertelling van wat gebeur het. Groenewald (2017:14) sê in haar boek vir die populêre mark: "As ons met dankbaarheid op ons verlede terugkyk, sal ons verwagting van die toekoms met hoop gevul wees; as ons egter met gevoelens van spyt op ons verlede terugkyk, sal die toekoms met hoop gevul wees".*

#### *3.3.8.3 Annalet se roosboomfantasie*

Soos Walton (2017: 2) meld dat sy teologie by haar kombuistafel geleef en gedoen het, kan Annalet praat van ŉ rivieroewerteologie.

*Dit was kosbaar toe Annalet tydens die sessie van die roosboomfantasie (Oaklander 1988:192) gesê het dat die riete by die rivier van toe af haar roosbome sou wees. Dit gee haar by herhaling die vrymoedigheid om haar verhaal skriftelik mee te deel en met haar ma te kommunikeer. Oaklander meen dat so ŉ "fantasie" aan ŉ mens in nood die geleentheid bied om ŉ plek van veiligheid te skep wat selfsorg, -onderhouding en selfkoestering kan bevorder.*

*Mag Annalet weer geestelike rigting kry en behou. Mag sy nie vir altyd onder ŉ dun kombers lê en luister na die gedreun van trokke wat in die nag êrens heen verby druis nie. Mag sy haar roeping as intersessor, wat sy so duidelik tydens een van die sessies uitgespreek het, weer eens ontvang en op hierdie manier haar teologie uitleef: "Prayer is one of the most important and profound forms of theological expression"* (Ward 2017:170).

In hierdie opsig kan ŉ oomblik by teologiese refleksie stilgestaan word. Farley (1995:6) praat van "the ways in which theology becomes a virtue or a habituated part of the believer". Hy

gebruik ŉ term met die oorsprong by Aristoteles: "habitus". Soos genoem in ŉ vorige paragraaf, gebruik Van den Berg (2010:85) ook hierdie term as noodsaaklikheid om oor die drumpel van ŉ "theologia habitus" te tree. Die idee van hierdie "habitus" vestig ons aandag op die mate waarin "teologie" inherent prakties is.

Ons asem teologie in deur ons deelname aan die lewe van die Christelike gemeenskap, deur missionale optrede in die wêreld.

*In Annalet se geval het sy ŉ missionale roeping om die Woord van God met mede-soekers binne haar habitat, die rivier, te deel: "We lived out of our absorbed theology. Practical theology in all of its manifestations starts from this residue within us that has been shaped by the life of Christian community" (Ward 2017:17). Ek bied graag my samewerking om die dubbele effek wat armoede én ŉ tweedeklasgevoel op haar gees het, te versag.*

#### *3.3.8.4 Johannes se woonwa-wysheid*

*Tydens die grafiese gesinsbeelding (Venter 1988; Blom 2004:74), ŉ speelser weergawe van die genogram (Müller 2000:79–80), het Johannes genoem dat hulle as uitgebreide familie daarvan hou om te kamp. Dadelik het ŉ nuwe begrip as metafoor by hom ontstaan: Daar word betaal vir ŉ woonwa-staanplek op die kampterrein, maar ons dink ons mag nét in die woonwa bly. "Van nou af gaan ek my vlerke sprei en die volle waarde van die kampterrein geniet." Om by sy idealisme aan te sluit, het ek die volgende verhaaltjie met hom gedeel:*

Toe die Standard-Oliemaatskappy 'n verteenwoordiger vir hulle kantore in die Verre Ooste gesoek het, het hulle ŉ sendeling genader en hom ŉ pos teen $10 000 per maand aangebied. Hulle het gedink dat dit ŉ billike aanbod is vir ŉ man met al die regte kontakte in die Ooste, ŉ innemende manier om met mense te werk, en boonop ŉ goeie kop vir besigheid. Hy het immers ŉ wêreldwye sendingonderneming suksesvol bestuur. Die sendeling het die aanbod van die hand gewys. Toe verhoog Standard die aanbod tot $25 000, en nadat hy dit ook geweier het, tot $50 000. Hy het dit weer eens sjarmant van die hand gewys. "Wat is die probleem? wou die onderhandelaars weet. "Wil jy ŉ nóg groter pakket hê? Jy kan tog nie meer geld as dit per maand bestee nie, al is jou lewe hóé luuks!" Die man het geantwoord: "Julle kan niks méér doen nie. Die geld is reg, maar julle visie is te klein. Die salaris is meer as groot genoeg, maar die pos is te klein. God het my geroep om ŉ sendeling te wees met die visie om mense na die Lewe te lei, en geen ander werk op aarde kan naastenby dieselfde bevrediging bied nie" (Steenkamp 2008:197).

*Johannes het sommer spontaan die woorde van "Die Skepper-God se liefdeslied" begin neurie: "U glorie sprei in vlerke van 'n arend…" My hart het onmiddellik en spontaan geresoneer met die volgende woorde uit die lied: "Die skepping sing vir mý, gewone sterfling…" So het die Skepper-God se liefdeslied weerklank in twee harte gevind.*

*Johannes het sy fokus verbreed en besef hoe sy eie klein geskiedenis, aldus Müller (2000:77), inpas en van die Groot Heilsgeskiedenis van God deel word. Eintlik nog altyd deel was, maar dit was nodig dat albei die verhale eers goed vertel en gedeel moes word. Hy is immers ook geroep om God se Woord uit te dra. Met 'n skaam glimlag en 'n nuwe lig in sy oë het hy my van Arthur Ashe vertel. Dié Amerikaanse tennisspeler, wat in die 1960s, toe rassevooroordeel nog hoogty gevier het, die eerste swart man was wat die mansenkelspel by Wimbledon gewen het, het oor sy moeilike stryd om oorwinning en aanvaarding gesê: "As ek nie die wind van voor gekry het nie, sou ek nooit kon vlieg nie!" Met 'n vlugtige blos op die wang het hy vir my gesê-vra: "Het jy al ooit 'n vlieënde kameelperd gesien?"*

*Die onderrig van die pastor wat spel by pastoraat wil betrek, kan as belangrik beskou word. Sodoende kan meegehelp word om kreatiewe en lewensbelangrike eienskappe van pastorale leierskap te ondersteun. Hierdie leierskapsvaardighede sluit, onder andere, die vermoë tot verbeelding, buigsaamheid en introspeksie in.*

*Tydens die tweede sessie met Johannes het hý die gesprek ingelei en Ward (2017:115) se woorde kristalhelder in my wese laat uitstaan: "Reflection should arise from, and have a location in, what is happening. In other words, the key to developing theological reflection is found not in following a method but in practice itself." Met die skrywe van Gerkin (1984:27), "The pastoral counsellor is not only a listener to stories, he or she is a bearer of stories and a story" as agtergrond, het Johannes vir my gevra: "Gesien in die lig van die woestynmetafoor – herken jy ooit die Elim in jóú lewe?" My stil gebed was net dat God my sal leer dat mý Elim nie noodwendig palms en fonteine hoef te hê nie – solank ek net my daaglikse reis onder die beskermingskolomme van God kan voortsit. Mergaert (1983:12) het juis sy gedeelde lewenservaring in 'n boek vir die populêre mark soos volg verwoord: "Moenie bang wees om jou pad stadig te loop nie, solank jy maar net nie stilstaan nie." Dié ervaring kan by Van den Berg (2010:85) se onderskeid tussen "believing" (wát en hoé ons glo) en "beliving" (hoe ons leef ten opsigte van wat ons glo), aanklank vind.*

### 3.3.9 Nóg 'n golf in die oseaan: 'n kort fragment vanuit my eie lewe

*In my eie lewe het hierdie woorde, wat sterk by die liriek van Bon Jovi (Because we can) aansluiting vind, baie betekenis. In die lied se inleiding sing Bon Jovi die volgende woorde: I don't want to be another wave in the ocean, I am a rock, not just another grain of sand. I wanna be the one you run to when you need a shoulder. I ain't a soldier but I'm here to take a stand, because we can". Dit is my droom om die medereisiger met die beskikbare skouer te wees, nie omdat ék kan nie, maar omdat Gód kan!*

#### *3.3.9.1 Teologiese refleksie*

Die terrein van pastorale teologie is tradisioneel en kenmerkend toegepas op die versorgingspraktyke van die kerk en bring 'n spesifieke vorm van kundigheid tot die taak. As 'n vertakking van die Christelike teologie, reflekteer pastorale teologie krities oor die onderlinge verband tussen teologie en die werklike menslike ervaring om teorieë en praktyke wat bydra tot die versorging van mense en gemarginaliseerde gemeenskappe, te konstrueer en te hersien.

Met geleidelike besinning definieer ek ook my idee van spel as modus tot aanvulling van die narratiewe aanslag. My verstaan van die definiëring van spel dui daarop dat spel 'n middel tot samewerkende betrokkenheid tot transformasie is. Spel maak voorsiening vir foute in pogings om buite die konvensionele te beweeg in die strewe na die droom. By die gebruik van die term "spel" wys ek op sinvolle menslike denke en gedrag wat patrone impliseer sonder dat dit volledig voorgeskryf en vooraf bepaal is.

Blom (2006:25) verklaar dat kinders, en in hierdie geval ook gemarginaliseerde persone, hulle sintuie, gedagtes, kognisie en gedrag rondom 'n spesifieke behoefte organiseer totdat dit bevredig word. Sodra dit tevrede is, is die kind in 'n toestand van onttrekking, rus of balans totdat 'n nuwe behoefte verskyn en die siklus herhaal word. Hierdie teorie kan ook op die vroeë volwassene in gemarginaliseerde gebiede van toepassing gemaak word en word deur verskeie kenners ondersteun (Retief 2004:81; Thompson & Rudolph 1996:33).

Wat in wese gebeur, soos Gros (2002:2–6) dit verduidelik, is die interafhanklike aktiwiteit om geloof aan lewe en lewe aan geloof te verbind. Teologiese refleksie is 'n natuurlike aktiwiteit wat aan 'n pastorale versorger die potensiaal tot transformasie bied. Dit kan ook verhoed dat ons 'n geliefde God, of slegs 'n Godheid, vanuit ons eie verwysingsraamwerk beskou. Hoe meer ons die hart van God in pastorale ontmoetings vind, hoe nader word daar aan die

werklikheid van ŉ liefdevolle God beweeg. Teologiese besinning vereis dat ons oë nodig het om te sien en ore om te hoor, sodat ons met ons harte kan verstaan (Matt. 13:15–17).

Effektiewe saamreis, binne die raamwerk van pastorale sorg, vereis nie slegs vaardighede en passie van die navorser nie, maar ook ŉ diepe afhanklikheid van God. Met pastorale sorg as agtergrond val die klem, soos genoem grootliks op *parakletos* wat, volgens Louw (1999:351), direk met berader, helper, trooster en oortuiger in verband gebring kan word.

Louw meen ook (2008:75) dat elke vorm van pastorale sorg, insluitend spel, drama, virtuele realiteit en narratiewe, 'n geestelike dimensie het waar 'n mens die onsienlike sien en waar die gespreksgenoot, ongeag ouderdom, se oë geopen word om die teenwoordigheid van God in die lewe te sien.

In hierdie opsig word weer op die drie komponente van sorg (Louw 1999:352), soos reeds genoem, gefokus: die indikatiewe-, imperatiewe- en pneumatologiese komponente wat deel van ŉ groter geheel uitmaak. Troos en sorg as "die heil in Christus op grond van die opstandingsoorwinning", sorg as bemoediging "met die oog op verandering van lewensrigting", en op pneumatologiese vlak "die voortsetting van die versoeningswerk van Jesus Christus".

## 3.4 SAMEVATTING

Tydens die saamreis met hierdie gemarginaliseerde medewerkers, waar daar dikwels kwesbaarheid en onsekerheid aangetref word, kon ons binne die konteks van die Woord as God se verhaal, aan mekaar leiding verskaf (Van der Vlies, Grobler & Denton 2015:7). In hierdie opsig kom missionale spiritualiteit ter sprake. Meiring (2013:10–11) verwys daarna as ŉ bewussyn van God se lewende teenwoordigheid. Hierdie bewussyn, ongeag ouderdom, bied stimulasie, motivering, sin en lewenskrag (Louw 2016:6).

Die belangrikste produk van praktiese teologie is altyd die lewens wat deur die werk van God verander word (Ward 2017:168): "Being a faithful Christian in the world can be a kind of innate or intuitive practice. Living as a Christian will, however, entail times of reflection and adjustment".

Die term "teologie" beteken eintlik "God se liefde in aksie" (Ward 2017:168):

> *Action, rather than doctrinal formulation, is embraced as the locus for theological expression. Orthopraxy therefore takes priority over orthodoxy. The notion of praxis has often been linked with theologies of liberation. Here action takes the form of education and the mobilization of collective forms of action that challenge and seek to change oppressive social, economic and political structures. The important*

*contribution that this form of expression brings to practical theology is a constant reminder that thinking and action have a significant place within this field of theology.*

Ward (2017:169) noem hierdie teologie "theology on the move" of "theology on the go". Hierdie soort refleksie vind in die geleefde werklikheid plaas en is daarom deel van die Christelike bediening.

Wanneer daar teruggekeer word na die oorspronklike vraag wat hierdie hoofstuk ingelei het, is op die interpretatiewe taak van die praktiese teologiese interpretasie gefokus. Hierdie fokus poog om beter te begryp en te verklaar waarom sekere gebeure plaasvind, en waarom spel as modaliteit nog nie binne die narratiewe grense 'n plek gevind het nie.

'n Pastorale teologie van spel kan meehelp om persone met 'n toenemende vermoë om die hart en sintuie te help – om die musiek van die siel te vertrou – en sodoende geoefende, en nog steeds spontane, wysheid binne die raamwerk van pastorale bediening na vore te bring Die uitdrukking van kreatiewe spel en die moontlikhede daarvan in die bediening, blyk uit my teologiese oortuiging dat kreatiwiteit deel van God se natuur is (Koppel 2015:8).

Osmer (2008:128) vra ter afsluiting die vraag: "How might we interpret [this] situation theologically?" Met die inligting van Hoofstuk 3 ter sprake, kan ons die woestynmetafoor gebruik om na die normatiewe taak (Osmer 2008:129) aan te beweeg. Wat behoort in die woestyn te gebeur? Die reisiger gaan nie oorweldig raak deur die hitte en sand nie, maar aanvaar dat die woestyn 'n tuiste is, dat ons Elim nie noodwendig soos ons droom-oase lyk nie. Die verduisterde toekomsverhaal kan nou begin realiseer – om tussen al die sandrommel iets van 'n oase te ervaar, om soos Moses moeite te doen om die woestyn te leer ken en alternatiewe metodes te vind om die woestynlewe op te vrolik. Die sinvolle benutting van wat ons reeds het, soos Moses se *moringa oleifera* waarmee hy die water by Mara soet gemaak het, is 'n belegging in nuwe insig en ten diepste ook 'n pastorale aktiwiteit.

Die aktiwiteit wat tydens die *leitmotiv* uitgelig word, is die materiaal wat in Hoofstuk 3 geknip word. Die sneespapier patroongedeeltes word in die volgende hoofstuk losgemaak en opgevou. Die klere se regte materiaalpante word nou aanmekaar geryg. Die kledingstuk is in wording: God wil vir ons 'n mantel van verlossing aantrek (Jes. 61). God skep nuwe werklikhede. Die Here spreek en dit gebeur. God se woorde is kragtig en keer nie leeg terug nie.

# HOOFSTUK 4
# NORMATIEWE NAVRAAG NA NARRATIEWE PASTORALE SPEL EN GEMARGINALISEERDE GEMEENSKAPPE

## 4.1 INLEIDING

Die postmoderne era plaas sterk druk op pastorale sorg en die funksionering van gemarginaliseerde mense binne ŉ gemeenskapsdinamika. Nadat ŉ definisie van pastorale sorg in Hoofstukke 2 en 3 ondersoek is, kan nou deeglik oorweeg word waaruit hierdie raamwerk kan bestaan.

Die *leitmotiv* het in die vorige hoofstuk op die oordrag van papier op die gekose materiaal gefokus. In hierdie hoofstuk word "die materiaal geknip en kan die pante aanmekaar geryg word". Hierdeur word die normatiewe vraag na die rol van spel in pastoraat uitgedaag. Soos die abstraksie van die patroon gebruik is, word teologiese konsepte gebruik om die soeke na hierdie antwoord te fasiliteer.

Hieronder volg ŉ opsommende model rakende die pastorale klem wat in hierdie hoofstuk uitgelig word.

***Tabel 4.1: Opsommende skema rakende die fokus binne Hoofstuk 4 met as klem die 3de sekondêre navorsingsvraag***

| **Outeur** | **Müller (2005)** | **White & Epston (1990)** | **Osmer (1996)** | **Browning (1996)** |
|---|---|---|---|---|
| **Hoofstuk 4** | Verduisterde toekomsverhaal | Eksternalisering en dekonstruksie | Die normatiewe taak | Sistematiese beweging |

Die psigologiese velde wat voorheen genoem is, word in meer besonderhede bespreek om pastorale teorievorming uit te lig. Tekortkominge, aan die een kant, en deurleefde integrasie, aan die ander kant, is sigbaar gemaak. Op hierdie wyse word direk by die derde sekondêre navraag aangesluit: "Wat is die normatiewe waarde van spel in die narratief-terapeutiese pastorale benadering binne gemarginaliseerde gemeenskappe?" Hierdie psigologiese velde kan tot die doel van pastorale teologie as ŉ fasilitering van die transformasie van die lewe vergestalt word (Gerkin 1984:64). Soos Dreyer (1998:28) dit gestel het, kan deur die integrasie van hierdie wetenskapsvelde op ŉ prakties-teologiese vlak, "… in die gees van refleksiewe verwetenskapliking af(ge)sien (word) van modernistiese opvattings van wetenskap".

Sodoende kan ŉ groter bydrae tot transformatiewe praktyke gemaak word. Hierdie nuwe betekenis kan bereik word sonder om in ŉ nuwe toepassingswetenskaplike model te verval. Dit is die "saadprojek", wat ook in Hoofstuk 3 genoem is, wat ek met hierdie studie wil bereik.

Aan die hand van Ward (2017:71) word ondersoek ingestel na die bydrae van "ministerial education" tot die teoretiese vlak van pastoraat. Hy het die werk van drie praktiese teoloë beskryf: Rogers (King's College, London 1906–1932) beskryf die wetenskap van bediening in sy boek, *An introduction to the study of pastoral theology*, Hiltner (Princeton Seminary 1961–1980) bied ŉ pastorale perspektief in *Preface to pastoral theology*, en Dykstra (Lilly Endowment 1989–2012) praat van die ekklesiastiese en pastorale verbeelding onder die opskrif *Pastoral and Ecclesial imagination*. Hierdie hoofstuk is opgeneem in *For life abundant* deur Bass en Dykstra (2008). Die eerste twee outeurs beklemtoon besinning of refleksie op die bediening as pastorale teoloë, eerder as om praktiese teologie te beklemtoon.

Hierdie drie beskouings dui op die normatiewe taak in die soeke na antwoorde rakende pastorale sorg in gemarginaliseerde gemeenskappe. Ward (2017:62) meen dat die stem van normatiewe teologie gebruik word om aan te toon hoe uiteenlopende bronne dikwels as ŉ riglyn en ŉ korrektiewe metode toegepas kan word. Hierdie riglyne word deur gemarginaliseerde gemeenskappe, sowel as individuele gelowiges, gebruik. So word dit moontlik om interessante en soms teenstrydige verhoudings tussen die normatiewe stem binne ŉ gemeenskap, sowel as by die bevestigde teologie van individuele gelowiges, waar te neem.

Clement Rogers, wat ter wille van ministeriële opvoeding aangehaal word, fokus op ŉ "positive science of pastoral ministry". Die belangrikste wat hier uitgelig word, is die bereidwilligheid van mense om by die praktyk van bediening betrokke te raak. Hierdie begrip het hy soos volg verwoord:

> *We may begin in our own parishes and by hard, disciplined thought try to make our work effective, searching out by what spiritual laws the healing of souls may be furthered, so we may fight the powers of evil in heavenly places and not as those that beat in the air* (Rogers 1972:36).

Volgens Osmer (2008:71) sonder Rogers veral die areas binne die pastoraal-teologiese veld uit. Hy fokus op toewyding, die Christelike waarheid en praktiese plig, wat hy die bediening van pastorale teologie noem. Hy sonder die bediener van die Woord uit as iemand wat leer terwyl hy werk. Hierdie "wag" behoort, volgens Müller (2000:64), as ŉ gefasiliteerde "wag" uitgevoer te word. Müller beklemtoon dit in die volgende woorde:

*Ons sal weer geleer moet word om te wag en verbaas te staan. Ons sal moet ophou om in 'n pastorale situasie dinge te wil bereik en te bewerkstellig. Ware pastoraat is nie resultaat-georiënteer nie, dit is wag-georiënteer* (Müller 2000:64).

## 4.2 FRAGMENT UIT DIE WAG-ORIËNTASIE IN MY EIE TEOLOGIESE REIS – DIE OOP, SWART SAMBREEL

*Ek wil nie swartgallig wees nie, maar die realiteit van die liggaamsaftakeling van meervoudige sklerose is onontkombaar. Wanneer ek op 'n laagtepunt beweeg, is my gees juis vatbaar vir psigologiese krake ook. Verskeie dinge het die afgelope tyd gebeur wat my wil-wil laat moed verloor, maar dit is werklik verstommend hoe God ons moedeloosheid weer in sy diens gebruik.*

*Gister het ek weer die normale ervaring gehad, soos ons almal maar het, dat ek moet maak asof ek alles onder beheer het. Ek het sommer net gaan sit en my gevoelens begin neerskryf:*

*Vandag voel ek weer soos die donker dogtertjie. Ons sit en wag vir die mense om op te daag – dit is vanmiddag wyksbyeenkoms by ons huis. Ons spring mos deur brandende hoepels wanneer ons "mense" kry. Die Bybelstudie handel oor Daniel 5: "Mené, mené, tekél ufarsin". Sal ek dan altyd maar voel asof ek geweeg en te lig bevind is? Wanneer kan ek 'n deur oopmaak en vars lug inasem sonder om die oordeel daarmee saam in my longe in te trek? Dit voel soms of ek nooit goed genoeg was vir my ouers nie en nou weer nie goed genoeg is vir my kinders nie. Maar nóú is nie die tyd om by my worsteling stil te staan nie.*

*My gedagtes het al klaar 'n intonasie van iemand wat in die teenwoordigheid van ander praat. Kan ek 'n jonger "ek" iewers gaan opdiep sodat 'n beter beeld op die doek van my huidige gelaat geprojekteer word? Hoe sal ek die twee saam kan sien, die hede en die verlede, so ver van mekaar, maar so onafskeidbaar? (Müller 2008:74).*

*Alles is gereed vir die biduur. Die verklarende Bybel lê leesgereed langs die vars koesisters, maar ek staan en ronddraai in die voorhuis met oorle' Oupa wat my op 'n versigtige afstand van agter horingoue glas dophou soos 'n mens na 'n vreemde, skurwe reptiel sou kyk. Sou hy geweet het van sy seun se seksuele voorkeur vir klein dogtertjies? Hier staan ek vandag met*

*my rits rotsvaste familiename en wonder of daar tóg 'n greintjie menslikheid in sy oë vir my sou wees? Die hoekige portretraam sê niks van skuld of onskuld nie. Ek weet, o ek wéét, Ouma sou tot in die punte van haar sobere sykouse geskok wees, maar sy het nie geweet nie. Niemand het geweet nie.*

*Ek kan nie nou my gedagtes laat gaan nie. Hier kom mense. Ek moet eerder regstaan, soos 'n hertogin op hoëhakskoene; en natuurlik, die glimlag wat jou laat lyk asof jy nog nooit eers van swaarkry gehoor het nie.*

*So gebeur iets totaal onverwags. Iemand het vir my 'n geskenkie gebring: 'n besondere Delft porseleinpotjie. Soos die potjie tussen hande aangegee word om te "ooooh" en te "aaaah", het die potjie per ongeluk op die vloer geval… Ons het sommer dadelik weer die stukke aanmekaargeplak, maar die krake was duidelik sigbaar. Onmiddellik het 2 Korintiërs 4:7 in my gedagtes gekom: "Ons wat hierdie skat in ons het, is maar kleipotte wat maklik breek."*

*Indien dié kosbare potjie nie sou geval het nie, was dit maar net nog 'n potjie op my rak. Nou is dit 'n inspirerende storie. Ons is juis bruikbaar omdat ons breekbaar is. Die donker dogtertjie kon weer glimlag.*

Bogenoemde gaan presies oor 'n verstaan van (epistemologie), en benadering tot die werklikheid. Die praktyk van narratiewe terapie is baie dank aan Müller verskuldig. Hy het sy geloofs- en teologiese reis op sy eie lewensverhaal ontwikkel. Hy is oortuig daarvan dat ervaringe in verhaalvorm vasgevang word en dat nuwe verhale gevorm kan word tydens nadenke en refleksie. Teologie word dan letterlik op 'n narratiewe basis, en nie op 'n argumentatiewe basis nie, gevorm (Müller 2011:2).

Ook Riana mag by 'n stadiger pas baat vind: Van Rensburg (2000:1–2) beskryf dit as "…a frame of mind with which one starts to paint one's picture of life and the world, (and which) determines how one's worldview will operate and how one's knowledge about the world and life will be structured."

Vir hierdie medenavorser sou ek graag die geleentheid wou gun om die normale weemoed oor alles wat verby is, te ervaar, om met optimisme vir die lewe te borrel oor alles wat nog moet gebeur.

### 4.2.1 Prakties-teologiese interpretasie

#### *4.2.1.1 Beskouing van pastorale teologie as herderskap*

Die voorafgaande beskrywing van armoede as marge, lei tot ŉ beskouing van pastorale teologie as formele onderafdeling wat vanuit die studie van Christelike herderskap ontstaan: "at its heart, shepherding is a perspective" (Hiltner 1958:15–16).

Dykstra (2008:57) fokus weer "on the practices that shape the minister ánd the congregation." Ek kan myself op alle vlakke met Dykstra se uitspraak vereenselwig:

> *Life lived long enough and fully enough in pastoral offices gives rise to a way of seeing in depth and of creating new realities that is an indispensable gift to the church, to all who are members of it, and indeed, to public life and to the world.*

Die uitbundigheid van ŉ volle lewe in Christus, word as die *telos* of einddoel van pastorale verbeelding beskou. Op normatiewe vlak is die volgende drie vrae, deur Bass (die mede-outeur van Dykstra se genoemde werk) gestel, die basis waarop die begrip van praktiese teologie gevorm word:

- Hoe word hierdie lewe, wat God as Skepper reflekteer, as een globale term "lewe", maar ook wanneer ons in ontelbare uiteenlopende individuele omstandighede versprei is, oordink en gereflekteer?
- Watter vorm van eietydse leefwyse, wat werklik binne die wêreld opereer, kan ook "truly life-giving" wees?
- Hoe kan so ŉ leefwyse op die lange duur deur die kerk bevorder word? (Bass & Dykstra 2008:43).

Hierdie vrae, wat teen ŉ normatiewe agtergrond gestel word, is onlosmaaklik verbind aan ekklesiastiese en pastorale verbeelding (Ward 2017:76). In die volgende hoofstuk word die pragmatiese geloofspraktyk rakende hierdie vrae bespreek.

#### *4.2.1.2 Wag as dissipline in terapie*

Daar word in die verhalende pastoraat nie met strategieë nie, maar met verantwoordelikheid omgegaan. Hierdie belangrike "wag op God" impliseer, volgens Müller (2002:65), nie ŉ lakse houding nie, maar skep ŉ geloofsverwagting wat deur pragmatiese optrede opgevolg word.

Linde (2020:251) beskou "wag" as selfdissipline en beskryf dit as "the noble art of waiting". Johannes die Doper het ook die ervaring van ŉ té vinnige optrede ervaar en is daaroor deur Jesus tereggewys (Luk. 9:55). Daarna het hulle [weer] die reis voortgesit.

Dit sal 'n voorreg wees om saam met die medenavorsers deur die "rou materiaal van die verledeverhale, te luister, te werk en te wag". 'n Deeglike ondersoek was nodig om die medenavorsers se verduisterde toekomsverhaal te ontrafel (Müller 2000:87). Shané, byvoorbeeld, is letterlik vasgevang in die krisis waarvoor sy oorspronklik hulp gesoek het, sowel as al die nuwe daaglikse krisisse. Volgens Müller (2000:12), is die storie wat deur ervarings in verhaalvorm ontwikkel het, moontlik juis 'n vernietigende storie wat nie na die toekoms deurvloei nie.

Retief (2004:24) poneer dat mense, soos in die geval van Shané, vir soveel jaar soveel emosionele energie spandeer in 'n poging om sterk te wees en te probeer, dat sy te lank daarin vasgeval was. In Shané se geval toon die gedragsfaktore 'n element van moeë gelatenheid, wat sy met verdedigingsmeganismes probeer rugsteun. Eintlik is daar 'n ernstige oorbelading van haar normale hanteringsmeganismes.

Müller (2000:12) verwys na 'n vasgeloopte storie – 'n verhaal wat nie met die oog op die toekoms vorm aanneem nie. Müller het dit soos volg beskryf: "Die uitgangspunt en basis van die verhalende benadering is dat daar 'n eenheid, maar tegelyk ook 'n inherente spanning, tussen die verlede, hede en toekoms, is." Daar word probeer om aan die eenheid, sowel as die spanning tussen verlede, hede en toekoms, uitdrukking te verleen. Hierdie uitdrukking word in die gedeelde verhale verwerk. Müller (2000:12) meen die narratiewe aanslag tot verhaalvorming en gesprekvoering is om met aktiewe en responsiewe luister die mens se verhaal so te ontgin dat dit uiteindelik as herformuleerde verhale stukrag en nuwe betekenis aan die lewe kan gee. Dit kan in hiérdie proses intergeneratiewe gedragspatrone aanraak.

#### *4.2.1.3 Normatiewe reflektering op die werke van Osmer, Müller en Browning*

Wanneer Müller (2000:87) verklaar dat die toekomsverhaal nie eksplisiet nie, maar wel implisiet funksioneer, is dit 'n bevestiging van die mening van Browning (1996:142) dat "the dimensions of practical reason are implicit in the narrative". Hier kan die onderskeid tussen praktiese beredenering en praktiese aktiwiteite onderskei word.

Browning (1996:8) verwys dikwels na die werk van Paul Ricoeur om die rol van etiese norme in 'n praktyk te beskryf (Osmer 2008:149). Die werke van Ricoeur, *The conflict of interpretations* (1974) en *Hermeneutics and human sciences* (1981) motiveer Browning se beskrywing van etiese norme. Browning se bekende praktyk-na-teorie-na-praktyk model, waarin daar op die basis van Gadamer (1982:289) staatgemaak word, staan uit. "... [he] sees hermeneutics as a broadly moral and practical enterprise that emerges out of the situations of our traditions of practice". Dit dui op verstaan as interpretasie en *phronesis* wat, as praktiese

wysheid van die normatiewe beweging, tot die wese van praktiese teologie deurdring (Bernstein 1983:38). Browning (1996:38) verduidelik dit soos volg:

> *Application to practice is not an act that follows understanding. It guides the interpretative process from the beginning, often in subtle, overlooked ways. Gadamer's hermeneutic theory clearly breaks down the theory-to-practice/text-to-application model of humanistic learning.*

Browning beskou die derde beweging as sistematiese beweging, vanweë die feit dat die intensie van sistematiese teologie, sowel as teologiese etiek, dieselfde sterkte inhou: "… both are concerned with living the Christian life" (Browning 1996:96). Die ritme van deskriptiewe, historiese, sistematiese en strategiese praktiese teologie is nie slegs onderafdelings van die formele teologiese ensiklopedie nie. Dit word eerder as bewegings van teologiese refleksie in alle praktiese, godsdienstige aktiwiteite beskou, selfs ook die aktiwiteite van opvoeding en sorg (Browning 1996:9).

Browning (1996:42) se verduideliking is eenvoudig. Hy stel voor dat teologie hoofsaaklik as fundamentele praktiese teologie beskou word. Onder hierdie algemene rubriek stel hy voor dat teologie die vier sub-bewegings van beskrywende teologie, historiese teologie, sistematiese teologie en strategiese of ten volle praktiese teologie, sal inhou. Hierdie onderskeidings is nie net binne die grense van akademiese teologie betekenisvol nie, maar open die struktuur van teologiese refleksie, ongeag waar dit voorkom – op die preekstoel, in die pastorale gesprek, in die beradingskamer, op die sendingveld, of in Christelike maatskaplike diens. Dit speel dan ook tans, in my eie posisionering ten opsigte van hierdie studie, 'n belangrike rol.

#### *4.2.1.4 Behoefte aan 'n teologiese brug*

Wanneer praktisyns die tradisionele dissiplines van praktiese teologie as toegepaste spesialisasievorme beskou het, het hulle dikwels hul werk tot die dinamika van die norm van transformasie beperk. Browning (1996:278) beantwoord hierdie moontlike beperking met 'n beskrywing van "the need for a theological bridge":

Dikwels is die brug tussen norme en die tegniese dinamika van transformasie nie gevestig nie. Transformasie het transformasie geword ter wille van transformasie. Verandering het verandering ter wille van verandering geword. Hierdie dissiplines kan oor die algemeen nou saamhang met verwante sekulêre dissiplines, daarom is die norme van transformasie dikwels daaraan ontleen. Die mees berugte voorbeeld hiervan was in Christelike onderwys en pastorale sorg, waar modelle van aanpassing, selfaktualisering of individuasie (alle konsepte

uit die sosiale wetenskappe) Christelike konsepte van menslike vervulling begin oorheers het (Browning 1996:278).

Osmer (2008:148) het *phronesis* as “practical moral reasoning” beskryf. Dit sluit aan by die diepgaande wysheid (sagely wisdom) as interpretatiewe moment, wat oorgaan in die profetiese onderskeiding van die normatiewe beweging. Browning (1996:194) beroep hom in hierdie opsig op die Christelike narratief “which adds very important ingredients to the functioning of practical reason”. Hierdie praktiese beredenering is die kern van die normatiewe taak (Osmer 2008:129), die sistematiese beweging (Browning 1996:228) en die verduisterde toekomsverhaal (Müller 2000:73) wat op eksternaliserende en dekonstruktiewe werkwyses (White & Epston 1990:43) aangepak word.

Osmer (2008:8) verklaar dat die gebruik van teorieë vanuit ander wetenskaplike terreine ŉ belangrike rol in die prakties-teologiese interpretasie speel. Die vraag ontstaan: Wat is veronderstel om in die situasie rakende pastorale spel in gemarginaliseerde gemeenskappe te gebeur? Osmer meen dat hierdie vraag die kern van die normatiewe beweging is. Hierdie vraag word deur hierdie outeur (2008:10) in drievoudige vorm uitgebeeld.

Eerstens behels dit ŉ styl van teologiese refleksie waarin teologiese begrippe gebruik word om bepaalde episodes, situasies en kontekste te interpreteer. In die lig van die mens se kennis rakende die Skepper, word nou die vraag gevra: “Hoe sou God kon optree? Wat is die relevante en toepaslike patrone van menslike reaksie?” Tweedens behels dit die taak om etiese beginsels, riglyne en reëls te vind wat relevant vir die situasie is en wat riglyne vir strategieë van aksie kan bied. Derdens behels dit die ondersoek na praktyke van die huidige Christelike tradisie wat normatiewe leiding in die vorming van patrone van die Christelike lewe kan bied.

Vanuit ŉ normatiewe oogpunt kan die vertroue in God as outeur van die lewe vasgelê word. God word die belangrikste medereisiger wanneer die mens “begin to change and journey toward the future” (Osmer 2008:183).

Browning (1996:7) bied besondere motivering om op normatiewe vlak te dink. Om prakties op ŉ vars en innoverende manier te dink en op te tree is moontlik die mees komplekse aksie wat ooit geneem kan word. Uiteindelik moet die gemeenskap die heilige tekste en gebeure, wat die bron vorm van die norme en ideale wat sy praktyke rig, heroorweeg. Dit bring praktiese vrae vanuit die gemeenskap na hierdie normatiewe tekste en sodoende kan ŉ gesprek tussen sogenaamde vrae aan hierdie normatiewe tekste gevoer word.

ŉ Nuwe, vars en kritiese praktiese uitlewing kan meehelp om meer gevestigde en voorspelbare kulture te vestig wat ŉ invloed op daaglikse gedragspatrone kan meebring. In

hierdie opsig word gepoog om met die twee verskillende vorme van die bordspel 'n verskil te maak.

In dié proses mag twee verskillende tale of dialekte ontwikkel. 'n Godsdienstige tongval, asook 'n meer filosofiese denkrigting "... to communicate these meanings to the outside world" (Browning 1996:6). Van den Berg (2006:5) is oortuig dat dit juis in die soeke na 'n beskrywende taal is waar teologiese skryfwerk vanuit 'n voortgaande kontekstuele verbondenheid relevant is. Dit sluit aan by Barth (1936:187–249) wat meen dat die gelowige gemeenskap in totaliteit by die Woord van God, soos dit in die Skrif geopenbaar word, moet aanpas. "This, I believe, is a classic expression of the theory-to-practice model of theology." In normatiewe verband kan Meylahn (2012:47) se woorde: "Being church and doing church as an open expectant system", sterk hierby aansluiting vind. Meylahn (2012) beklemtoon hiermee die mening van Hendriks (2004:24), dat teologie nie primêr as 'n naamwoord gebruik word nie, maar eerder die karakter van 'n werkwoord behoort te vergestalt.

Met ervaring alleen, kan nie veel vermag word nie (Müller 2000:10). Die bruikbaarheid van 'n ervaring word eers waargeneem wanneer dit moontlik is om dit in 'n verhaal te omskep. Müller beklemtoon dat die doel van die verhalende benadering *per se* nie is om die waarheid so gou as moontlik te ontdek nie; dit handel eerder oor die waarheid van hierdie mens wat voor my sit. Shané se storie is op sigself nie noodwendig van belang nie, maar haar ervaring en die vertel van haar storie kan vir haar lewensveranderend wees. Met al die nuwe krisisse wat daagliks in haar lewe voorkom, kan haar ervaring nie gelokaliseer word tot 'n plek en tyd in die verlede nie. Om hierdie rede word gestrewe na die beste aanslag ten opsigte van elke gespreksgenoot. Ek wil die regte *moringa oleifera* raakvat en vir hergebruik beskikbaar stel.

Tydens elke nuwe vertelling, word dit weer 'n nuwe ervaring. Dit is hierdie nuwe ervaring waarmee die pastor werk. Die dinamiek en ontwikkeling wat binne 'n tydraam afspeel, en in Riana se geval, deur die "lyfroom-teologie" versterk word, behels 'n proses van ontwikkeling. So ontwikkel die intrige van die verhaal. "Gebeurtenisse wat binne 'n bepaalde tydraam afspeel, ontwikkel in 'n spanningslyn met intrige en ontknoping" (Müller 2000:11).

### 4.2.2 Dinamika in die vorm van transformasie: fragmente uit verhaalstudies van die medenavorsers

#### *4.2.2.1 Shané se reis voortgesit*

*Met die speelse vraelys in bordspelvorm (Sien Addenda 7 en 8) wat op Freedman en Combs se werk (1996:49–50, 101–103) gebaseer is, vertel Shané dat sy nooit eintlik vriende gehad het nie, en steeds nie vriende het nie. Sy lig ook vir die eerste keer die*

*sluier op haar vrolikheid. Sy sê onomwonde dat sy bang is dat sy dit as verdediging gebruik en dat dit nie werklik 'n ware blydskap is nie. Wanneer sy vrolik is, gaan dit met almal om haar ook goed. Sy voel dat sy net altyd in beheer moet wees, en dit dreineer haar lewenskrag en energie. Alles wat sy uit haar verlede probeer verdring, dreig nou om haar toekomsverhaal te word (Müller 2000:41). Müller (2000:88) som een van sy kliënte se verhaal op met dié woorde, wat sterk aansluiting met Shané se verhaal toon:*

> *Sy deel hierdie hartseer inligting omdat sy eintlik worstelend met haar toekoms is. Sy sien nie kans dat haar kinders in 'n hartseer-milieu grootword nie. Sy sien nie kans om haar kinders sonder 'n teenwoordige pa-figuur op te voed nie, maar al die mans in haar lewe stel net teleur en sal ook waarskynlik 'n groot deel van hulle lewens in 'n gevangenis deurbring.*

*Die huidige man in Shané se lewe is juis pas vrygelaat omdat sy die saak teen hom teruggetrek het. Die verloofde wat sy tydens die aanvangsessie as "wrede seerower" uitgebeeld het, is in der waarheid wreed. Sy het weer 'n nuwe hofbevel teen hom verkry, maar hy het een nag by haar werk ingebreek en haar geld gesteel. Tydens die roosboomsessie het sy gesê dat die boom nooit water kry nie. Die roosboom se blare verlep en kan nie verder nie. Sy voel dat God die boom straf omdat die boom nie na reg rose produseer nie. Wanneer die rose wel klein, geel knoppies maak, is daar tóg die belofte van pragtige geel rose. Indien die roos wel sou blom, sal iemand dit seker tog maar net pluk en daarop trap. Dit bied aan haar 'n verduisterde toekomsprentjie van 'n swak selfbeeld; sy was eintlik nog nooit goed genoeg vir enigiemand nie.*

*Daar is gereël dat die kinders albei terapie ontvang. Sy het die geleentheid met albei haar hande aangegryp en glo dat die kinders met meer selfvertroue deur die lewe sal kan gaan as syself. Gerkin (1984:122) meen dat die werklike hermeneutiese vrae van die lewe gevra word wanneer jy nie meer weet hoe om vorentoe te leef nie. Haar toekomsperspektief het versteur geraak (Müller 2000:91). Haar lewensproses beweeg nie ongestoord vorentoe nie; haar emosionele pad is geblokkeer. Sy besef nog nie werklik dat sy nie die realiteit van die toekoms kan vermy nie. Die versteurde toekomsperspektief kan dalk nou vir haar die primêre motivering vir betekenisvolle verandering bied.*

#### ***4.2.2.2 Annalet se voortgesette rivieroewerteologie***

*Hoewel Annalet reeds soveel glinsteroomblikke beleef het, worstel sy steeds met 'n vasgeloopte toekomsverhaal. Pirsig (2010:11) gebruik 'n kosbare beeld van sy seun*

*wat saam met hom op sy motorfiets ry. Die seun het die hele tyd slegs teen sy pa se rug vasgekyk. Sy pa het wel soms die seun toegelaat om op die voetpedale te staan en sodoende ook 'n visie van die pragtige landskap voor hom te kan ervaar. Hy het nog altyd net teen sy pa se rug vasgekyk, maar nou het hy 'n "toekomsperspektief".*

*Hierdie verhaal, soos deur Müller (2000:92) aangehaal, bied 'n baie goeie beskrywing van Annalet se lewensverhaal. Sy kyk, by wyse van spreke, steeds teen haar pa, wat haar en haar ma net seergemaak het, vas. Wanneer sy die geleentheid gebied kan word om herhaaldelik oor die vasgelooptheid van dié verledeverhaal te kan praat, sal al die huidige glinsteroomblikke moontlik tot hulle reg kan kom. Annalet is nog nie verlos van die pyn wat haar pa haar aangedoen het nie, veral nie die feit dat hy eintlik vir haar ma se dood verantwoordelik was nie.*

*Tydens die proses van "teen haar pa se rug vaskyk", kan dit moontlik wees dat sy alle mans hierby insluit. Ek is opgewonde om saam met Annalet haar toekomsverhaal te herkonstrueer. Ook om die moontlikhede van 'n verhuising na 'n veiliger plek te kan fasiliteer en om toe te laat dat daar eers by haar 'n bewustheid van haar vasgeloopte toekomsverhaal kan groei. Dan kan daar moontlik 'n versterking van haar persoonlike identiteit, waarvan die saadjies reeds gesaai is, bewerk word deur die "positiewe herformulering van haar lewensverhaal" (Müller 2000:93).*

*Tydens die volgende samekoms is dekonstruksie en eksternalisering op 'n speelse wyse benader (Freedman & Combs 1996:49). In hierdie opsig is, soos deur Müller (2000:67) aanbeveel, "metode en tegniek" tot 'n eenheid geïntegreer. In die hoofstuk waar pragmaties te werk gegaan word, word hierdie speelse gebruik prakties uiteengesit en verduidelik.*

#### *4.2.2.3 Rochelle se vorming in die moederskoot*

*Rochelle se verduisterde toekomsverhaal begin reeds tydens haar selverdeling: amoebas, blastospore. 'n Embrio. Dit is haas ondenkbaar om te dink dat ons almal so begin het – mikroskopies, eiesoortig. So uniek en besonders soos wat God hierdie mens wou gehad het om op 'n spesifieke manier in sy wingerd te werk. Rochelle het veral die beklemtoning van Jeremia 1:5 op háár manier in haar hart bewaar: "Voordat ek jou in die moederskoot gevorm het, het Ek jou geken; voordat jy gebore is, het Ek jou aan My gewy."*

*Soms gee Rochelle die indruk dat, wanneer sy wel verwagtinge vir die lewe het, dit maar net weer vertrap word en verdwyn – wat waarskynlik gebeur wanneer 'n mens*

*min verwagtinge vir die lewe het. Dit beteken tog nie dat, as jy maar net die lewe se vuishoue aanhou aanvaar, jy nooit gelukkig kan wees nie? Gerkin (1984:122) meen dat die werklike hermeneutiese vrae van die lewe gevra word wanneer jy voel dat jy die einde van jou "probeer" bereik het. Gerkin meen ook dat, wanneer 'n mens regtig nie elke dag meer weet hoé om vorentoe te gaan nie, dit is wanneer jou toekomsperspektief versteur geraak het. Rochelle is moontlik nie fisiologies toegerus om ingeligte besluite te neem nie en raak dikwels gefrustreerd wanneer haar ouers besluite neem wat teen haar wense is.*

#### *4.2.2.4 Riana se ontwaking*

*Ek het soms ervaar dat Riana só graag na die wyere sisteem wou uitbreek, maar nie sonder 'n man aan haar sy nie. Tydens die eerste bordspelsessie het Riana, toe sy 'n woord moes kies vir die emosionele uitdrukking en beskrywing van haarself, dadelik die woord "dankbaar" gekies. Sy het gevra of sy haarself kan korrigeer en het toe "magteloos, moedeloos en rigtingloos" gekies. Wanneer sy wel die moed het om vir haarself op te staan, voel dit asof sy haar hand in die haai se bek indruk.*

*Sy sê dat sy altyd "pateties" was, maar dat sy graag uit haar gemaksone uitgehaal wil word. Dis net asof sy te bang is om uit te klim. Die bittere teleurstelling wat Willem haar aangedoen het, laat haar smag na 'n man in haar lewe wat vir haar kan opstaan en veg. Toe sy die gevoelens van magteloosheid, moedeloosheid en rigtingloosheid kon verander, is dit verander na "swart duiwel, vrees en uitspraak". "Daar is uitsprake oor my lewe gemaak. Willem het gesê ek sal nooit weer 'n man kry nie, ek is te pateties" – vandaar Riana se behoefte aan 'n man, 'n sterkte in haar lewe.*

*Op die vraag of daar tye was wanneer sy hierdie swart duiwel, vrese en uitspraak anders kon hanteer het, het sy gesê dat sy dit doodeenvoudig uitsny. Daar is nog baie werk in Riana se lewe nodig. Die bordspel sal weer en weer ingespan moet word. Na 'n afwesigheid van sowat vier maande, het die man in haar lewe toestemming gegee dat sy wel weer vir my mag kom kuier. Ek was werklik opgewonde om die bordspeletjies saam met Riana te verken.*

*Volgens Müller (2000:35) moet hierdie pragtige jong vrou eers weer bewus raak van vooroordele. Sy sal moet erken dat sy vooroordele het. Verder meen Müller ook dat daar 'n vorm van metakommunikasie moet plaasvind. "Dit is [letterlik] kommunikasie oor kommunikasie en kommunikasie oor ons vooroordele" (Müller 2000:36). Ek het daarna uitgesien om 'n gesprek met haar te voer waar haar vooroordele openlik*

*verwoord kon word sodat sy die geleentheid gebied kon word dat iemand haar help om van wanvoorstellings ontslae te raak.*

*Die manlike faktor waarmee Riana so geleidelik grootgeword het, het nes gemaak. 'n Nes waaromheen die voëls onrustig heen en weer vlieg, die woning weer uitmekaar pluk en aanhoudend van voor af begin sodat daar geen nuwe lewe gebore kan word nie (Barkhuizen-Le Roux 2016:19). Maar, uiteindelik sal Riana die gisterdae in die gesig moet staar, die swart duiwel, die vrees en die uitsprake. Dit is amper soos die agterpant van 'n trui. As jy dit aanhet, kan jy dit nie sien nie, maar dit is daar. Dit hou die res van die trui aanmekaar.*

### 4.2.3 Verwante inligting ten opsigte van die normatiewe navraag na spel in gemarginaliseerde gemeenskappe

#### *4.2.3.1 Praktykgerigte toepassing ten opsigte van medemenslike verantwoordelikheid*

Die plig en verantwoordelikheid om die medemens 'n beker water aan te bied wanneer dit nodig sou wees, is ononderhandelbaar. Om die beker water met liefde en sonder onderskeid aan te bied, is 'n opdrag van God. Reeds in Spreuke 19:17 het Salomo gesê: "Wie hom oor 'n arm mens ontferm, gee 'n lening aan die Here, en Hy sal hom ten volle vergoed". In Prediker 11:1 word 'n opdrag gegee: "Werp jou brood op die water, eendag kry jy dit terug." In sy brief aan die Korintiërs, skryf Paulus in hoofstuk 9:6: "Dink daaraan: wie karig saai, sal karig oes; wie volop saai, sal volop oes. Die skeidslyn tussen teorie en praktyk kan soms ragfyn wees. Wanneer daar vanuit die perspektief van die ervaring van God oor die praktyk besin word, vind praktiese teologie plaas (Müller 2005:73).

Pattison (2007:227) sluit by Paulus se woorde aan wanneer hy van 'n blymoedige gewer praat. Ward (2017:81) het Pattison se geloofsteologie soos volg verduidelik: [Hy] pleit vir pastorale teologie as 'n aanskoulike, tintelende en vonkelende praktyk. Dit is 'n lewendige praktyk wat tereg 'n plek in die hart van die kerk en in die woord daarbuite behoort te vind. Pastorale teologie is inderdaad juis die plek waar teologie in aanraking kom met die gedagtes, idees en praktyke van die wyer wêreld.

Helder, kleurvol en dansend is nie die prentjie wat my gees oproep wanneer daar aan die tog deur die woestyn gedink word nie. Tóg kon hierdie reis ook nie net negatief en sandverwaaid wees nie, al skyn die woestynson ook hóé fel. 'n Toekomsverhaal funksioneer implisiet (Müller 2000:8) en daarom sê Osmer (2008:128) dat daar tydens die tweede beweging op interpretasie gefokus word. Die vraag ontstaan hoe daar met die normatiewe gebruik binne

die Christelike tradisie met die gespreksgenoot dialoog gevoer kan word. Met Osmer (2008:128) se antwoord op hierdie vraag word Hoofstuk 4 as normatiewe moment ingelei: "You must take the further step of drawing on the beliefs and practices of this community in your ministry with [marginalized] people. This is the normative task of theological interpretation".

Ware pastoraat is wag-georiënteer (Müller 2000:64). Soos Moses, moet ek ook leer om met 'n verwagting in my hart te wág.

#### *4.2.3.2 Geloofsontwikkeling van die medenavorser tydens vroeë volwassenheid: die fase van konvensionele geloof*

Alle mense begin hulle pelgrimstog in die lewe as pasgebore babas (Fowler 1981:119). Gevorm in die koesterende beskerming van die menslike baarmoeder, word 'n kind met geboorte die realiteit ingedwing. Hierdie pasgeborene beskik slegs oor 'n vae vermoë om die lewe te hanteer. Dit word deur Fowler (1981:121) as ongedifferensieerde geloof bestempel. Die sinteties-konvensionele fase, asook die individueel-refleksiewe geloof (1978:174), is fases wat op hierdie studie betrekking het. Die ouderdomsperk van die navorsingsdeelnemers aan hierdie projek val binne die beskrywingskomponent van beide hierdie geloofsfases.

Fowler (1981:177) gebruik die verhaalstudie van "Jack" en het 'n greep uit hierdie lewensverhaal soos volg uitgelig: Toe Jack sy ouerhuis verlaat het om weermag toe te gaan, het dié verskuiwing beide geografiese en emosionele afstand gebring. Terwyl hy die ideologies kragtige en dreigende leerstellings van die Panthers teëgekom het, het dit hom vir die eerste keer gemotiveer om met kritiese bewustheid na die waardestelsels van sy grootwordjare te kyk.

Die ontleding van "die sisteem" wat deur die Panthers verskaf is, het hom nugter laat dink en tot die insig gebring dat ideologieë besondere geskiedenisse het en dat persone en groepe wêreldbeskouings het wat vanuit hulle spesifieke ervarings en lewensomstandighede ontwikkel het. Hy het ander mense begin raaksien, nie net as individuele persone met besondere eienaardighede en kwaliteit van temperament nie, maar hy het besef dat mense gevorm word deur hul sosiale klas, deur die groep, deur die ekonomiese toestande en geleenthede wat hulle erf en deur die ekonomiese toestande en geleenthede waarmee hulle en hul groepe worstel: "We may say, he became disebledded from his Synthetic-Conventional. Assumptive world view.His fisrst move beyond it, in a kind of counter-dependent step of opposition to it, was t embrace the explicit ideology of the Panthers, with its combination of black empowerment strategies and Marxist economic and semipolitical analysis (Fowler 1981:177).

Tydens Fase 3 van Fowler se beskrywing (1981:154) van geloofsontwikkeling (sien fases van volwassenheid soos aangepas uit Super, Savickas en Super (1996); en Louw en Louw (2015:153), met die aanvang van adolessensie, is outoriteit buite die self geleë. Dit is geleë in die interpersoonlik beskikbare "hulle" of in die gekwalifiseerde bekleërs van leiersrolle in instellings. Dit is nie om te ontken dat adolessente keuses maak of dat hulle sterk gevoelens en verbintenisse ontwikkel ten opsigte van hul waardes en gedragsnorme nie. Dit impliseer dat, ondanks hul opregte gevoelens, hulle wel keuses en verbintenisse gemaak het, en dat dit 'n meer korrekte oortuiging sou wees dat hul waardes en selfbeeld grootliks deur die belangrike rolspelers in hul lewens bemiddel is.

Om godsdiens te leef (Ward 2017:58) het ontwikkel as 'n manier om oor godsdiens, wat nie hoofsaaklik kognitief of leerstellig is nie, te praat. As gevolg hiervan moet godsdiensoortuiging nie gesien word as iets wat met 'n persoon se gedagtes of denke te doen het nie. Godsdiens is eerder 'n delikate mengsel van geloof en praktyk, en hierdie mengsel funksioneer in 'n sosiale omgewing.

Singer (1981:91–123) het dit soos volg beredeneer: Die mens se vermoë tot redenasie, asook die vermoë om vanuit die ander persoon se oogpunt na die lewe te probeer kyk, kan daartoe lei dat 'n mens toenemend wyer areas van sosiale ervaring insluit, om sodoende persone en groepe buite ons families, bure, en natuurlike groepe, nader te bring. Fowler (1981:177) moedig mense aan "to embrace the explicit ideology".

Midgley (1978), daarenteen, stel nooit 'n eksplisiete morele beginsel daar nie, maar bou 'n algemene beeld van wat sosiobioloë en ander natuurkundiges tot die etiek kan bydra. Dit kan help om veelvuldige en botsende menslike behoeftes en neigings beter te verstaan en help om binne ons "sentrale behoeftes" te leef (Midgley 1978:193). Vir Midgley vul instinkte en die vermoë om te redeneer, mekaar aan.

### 4.2.4 Interdissiplinêre perspektiewe ten opsigte van hierdie studie

Müller (2000:13) maan tot 'n versigtige aanhaling van psigoanalitiese modelle op 'n persoonlikheidsteorie van menslike gedrag uit onderdrukte aggressiewe instinkte uit die verlede. Die uitgangspunt is dat daar êrens in die verlede emosies sluimer wat hanteer moet word, sodat iemand optimaal kan funksioneer. Dilthey (1972:37) se mening het hierdie vermaning van Müller (2000:13) gerig, naamlik dat 'n mens net jou gees moet "leegmaak" en dan 'n verbeeldingryke identifikasie met die ervaring van historiese rolmodelle moet aanleer. Hierdie siening sluit aan by Riana se werkswyse voordat sy die narratiewe aanslag begin aanvaar het. Ander teorieë, soos ook die gesinsterapeutiese teorieë, is geneig om meer op die huidige en die funksionele klem te lê.

Die toekoms en die eenheid tussen toekoms, hede en verlede, kom nie tot sy reg nie. Brueggeman (1993b:120) meen dat, wanneer die toekoms die hele reis betrek, dit ŉ ontdekking is wat wonderlike nuwe geleenthede vir die verstaan van die lewe bied: "Telling the past and dreaming the future", solank dit ŉ beskrywing van ons hele bestaan inhou. Bellah (1985:302) noem dit "our effective history – how we got from the past to the present". Die fundamentele verskil is dus meer gemoraliseerd as fundamenteel van aard.

Narratiewe terapie fokus nie op tegniek-georiënteerde gesprekke waarin die vrae met presisie uitgemeet word nie. Die breë narratiewe benadering is gebaseer op verhale wat gespreksgewys na vore kom, solank die benadering die volgende gesprekswyse inhou: responsief-aktiewe luister; die nie-wetende posisie; en gespreksvrae wat vir die doel van hierdie studie op ŉ speelse wyse saamgestel is (Müller 2000:70). Hierdie gebruik van gespreksvrae en die betrekking van sosiale konstruksie, was ook sterk deur Boyd (1996:220) en Freedman en Combs (1996) voorgestaan en met groot verwagting in my eie praktyk gebruik. Ward (2017:41) sluit hierby aan wanneer hy sê dat teologie as ŉ debatsonderwerp tussen liberale en konserwatiewe uitgangspunte gebruik word. "In between the two extreme positions are approaches that attempt to link or correlate theology and experience". Root (2014:36) bevestig hierdie denke, naamlik "practical theology should adjust its attention to take account of the experience of God in people's lives."

#### 4.2.5 Filiaalterapie as ondersoekterrein ter versterking van die narratiewe onderbou: filiaalterapie of sistemiese familie- en gesinsterapie

Die belangrikheid van filiaalterapie as onderafdeling van ŉ postmoderne spelbenadering, word as een van die belangrikste ontwikkelings op die terrein van spelterapie beskou. Filiaalterapie is die innoverende aanslag wat in die 1960s deur Bernard en Louse Guerney ontwerp is om "parents as partners" (Landreth 2012:125) op te lei. Hierdie besondere aanslag is binne hierdie studie doeltreffend en effektief met Rochelle en haar familie gebruik.

Landreth (2012:38) se volledige definiëring van filiaalterapie werp meer lig op hierdie besondere aanslag:

> *Filial therapy is defined as a unique approach used by professionals trained in play therapy to train parents to be therapeutic agents with their own children through a format of didactic instruction, demonstration, play sessions, and supervision in a supportive atmosphere.*

Ouers word onderrig in basiese kindgesentreerde spelterapiebeginsels en -vaardighede wat die volgende kan insluit: reflektiewe luister, wat ook in die narratiewe benadering prominensie

verdien; herkenning en reaksie op kinders se gevoelens; en die bou van gespreksgenote se selfbeeld. Die strukturering hiervan vereis weeklikse speel sessies met ouers en kinders, waartydens 'n spesiale stel speelgoed gebruik word. Ouers leer hoe om 'n nie-veroordelende, begripvolle en aanvaarbare omgewing te skep, wat die ouer-kind-verhouding verbeter en sodoende persoonlike groei en verandering vir beide die kind en die ouer fasiliteer.

Hierdie vorm van terapie het 'n groot bydrae gelewer in die vorming en groei in die lewens van Rochelle en haar familie. Ek was aanvanklik onrustig oor die terapeutiese betrekking van Rochelle se pa, maar is deur Zilbach (1986:22) herinner: “It is not difficult to play!”. Dit was veral die ontdekking en betekenisse van die genogram wat vir Rochelle, asook vir haar ouer suster, baie beteken het. Die eksplorasie van gesinsgeskiedenis in terme van wat tans in die gesin gebeur, kon beter verstaan word. Daar is ook nuwe kragte ontgin wat voorheen in die gesinstruktuur verskuil was (Müller 2000:80).

Tydens sistemiese familie- of gesinsterapie neem die terapeut die rol van 'n fasiliterende “afrigter” aan. Aanvanklik was ek nie gemaklik met hierdie rol nie, juis omdat dit die “not-knowing” verhouding wat in die narratiewe aanslag (White & Epston 1990:53) gevolg word, kan negeer. Omdat dit egter meestal die hoofrede was waarom ouers om hulp kom aanklop het, het ek probeer om 'n weloorwoë balans tussen hierdie rolle te probeer handhaaf.

Die begrip “familieterapie” mag moontlik op 'n uitgebreide familie dui, terwyl met “family therapy” aanvaar word dat terapie binne 'n gesinsverhouding gebied word. Omdat ek hoofsaaklik met die uitgebreide familie werk, word op beide die terme familie- en gesinsterapie, gefokus.

Ek het daarop gekonsentreer om op die huidige gesinsdinamika te probeer fokus en die familie of gesin op so 'n wyse tot beter kommunikasievaardighede en beter “saamleven” (Ganzevoort 2006:1) te probeer lei. Danksy navorsing ten opsigte van die narratiewe aanslag, kon hierdie fokus werk.

Soms raak verhoudinge binne die familie- of gesinsisteem vasgevang in oordragspatrone wat van generasie na generasie oorgegee word en as intergenerasionele patrone gekenmerk word. Die waarde van die genogram (Corey 2013:409; Müller 2000:80;) is ingesien en benut. Soos genoem, het dit tot nuwe insig vir Rochelle se pa gelei.

White (1986:3) stel voor dat die interpretatiewe metode met betrekking tot gesinsterapie tydens filiale terapie gebruik behoort te word, eerder as om te fokus op een of ander onderliggende strukturele disfunksie wat die interaktiewe gedrag van gesinslede beïnvloed. Dit is interessant hoe persone hulle lewens rondom spesifieke betekenisse organiseer en hoe hulle daardeur onwetend tot die oorlewing van die probleem bydra. In my eie posisionering

ten opsigte van my pyn, wonder ek dikwels hoe ek mý lewe rondom sekere gedragstipes organiseer – en hoe dit aan my "probleme" bestaansruimte bied.

Louw en Louw (2016:10) bepleit 'n selfopofferende benaderingsgesindheid waar daar saam met die familie in die terapeutiese proses beweeg word. Volgens hierdie outeurs is dit in 'n dialogiese verhouding waar 'n derde spasie, 'n veilige ruimte, saam deur die betrokke partye geskep kan word. "Dialogies" verwys na 'n benadering wat op die feit dat mense inherent relasioneel is en dat die mens ten volle mens word deur 'n verhouding met ander, gebaseer is. Die kapasiteit en drang om betekenisvolle verhoudings met ander te vestig, is aangebore.

'n Verskeidenheid tegnieke kan tydens die sistemiese familie- of gesinsbenadering aangewend word. Ek het hoofsaaklik op tegnieke gefokus wat vir beide ouer en kind hanteerbaar was. Corey (2013:443) noem die tegnieke soos volg: "Techniques include genograms, teaching, asking questions, joining the family, tracking sequences, issuing directives, use of countertransference, family mapping, reframing, restructuring, enactments and setting boundaries". Veral die werk van Lowenstein, *Creative family therapy techniques: play, art and expressive activities to engage chidren in family sessions*, is met vrug in genoemde opsig aangewend (Lowenstein 2010). Ander voorbeelde van gesinsvriendelike spelaktiwiteite kan die gebruik van stories en wedersydse storievertelling, rollespel, tekeninge, poppe, sandterapie, dramatisering, klei en ander vorme van kreatiewe en ekspressiewe kuns insluit. Rotter en Bush (2000:173) verwoord die betrokkenheid van die kind in filiale terapie soos volg: "When children receive acknowledgment that they are important contributing family members, they become engaged in the process of addressing the issues."

Die kulturele agtergrond van 'n familie of gesin mag dalk nie positief op sistemiese terapie reageer nie. Die medenavorser Rochelle, en haar familie, was egter ontvanklik vir die konsepte van selfaktualisering, onafhanklikheid, die uitdrukking van die self en selfbeskikking, veral wanneer hierdie konsepte agter spel verskuil was (Gil 2015:44).

Vanuit 'n sistemiese perspektief word nóg die familie of gesin, nóg die individu, vir 'n probleem veroordeel. Corey (2013:451) verwoord dit soos volg:

> *The family is empowered through the process of identifying and exploring interactional patterns. Working with an entire unit provides new perspectives on understanding and working through both individual problems and relationship concerns.*

Die lig van hierdie "druk" is reeds bevrydend. Ek het ervaar dat, wanneer een familie- of gesinslid nie ontvanklik was vir eksplorering nie, familiële terapie met 'n sistemiese aanslag nie effektiewe uitkomste gelewer het nie. Dit was aanvanklik wel die geval met Rochelle se ouer suster, maar sy het algaande verander en haar volle samewerking gebied.

### 4.2.6 Invloed van lewensomstandighede op die individu

Steenkamp (2008:422), in haar boek vir die populêre mark, vertel die volgende kosbare verhaaltjie: 'n Wyse koning wou aan sy vier seuns illustreer hoe maklik 'n mens 'n oorhaastige oordeel kan vel. Toe stuur hy hulle op verskillende tye van die jaar om na die grootste lemoenboom in sy koninkryk te gaan kyk en aan hom verslag te doen van wat hulle gesien het. Hulle moes op dieselfde dag, en eers nadat al vier die boom gesien het, aan hom kom rapporteer.

Die oudste seun het in die winter gereis en kom vertel dat die ou boom soos 'n swart gebrande stomp lyk.

Die tweede seun kon sy ore nie glo nie. "Dit is dan 'n pragtige groen boom met welige blare," sê hy. Dié seun het vermoed dat sy broers na die verkeerde boom gekyk het. Hy was in die somer daar.

Die derde seun, wat in die lente gereis het, vra toe: "Het julle dan nie die boom se pragtige bloeisels raakgesien nie?"

Daarop het die jongste seun, wat in die herfs gegaan het, sy stuiwer in die armbeurs gegooi met die opmerking: "Julle praat van 'n droë stomp, of van welige blare en bloeisels, maar die beste van die boom – sy vrugte! noem julle dan nie eens nie."

Elke seun het die boom in 'n ander seisoen gesien, daarom kon nie een van hulle 'n omvattende beoordeling van die boom gee nie. Dikwels gebeur dieselfde wanneer ander se hele menswees op grond van een aspek van sy/haar persoonlikheid beoordeel word.

### 4.2.7 Beredenering tussen gespreksgenote en 'n prakties-teologiese aanslag

Soos die abstraksie van die "klerepatroon" in die *leitmotiv* beskryf word, word teologiese konsepte gebruik om bepaalde episodes of kontekste binne die gespreksgenote se leefwêreld te interpreteer en om etiese norme te konstrueer.

White en Epston (1990) het maniere van dink en werk ontwikkel wat op die "discontinuous, particular and local" gebaseer is – op die uiteensetting van die pynlike verhale van individue. Hulle beskryf dit as 'n "insurrection that lets people inhabit and lay claim to the many possibilities for their lives that lie beyond the pale of the dominant narrratives" (Freedman & Combs 1996:40).

Freedman en Combs (1996:39) haal die werk van White en Epston aan: Michael White voer aan dat daar selfs in die mees gemarginaliseerde en ontmagtigde lewens altyd 'n ervaring is wat buite die domein van die dominante verhale wat daardie lewens gemarginaliseer en

ontmagtig het, kan lê. Laird (1984:437) gebruik die begrip "unstory" om na diepgesetelde, moeilik vertelbare verhale te verwys. Müller (2000:87) se weergawe van hierdie "unstory" is die verduisterde toekomsverhaal. Hierdie verduisterde toekomsverhaal word in die volgende hoofstuk bespreek, maar Shané het reeds, met die erkenning van haar binnegevoel, 'n geleentheid geskep om hierdie implisiet-funksionerende toekomsverhaal te vertel en te deel.

Gadamer (1982) praat, aldus Browning (1996:243), dikwels van die hermeneutiese proses as die gee-en-neem – dit wil sê responsiewe kwaliteit van spel. Ek wil hierby aansluit met die vraagformaat wat in spelvorm omskep is. Browning noem dat die spelproses en ander nuwe aanslae betrekking het op Gadamer se "playful conversation". Browning het ook die kulturele rekonstruktiewe taak van praktiese teologie 'n proses van spel genoem. Alhoewel praktiese teologie 'n gesprek is, kan dit 'n speelse gesprek wees waartydens die verbeelding, wat vrae, navrae en sintese insluit, vrygemaak word. Die spelproses en ander nuwe aanslae het betrekking op Gadamer se "speelse gesprek": "Such a conversation, both grandly playful and gravely serious, permeates the worship at the [Church of God] and radiates to all aspects of its life" (Browning 1996:243).

Volgens Müller (2000:33) word persoonlike identiteit deur 'n breër kultuur-identiteit bepaal. Augsburger (1986:58) het dit met die volgende woorde beskryf: "Human beings are both inventors and inventions of culture". Delport (2011:9) meen dat daar 'n aaneenlopende interaksie tussen die drie dimensies van tyd, die verlede, die hede en die toekoms, is. Volgens O'Leary (1992:36) word sekere gebeure in 'n mens se lewe geselekteer en ontvang dié gebeure koherensie en 'n selfstandige samehang in die teenwoordige tyd.

Die Christelike hoop kan, aldus Müller (2000:43), slegs sinvol hanteer word wanneer dit vanuit die verlossingsteologie as basis hanteer word. Wanneer hoop en verlossing van mekaar geskei word, is dit bloot 'n manier om die werklikheid, ook die werklikheid van die verlede, te ontken. Dit is my hoop dat Shané nie in 'n maalkolk van hierdie wanhoop sal verval nie, juis omdat sy voortdurend met 'n gebrek aan perspektief aan die postmoderne terapie gekonfronteer word.

Wanneer die liefde in iemand se lewensverhaal skade gely het, word disharmonie en misverstand gevoed om sterker temas in so 'n persoon se lewe te word. Müller (2000:44) beveel aan dat daar juis dán nie met goedkoop hoop gesmokkel moet word nie. In so 'n geval versterk die hoop juis die ontkenning en vergroot dit uiteindelik die uitsigloosheid.

Die bedreiging van onvoorsiene gebeure wat nie geïntegreer word met die hier-en-nou nie, word as faktore waaroor die mens geen beheer het nie, beskou en veroorsaak dikwels onnodige spanning en angs (Serok 2000:4–13). Om weer ervarings wat moedeloosheid en terneergedruktheid veroorsaak, te balanseer, kan baie waardevol wees. Ek kan ook baat vind

by logoterapie wat nie, soos gedragsterapieë, eerstens op simptoomverwydering gemik is nie. Die klem kan eerder op die persoon se gesindheid teenoor sy depressiesimptoom geplaas word.

Bogenoemde invloed van die persoon op sy/haar probleem, sluit by White en Epston (1990:42) se aanbeveling aan, naamlik dat 'n stel vrae verder geïnkorporeer word wat 'n mens kan help om die omvang van die probleem met betrekking tot die mens se gedrag en fisies interaktiewe houdings en domeine te verstaan. Op so 'n stadium behoort die identifikasie van die invloed van die persoon op hulle lewens die geleentheid te skep om ook hulle invloed op die situasie of verwante persone te kan insien (White 1996:45).

Gil (2015:44) gebruik 'n verhaalstudie waarin die vrugbare kontak en werk met individuele volwassenes uitgewys word. In hierdie opsig word die roosboomfantasie (Oaklander 1988:192; Thomson & Rudolf 1996:30; Blom 2011:74-76) met vrug gebruik. Tydens die roosboomfantasie word 'n metafoor tussen die mens en 'n roosboom gebruik. Die ooreenkomste en verskille, bv. dorings, die hoeveelheid en kwaliteit van die blomme, heinings, of die afwesigheid daarvan, die teenwoordigheid of afwesigheid van diere, bye en goggas, word dan met die mens se eie lewe vergelyk. Johannes kon homself hiermee vereenselwig. Hy het besef dat hy in sy lewe nog baie probleemsituasies sal moet hanteer. Daar sal altyd bye wees wat soms pla en wat seermaak, maar die hantering van die bye lê nou binne sy eie vermoëns.

Müller (2000:42) meen dat die konsep van die Christelike hoop nie met 'n onverantwoordelike naïwiteit benader moet word nie. Om bloot die beloftes van God vir 'n beter toekoms te beklemtoon, is nie genoeg nie. Vanuit Bybelse beloftes word mense "opgeroep en uitgedaag" om te verander. Die hoop wat die Woord van God bied, bou op die verledeverhaal van Christus. Hierdie verhaal van ons Verlosser help om ons eie verledeverhaal af te handel.

Met paradoksale intensie word 'n persoon soms selfs aangemoedig om sy simptoom te vererger. Dit skep, volgens Frankl, die vermoë om 'n groter afstand van die simptoom te verkry.

Tydens die gebruik van "derefleksie" binne die eksistensiële aanslag, word van die gespreksgenoot vereis om bewustelik aan die positiewe kenmerke van 'n negatiewe situasie aandag te gee. Dit bied 'n geleentheid tot herinterpretasie van lyding ten einde die betekenis daaragter te begryp. Müller (2000:102) sluit hierby aan en bepleit die verbeelding van 'n ander, beter toekoms wat ten diepste as 'n geloofsaak beskou word.

Brueggemann (1993:14) beskryf hierdie herintegrasie as "imagination" en verwys hiermee na die teks in 1 Korintiërs 7:30–31: "Ja, die wat met die dinge van die wêreld te doen het, moet leef asof hulle daar niks aan het nie, want hierdie wêreld soos ons hom ken, is aan die verbygaan." Volgens Müller (2000:102) is dít verbeelding. Dit is hier waar die verhalende

terapie en die eksistensiële terapie mekaar ontmoet, hande vat en saam oplossings aan getraumatiseerde mense bied.

Alles in ŉ mens se lewe kan dus as "in proses" beskryf word. ŉ Rivier bied in hierdie opsig ŉ verstaanbare metafoor: die rivier bly ŉ rivier, maar daar is terselfdertyd ŉ konstante verandering (Hardy 1991:9–28). Die profeet Jeremia gebruik in hoofstuk 17:7–8 pragtige beeldspraak. Hy gebruik ŉ waterstroom as metafoor vir die voorstelling van God. Dit raak twee verskillende pole in hierdie studie aan. Aan die een kant beskryf hy die mense wat nie op God vertrou nie as woestynbossies in ŉ dorre plek, sonder die vooruitsig vir die toekoms. Aan die ander kant is daar mense wat wel op God vertrou, wie se wortels tot diep by die water reik, wat groen blare en baie vrugte dra. Annalet, juis met haar rivieragtergrond, kan waarlik as voorbeeld dien van iemand wat by die interdissiplinêre aanslag van narratiewe terapie, die Gestaltbenadering en die eksistensiële terapie, groeiwaarde vind.

### 4.2.8 Postmoderne aanslag: ŉ algemene oorsig wat vanuit die narratiewe terapie verbeeld word

Hierdie aanslag wat vanuit die narratiewe agtergrond verbeeld word, het my gemotiveer om drie psigologiese terreine by hierdie studie te betrek. Die narratiewe terapie, wat as die basis van hierdie studie dien, is in Hoofstuk 3 behandel. Die ander psigologiese terreine wat betrek is, word in hierdie hoofstuk uiteengesit.

Rochelle het reeds, weens kognitiewe beperking, positief op kognitiewe gedragsterapie vanuit die Gestaltterapeutiese veld, gereageer. Sy, sowel as haar (uitgebreide) familie, het ook filiaalterapie baie nuttig gevind.

Postmoderne benaderings het nie ŉ enkele oorsprong nie, maar is eerder ŉ gesamentlike poging van verskeie betrokkenes. Twee van die medewerkers aan die postmoderne vorme van terapie, Imsoo Kim Berg (1935–2007) en Steve de Shazer (1940–2005) fokus op "solution focused brief therapy", terwyl Michael White en David Epston (1990) ŉ sterk invloed op die ontwikkeling van narratiewe terapie het.

Die doel van hierdie vorm van pastorale sorg is om die manier waarop die gespreksgenoot probleme benader, te verander. Dus, om hom te help om "alles" in sy lewe in perspektief te plaas, en om ook saam met hom te reis ten einde spesifieke, duidelike, konkrete, realistiese en waarneembare alternatiewe uitkomste, wat tot verhoogde positiewe verandering in sy lewe mag lei, te kan uitvoer.

Die terapeutiese verhouding is gebaseer op ŉ samewerkende vennootskap. Die gespreksgenoot word as die kundige ten opsigte van sy/haar eie lewe beskou. Die terapeut

gebruik 'n bevraagtekenende dialoog om die gesrpeksgenoot (ongeag die ouderdom) in staat te stel om van probleemversadigde verhale en yl beskrywing bevry te word en om 'n nuwe, alternatiewe verhaal te skep (White & Epston 1990:82). Die "solution-focused" of uitkomsgerigte terapeut sal die gespreksgenoot probeer weglei van probleem-georiënteerde spraak na oplossende spraak. Die gespreksgenoot word aangemoedig om sy of haar sterk eienskappe te ondersoek en oplossings te skep wat tot 'n ryker, rustiger toekoms sal lei. Die narratiewe terapeut staan die gespreksgenoot binne 'n familiesituasie by om sy/haar probleme te eksternaliseer en om nuwe unieke uitkomste te ervaar en uit te leef (White & Epston 1990:55).

Die aanvaarding van 'n postmoderne, narratiewe, sosiaalkonstruksionele siening werp lig op hoe mag, kennis en waarheid binne die gesinstruktuur of ander sosiale en kulturele kontekste, beskou en hanteer word (Corey 2013:374; Freedman & Combs 1996:14). Freedman en Combs brei verder hierop uit: "An advantage that Michael White saw in the narrative metaphor was that a story is a map that extends through time" (Freedman & Combs 1996:15).

Die narratiewe benadering behels die aanvaarding van 'n fokusverskuiwing van die meeste tradisionele teorieë. Terapeute word aangemoedig om 'n samewerkingsbenadering te bewerkstellig wat 'n spesiale belangstelling in die volgende aanmoedig: respekvolle luister na die gespreksgenoot se verhaal; die soeke na vindingrykheid wat reeds deur die gespreksgenoot aangewend is; en om vrae op so 'n wyse te gebruik dat die gespreksgenoot betrek word en die verkenning van sy/haar verhaal vergemaklik word. Die samewerkingsbenadering kan tot voorkoming van etikettering van die medenavorser wees. Hierdie aanslag kan help om die invloed van die probleem op 'n mens se lewe te karteer, en hom/haar te help om die self van die geïnternaliseerde dominante verhaal los te maak. Hierdie fokusverandering lei daartoe dat "space can be opened for the creation of alternative life stories" (Freedman & Combs 1996:47).

Die terapeutiese "tegnieke" behels hoofsaaklik "change-talk" (Corey 2013:443) en die kreatiewe aanwend van vraagstelling (Freedman & Combs 1996:120). Hierdie kreatiewe aanwending van vraagstelling het sy oorsprong in Freedman en Combs (1996:47) se werk gevind. Soos in my eie verhaal (in Hoofstuk 1 vertel), het hierdie spesifieke vraagformaat (1996:49–50, 101–102) die kreatiewe sy in my na vore laat kom en het ek met verskillende bordspelvorms begin eksperimenteer. Die spesifieke vraagformate van Freedman en Combs het stadig, soos ook in die *leitmotiv* gesien, nuwe beelde in my kop begin vorm. Op hierdie manier is die bordspel gebore en het dit, soos met die uitknip van die klerepatroon, elke week verander en gevorder.

Die vraagformaat wat gebruik is (Freedman & Combs 1990; Tomm 1987a:3–12) sluit die volgende vorme van vraagstelling in:

- toekomsgerigte vrae;
- vrae vanuit die waarnemer se oogpunt;
- vrae om 'n onverwagte konteksverandering te visualiseer;
- vrae met 'n ingeboude voorstel;
- normatief-vergelykende vrae (vergelyk dit met die huidige standaard en fokus op die unieke uitkoms wat daaruit mag voortspruit);
- vrae wat hipoteses bekendstel; en
- vrae wat die proses op 'n positiewe wyse kan onderbreek.

Die toepassing van hierdie postmoderniteit as benaderingsoogpunt word as geskik beskou vir mense met aanpassingsprobleme (White & Epston 1990:80), angsverwante probleme en depressiewe neigings (Corey 2013:445).

Die bydrae van hierdie aanslag fokus op die sosiale en kulturele konteks van die gespreksgenoot se gedrag (White & Epston 1990:65). Corey (2013:447) verwoord dit soos volg: "Stories that are being authored in the therapy office need to be anchored in the social world in which the client lives". Die terapeut maak geen aannames nie. Die proses van "bevryding bemagtig die kliënt om 'n aktiewe agent" van sy lotsbestemming te word.

Die kompaktheid van hierdie benadering "fits well with the limitations imposed by a managed care structure" (Corey 2013:451). Die blaam word van die gespreksgenoot weggeneem; dit alleen kan as bevrydend beskou word.

Beperkings tydens hierdie pastorale sorgproses mag die volgende insluit: "There is little empirical validation of the effectiveness of therapy outcomes" (Corey 2013:453). Kritiek word egter ter syde gestel wanneer geloof, gebed en God as eksterne entiteite tot hierdie beradingsproses toetree. Daarom word die krag en belangrikheid van gebed in die groei na heelwording, baie hoog geag (Du Plessis & Müller 2007:1).

## 4.3 FRAGMENTE UIT VERHAALSTUDIES: DIE DINAMIKA VAN DIE NORM VAN TRANSFORMASIE

### 4.3.1 Shané se reis voortgesit

*Alles wat Shané uit haar verlede probeer verdring, dreig nou om haar toekomsverhaal te word (Müller 2000:41). Müller (2000:88) som een van sy kliënte se verhaal op met dié woorde, wat sterk aansluiting met Shané se verhaal toon:*

*Shané deel hartseer inligting van vriendeloosheid en gewaande vrolikheid omdat sy eintlik worstelend met haar toekoms is. Sy sien nie kans dat haar kinders in 'n hartseer-milieu grootword nie. Sy sien nie kans om haar kinders sonder 'n teenwoordige pa-figuur op te voed nie, maar al die mans in haar lewe stel net teleur en sal ook waarskynlik 'n groot deel van hulle lewens in 'n gevangenis deurbring. Die reëling van terapie vir die kinders het by haar waardering ontlok en kon vir haar versteurde toekomsperspektief dalk tog 'n tikkie nuwe balans besorg.*

### 4.3.2 Johannes se kaskarstorie

*Soos Müller (2000:78), vra ek ook graag vir mense om 'n verhaal uit hulle kinderjare te vertel. Nie die verhaal van hulle kinderjare nie, maar slegs 'n verhaal vanuit hulle kinderjare. Soos die storie van die koning se vier seuns aandui, het ek die indruk gekry dat ek nie werklik 'n omvattende mening (hoewel vanuit die nie-weet posisie) van Johannes se lewe kan gee nie. Dit is moontlik dat sy menswees op grond van een minder goeie seisoen in, of aspek van, sy persoonlikheid, raakgesien en uitgelig word.*

*Sonder dat hy daarvan bewus was, het Johannes vir die derde keer die verhaaltjie van die kaskar aan my vertel. Hulle was deur hulle pa beveel om die Sondagmiddag te rus, maar hulle het uitgesluip en met die kaskar teen 'n lekker afdraand naby die huis gaan ry. Eers toe hulle in die motorhuis vasry, het hulle Pa wakker geword en hulle moes die fisiese gevolge van hulle "ongehoorsaamheid" aan hulle eie lywe voel. Dit was vir Johannes 'n slegte ervaring, want hy was altyd 'n gehoorsame kind en wou nooit teen sy pa se opdragte handel nie. Ek het hierdie spesifieke storie op daardie stadium vir die derde keer aangehoor, daarom het ek besef dat dit 'n storie is wat hom steeds affekteer. Volgens Müller (2000:71) vorm dit onbewustelik 'n groot deel van sy identiteit. Met fasilitering en die gebruik van verskillende outeurs (Tomm 1987b:167; White & Epston 1990:47; Winslade, Crocket & Monk 1997:71; Freedman & Combs 1996:49) se bydraes oor vraagformaat, kon daar uiteindelik herinterpretasie plaasvind. Die hoop bestaan dat rekonstruksie op hierdie herinterpretasie sal volg.*

*Die verhaal uit Johannes se kinderjare se omskepping na 'n verduisterde toekomsverhaal, sal met geloof in God 'n nuwe toekomsverhaal uit die verledeverhaal kan skep.*

*Die verhaal verwoord tegelyk 'n vrees en 'n droom. Johannes lewe volgens die reëls wat sy ouers neerlê, maar dit lê terselfdertyd (onbewustelik) sy eie kreatiwiteit aan bande. Die feit dat hy dieper of groter insig het, soos die kameelperdprojeksie tydens die vorige sessie getoon het, mag moontlik hierdie onderdrukking van kreatiwiteit*

*bevorder. Met die herhaalde vertelling van die kaskarverhaal, is hy eintlik besig om toetsend en onderhandelend waardes neer te lê om in die toekoms na die ritme van sy eie voete te dans.*

### 4.3.3 Riana se donker kokosneutdop

*Toe ek Riana vir 'n volgende sessie ontmoet het, het sy 'n boekie van Victor Frankl, "Man's search for meaning: The classic tribute to hope from the holocaust" in haar hande gehad. Ek het besef dat sy by die eksistensiële terapie aanklank sou vind. Hierdie intensivering van die innerlike lewe het die gespreksgenoot gehelp om deur haar in die verlede te laat "ontsnap". Sy kon daardeur toevlug vind vir die leegheid, verlatenheid en geestelike armoede van haar bestaan. Müller (2000:12) noem dit 'n "vasgeloopte storie wat nét nie met die oog op die toekoms wil vorm aanneem nie". Ek het ook uit "Van ongenooi tot ingenooi" van Maretha Maartens (2020:205), 'n gedeelte van iemand anders se verhaal aangehaal: "onseker, onuitgesorteer en ongenooi". Riana het dadelik gevra of sy met nog "on"-woorde mag reageer: "ontbloot, onherbergsaam, onbewoon, onvrugbaar, onseker, ongeliefd". My emosies het ongenooid en onwelkom in my oë opgewel en oor my wange geloop ...*

### 4.3.4 My eie lewensverhaal in die lig van gebrokenheid: die toevou van die sambreel na die tsoenami

*Toe ek die vorige fragment uit my lewensverhaal met 'n vriend deel, het hy vir my van "kintsugi" vertel. Dit is 'n Japannese kunsvorm waar gebreekte erdewerk nie weggegooi word nie, maar herstel word. Hierdie herstelproses behels dat die krake met goud gevul word. Die pot lyk dan mooier, en is ook sterkter as voorheen. So het Jesus ook gekom om die krake in ons lewens met Homself te kom vul sodat ons weer sterker en mooier kan wees.*

*Wanneer Jesus se volgelinge hulle verwondheid en verwondbaarheid met mekaar deel, skep dit werklik gemeenskap met gelowiges. "Mense identifiseer eers met jou wanneer jy jou swakhede, jou krake, jou menslikheid met hulle deel. Dan word dit op emosionele vlak makliker verwerk. Nouwen beweer dat onderdrukte gevoelens die genesingsproses stuit: "The only feelings that do not heal are the ones you hide" (Nouwen 2013:n.p.; Nouwen 2020:aanlyn). Wanneer sterkte en prestasies voorgehou word, word 'n afstand geskep (Gilbert 2008:365). Die uitdaging in 'n mens se*

*lewe moenie wees om die beste speler ín die span te wees nie, maar om die beste speler ván die span te wees. Die idee is nie om die beste speler in die hele liga te wees nie, maar om deel van die beste span in die liga te wees.*

*Gerkin (1984:122) meen dat die werklike hermeneutiese vrae van die lewe juis gevra word wanneer jou toekomsperspektief versteur geraak het. Wanneer die lewe voortrol, gaan dit goed, maar wanneer blokkasies aangetref word, kan verledevrae nie meer ontwyk word nie (Müller 2000:92): "So gesien, is die versteurde toekomsperspektief die primêre motivering vir sinvolle verandering". Ek het onlangs die ervaring van 'n versteurde toekomsperspektief gehad en het nie geweet of die krake in my lewenspotjie voordeel of oordeel gebring het nie.*

*Ek kon die sambreel toemaak en weer die lig sien skyn. Die krake het (v)oordeel gebring, al was dit saam met pyn. Odendaal (2018) het dit op 'n eerbiedige wyse verwoord: "As jy nie 'n gekraakte erdepot is nie, kan God se lig nie in jou lewe inskyn nie. Dan sal jy lewe in die donkerte van jou eie bedompige donker siel." Vir my as 'n dogtertjie met 'n donker sambreel was Müller (2000:55) se siening betekenisvol, naamlik dat die narratiewe benadering nié met 'n pretensie van kragdadige moontlikhede vereenselwig word nie. In hierdie benadering is daar "juis 'n sensitiwiteit vir onontginde moontlikhede".*

*Die beeld van die kleipotte illustreer nie noodwendig die breekbaarheid van Paulus en ander evangeliedienaars nie, maar wel die "voortreflikheid van waarmee hulle as evangeliebedienaars optree". Paulus en Timoteus beskik in sy naam oor die "voortreflike krag" van kleipotte. God is die oorsprong van hierdie "kleipotte" se krag; dit kom nie uit hulleself nie. Dit manifesteer in hulle volharding, bó hulle vermoëns as evangeliedienaars (2 Kor. 1:8).*

*Dit voel egter soms of my emosionele krag saam met die potjie se val weggevloei het. Ek voel soms of ek êrens in almal se pad rondstaan, soos bagasie wat iemand iewers vergeet het. Nét wanneer die rofies sterk genoeg geword het om nuwe seerkry buite te hou, kom karring iemand weer met 'n skerp skalpel daaraan.*

*Waar daar vandag 'n klammigheid in my oë opwel, sal ek wel weer eendag in 'n truspieël terugkyk. Dan sal die truspieël hierdie pyn soos 'n lugspieëling weergee. Selfs die wind sal asem ophou en ek sal my verfris in die koel kentering wat agter op die horison speel. So is die lewe vir ons almal – niks*

*is altyd nét goed nie, maar elke dag is sy genade wel vir ons nuut (Klaagl. 3:22) en genoeg. Ook Moses moes, toe hy soms maar depressief wou raak, besef dat God daagliks vir hulle sou sorg. Die manna mag nie gebêre word nie, daar sál môre weer nuwe sorg wees (Eks. 16:1–34). Die dinamiese besef vir mý, vandag, is om te weet dat die buitengewone duursaamheid van God nie uit onsself nie, maar van God af kom.*

## 4.4 SAMEVATTING

Die normatiewe taak is 'n vorm van profetiese onderskeidingsvermoë wat op 'n spiritualiteit van onderskeiding gegrond is om ander te help om God se woord te hoor en in die spesifieke omstandighede van hulle leefwêreld daarop te let.

Met gemarginaliseerde gemeenskappe in die kollig, het pastorale teoloë die taak van praktiese teologiese interpretasie, om mense in dié gemeenskap te lei tot deelname aan die priesterlike, koninklike en profetiese amp van Christus. Om hierdie take goed uit te voer, moet die gespreksfasiliteerder, hoewel vanuit 'n nie-weet posisie, oor 'n ryke verskeidenheid kennis en vaardighede beskik. Dié uitvoerders van God se opdrag het meer as professionele bekwaamheid nodig. Hulle moet leer om, in spiritualiteit gewortel, op die leiding van die Heilige Gees te vertrou. Hulle bestaan in die Gees word geïntegreer op hulle leiding in Christus se liggaam en hierdie liggaam se diens aan die wêreld (Osmer 2008:29).

In hierdie hoofstuk is die normatiewe taak van praktiese teologiese interpretasie en verskillende modelle van kruisdissiplinêre dialoog ondersoek. Die gesprek tussen teologie en ander velde is 'n onderdeel van al die take van praktiese teologiese interpretasie. Hierdie inligting is in Hoofstuk 4 behandel omdat die normatiewe taak die vraag na die praktiese teologie se verhouding tot ander vakgebiede die duidelikste stel (Osmer 2008:173).

Die materiaal is betreffende die *leitmotiv* aanmekaar geryg en sodoende begin die kledingstuk al na iets bruikbaars lyk. In Hoofstuk 5 word die pante van die kledingstuk aanmekaar gestik, gestryk en opgehang. Hierdie praktiese handeling impliseer die pragmatiese beskouing van die rol van spel in gemarginaliseerde gemeenskappe.

Normatiewe teologiese perspektiewe bied interpreterende leiding om vas te stel wat gedoen behoort te word. Mense word egter nie geleer hoe om spesifieke episodes, situasies en kontekste in gewenste eindes om te skakel nie. Dit is die pragmatiese taak van praktiese teologiese interpretasie, wat in die volgende hoofstuk meer volledig bespreek word.

# HOOFSTUK 5 'N PRAGMATIESE BESKOUING VAN DIE ROL VAN NARRATIEWE PASTORALE SPEL EN GEMARGINALISEERDE GEMEENSKAPPE

## 5.1 INLEIDING

Wanneer persone leer om hulleself van probleme te distansieer, kan daar tot ŉ nuwe uitdaging of verwoording van hulle mensheid, persoonlikheid en liggame tot stand kom (White & Epston 1990:65). In hierdie opsig kan die Jill-X bordspel waarde tot bevrydende eksternalisering bied.

Browning (1996:10) sê dat daar, na 'n uitgebreide bespreking en illustrasie van die aard van ŉ fundamentele praktiese teologie, met die sub-bewegings van beskrywende, historiese, sistematiese en volledige praktiese teologie, geïllustreer kan word hoe hierdie siening van teologie in die praktyk van Christelike onderwys en gemeentelike sorg kan funksioneer. Daar is geen maklike antwoorde in ŉ kritiese praktiese teologie nie:

> *Religious meanings can free practical rationality to function all the better. It is not that they excercise practical wisdom in spite of their religious symbols and convictions; they excercise practical wisdom because of their religious symbols and convictions* (Browning 1996:12).

Ten opsigte hiervan argumenteer Browning (1996:10) dat godsdienstige narratiewe en metafore kán funksioneer om die werking van praktiese rede tot pragmatiese lewe te laat kom, energie te gee, bevryding te bewerkstellig en effektiwiteit te verhoog. In hierdie verband is narratiewe navorsing baie dank aan Browning verskuldig. Hierdie energieverskaffing en verbeterde effektiwiteit (Browning 1996:9) verwys na al die bewegings in die pastorale proses – kwessies wat nie waterdig van mekaar geskei kan word nie (Müller 2000:92).

***Tabel 5.1: Kompakte tabel rakende die pastorale klem in hoofstuk vyf met as fokus die 4de en laaste sekondêre navorsingsvraag***

| Hoofstuk | Müller (2005) | White en Epston (1990) | Osmer (2008) | Browning (1996) |
|---|---|---|---|---|
| 5 | Verledeverhaal geherstruktureer | Unieke uitkoms | Die pragmatiese taak | Strategies Pragmatiese beweging |

Bogenoemde verkorte opsomming beskryf die aksiestrategieë van verskillende outeurs wat in hierdie studie betrek was. Wanneer die *leitmotiv* as herhalende tema beskryf word, kan van die veronderstelling uitgegaan word dat daar in die vorige hoofstuk al 'n prentjie van die kledingstuk verkry kon word. Die materiaal is geknip en geryg, maar nog nie gereed om te dra nie. Die woordprent wat van die kledingstuk geskilder word, dien as motivering om in hierdie hoofstuk die bepaling van situasionele invloede te erken en aan te spreek. Die vraag:" Wat is die pragmatiese beskrywing van spel in die narratief-terapeutiese pastorale benadering binne gemarginaliseerde gemeenskappe?" word dus in hierdie hoofstuk uitgelig. Tematies beskou, word die pante van die rok stap vir stap aanmekaar gestik, gestryk en opgehang.

## 5.2 FRAGMENT UIT MY EIE LEWENSVERHAAL: VAN VERWOESTENDE YSWATER TOT WARM BRONNE

Omdat my verledeverhaal in 'n vorige hoofstuk vertel is, sal ek binne hierdie ruimte op die sinvolle benutting van die verledeverhaal fokus (Müller 2000:76). Hierdie verhaal word nie slegs vanuit 'n psigoterapeutiese invalshoek benader nie (Müller 2000:87). Volgens Gerkin (1984:121) word alle stories vertel met 'n onderdrukte, gefrustreerde begeerte om met jou lewe voort te gaan. Ek kon aanvoel hoe dit aangegroei en saamgevloei het om 'n swewende angsroep te word. Daar, op 'n laagtepunt, kon ek uiteindelik vir myself die hermeneutiese vraag begin vra: "It is when the way ahead is blocked that the hermeneutical question is or must be asked." Volgens Gerkin (1984:122) moet die hermeneutiese vraag juis gevra word wanneer die lewenslyn geblokkeer word:

> *What this reflection on my beginning counseling memories suggests is that there is a certain correspondence between the narrative quality of the self's hermeneutics and the first hermeneutical task of the counselor. Just as the individual self maintains its sense of being a self by means of narrative or multilayered story, so also the beginning phase of pastoral counseling is concerned with listening for that self story as it is present in the presenting stories of the person seeking help (Gerkin 1984:122).*

> *Die veelvuldige, opgeboude verhale in my lewe het gesmag na bevryding, om 'n herbelewenis wat as boumateriaal vir die konstruering van 'n toekomsstorie kon lei – juis vanuit die "weer beleef". Die verlede, hoe pynlik ook al, mag nie vergeet word nie, maar mag wel na 'n "gesonde herinnering" lei. Volgens Müller (2000:79) is ek besig om "boustene met die oog op die toekoms reg te skuif". Uit die rommel van my reeds vertelde verledeverhaal, moet daar na 'n aanvaarbare, optimistiese toekomsstorie gesoek word.*

*Wanneer ek gevra word om ’n verhaal vanuit my verlede te vertel, is daar eintlik twee, of dalk drie, “onbenullige” verhaaltjies wat prominent is. Ek vrees nou nog die losmaak van ’n gordel — die eiesoortige klap van leer op metaal het steeds ’n effek op my gemoed. Eerstens was dit die gordel van die oom wat my as kind gemolesteer het, en tweedens die gordel van my pa wanneer ek my dan swak gedra het. Pakkry was deel van my lewe en sommige van die tugtigings staan steeds uit as slegte verhale vanuit my verlede. As gevolg van my pa se agtergrond van swaarkry, asook sy outokratiese ouerskapstyl, het ek dikwels “gevoel” wanneer ek nie “gehoor” het nie.*

*Tog is daar ook heelwat (baie!) positiewe stories wat ek oor my opvoedingsjare kan vertel. Een van hierdie verhaaltjies staan uit as iets goeds wat plaasgevind het tydens die slegte tydvak in my lewe waarin ek herhaaldelik deur my oom gemolesteer is. My ouers het tydskrifte by ’n kwaai buurvrou gekry, maar sy wou dit terughê om te bêre. Ek het nie geweet dat dit nie ons boeke was nie, en het van die prente begin inkleur. Toe ek agterkom dat ek nou in groot moeilikheid was, het ek my begin staal vir die klank van die gordel wat moet tug. My pa het egter gereageer met: “Toemaar, Pappa sal sê dit was Pappa.”*

*Wou ek dalk onbewustelik gehad het dat iemand my emosionele laste sal oorneem? Was daar toe reeds ’n ernstige oorbelading van my normale hanteringsmeganismes?* (Retief 2004:18). *Dalk was ek tóé reeds psigies so verwond dat ek instinktief na hulp en positiewe uitkoms gesmag het? Hier is Gerkin (1984:122) se mening van toepassing: [Gerkin] “suggests that there is a certain correspondence between the narrative duality of the self’s hermeneutics and the first task of a counselor” My pa het dalk onbewustelik ook, soos Retief (2004:19) voorstel, “little patches of normality in a very abnormal world”, gebied.*

*Hierdie “little patches” laat my onwillekeurig aan die woestynmetafoor dink. In Genesis 36:24 vertel die Bybelvertaler: “Sibon se seuns was Aja en Ana. Dit is die Ana wat die warmbronne in die woestyn ontdek het terwyl hy sy pa Sibon se donkies opgepas het.”*

*In retrospeksie sien ek soveel “warmbronne” wat ek nie as jong kind as “little patches” van buitengewone seën raakgesien of ervaar het nie. Die warmbronne van Ana was waarskynlik aan die noordoostelike oewer van*

*die Dooie See geleë. Dit is bekend as Calirrhoe in die wadi Zerka Maion (Linde 2020:16). Zerka Maion is die Arabiese vertaling vir sandrivier of "groot leegte".*

*Dit voel soms of ek in 'n sandrivier of groot leegte vasval en nie weet hoe om daar uit te kom nie, maar Müller meen (2000:60) dat die werklikheid nie ontvlug moet word nie. Ons moet, inteendeel, juis maniere vind om betekenis te gee aan 'n dikwels onverstaanbare werklikheid. Ons moet ruimte maak vir die verrassende en onverwagte wendings wat die lewe kan neem (Müller 2000:61). Hierdie "ruimte maak" is mý verantwoordelikheid – ek is dankbaar dat ek kon leer om mý benadering tot die werklikheid aan te pas, om die Elims en die warmbronne te herken en te geniet! Hunter (2012:79) beklemtoon dat ons ons mag moet weggee. Jesus se selfopoffering vra dat ons bereid sal wees om te dien. Ons werk word nie vanuit 'n posisie van mag gedoen nie. Hunter (2012:85) vra die vraag: "What is authority built on?" Jesus self het hierdie vraag beantwoord: "... influence and leadership is built on service."*

### 5.2.1 Korrelasionele benaderings tot praktiese teologie – 'n transdissiplinêre dialoog

In Suid-Afrika staan Denton se werk, wat op die tussenvlak tussen pastoraat en Gestaltterapie funksioneer, as interdissiplinêre benadering uit. Hy verklaar, soos ek ook glo, dat "Gestaltteorie en die teologie die potensiaal het om as volwaardige gespreksgenote hanteer te word" (Denton 2010:152).

Volgens Osmer (2008:165–167) is daar drie aanslae waarvolgens 'n interdissiplinêre dialoog, soos vergestalt in 'n "post-foundational" teologie as beliggaming, tussen sielkunde en godsdiens kan plaasvind. Hy lig die volgende drie modelle as belangrik uit: korrelasionele modelle, transformasie-modelle en 'n transversale model. Hierdie transversale model is die mees onlangse aanslag om 'n dialoog tussen teologie en ander psigologiese velde, soos in 'n vorige hoofstuk bespreek is, te bereik. Osmer (2008:170) beskryf die betekenis van transversaliteit, soos in Hoofstuk 1 genoem, in die volgende veelbesproke woorde: "... lying across, extending over, intersecting, meeting and converging without achieving coincidence".

Hierdie model beeld die onderlinge verhouding van die dissiplines as interaktiewe netwerk van verskillende terreine uit en voer aan dat die menslike soeke na verstaanbaarheid versterk word deur rasionele kommunikasie oor hierdie netwerk heen. Hierdie intellektueel-oordeelkundige kommunikasie word met positiewe, parallelle ekwivalensie geassosieer.

In ’n spesifieke dialoog tussen die samewerkende terreine kan die waardes en perspektiewe van die gespreksgenote op sommige punte oorvleuel, wat ek ervaar het toe Johannes sy mening rakende die narratiewe aanslag met my gedeel het. Met sy negatiwiteit ten opsigte van die narratiewe aanslag het die pendulum na die anderkant geswaai, nadat beproefde spelmetodes saam met hom deurgewerk is. Dit het bevestig dat spel ’n belangrike komponent van die dialoog behoort te wees – in ’n gemarginaliseerde gemeenskap, maar ook in ander gemeenskappe.

Hoewel daar in ’n vorige hoofstuk verwys is na verskillende psigologiese terreine, asook na die geskiedenis daarvan, wil ek graag hier ’n nuwe kerkverwante fokus rig. Wanneer daar op hoofstroom protestantse pastorale sorg gefokus word, is daar drie verskillende fases wat opval (Browning 1996:246). Gedurende die eerste fase was die klem op ‘n een-tot-een, sielkundig-georiënteerde beradingsmodel waarvan die Freudiaanse psigoanalitiese sielkunde die raamwerk verskaf het. Die tweede fase het begin met die vroeë geskrifte in die loopbaan van Howard Clinebell in 1966. Die derde fase is uit verskeie tendense saamgestel. Hierdie tendense het die gemeenskaplike doelwit om die teologiese, etiese en kerklike bydraes van die moderne psigologieë te herwin sonder om die noodsaaklike Christelike kontekste van sorg te verloor. Dit sluit die wending na ’n hermeneutiese model van pastorale berading in, wat eksplisiet in die geskrifte van Gerkin (1984) voorkom.

Gadamer (1982) verwys dikwels na die hermeneutiese proses as ’n responsiewe kwaliteit van spel. Browning (1996:243) noem die kulturele rekonstruktiewe taak van praktiese teologie ’n proses van spel. Alhoewel praktiese teologie ’n gesprek is, is dit ’n speelse gesprek waar die verbeelding – die vrae, navrae en sinteses – vrye spel kry. So ’n gesprek, beide speels en ernstig, begin by die aanbidding van God en straal na alle aspekte van die kerklike lewe uit. Die aanpassing van die pastorale proses tot ’n spelvorm, is daarom, met verwysing na die werke van Gadamer en Browning, baie sinvol.

Indien dialoog die volle betekenis het wat in Gadamer (1982) se teorie van hermeneutiek uiteengesit word, asook dat kommunikasie die verlossing van geldigheidsaansprake behels (Habermas 1987:189), is die kommer oor kommunikasie en dialoog onder opvoeders, beraders, organisasiekonsultante, en vele ander, diepgaande. Dit kan op ’n nuwe begrip van teologie dui, soos in Browning se werke aangedui word. Dit verwys na die behoefte aan ’n fundamentele praktiese teologie met die bewegings van beskrywende, historiese, sistematiese en ten volle praktiese teologie (Browning 1996:293).

## 5.3 FRAGMENTE UIT DIE MEDENAVORSERS SE VERHALE

### 5.3.1 Riana se ontwaking

*Ek het soms ervaar dat Riana baie graag na die wyere sisteem wou uitbreek, maar nie sonder ŉ man aan haar sy nie. Tydens die eerste bordspelsessie het Riana, toe sy ŉ woord moes kies vir die emosionele uitdrukking en beskrywing van haarself op daardie stadium, het sy dadelik die woord "dankbaar" gekies. Sy het gevra of sy haarself kan korrigeer en het toe "magteloos, moedeloos en rigtingloos" gekies. Sy het sommer dadelik gesê dat dit haar aan die inenting teen pampoentjies, masels en Duitse masels laat dink: MMR. Op hierdie oomblik is daar weer ŉ nuwe metafoor vir Riana geskep. Sy moet letterlik "ingeënt" word teen die seer van die lewe.*

*Sy sê dat sy altyd "pateties" was, maar dat sy graag uit haar gemaksone uitgehaal wil word. Dis net asof sy te bang is om uit te klim. Die bittere teleurstelling wat Willem haar aangedoen het, laat haar smag na ŉ man in haar lewe wat vir haar kan opstaan en veg. Toe sy die gevoelens van magteloosheid, moedeloosheid en rigtingloosheid kon verander, is dit verander na "swart duiwel, vrees en uitspraak". "Daar is uitsprake oor my lewe gemaak. Willem het gesê ek sal nooit weer ŉ man kry nie, ek is te pateties" – vandaar Riana se behoefte aan ŉ man, ŉ sterkte in haar lewe.*

*Op die vraag of daar tye was wanneer sy hierdie swart duiwel, vrese en uitspraak anders kon hanteer het, het sy gesê dat sy dit doodeenvoudig uitsny. Daar is nog baie werk in Riana se lewe nodig. Die bordspel sal weer en weer ingespan moet word. Na ŉ afwesigheid van sowat vier maande, het die man in haar lewe toestemming gegee dat sy wel weer vir my mag kom kuier. Ek is werklik opgewonde om die bordspeletjies saam met Riana te verken.*

*Volgens Müller (2000:36) moet hierdie pragtige jong vrou eers weer bewus raak van vooroordele. Sy sal moet erken dat sy vooroordele het. Verder meen Müller ook dat daar ŉ vorm van metakommunikasie moet plaasvind. "Dit is [letterlik] kommunikasie oor kommunikasie en kommunikasie oor ons vooroordele." Müller (2000:36). Ek sien uit na ŉ gesprek wanneer sy haar vooroordele kan verwoord sodat sy die geleentheid gebied kan word dat iemand haar help om van wanvoorstellings ontslae te raak.*

### 5.3.2 Rochelle se drie varkies

*Een aand, terwyl ek vir my kleinkinders stories gelees het, het Rochelle geskakel om die volgende dag se afspraak te bevestig. Toe sy hoor dat ons "Die drie varkies" lees, het sy gevra of ek dit die volgende dag ook aan haar sal voorlees. Toe ek oor die*

*agtergrond van dié kinderstorie gaan nalees het, het ek dié verrassende inligting ontdek: Die Shakespeare-kenner, James Halliwell-Phillipps, het hierdie gunsteling die eerste keer in 1849 in sy Popular Rhymes and Nursery Tales opgeteken, maar 'n bekender weergawe daarvan het in die Australies-gebore volksverhaalkundige Joseph Jacob se English Fairy Tales (1890) verskyn. Walt Disney het 'n Oscar-toekenning vir sy animasiefilm Three Little Pigs (1933) gewen, waarin die drie die name "Practical Pig, Fiddle Pig en Fifer Pig" gekry het (Halliwel-Philips 2010:182).*

*Hierdie drie name het 'n kosbare nuwe metafoor in Rochelle se lewensverhaal geword. Die informele Britse vertaling van Fiddle beteken "to cheat". Fifer is 'n musikant wat tydens gevegte die musiekinstrument "fifer" ('n fluit) bespeel het. Hieruit het dit na vore gekom dat Rochelle dikwels die waarheid vermy deur haarself te bedrieg.*

*Die fluitspelende varkie het net gemaak asof niks slegs in die lewensgeveg bestaan nie en het dus die realiteit in sy lewe geïgnoreer. Die praktiese varkie het geweet dat die wolf altyd rondom hom gaan beweeg en dat hy praktiese planne moet maak om aan die wenkant te bly. Die herinneringe van 'n lewenswolf wat haar lewe versuur, was altyd in Rochelle se brein gegraveer, maar met hierdie deel van die storie het die praktiese werklikheid hiervan eers by haar geregistreer. As gevolg van konstante bedreiging het onverklaarbare gedragsmanifestasies deel van haar lewe geword. Kognitiewe beheer, wat nodig is vir volwasse gedrag, is waarskynlik nie volledig by haar ontwikkel nie.*

*Rochelle het dadelik by dié verhaaltjie aanklank gevind en besef dat die "wolf" in haar lewe daar is om te bly. Müller (2000:90) noem dit die paradoksale tema van die kosbare wat tegelyk ook is wat jou lewe bedreig. In plaas daarvan om die "wolf" van kognitiewe ingeperktheid te ignoreer of weg te wens, sal daar tydens die volgende sessies gepoog word om praktiese maniere te vind om altyd aan die wenkant te bly. Sy kon, op 'n wyse wat tegelyk delikaat en breekbaar is, nog nie haar innerlike krag heeltemal ontdek nie, maar sy kon wel 'n kosbare glimp daarop kry en behou. Tydens opvolgsessies sal veral op Freedman en Combs (1996: 49–50, 101–103) se vraespel gefokus word. Daar sal ook by die ander genoemde psigologiese terreine aangeklop word om hierdie praktiese bewegings vir Rochelle moontlik te maak en vars te hou.*

### 5.3.3 Shané se sout-sekuriteit

*Tydens 'n dag van "tuisskool" as gevolg van Covid-19 protokol, het ek vinnig by haar ingeloer om reëlings vir die kinders se terapie te tref. Haar kinders was besig om*

*ontbyt te eet. Een het genoem dat daar nie sout op die eier was nie. Sy het onmiddellik weer die "slegte ma" etiket aangeneem, maar in die proses is ŉ kosbare persoonlike metafoor gebore: sout. Sy is die sout in die potjie, maar is óf te bang om oor die kos uitgeskud te word, óf te minderwaardig omdat sy nie almal in haar lewe se kos kan geur nie. Sy is ook maar net een potjie sout... Sy hóéf nie die hele wêreld se kos te geur nie, maar sy hoef ook nie net in die potjie te bly en "laf" of onbruikbaar te word nie. Sy het hierdie sout haar hoop-sout genoem wat haar van nou af sal motiveer en maak dat sy kan voortgaan met die lewe, te midde van wat elke dag op haar skouers gelaai word. Ek wens dat ek vir haar ŉ beter toekoms kon verseker, maar dít is nie my taak nie. My roeping "is om ŉ situasie te fasiliteer waarin daar ŉ dinamiese beweging is na ŉ beter toekoms. Om ŉ situasie te skep waarin daar gedink en gepraat en verbeel kan word. ŉ Nuwe verhaal wat in pas is met die hoop van die evangelie" (Müller 2000:103). Haar reaksie sal my áltyd bybly: "Dan is dít hoe hoop lyk. En proe..."*

### 5.3.4 Prakties-teologiese verkenning van die pastoraal-teologiese landskap: die pragmatiese taak deur die lense van Müller, White en Epston, Osmer en Browning

#### *5.3.4.1 Osmer se strategiese aksie*

Osmer (2008:10) se vier momente word afgesluit met die pragmatiese moment. Die doel van hierdie "taak" is die oorgang na strategiese aksie wanneer die oorspronklike ondersoek verder gevoer word en praktykvoorstelle gemaak word: "to shape events toward desired goals" Osmer (2008:10).

Die pragmatiese taak is ŉ vorm van transformerende leierskap, gegrond op ŉ spiritualiteit van dienende leierskap: die neem van risiko's namens die gemeente om te help om ŉ missie beter te beliggaam as ŉ teken en getuie van God se selfopofferende liefde (Osmer 2008:29). Die "gemeente" is in hierdie geval die medenavorser. Dit is ŉ voorreg om met die gesprek hande te vat en in nuwe, kontemporêre idees en eksperimente en die herontwerp van waardeskepping te belê.

Osmer is ŉ ondersteuner van die narratiewe benadering, maar sê tog dat terapeute/navorsers "need to acquire a rich array of knowledge and skills" (Osmer 2008:29). Hierdie kennis en vaardighede word op speelse wyse gebruik om hierdie navorsing te onderskryf.

In Rochelle se geval, juis omdat sy op kognitiewe wyse ingeperk is, is die gebruik van spel telkens weer doeltreffend gebruik. Wanneer die praksis of die uitlewing van geloof ten doel

het om die praktyk te ontwikkel en volhoubaar te maak, eerder as om dit slegs te beskryf of te verstaan, is wanneer ons by Osmer (2008:4) se pragmatiese taak in die uitlewing van teologie aansluit: "The task of forming and enacting strategies of action that influence events in ways that are desirable"

Met Osmer in hierdie verband as agtergrond, voel ek vry om spelvorme op so 'n manier te ontwikkel en toe te pas: "models of practice offer leaders a general picture of the field in which they are acting and ways they might shape this field toward desired goals" (Osmer 2008:175–176). Riglyne kan vanuit spelterapie en ander genoemde psigologiese velde aangepas en gebruik word, terwyl 'n narratiewe epistemologie terselfdertyd beklemtoon word.

#### *5.3.4.2 Avontuurlike aambeeld (Freedman en Combs; White en Epston; Müller)*

White en Epston (1990:55) ondersoek die unieke uitkoms deur die kartering van die invloed van die lewensverhale. Müller (2000:55) het White (1993:55) se begrip van unieke uitkomste, wat kenmerkend van die pragmatiese taak is, aangehaal. Dit is vir hom belangrik om probleem-versadigde lewens aan te raak en die mens van sy potensiaal tot verandering bewus te maak. Hulle moet weet dat daar 'n oplossing binne hulle eie sisteem is. Vir White (1991:37) is dit ook belangrik om waar te neem wat tussen die verskillende sessies binne die konteks van die agtergrond van terapie gebeur. Freedman en Combs (1996:125) het dit soos volg uiteengesit:

> *A unique outcome does not have to be a triumph over the problem. A thought at odds with the problematic story, doing something differently in response to the problematic story, or making preparations to have a different relationship with the problem can all be unique outcomes* (Freedman & Combs 1996:125).

#### *5.3.4.3 Browning: 'n volhoubare strategies pragmatiese kwaliteit*

"Theory is always embedded in practice". Hierdie woorde van Browning (1996:9) bevestig die belangrikheid van die praktyk-teorie-praktyk struktuur wat ook deur Graham (2017:2) in 'n meer onlangse weergawe beskikbaar gestel is. Volgens Browning is die struktuur van teologie en die struktuur van konkrete praktyke dieselfde. Dit maak nie saak wat ons praktiese godsdienstige aktiwiteit is nie, dit verskyn implisiet in die bewegings van beskrywende, historiese en sistematiese praktiese teologie.

Volgens Browning (1996:213) behoort alle vorme van Christelike onderwys as opvoeding in fundamentele prakties-teologiese refleksie beskou te word. Die voortgaande sirkulêre beweging tussen praktyk en teorie sluit goed aan by die ontwikkeling in kontemporêre

praktiese teologie met 'n konstante reflekterende spiraalbeweging tussen praktyk en teorie (Browning 1997:84; Ganzevoort 2009:aanlyn). Van den Berg (2020:3) sê dat die refleksie tussen die teorie, wat deel uitmaak van akademiese skryfwerk, en persoonlike fragmente op 'n dinamiese wyse in skryfwerk vasgevang behoort te word.

In die geval van hierdie studie wentel die belangstelling rondom die area van pastorale sorg (Browning 1996:11). Om meer spesifiek te wees, is die fokus op die betrekking van ander psigologiese terreine geplaas om die rol van spel in gemarginaliseerde gemeenskappe te ondersoek en te bevorder. Ten opsigte van hermeneutiek en spel, het Browning (1996:243) Gadamer betrek, en wel soos volg: Gadamer praat dikwels van die hermeneutiese proses as die gee-en-neem, dit wil sê responsiewe kwaliteit van spel. Browning het vroeër reeds die kulturele rekonstruktiewe taak van praktiese teologie 'n proses van spel genoem. Alhoewel praktiese teologie 'n gesprek is, is dit 'n speelse gesprek waar die verbeelding – die vrae, navrae en sintese – vrye spel kry. So 'n gesprek, beide speels en ernstig, deurdring ons aanbidding en straal uit na alle aspekte van die lewe. Hierdie menings kan as toestemmende kern vir my motivering om hierdie navorsing te doen, beskou word. Om ou én nuwe vorme van spel by die proses te betrek, is mý uitdaging.

Browning het gepoog om die bespreking van die norme van die verandering en die bespreking van die dinamika van verandering saam te voeg. Hierdie norme en dinamika van verandering kan as die basiese doel van 'n fundamentele praktiese teologie beskou word (Browning 1996:279). Die vraag na die dinamika en toestande van transformasie is 'n onderwerp wat veral van belang is vir strategiese praktiese teologie. Al die moontlike tekortkominge van 'n fundamentele praktiese teologie kulmineer in volledig strategiese praktiese teologie en sluit met nuwe aandag by die voorwaardes van transformasie aan. Browning (1996:213) noem ook die belangrikheid van opleiding, wat as sentrale doel by die teologiese opvoeding aansluiting vind. In Johannes se geval beskou hy dit as toerusting – iets waaraan hy 'n groter behoefte het as waaraan voldoen word.

Die luister en empatie, wat van fundamentele belang vir pastorale berading is, moet ook verstaan word onder die rubriek van beskrywende teologie: Wanneer daar na 'n gespreksgenoot geluister word, word inligting nie bloot passief ontvang nie. Daar word geluister sodat daar vanuit 'n bepaalde sosiale en historiese perspektief gehoor kan word. Die luisteraar se poging om diep in die interne verwysingsraamwerk van die gespreksgenoot te tree, kan as tradisioneel beskou word. Ander word grootliks in analogie met 'n eie ervaring verstaan (Browning 1996:286).

Indien pastorale beraders 'n hermeneutiese begrip tot die epistemologie van hul werk sou bring, sou hulle "luister" as 'n oomblik binne die groter struktuur van dialoog beskou. Daarom is dit belangrik dat pastorale luister verder as slegs een gespreksessie beweeg.

Browning (1996:291) beklemtoon weer die belangrikheid van dialoog wanneer hy meen dat 'n hersiene korrelasiebenadering tot strategiese praktiese teologie 'n benadering tot kommunikasie as basis het. Dit veronderstel dat kommunikasie en begrip belangrike aspekte van die dialoog is.

### 5.3.5 Praktyk en teorie gefundeer

Omdat teorie altyd in praktyk gegrondves is (Browning 1996:9), is dit nodig om deeglik na die praktiese uitvoering binne die teologiese veld te kyk: "When theory seems to stand alone, it is only because we have abstracted it from its practical context. We have become mentally blind to the practical activities that both precede and follow it". Praktiese teologie fokus op die tasbare, die plaaslike, die konkrete en die beliggaamde (Van den Berg 2020:3). Miller-McLemore het aangevul dat dit in die praktyk en dit bly naby aan die lewe gegrond bly" (Miller-McLemore 1994:12).

Met hierdie gegrondheid in praktyk en in die lewe, word daar binne die raamwerk van Hoofstuk 5 na die pragmatiese taak en uitvoerbaarheid gekyk. Ek staan verstom oor die lewenservaring van die medenavorsers wat reeds op 'n ander wyse geïnterpreteer kon word. White (1989:5) beskryf dit as 'n uitbeweeg vanuit die probleem-versadigde beskrywings na 'n nuwe vryheid.

#### *5.3.5.1 Aanklank tussen gespreksgenote en 'n prakties-teologiese aanslag*

Soos die abstraksie van die "klerepatroon" in die *leitmotiv* beskryf word, word teologiese konsepte gebruik om bepaalde episodes of kontekste binne die gespreksgenote se leefwêreld te interpreteer en om etiese norme te konstrueer.

White en Epston (1990:30) het maniere van dink en werk ontwikkel wat op die uiteensetting van die pynlike verhale van individue gefokus is. Freedman en Combs beskryf dit as 'n "insurrection that lets people inhabit and lay claim to the many possibilities for their lives that lie beyond the pale of the dominant narratives" (Freedman & Combs 1996:40).

Freedman en Combs (1996:39) haal die werk van White en Epston aan: Michael White voer aan dat daar selfs in die mees gemarginaliseerde en ontmagtigde lewens altyd 'n ervaring is wat buite die domein van die dominante verhale wat daardie lewens gemarginaliseer en ontmagtig het, kan lê. Laird (1994:182) gebruik die begrip "unstory" om na diepgesetelde,

moeilik vertelbare verhale te verwys. Müller (2000:87) se weergawe van hierdie "unstory" is die verduisterde toekomsverhaal. Hierdie verduisterde toekomsverhaal word in die volgende hoofstuk bespreek, maar Shané het reeds, met die erkenning van haar binnegevoel, 'n opening geskep om hierdie implisiet-funksionerende toekomsverhaal te vertel en te deel.

Gadamer praat, aldus Browning (1996:243), dikwels van die hermeneutiese proses as die gee-en-neem, dit wil sê responsiewe, kwaliteit van spel.

Ek wil hierby aansluit met die vraagformaat wat in spelvorm omskep is. Met hierdie spel hoop ek om hermeneutiese waarde tot die vak te voeg. Browning noem dat die spelproses en ander nuwe aanslae betrekking het op Gadamer se "playful conversation". Browning het ook die kulturele rekonstruktiewe taak van praktiese teologie 'n proses van spel genoem. Alhoewel praktiese teologie 'n gesprek is, kan dit 'n speelse gesprek wees waartydens die verbeelding, wat vrae, navrae en sintese insluit, vryheid verkry. Die spelproses en ander nuwe aanslae het betrekking op Gadamer se "speelse gesprek": "Such a conversation, both grandly playful and gravely serious, permeates the worship at the [Church of God] and radiates to all aspects of its life" (Browning 1996:243).

Volgens Müller (2000:33) word persoonlike identiteit deur 'n breër kultuuridentiteit bepaal. Augsburger (1986:58) het dit met die volgende woorde beskryf: "Human beings are both inventors and inventions of culture". Delport (2011:9) meen dat daar 'n aaneenlopende interaksie tussen die drie dimensies van tyd, die verlede, die hede en die toekoms, is. Volgens O'Leary (1992:36) word sekere gebeure in 'n mens se lewe geselekteer en ontvang dié gebeure koherensie en 'n selfstandige samehang in die teenwoordige tyd.

Die lewensverhaal van Shané het hier betrekking. Die Christelike hoop kan, aldus Müller (2000:43), slegs sinvol hanteer word wanneer dit vanuit die verlossingsteologie as basis hanteer word. Wanneer hoop en verlossing van mekaar geskei word, is dit bloot 'n manier om die werklikheid, ook die werklikheid van die verlede, te ontken. Dit is my hoop dat Shané nie in die maalkolk van hierdie gebrek aan hoop sal verval nie, juis omdat sy voortdurend met uitsigloosheid gekonfronteer word.

Wanneer die liefde in iemand se lewensverhaal skade gely het, word disharmonie en misverstand gevoed om sterker temas in so 'n persoon se lewe te word. Müller (2000:44) beveel aan dat daar juis dan nie met goedkoop hoop gesmokkel moet word nie. In so 'n geval versterk die hoop juis die ontkenning en vergroot dit uiteindelik die uitsigloosheid.

Die bedreiging van onvoorsiene gebeure wat nie geïntegreer word met die hier-en-nou nie, word as faktore waaroor die mens geen beheer het nie, beskou en veroorsaak dikwels onnodige spanning en angs (Serok 2000:4–13). Om ervarings wat moedeloosheid en terneergedruktheid veroorsaak, weer te balanseer, kan, veral in die geval van Riana, baie

waardevol wees. Ek kan ook baat vind by logoterapie wat nie eerstens, soos gedragsterapieë, op simptoomverwydering gemik is nie. Die klem kan eerder op die persoon se gesindheid teenoor sy depressiesimptoom geplaas word.

Bogenoemde invloed van die persoon op sy/haar probleem, sluit aan by White en Epston (1990:42) se aanbeveling dat 'n stel vrae verder geïnkorporeer word wat 'n mens kan help om die omvang van die probleem met betrekking tot die mens se gedrag en fisies interaktiewe houdings en domeine te verstaan. Op so 'n stadium behoort die identifikasie van die invloed van die persoon op hulle lewens die geleentheid te skep om ook húlle invloed op die situasie of verwante persone te kan insien (White 1996:45).

Gil (2015:44) gebruik 'n verhaalstudie waarin die vrugbare kontak en werk met individuele volwassenes uitgewys word. In hierdie opsig word die Roosboomfantasie (Oaklander 1988:192, Thomson & Rudolf 1996:30, Blom 2011:74–76) met vrug gebruik. Tydens die roosboomfantasie word 'n metafoor tussen die mens en 'n roosboom gebruik. Die ooreenkomste en verskille, bv. dorings, die hoeveelheid en kwaliteit van die blomme, heinings, of die afwesigheid daarvan, die teenwoordigheid of afwesigheid van diere, bye en goggas, word dan met die mens se eie lewe vergelyk. Johannes kon hierdeur bbesef dat daar altyd probleemsituasies in die lewe sal voorkom. Daar sal altyd bye wees wat pla en wat seermaak, maar die hantering van die bye lê nou binne sy eie vermoëns.

Müller (2000:42) meen dat die konsep van die Christelike hoop nié met 'n onverantwoordelike naïwiteit benader moet word nie. Om bloot op die beloftes van God vir 'n beter toekoms klem te lê, is nie genoeg nie. Vanuit Bybelse beloftes word mense "opgeroep en uitgedaag" om te verander. Die hoop wat die Woord van God bied, bou op die verledeverhaal van Christus. Hiérdie verhaal van ons Verlosser help om ons eie verledeverhaal af te handel.

Met paradoksale intensie, word 'n persoon soms selfs aangemoedig om 'n simptoom te intensiveer. Dit skep, die vermoë om groter afstand van die simptoom in te neem.

Tydens die gebruik van "derefleksie" binne die eksistensiële aanslag, word van die gespreksgenoot vereis om bewustelik aan die positiewe kenmerke van 'n negatiewe situasie aandag te gee. Dit bied 'n geleentheid tot herinterpretasie van lyding ten einde die betekenis daaragter te begryp. Müller (2000:102) sluit hierby aan en bepleit die verbeelding van 'n ander, beter toekoms wat ten diepste as 'n geloofsaak beskou word.

Brueggemann (1993a:14), beskryf hierdie herintegrasie as "imagination" en verwys hiermee na die teks in 1 Korinthiërs 7:30–31: "Ja, die wat met die dinge van die wêreld te doen het, moet leef asof hulle daar niks aan het nie, want hierdie wêreld soos ons hom ken, is aan die verbygaan." Volgens Müller (2000:102) is dít verbeelding. Dit is hier waar die verhalende

terapie en die eksistensiële terapie mekaar ontmoet, hande vat en saam oplossings aan getraumatiseerde mense bied.

### 5.3.6 Fragmente uit die medenavorsers se verhale

#### *5.3.6.1 Johannes se Kades*

> *Johannes het dit as medenavorser op hierdie kosbare wyse verduidelik: "Ek is bly ek het 'n Kades leer ken, daar waar dit wou lyk of my pad deur alles versper word!" God se langtermynbeplanning het egter nuwe verrassings ingehou. Johannes het dit soos volg verwoord: "Sou ek nié by Kades moes vertoef nie, het ek nie die uitkoms van God wérklik na waarde kon skat nie."*

Kades was 'n fonteinryke oase tussen die sanderige berg-en-duin van die Paranwoestyn. Ter wille van die breër gesprek van die pragmatiese beskouing rakende die deurlopende woestynmetafoor, wil ek graag 'n wyle by Kades stilstaan.

Kades is aan die suidekant van Kanaän geleë. Toe die verspieders uitgestuur is, was die druiwetrosse uit Kanaän nog vars toe hulle daarmee na Kades terugkeer. Hierdie oase was nie meer net 'n staanplek nie, maar 'n nedersetting waar takkrale en kleihutte gebou is. Die gesaaides het gedy. Die belangrikste les van Kades is dat die Israeliete hiér die kuns van wag aangeleer het.

Müller (2000:63) lê sterk klem op die "aksie" van wag. Hy lig die verskil tussen die verledeverhaal se vertelling en die herformulering en herstrukturering van die verledeverhaal uit deur die begrippe "backtracking" (die vertel van die verledeverhaal) en "looping" te gebruik. "Looping" dui sterk op die voorbeeld dat die vervolgde daarin slaag om die agtervolger te ontduik (Müller 2000:93). 'n Mens word letterlik gedwing om jou lewensverhaal vanuit 'n ander perspektief te beskou. Dit gaan juis in die narratiewe benadering oor die "verstaan van (epistemologie) en benadering tot die werklikheid" wat aangepas word (Müller 2000:55).

Ook Estés (2008:59) sluit hierby aan:

> *I sense additional ground for this aspect of the psyche – not a transformation from mass murderer into Mr. Chips, but more like a person who must be in an asylum, but a decent place with trees and sky and proper nourishment, and perhaps music to soothe, but not banished to a back ward in the psyche to be tortured and reviled* (Estés 2008:59).

Die narratiewe benadering kom nie met 'n pretensie van kragdadige moontlikhede nie. "In hierdie benadering is daar juis 'n sensitiwiteit vir onontginde moontlikhede" (Müller 2000:55).

Johannes het juis hieroor gesê dat kleiner momente, tot dusver ongeag in die groter opset, geldigheid kan verkry. Hy sê dit sekerheid, met gespreide arms soos die reënkaros in Eugène Marais se “Dans van die reën”.

### *5.3.6.2 Riana - die dinosourus vasgevang*

*Toe ek op ŉ winderige Augustusdag by Riana kom, het my sak met speelgoed wat tydens ŉ ander sessie gebruik is, per ongeluk uitgeval. Die verraderlik groot, skrikwekkende geanimeerdheid van die dinosourusse het haar dadelik opgeval. Dit vir haar gevoel asof al die deure en vensters van haar gees oopwaai en sy absolute aanklank by hierdie geanimeerde, antieke reuse gevind het. Sy het dadelik gevra of sy die diere óók as metafoor mag gebruik. Die gevange dinosourus gee haar opnuut moed om haar gisterdae in die oë te kyk en aan te spreek en het ook aan haar die gevoel van beskerming gebied. Die “essential healing” en die “soothing” (soos in haar lyfroom-metafoor opgeteken is) sal kan begin wanneer die voëls, waarvan ook in ŉ vorige greep uit haar verhaal vertel is, ophou om die nuutgeboude nes uitmekaar te ruk.*

*Die dooie dinosourus bly steeds by haar spook en verteenwoordig vir haar die “swart duiwel, die vrees en die uitsprake”. Die verandering in grootte, waar die klein akkedissie nie die groot dinosourus kan aanval nie, het “haar kop laat oopswaai”. Sy het nog altyd geweet en onbewustelik geglo, dat die dooie dinosourus háár verantwoordelikheid is. Sy het hom met haar saamgedra, al het sy dikwels krom geraak onder die las van dié dooie gewig. Die klein akkedis het in grootte gegroei en bo die gevaarlike dinosourus uitgetroon. Sy kon die dooie dier met die gevange dier vervang. Dit het harde werk gekos, maar sy kon uiteindelik beheer neem.*



***Figuur 5.1: Fotobeeld van die dooie dinosourus wat tussen Riana en bevryding gelê het***

*Met 'n volgende kuier was die aand vol onweer, met wind wat ruk om stowwe en herfsblare onder die gloeiende buitelig deur te jaag. Met dié half onheilspellendheid in die natuur, kon ons in die beskutting van die studeerkamer gaan sit. Ek was bly dat sy 'n dierenaam aan haar probleem kon koppel en het met haar 'n verhaal van Chris Barnard uit Müller se "Reis-geselskap" (2000:97) gedeel: So het die verhaal in Müller se woorde vir haar hoorbaar geword:*

*'n Paartjie het gaan stap en iewers gestop om rustend teen 'n boom te sit-leun. Die tak het gekraak en uit die bars het 'n diertjie gespring. Hulle was só aangetrek deur die wollerige lyfie dat hulle die vreemde diertjie wou huis toe neem. Tuis het hulle die troeteldingetjie begin versorg en die beskutting van 'n nuwe "nes" probeer bied. Later het die dier egter groter geword en aan hulle al meer probleme besorg. Alles in hulle huishouding het naderhand om dié dier gedraai. Hulle het alles probeer om die dier, wat nou van oulike diertjie tot wilde gedierte gegroei het, te beheer. Hulle had 'n obsessie om die dier, soos Müller (2000:97) sê "enersyds te versorg, maar andersyds te beheer". Die bedreiging van so 'n reusagtige monster-dier het ook vir Riana in haar eie lyf gevange gehou. Hierdie speelgoed het haar aangemoedig om die dooie dinosourus neer te sit en dit selfs (en sélf) te begrawe. Wat 'n bevryding! Die wilde dinosourus sal, soos Rochelle se wolf, nooit regtig uit haar lewe wegraak nie, maar sy het nou 'n vangriem, 'n stérk vangriem, waarmee sy die dier kan inhok en beheer.*

*Met 'n volgende oggendsessie kon ons op 'n sonnige oggend weer by die studeerkamervenster uitkyk. Die vrugteboord was besig om homself rustig in rooibruin blare, in vallende herfskleure, te begin uitbrand. Die dae word rokerig, die sonlig verdik, en die diere in die natuur word rustiger. Ook Riana was rustiger, die dinosourus nou ook agter 'n rokerige weg-wees versluier. Riana weet waar sy die vangriem neergesit het, en waar om dit te kry wanneer dit weer nodig sou wees. Ons kon God dank dat hy tyd geneem het om om Riana met 'n duursame werkwonder te seën, en dat Hy die haastigheid wat tot 'n goedkoop "wonder" kon lei, rustig gemaak het. Sy kon pynbande bloedloos deursny en met nuwe veerkrag in haar tred die lewenspad aandurf.*



***Figuur 5.2: Foto-uitbeelding van waar Riana beheer geneem het van die bedreiging in haar lewe. Die bedreiging het nie verdwyn nie, maar kon daarna anders deur Riana benader word***

### 5.3.7 Interdissiplinêre perspektiewe

Miller-McLemore (2022:708) skryf dat Barbour (1997:78) vier interdissiplinêre posisies uitlig, naamlik konflik, onafhanklikheid, dialoog en integrasie. Miller-McLemore redeneer: "Although biblical literalism and scientific materialism seems like opposites, they share basic commodities typical of conflict models. They both seek knowledge with a sure foundation" Miller-McLemore (2022:708). Ten spyte van gevare wat provokatief mag voorkom, bly innemende godsdiens en sosiale wetenskap die kern waarop studie gebou word.

Sosiale wetenskap het, volgens Miller-McLemore (2022:712), meegehelp om praktiese teologie weer as studie-arena te laat funksioneer wat aan die voorpunt van prakties-teologiese navorsing sal bly. Sy skryf: "I urge theologians to quit 'picking on psychology' for promoting the me-generation (2003:26) and take it more seriously when trying to understand children's needs". Op bladsy 27 van dieselfde uitgawe bevestig sy dit: "If any discipline has given children a fresh voice and special place, it is psychology" (2003:27). In die geval van hierdie studie, kon hierdie "nuwe, vars stem" vir gemarginaliseerde persone gebied word.

### 5.3.8 Eksistensiële terapie

Die eksistensiële aanslag in terapie word beskryf as "more a way of thinking, or an attitude about psychotherapy, than a particular style of practicing psychotherapy" (Corey 2013:155). Dit word as 'n filosofiese aanslag beskou – 'n aanslag met 'n sterk invloed op die praktyk. Victor Frankl (1905–1997), Rollo May (1909–1994) en Irvin Yalom (1931+) word as die vaders van hierdie aanslag beskou.

Die belangrikste taak binne die eksistensiële benadering in hierdie studie was om die gemarginaliseerde gespreksgenoot se wese te begryp en ŉ persoonlike en outentieke ontmoeting met hom/haar te vestig. Die egtheid van die hier-en-nou ervaring, soos ook met terapie vanuit ŉ Gestaltsoogpunt, word beklemtoon. Beide die gespreksgenote kan deur hierdie ontmoeting verander en beïnvloed word. Müller (2000:35) meen dat daar ŉ doelbewuste bereidwilligheid moet wees om by mekaar se verhale betrek te word. Ek beskou dit as 'n baie spesiale ervaring om deur die medenavorsers oor die drumpel van hulle seer harte genooi te word. Empatie behels veel meer as as om net met begrip te luister. Empatie is ook nie slegs ŉ tegniek om dit wat ander sê, te reflekteer nie. Ek kon my werklik met ŉ nuwe lewensruim vereenselwig (Müller 2000:35).

Corey (2013) verduidelik die gebrek aan tegnieke tydens die eksistensiële aanslag soos volg: "Few techniques flow from this approach because it stresses understanding first and technique second (2013:442)." Metodologieë kan wel vanuit ander aanslae ontleen en binne die eksistensiële raamwerk toegepas word.

Die medenavorser, Riana, het interessante feite en aanslae rakende dié aanslag gebied. Die lewe het haar ook langs moeilike weë gedwing. Met Riana se agtergrond wil ek verwys na ŉ verwante rigting in die psigologie, naamlik die Amerikaanse humanistiese psigologie wat ook die mens as individu beklemtoon. Daar bestaan inderdaad ooreenkomste tussen die humanistiese psigologie en die eksistensieel-fenomenologiese benadering.

ŉ Mens kan selfs argumenteer dat hier nie soseer sprake is van twee rigtings nie, maar van twee uitdrukkings van dieselfde onderliggende tendens.

Rogers (1902–1987) se persoonsgesentreerde teorie beklemtoon die strewe van die individuele mens (Rogers 1980:34; 1986:29). In hierdie bydraes probeer Rogers om die totaliteit van die mens te behou deur alle gedrag onder een oorheersende neiging in te sluit. Hierdie neiging verteenwoordig die strewe na selfaktualisering. Selfaktualisering word gebruik om die toppunt in die nastrewing van behoeftes aan te dui.




***Figuur 5.3: Maslow se hiërargie van behoefte (https://prezi.com/i/qh3gbc1jjoh6/maslow-se-hierargie-van-behoeftes-)***

Dit wil soms voorkom asof Riana haar sosiale behoeftes, wat die sekuriteit van ŉ man insluit, met selfaktualisering verwar. Die versterking van sy innerlike lewe het aan Frankl (2008:50) as gevangene gehelp om ŉ toekoms te vind teen die leegheid, verlatenheid en geestelike armoede van sy bestaan. Frankl het, toe hy sy gedagtes vrye teuels gegee het, ervaar dat sy geheue gebeure uit die verlede opgediep het.

Volgens Frankl (2008:104) se logoterapie behoort die gespreksgenoot nie sielkundige hulp te ontvang deur op ŉ bed te lê en ontspan, soos dit jare al aan ons voorgestel word as die ideale metode nie. Inteendeel, aldus Frankl, “in logotherapy the patient may remain sitting erect but he must hear things which sometimes are very disagreeable to hear” (Frankl 2008:104). Hy bepleit ŉ vermindering van intro- en retrospektiwiteit, maar meer fokus op die toekoms, “that is to say on the meanings to be fulfilled by the patient in his future” (Frankl 2008:104). Die tipiese selfgesentreerdheid van die neurotikus word dus opgebreek in plaas daarvan om voortdurend gekoester en versterk te word.

Logoterapie fokus op die toekoms, naamlik op die betekenisse wat deur die navorsingsdeelnemer in sy/haar eie toekoms tot vervulling moet oorgaan. Frankl (2008:104) verduidelik dat logos ŉ Griekse woord is wat die term betekenis aandui: “... It focuses on the meaning of human existence as well as on a man’s search for such a meaning” (2008:104). Louw (2008:8) sluit by hierdie mening van Frankl aan en meen dat die klem veel eerder op die persoon se gesindheid teenoor sy depressiesimptoom geplaas moet word. Tydens paradoksale intensie, ŉ logoterapeutiese tegniese aanslag, word die persoon met die probleem selfs aangemoedig om die simptoom te intensiveer. Dit skep, volgens Frankl, die vermoë om groter afstand van die probleem te skep. Hierdie eksternaliseringstegniek word ook deur Michael White (1996) en Freedman en Combs (1996) aanbeveel. Frankl maak ook gebruik van die term “derefleksie” gebruik, waar daar van die persoon verwag word om bewustelik aan die positiewe kenmerke van ŉ negatiewe situasie aandag te gee. Dit bied ŉ geleentheid tot herinterpretasie van lyding ten einde die betekenis daarvan te begryp.

Frankl (2008:109) waag dit om te verklaar dat daar niks is wat ŉ mens so effektief sal kan help om selfs die ergste omstandighede te oorleef, as die wete dat daar sin in ŉ mens se lewe is nie. Frankl haal die wysheid van die woorde van Nietzsche in hierdie opsig aan: “He who has a why to live for can bear almost any how” (Frankl 2008:109).

Die mens se wil tot betekenis kan ook gefrustreer word, in welke geval logoterapie verwys na eksistensiële frustrasie. Hierdie frustrasie verwys na die bestaan self, die spesifieke manier van “wees” en die sin van bestaan – die strewe om konkrete betekenis in persoonlike bestaan te vind.

### 5.3.9 Ou woorde, nuwe akkoorde

Om die narratiewe benadering in terapie te gebruik om die verledeverhaal te herstruktureer, word van eksternalisering gebruik gemaak. Die eksternalisering van die probleem kan mense in staat stel om die negatief-dominante verhale wat hulle lewe vorm, agter te laat: "So word dit moontlik om ander betekenisse aan verskillende gebeurtenisse toe te ken" (Müller 2000:96). Terapie is juis sinvol wanneer dit as ŉ bemiddeling van hoop op ŉ beter toekoms gebruik word.

Müller (2000:96) maak gebruik van O'Hanlon (1994:19–20) se sewepunt agenda as oorsig oor die eksternaliseringsproses. In die eerste plek moet die probleem ŉ naam gegee word. Deur saam met die gespreksgenoot na ŉ naam te soek, word ŉ samehorigheid en vennootskap, wat téén die probleem werk, gebou. Hierdie stap kan alreeds as bevrydend ervaar word.

In die tweede plek kan personifikasie ten opsigte van die probleem toegepas word en negatiewe intensies kan eienskappe van die probleem aanneem. Derdens word geëksploreer om die wyses waarop die probleem ontmoedigend en destruktief ervaar word, aan die dag te lê. Freedman en Combs (1996:129) bied ŉ stel voorkeurvrae wat tydens hierdie fase van die proses gevra kan word om uit te vind of die gespreksgenoot hierdie tipe vrae as nuttig beskou, al dan nie.

Die medenavorsers het goed hierop gereageer en hierdie tipe reflektering geniet. Hierdie vrae handel oor die relatiewe invloed van die probleem wat spesifieke houdings, praktyke, oortuigings, emosies en patrone onderskei. Die omvang van die probleem kan ingesien word en so ook die besef dat die probleem nie slegs die betrokkene nie, maar ŉ hele reeks verhoudings en persone, betrek (White & Epston 1990:42–43). Ek het egter gevind dat hierdie spelmetode (Pachisi) langdradig mag raak en het dit met ŉ nuwe bordspel vervang, naamlik Freed X. Pachisi kan wel in gewone sessies, nadat die navorsing afgehandel is, gebruik word.

Daarna, in die vierde plek, word situasies waar die persoon nie deur die probleem ontmoedig is nie, herroep. Freedman en Combs (1996:50) se vrae is in ŉ bordspeletjie (Freed X) herskep om hierdie tipe vrae by die gemarginaliseerde oor aanklank te laat vind. Hierdie skrywers tref ook ŉ onderskeid tussen die intrige van die storie in ŉ aksie of ŉ bewustelike landskap (1996:102). Hierdie vrae kan na voor en na agter geweef word. In hierdie geval dui die lopers op die bord duidelik aan waar die gespreksgenoot hom/haarself op die spektrum van vraagformaat bevind. ŉ Fotobeeld van dié spel is as Addendum 8 aangeheg. Klik ook op die volgende skakel https://drive.google.com/file/d/1szmdmEMNBxunelwUvWPSa_Bv2cfmVsQq/view?usp=sharing om 'n uittreksel van die aanbieding van die bordspel te sien. Al die medenavorsers kon by hierdie bordspel aanklank vind. Dat hulle die "bord" huis toe mag neem

vir verdere besinning, is positief ontvang. Johannes het egter die vraagformaat, wat hy weer met vrug in sy bediening kan gebruik, verkies (Addendum 5).

Vyfdens word daar gepoog om saam met die gespreksgenoot historiese bewyse te ontdek, wat oor die potensiaal beskik om teen die probleem op te staan. Die feit dat die gespreksgenoot voortdurend besef dat hy eintlik meer bevoeg is as waarvan hy bewus was, word in hierdie opsig as onontdekte insig uitgelig.

In die sesde plek is dit die fasiliteerder se oogmerk om spekulasie te ontlok oor hoe die toekoms ten opsigte van hierdie probleem lyk. Müller (2000:98) sê dat 'n toekomsstorie hier "verbeel(d)" moet word. Hy gebruik die klassieke vraag in soveel woorde: "As julle so sou aanhou om weerstand te bied teen die gepersonifieerde probleem, hoe gaan jou lewe oor twee jaar lyk?" Weer eens kon al die navorsingsdeelnemers hulleself met hierdie vraag vereenselwig.

In die sewende en laaste plek versoek O'Hanlon (1994:28) dat daar 'n gehoor moet wees. Daar moet 'n gehoor ontdek of geskep word. Applous moet ontvang word vir die nuwe identiteit en nuwe storie wat besig is om te ontwikkel. Aangesien die probleem binne 'n sosiale konteks ontwikkel het, is dit nodig dat sake so gereël behoort te word dat die sosiale omgewing op 'n manier ter ondersteuning ingespan kan word. Die ideaal is dat die persoon vir iemand moet kan vertel wat hy/sy reeds bereik het. Sodoende word die ander persoon of persone nie alleen 'n gehoor wat applous gee nie, maar ook 'n ondersteuningstelsel. 'n Praktiese voorbeeld hiervan is Rochelle se aansluiting as lid by die tuisnywerheid. Wat 'n voorreg is dit om hierdie pragtige dogter se unieke uitkoms saam met haar te kan ervaar!

Kwessies wat tydens die eksistensiële aanslag aangespreek word, kan die volgende insluit: vryheid en verantwoordelikheid, verhoudings, sinvolheid versus sinloosheid, en die lewe en die dood. Hierdie feite kon die beweging van terapeuties- tot hermeneuties-georiënteerde pastoraat in veral Riana se geval moontlik maak deur veral op die erkenning en beklemtoning van die "… endeavour to read, understand and interpret texts within contexts. Hermeneutics underlined anew the importance of our human quest for meaning… (and) the importance of compassion: the dimension of pathos in theology" (Louw 2003:54).

Toepassings van die verskillende benaderings word veral gebruik wanneer daar ontwikkelingskrisisse en lewensoorgange ter sprake is. Eksistensiële kwessies en bekommernisse ten opsigte van die uitoefening van keuses, vryheid en verantwoordelikheid, die aanspreek van skuld- en angsgevoelens, die sin van die lewe, die verbetering van lewensgehalte en 'n goeie waardestelsel, word spesifiek aangespreek.

Bydraes tot interdissiplinêre benaderings fokus op die verstaan van die navorsingsdeelnemer se fenomenologiese wêreld, wat die kulturele agtergrond insluit. Bemagtiging binne

onderdrukte wêreld-omstandighede kry voorkeur, soos deur Frankl geïnisieer en geïnspireer: “He vividly remembered his horrible experiences in these camps, yet he was able to use them in a constructive way and did not allow them to dampen his love and enthusiasm for life” (Corey 2013:125). Die konstruering van haar realiteit kan vir Riana van groot waarde en betekenis wees.

Die beperkings waargeneem tydens hierdie uitgebreide beradingsproses dui daarop dat waardes van individualiteit, vryheid, outonomie en selfverwesenliking dikwels strydig is met kulturele waardes van kollektivisme, respek vir gesag en interafhanklikheid. Hoewel sommige mense afgeskrik kan word deur die afwesigheid van spesifieke tegnieke, sal ander meer op oorlewing in hulle leefwêreld fokus.

Die bydrae van die eksistensiële benadering word deur Corey (2013) soos volg verwoord: “Its major contribution is recognition of the need for a subjective approach based on a complete view of the human condition” (Corey 2013:449). Die toekoms het inderdaad ’n kragtige invloed op die mens se lewe.

Die toekoms is nie “iets wat êrens vorentoe sal gebeur” (Müller 2000:13) en nie ons teenwoordige lewe aanraak nie. Dit is deel van ons spanning en beplanning om die toekoms deel van ons teenwoordige tyd te maak. Die verlede mag nie vergeet word nie, want dit bepaal die lens waardeur daar na die toekoms gekyk word (Müller 2000:78): “As die lens van die verlede nie ’n helder beeld van die toekoms wil verskaf nie, moet die verlede herinterpreteer en herstruktureer, maar nie uitgewis word nie.” Dít is wat deur Müller as “heilsame vergeet” beskou word.

Riana het, moontlik deur die gebruik van ’n genogram en die dinosourus speelgoeddiertjies, vrede met haar gewese man kon vind. Sy sal gelei moet word om betekenis en doel in die lewe te vind, selfs al is dit sonder ’n man aan haar sy. Selfrealisering sal ingeoefen moet word. Eksistensiële en humanistiese terapeute kan dit as ’n sentrale taak beskou om die individu te help om ’n ryker en voller ervaring van die persoonlike eksistensie te bereik (Louw 2008:188). Dit wat anderkant die wanhoop lê, moet raakgesien word sodat ’n meer produktiewe en bevredigende lewe geleef kan word.

’n Poging kan aangewend word om, spesifiek vir Riana as gespreksgenoot, te lei om haar eie waardes te ontdek en daarvolgens te lewe. Die bordspel, Freed-X (Addenda 7 en 8) waarvan Freedman (1996:49) die leidende vrae aangebied het, het in hierdie opsig praktiese hulp verskaf. Persoonlike waardes moet ontdek word en ’n lewe moet daarvolgens ingekleur word. “Selfs die vermoë om depressief te wees, moet aanvaar en gerespekteer word” (Louw 1996:35). Soms moet, al dit dit slegs vae flardes van wanhopige onthougoed, raakgesien word sodat ’n meer bevredigende en produktiewe lewe geleef kan word.

### 5.3.9.1 *Spelmetodes: die redaksie in aksie*



***Figuur 5.4: Die 'redaksie' van spelmetodes***

Die redaksie aan tafel:

- Eerste ry (van links na regs): Richard Osmer, Julian Müller, Don Browning, Pete Ward;
- Tweede ry: David Epston, Michael White, Jill Freedman, Gene Combs;
- Derde ry: Virginia Oaklander, Gary Landreth, Fritz en Laura Perls, Viktor Frankl.

Hoewel daar menings van verskillende kenners en leiers op die gebied van narratiewe- en verwante terapievorme is, word onderstaande ruimte gebruik om na twaalf passievolle outeurs as tafelgenote in ’n interdissiplinêre gesprek, te luister. Hierdie twaalf gespreksgenote is nie huidige nuusmakers nie, maar hulle spore is nog lank nie weggevee nie. Elkeen van hierdie kenners het op hulle gebied uitstaande bydraes gelewer. Die applous sal nooit verstil nie; die oorkondes en belangrike sertifikate pryk wel nog teen êrens teen sepiagekleurde mure. Die

vrae wat vir hulle gevra word, is derhalwe nie twyfelvrae nie, maar eerder 'n drang om ou bekende dinge op 'n nuwe manier te verken.

Ek kan my voorstel hoe Vince Lombardi, afrigter van die Green Bay Packers, 'n Amerikaanse basketbalspan 'n bekendstelling van hierdie mense sou doen: "Gentleman (and ladies…) – we're going to relentlessly chase perfection – knowing full well we won't catch it 'cause nothing is perfect. But, we are going to relentlessly chase it because in the process we will catch excellence." Die mens sal nooit die perfekte dienskneg kan wees nie, maar die doel om te inspireer, soos Hunter (2012:xxx) dit verwoord: "should not be perfection, rather continuous improvement." Dáárom is dit belangrik om beterweterigheid met beskeidenheid te vervang (Cunningham 2003:191).

Die twaalf tafelgenote wat reeds in hierdie studie bekendgestel is, word nou tot 'n interdissiplinêre gesprek uitgedaag. Die sirkulêre aksie tussen praktyk en teorie word in die formulerings van die verskillende gespreksgenote gereflekteer en sluit aan by die kontemporêre ontwikkeling in praktiese teologie (Browning 1996:84, Ganzevoort 2009:aanlyn).

Tot dusver is daar in hierdie studie op kontinue wyse aan die menings van vier spanne leiers op die gebied van terapeutiese uitgangspunte aandag gegee. Dié outeurs het gemaklike leiersrolle aangeneem sonder om hulle stempel as algemene ykmeesters af te druk. Die studie is deurlopend begrond op die verskillende uitgangspunte van Osmer, Müller, White en Epston, en Browning. Om die interdissiplinêre sirkel te voltooi, is die volgende outeurs redaksioneel hierby betrek: Jill Freedman, wat die motivering agter die bordspel is; Gene Combs as haar kollega en mede-outeur, en dan ook Pete Ward, Violet Oaklander, Gary Landreth, Bernard en Louise Guerney en Victor Frankl.

Met Osmer (2008:52) as redakteur is hierdie gesprek geensins slegs 'n reeks argelose argumente nie, maar berus dit veel eerder op 'n diep diskoers wat aan die vereistes van 'n teologiese basis te voldoen. Osmer meen juis dat so 'n aanslag na die vorming van nuwe patrone, soos in hierdie studie gebruik is, kan lei (Osmer 2008:14). Osmer (2008:5) meen ook dat daar op 'n dekonstruktiewe empiriese wyse gepoog kan word om die konteks, praktyk en missie van moontlike hulpverleners te beskryf (Osmer 2008:336).

Volgens Müller (2000:10), die eerste skrywer naas die redakteur, staan die wêreld voor 'n nuwe uitdaging om uiteenlopende kulture op so 'n wyse bymekaar te laat aansluit dat dit 'n nuwe geestelike en sosiale samehorigheid kan verseker (Müller 1996:123, 129). Volgens Müller (2000:10) wil hy juis nie hê dat die verhalende benadering hoofsaaklik vermaaklikheidswaarde sal inhou nie, maar dat die grein van die lewe deur vertelde verhale blootgelê sal word (2000:10). Die wyses waarop hierdie verhale vertel word, verskil en kan

juis daarom ’n groter groep betrek. Ontmoetings met elke mens se storie as riglyn, kan mense in gemarginaliseerde gemeenskappe tot nuwe, verrykende geleenthede lei. Sodoende kan elke persoon die geleentheid gegun word om self te beleef watter impak sy/haar lewensverhaal op hom/haar het.

Hierdie twaalf outeurs bied motivering om in ’n narratiewe pastoraal terapeutiese situasie, waarby nuwe spelaanslae betrek word, steeds vanuit ’n “not-knowing”-posisie op reis te gaan. Freedman en Combs (1966:44) beskryf dit soos volg: “our knowledge is of the process of therapy, not the content and meaning of people’s lives”. Om hierdie gesprek rondom ’n tafel te regverdig, sê Van den Berg (2020:13) dat die verrekening en die funksionering en invloed van verskillende diskoerse ’n belangrike rol in die verstaan van die gespreksgenoot se lewe speel.

Müller (2000:37) voer aan dat hierdie verhalende werke nie met ’n pretensie van kragdadige moontlikhede verwar moet word nie. Hy beklemtoon eerder die herhaling van verhale, sodat hierdie verhale juis, en uiteindelik as herformuleerde verhale, nuwe betekenis en stukrag van die lewe kan gee (Müller 2000:12). Hiermee laat Müller nuwe strategieë, soos in verskillende spelvorme gevind kan word, toe om ’n rol te speel waar teenstrydighede letterlik in ’n nuwer verhaal geïntegreer word. Hy verklaar ook dat baie verskillende metafore, wat sterk waarde tot hierdie studie toegevoeg het, in die nadenke oor ’n toekomsverhaal ’n rol kan speel (Müller 2000:99).

Elke lid van hierdie redaksie lewer dus ’n beskeie bydrae vanuit ’n spesifieke psigologiese veld. Daar bestaan dus geensins die afdwing van aanslae op hierdie werk nie. Dit is juis, volgens Van den Berg (2006:4), in hierdie situasie waarin narratiewe, metafore en assosiatiewe netwerke van betekenis, ’n sentrale rol kan speel. Müller (2000:36) poneer dat daar nie van empatie sprake kan wees as daar nie ’n gewillige toetrede tot die ervaringswêreld van die ander kan wees nie. Hy glo egter ook dat die pastor se kundigheid juis in die bemeestering van ’n “eerlike nie-wetende posisie” geleë is. Vrye en gelyke kommunikasie word nagestreef sodat die gespreksgenoot tot ’n eintlike deskundige bemagtig word. Hiermee word teologie juis op ’n narratiewe-, en nié ’n argumentatiewe basis nie, gevorm.

Die derde tafelgenoot, Don Browning, is juis hier aan tafel weens sy roeping om met gemeenskapswerk korrektiewe raamwerke te probeer vorm, om sodoende ’n bydrae te lewer: “to help communities change and renew their praxis” (Browning 1996:79). Hierdie vernuwings van die praksis, wat vir die doel van hierdie studie ook spelmetodes insluit, vorm deel van die strategieë wat op akademiese, sowel as op narratiewe vlak, verantwoordbaar moet wees (Browning 1996:213).

Browning se werk staan uit in die opsig dat sy bydrae die praktyk as basis impliseer. Browning (1996:10) se sirkulêre en voortgaande beweging van praktyk na teorie na praktyk verdien

vermelding. Browning (1996) beskou dit as 'n soort hermeneutiese sosiologie: "Practical theology describes practices in order to discern the conflicting cultural and religious meaning that guide cultural and religious meaning that guide our action and provoke questions that animate our practical thinking" (1996:48). Hierdie praktyk wat ons handeling rig en vrae uitlok om ons praktiese denke te animeer, kan grootliks as kern van hierdie navorsingsprojek beskou word.

Ward (2017:98), as volgende teoloog aan die gesprekstafel, beskryf hierdie leerstellige nadenke as 'n proses waarin 'n verskeidenheid kennisvorme, insluitend die teoretiese bronne van die Christelike geloof, ter terapeutiese intervensie aangewend word. Volgens Ward (2017) kan hierdie finale fase groei inhou: "This final stage involves the creation of specific pastoral strategies that grow out of the preceding stages and seek to make a difference in the original pastoral situation" (2017:99). Jill Freedman verwoord dit as "a turning point for me" (Freedman & Combs 1996:12). Soos dit vir haar (Freedman & Combs 1996:21) 'n keerpunt verteenwoordig het, het dit vir my 'n praktykgerigte basis vir gespekvoering op 'n speelse wyse, gebied.

Hierdie oefensessie (Freedman & Combs 1996:22) bied nie 'n rigiede voorskrif vir hoe 'n gesprek moet verloop nie. Dit is 'n leerkurwe en hulpmiddel, eerder as 'n onbuigbare voorskrif of resep. 'n Toekomsstorie word verbeel(d) deur 'n bewustheid wat groei oor die vasgelooptheid van 'n huidige verhaal (Müller 2000:92). Elke persoon sal sy eie aanklank en tempo met hierdie vraagformaat van Freedman vind. Die idee is, volgens Freedman en Combs (1996:41), juis om binne die narratiewe aanslag te werk om die rykdom van verskeidenheid van tegnieke van die toepassing van narratiewe- en ander spelterapietegnieke bymekaar te bring.

Die kwessie van magspolitiek by so 'n uitgebreide gesprek kan nie negeer of ontken word nie. Freedman en Combs (1996:37) toon groot waardering vir die wyse waarop White (1993:125) die kwessie van sosiale magsmisbruik aanspreek:

> *I am arguing for refutes foundationalist assumptions of objectivity, essentialism, and representationalism. The constitutionalist perspectives proposes that the descriptions that we have of life are not representations or reflections of live as lived, but are directly constitutive of life, that these descriptions have real effects in shaping of life* (Freedman & Combs 1996:37).

Hiermee word die aanvaarding van 'n postmoderne, narratiewe, sosiaalkonstruksionistiese siening gebruik om lig te werp op hoe mag, kennis en waarheid binne die gesinstruktuur of ander sosiale en kulturele kontekste beskou en hanteer word (Corey 2013:374; Freedman & Combs 1996:14). Freedman en Combs (1996:15) beskou dit as 'n groot voordeel: "An

advantage that Michael White saw in the narrative metaphor was that a story is map that extend through time”. Soos in my eie verhaal in Hoofstuk 1 vertel, het hierdie nou reeds bekende vraagformaat van Freedman en Combs (1996:49–50) die kreatiewe sy in my na vore laat kom en het ek met die idee van verskillende bordspelvorms begin eksperimenteer.

Weer eens word White deur Freedman en Combs aangehaal (1996:39) wat aanvoer dat daar selfs in die mees gemarginaliseerde en ontmagtigde lewens altyd ’n ervaring is wat buite die domein van dominante verhale wat daardie lewens ontmagtig het, kan lê. Die dissiplinêre inhoud rakende die navorsingstema, naamlik narratiewe pastorale spel en gemarginaliseerde gemeenskappe, kan hierdeur beraam word.

Met Müller (2000:25, 36) se mening dat daar nie van empatie sprake kan wees as daar nie ’n gewillige toetrede tot die ervaringswêreld van die ander kan wees nie, word vrye en gelyke kommunikasie nagestreef, sodat die gespreksgenoot as die eintlike deskundige bemagtig word. Teologie word dan letterlik op ’n narratiewe basis, en nié op ’n argumentatiewe basis nie, gevorm (Müller 2011:2).

Met metode en tegniek wat, met behulp van hierdie redaksie-in-aksie tot ’n eenheid geïntegreer word, kan geloofsverwagting tot ’n eenheid geïntegreer word (Müller 2000:5) en kan die samewerking van die verskillende benaderings ’n sensitiwiteit vir onontgingde moontlikhede bied. Watter verskillende aanslae hierdie twaalf outeurs ook al bied, wanneer daar vanuit die perspektief van die ervaring van God oor die praktyk besin word, vind teologie plaas (Müller 2005:73).

Volgens Müller (2000:14) is dit tipies van kreatiwiteit dat dit juis na vore kom wanneer die bewustelike oordeel plek maak vir naïwiteit, speelsheid en kinderlike onskuld. Oaklander het met haar fantasie-spelvorme, die Roosboomfantasie (Oaklander 1988:192) en die Veilige Plek Fantasie, (Oaklander 1988:196) haar plek in hierdie redaksie verstewig. Die Roosboomfantasie is veral met groot vrug in hierdie studie gebruik. Oaklander (1988:196) meen dat so ’n fantasie aan ’n mens in nood die geleentheid bied om ’n plek van veiligheid te skep wat selfsorg, selfonderhouding en selfkoestering kan bevorder.

Soos in Hoofstuk 4 genoem, is dit die Perls-egpaar, Frits en Laura, (op tafelverwysing nommer 11), wat die basis vir Gestaltteoretiese terapie vasgelê het. Humphrey (1986) het Laura Perls as terapeut aanbeveel: “Vanuit haar perspektief word alles wat in die mens se persoonlikheid geïntegreer is, as ondersteuning gebruik vir wat tegnies in terapie gebruik word” (Humphrey 1986:9). Hierdie ondersteuning, eerder as voorskriftelikheid, word hoog geag.

Vanuit my navorsingsperspektief, het Virginia Oaklander met haar boek “Windows to our children: A Gestalt therapy approach to children and adolescents” (1988), ’n goeie basiese raamwerk gebied. Soos sy kinders en adolessente beskryf, het ek dit ook met

gemarginaliseerde volwassenes ervaar. Gary Landreth (Play therapy: the art of relationship, 2012) het ook ŉ beduidende bydrae tot hierdie studie gelewer. Landreth het die belangrikheid van die respektering van verdedigingsmeganismes beklemtoon: "A child will not change until a child is free to change (2012:106).

Die "Rötter Onvoltooide sinne vraelys" (Rötter 1950; Blom 2000, 2006; Giordano, Landreth & Jones 2005:50) was baie gewild by die medenavorsers en hulle het sommer gou met die nuwe naam "Snapchat" gespog. Volgens Van Niekerk (1986:273) kan die deelnemer met die voltooiing van hierdie sinne ŉ stukkie van sy leefwêreld na vore bring. So kan die werklikheid onbewustelik deur die deelnemer verbeeld word.

Hierdie spel, soos ook ander spelvorme in die eerste sessie, het die aanvang tot ŉ transversale benadering tussen die Gestaltteorie en die narratiewe gesprekvoering, gevorm. Hierdie rigtingwysers in die pastorale gesprek kan met vrug gebruik word om opsies vir pastoraat te bied. Die spelvorme en speelse aanslag hou ŉ groot verantwoordelikheid in. Hierdie verantwoordelikheid impliseer dat alle mense keuses kan uitoefen en verantwoordelikheid vir die gevolge van die keuse, kan aanvaar (Yontef 1993:141).

Filiaalterapie is die innoverende aanslag wat in die 1960s deur Bernard en Louise Guerney ontwerp is om "parents as partners" (Landreth 2012:125) op te lei. Hierdie besondere aanslag is doeltreffend en effektief binne hierdie studie met Rochelle en haar familie gebruik.

Landreth (2012:38) se volledige definiëring van filiaalterapie werp meer lig op hierdie besondere aanslag:

> *Filial therapy is defined as a unique approach used by professionals trained in play therapy to train parents to be therapeutic agents with their own children through a format of didactic instruction, demonstration, play sessions, and supervision in a supportive atmosphere* (Landreth 2012:38).

Ouers word onderrig in basiese kindgesentreerde spelterapiebeginsels en -vaardighede, insluitend reflektiewe luister (wat ook in die narratiewe benadering uitstaan), herkenning en reaksie op kinders se gevoelens, en die bou van gespreksgenote se selfbeeld.

Landreth (2012:39) meen dat ŉ groeiende belangstelling in die gebruik van spelterapie met volwassenes in terapie-omgewings besig is om plaas te vind. In hierdie speelomgewings raak die volwassene geabsorbeer in die aktiwiteit van spel self en is dus betrokke by ŉ soort bewustheid wat nie moontlik is deur blote verbalisering nie. Deur spel voer die volwassene ŉ gesprek met homself wat ŉ baie persoonlike ervaring is omdat direkte betrokkenheid vereis word.

Die twaalfde tafelgenoot, Victor Frankl, se bydrae het ook ’n besondere impak op hierdie studie gehad. Die belangrikste taak binne die eksistensiële benadering in hierdie studie was om die wese van die gemarginaliseerde gespreksgenoot te begryp en ’n persoonlike en outentieke ontmoeting met hom/haar te vestig. Die egtheid van die hier-en-nou ervaring, soos ook met terapie vanuit ’n Gestaltsoogpunt, word beklemtoon. Beide die gespreksgenote kan deur hierdie ontmoeting verander en beïnvloed word. Ek moes leer dat, om met begrip te luister, veel meer vereis as die probeer van verstaan. Empatie nie slegs ’n tegniek om wat ander sê, te reflekteer nie. Ek kon my werklik met ’n nuwe lewensruim vereenselwig (Müller 2000:35).

Tydens paradoksale intensie, ’n logoterapeutiese tegniese aanslag, word die persoon met die probleem selfs aangemoedig om sy simptoom te intensiveer. Dit skep, volgens Frankl, die vermoë om groter afstand van die probleem te skep. Hierdie eksternaliseringstegniek word ook deur Michael White (1996) en Freedman en Combs (1998) aanbeveel. Frankl maak ook gebruik van die term “derefleksie” waar daar van die persoon verwag word om bewustelik aan die positiewe kenmerke van ’n negatiewe situasie aandag te gee: “Dit bied ’n geleentheid tot herinterpretasie van lyding ten einde die betekenis daaragter te begryp”.

Ter afsluiting van die tafelgesprek, meen Müller (2005:73) dat daar, in die verwoording of verbeelding van so ’n praktiese teologie, daar selfs tydens die ontwikkeling van die hermeneutiese model tekortkominge voorkom. Hierdie tekortkominge kan die volgende insluit (Müller 2003:294): travestie of distorsie van die kommunikasieproses deur taal, kontekste wat nie genoegsaam verreken word nie. Daarom word die betrekking van ander psigologiese terreine met versigtigheid in hierdie proses betrek. Dit spreek die uitdaging van ’n soeke na deurleefde en verantwoorde integrasie tussen Bybelse beginsels en die konteks aan (Müller 2005:76).

Die narratiewe benadering behels die aanvaarding van ’n fokusverskuiwing van die meeste tradisionele teorieë. Terapeute word aangemoedig om ’n samewerkingsbenadering te bewerkstellig wat ’n spesiale belangstelling in die volgende aanmoedig: ’n respekvolle luister na die navorsingsdeelnemer se verhaal, die soeke na vindingrykheid wat reeds deur die gespreksgenoot aangewend is, om vrae te gebruik op ’n wyse wat die gespreksgenoot betrek en die verkenning van sy/haar verhaal vergemaklik, te gebruik om te voorkom dat die medenavorser geëtiketteer of gediagnoseer word. Hierdie aanslag kan help om die invloed van die probleem op ’n mens se lewe te karteer, hom/haar te help om die self van die geïnternaliseerde dominante verhaal los te maak. Hierdie fokusverandering lei daartoe dat “space can be opened for the creation of alternative life stories” (Freedman & Combs 1996:47).

Ter afsluiting van die tafelgesprek sê Osmer (2008:8) dat die gebruik van teorieë vanuit ander wetenskaplike velde ŉ belangrike rol in die prakties-teologiese interpretasie speel. Ward sluit die gesprek af deur te sê dat teologie as verskillende genres bestaan en in verskillende stemme, modusse en lokaliserings funksioneer. Praktyk, volgens Ward (2017:69), bied ŉ meer sekere en konkrete area vir studie.

### 5.3.10 Fragmente uit verhalestudies

#### *5.3.10.1 Shané se veerkragtige vierkante*

*In Shané se lewe het die sout-metafoor (soos in die vorige hoofstuk bespreek) haar juis van haar eie potensiaal om iets anders in reaksie op die problematiek van haar lewe bewus gemaak.*

*Shané het insig verkry in die feit dat die realiteit van haar lewe dieselfde gaan bly, maar dat haar beskouing, ervaring en hantering van hierdie realiteit kon verander. Sy het tóg besef dat daar altyd ŉ alternatiewe storielyn, wat vanuit haar lewenservaring geskep kan word, sal wees.*

*Dit was ook vir haar waardevol om te besef dat sý nie die probleem is nie, maar dat die probleem self die probleem is (White 1988/9:13). Freedman en Combs (1996:47) verduidelik dit in die volgende woorde: "Externalisation is a practice supported by the belief that a problem is something operating or impacting a person's life, something separate and different from the person".*



**Figuur 5.5: Story Cubes: a non-competitive storytelling game designed to spark the imagination of players of all ages (O'Connor en Murphy ®)**

#### *5.3.10.2 Storieblokkies*

*Die gebruik van "story-cubes" (ŉ nie-mededingende storievertelspeletjie wat ontwerp is om die verbeelding van spelers van alle ouderdomme aan te wakker) van O'Connor*

*en Murphy, die verwerkte spelvorm van Freedman en Combs (1996:50+) en Tomm (1993:66), en die gebruik van metafore, kon Shané tot nuwe insig en vertroue in haarself lei. Sy het sterk standpunt ingeneem om die man, wat 'n negatiewe invloed op haar lewe gehad het, op 'n ferm wyse weg te stuur. 'n Groot gedeelte van haar beskouing en beeld van haarself is op verkeerde aannames geskoei. Op hierdie wyse kon versluierde inligting na die oppervlak tree (Freedman & Combs 1996: 56).*

*Die metafoor van die sout kan byna as 'n towerkuns beskou word (Belmont 2013). Deur die gebruik en verstaan van hierdie metafoor kon sy haar probleem eksternaliseer en die druk daarvan op haarself verminder. Grootboom (2007:52) beskryf dit as beter toekomsverwagtinge wat hoop in haar lewe skep en haar motiveer om bo haar moeilike realiteitsomstandighede uit te styg. Die allegoriese betekenis van die woorde: "die sout van die aarde" (Matt 5:13) verduidelik dat sout nie slegs geur gee nie, maar ook teen bederf beskerm. Dit het haar ook met nuwe insig na haar ouerlike plig, wat tegelyk ook vreugde is, laat kyk.*

*Sy vertel dat sy soms tye beleef het waar dinge uit haar "ou" lewe weer by haar begin spook het, maar omdat sy "geanker" gevoel het in die doelwit waarheen sy op pad is, was dit hanteerbaar. Die eksternaliseringswaarde hiervan was kosbaar: "Ek kon daarna kyk sonder dat dit weer 'ek' word." Ek het geleer om sout te wees, sonder om myself met allerhande oordele te peper!" Wat 'n wonderlike bevryding het die sout-metafoor vir Shané ingehou. Ek besef dat ons nog 'n lang pad sal moet saamstap, maar dat Shané se verbeel van 'n toekomsverhaal, soos Müller (2000) dit beskryf," 'n kragtige middel tot verandering in die hede is" (2000:99).*

#### *5.3.10.3 Johannes se melodieë in klank en kleur*

*In die vorige hoofstuk is genoem dat Johannes toetsend en onderhandelend besig is om waardes neer te lê om in die toekoms sy polsslag en lewensritme te volg. Johannes het juis met die vertelling van sy verduisterde toekomsverhaal tot die besef gekom dat hy na die ritme van sy eie voete moet dans. Soos Abraham se toegewaaide spore in Kades gelê het, moes hy nie toelaat dat sy toekomsverhaal verduister bly lê nie. Sy drome moes nie, soos Miriam se tamboeryn, by Kades verstil het nie (Linde 2020: 27).*

*Ons het van die roosboomfantasie gebruik gemaak om die invloed wat die probleem op sy lewe en verhoudings het, uit te lig, asook om hom te lei om sy eie invloed op die probleem te verken. Na ontspanningstegnieke toegepas was, is hy gevra om sy roosboom te teken en dan te beskryf asof hyself die roosboom is.*

*Sy beskrywings is neergeskryf en aan hom voorgelees (Blom 2006:75). Daarna het hy die geleentheid gekry om te ervaar hoe en waar hierdie beskrywings in sy lewe inpas. Vergelykings en polariteite word dan hieruit verstaan. Hierdie spelvorm het vir Johannes besonder baie betekenis ingehou. Hy het ook, met die kaskarstorie as verwysing, besef dat sy pa sy mentor is, maar dat hy nie ŉ kloon van sy vader hoef te wees nie. Hy kon ook met nuwe insig besef dat daar altyd maar "bye en goggas" by die boom sal wees.*

*Sy woorde, "Ek het ook soms ŉ vrees wat ek nie regtig kan verduidelik nie, maar ek weet ek moet daaraan werk", het deur middel van die roosboom vir hom nuwe betekenis gekry. Deur dekonstruksie en eksternalisering kon hy sy vrese verwoord en verstaan. Hy het gesê dat hy nou beter toegerus voel om sy probleme aan te spreek, en ook dat hy die probleem nou behoorlik kan definieer en met nuwe energie daarop kan reageer.*

*Herinterpretasie en herformulering het vir hom ŉ nuwe, gestruktureerde betekenis gekry. Om te "reframe", beteken dus om die konseptuele en/of emosionele opset of standpunt waarteen ŉ situasie ervaar word, te verander en dit in ŉ ander raam te plaas wat ewe goed of selfs beter by die feite van dieselfde konkrete situasie pas. Daardeur kan die hele betekeniservaring verander word (Müller 2000:93; Watslawick, Weakland & Fisch 1974:95).*

*Met hierdie spel is ook ondersoek ingestel na die verkillende wyses waarop die probleem destruktief en ontmoedigend ervaar word. Met ŉ stel vrae aan die hand van onder andere White (1986:63) en Freedman en Combs (1996:49) is ook spekulasie ontlok oor die verwagting van die persoon wat teen die probleem opgetree het. White (1986:63) verduidelik dit soos volg: Die probleem en die gevolge daarvan word in ŉ afhanklikheidsverhouding aan mekaar gekoppel. Die effek en gevolge van die probleem is afhanklik vir die uitwerking daarvan op die mens. Die probleem oorleef dus letterlik op die mens se hantering daarvan.*

*Die invloed moet dus na beide kante gekarteer en inligting na vore gebring word wat die pynlikheid in Johannes se lewensverhaal weerspreek en hom uitdaag om sy bevoegdheid en vindingrykheid met betrekking tot teenspoed te identifiseer. White en Epston (1996:45) het dit soos volg opgesom: "Thus, in the mapping of their influence in the life of the problem, persons are not restricted to the narrow focus of the relationship between the problem and the person or the relationship in which the problem was considered to reside". Johannes mag dus nie deur ŉ eng fokus ingeperk*

*of aan bande gelê word nie. Transformasie impliseer juis dat die identiteit, sowel as die konatiewe aspek van "wil" of motivering én handel vernuwe word.*

*Hierdie insig was vir Johannes baie betekenisvol. Hy het gesê hy kén sý Kades, daar waar dit wou lyk of sy pad deur alles versper word. Hy was dankbaar dat hy hierdie insig kon kry voordat hy van "Kades" af wegbeweeg het na 'n nuwe Kanaän. Johannes het Moses se bemoedigende woorde aan Josua in Deuteronomium 31:8 vir homself toegeëien: "Die Here sal voor jou uitgaan. Hy sal by jou wees. Hy sal jou nie in die steek laat nie. Moenie bang wees nie, moenie skrik nie." Hierdie teksvers sluit aan by die gedagte dat Johannes aangemoedig moet word om in beheer van die situasie te wees, en nie andersom nie (Estés 2008:217).*

*Johannes weet dat sy tamboeryn nuwe melodieë gaan voortbring en dat die kognitiewe kaarte waarvolgens hy gebeurtenisse, ook in sy nuwe Kanaän, interpreteer, verander kan word. Dalk is dit reeds besig om te verander. Wat aanvanklik vir hom "bitter op die tong geproe het", beloof nou 'n talmende nageur in die verhemelte. Die 'vlieënde kameelperd' kan nou ook musiek maak! Soos tydens 'n vorige gespreksessie, het hy spontaan begin sing, hierdie keer die ou Gesang 29: "Here, hoeveel blye dae . . . as U son my hart verheug, bring dit my vernude vreug".*

#### *5.3.10.4 Annalet se vrolike vetkryte*

*Annalet was so gewoond aan die rare tussenwêreld waarin sy grootgeword het, die veg teen armoede, die mense wat op hulle neersien. Sy is letterlik die produk van haar moeilike kinderjare. Teen die agtergrond van die sosiale en maatskaplike konteks waarbinne haar familieverhaal afspeel, was sy onlosmaaklik vasgevang in haar eie vasgeloopte verhaal.*

*Hierteenoor het die eerste roeringe van hoop in haar opgewel. Met elke keer se oopmaak en die opdiep van die trauma in haar lewe, het sy in werklikheid haar eie verhalende terapeut geword (Müller 2000:67). Vanuit my nie-wetende posisie en met gespreksvrae wat haar binneste aangeraak het (Boyd 1996:220), kon hierdie hoop struktuur kry en ontwikkel. Die hoop het 'n naam gekry: sy het na die pakkie vetkryte wat ek altyd met my saamdra, gewys en gesê dat sy óók nou nie meer net 'n klein pakkie van ses vetkryte is nie. Sy identifiseer nou met die tussen-in kleure wat 'n mens net in die groter pakke vetkryt kry. Ek het spontaan die groot pak kryte vir haar gegee en dit was asof Aspoester se glasskoentjies haar, tot haar verbasing, goed gepas het. Ek sal altyd haar glimlag onthou toe sy gesê het dat sy van toe af met die kryte onder haar kussing gaan slaap. Sonder dat sy weet, was – en is – sy gedurig besig om "in*

*'n sirkulêre beweging gelyktydig met die verlede en die toekoms om te gaan" (Müller 2000:92, Tomm 1987a:13).*

*In plaas daarvan om die spesifieke oorsprong van die probleem op te spoor, kan ons gesprekke nou daarop ingestel wees om inligting oor die verband tussen gebeurtenisse na te spoor en uit te lig. Dit is soos 'n aflosstokkie wat eers aangegee kan word wanneer dit ontvang is. Hoewel hierdie 'n lang pad na herstel is, word ek deur die woorde van Anderson (1993:331) geïnspireer om met "caring and being with the client" tree vir kosbare tree saam met Annalet (en soos ook genoem by ander medenavorsers) te stap en seker te maak dat die uitkoms ook haar voorkeur sal verteenwoordig.*

*Ek is dankbaar dat Annalet se verwysingsraamwerk nie meer net 'n klein pakkie vetkryte is nie, maar dat sy, met haar hervertelde verledeverhaal, haar ware nuanse kan leer ken! White en Epston (1990:65) verwoord dit soos volg:*

> *With this, persons are able to assume responsibility for the investigation of new choices in their lives and to pursue new possibilities. In the process, they experience a newfound capacity to intervene in their world.*

#### *5.3.10.5 My eie posisionering as fragment: 'n somber prosessie - die verwesenheid na die chaos van die tsoenami*

*Vanweë ou-ou gedagtes en herinneringe wat soos 'n weegskaal op en af wip vanaf my kleintyd tot nou toe, is dit asof die swart sambreel weer wil oopgaan. Die materiaal is nie sterk en seilerig nie, dit voel soos 'n grys hondekombers wat lank reeds oor sy wastyd is. Ek voel soos 'n koshuis in die ou Wes-Transvaal, 'n onooglike rooibaksteen bousel, met stukkende tralies voor die vensters. Soms beweeg ek in 'n soort donkerte wat ek nie verstaan nie, met geen padkos en bitter min bagasie.*

*Soos voorheen genoem is, is die belangrikste taak in die eksistensiële benadering om 'n gespreksgenoot se wese te begryp en 'n outentieke verhouding met hom of haar te vestig.*

*Die soort donkerte wat ek nie verstaan nie, is 'n somber prosessie, 'n soort toekomsloosheid. Skielik sien ek geen sin in die lewe nie. Die egtheid van die hier-en-nou ervaring, soos ook met terapie vanuit 'n Gestaltsoogpunt, word beklemtoon. Beide die gespreksgenote kan deur hierdie ontmoeting verander en beïnvloed word.*

*Ek het juis met die skryf van hierdie hoofstuk, 'n baie slegte ervaring beleef. Ek het werklik na bevryding gesmag. Ek het géén positiewe, eksistensiële insig gehad nie. Ek was net seer, seer, seer. Ek het geween soos 'n wolf, 'n wolvin wat haar pyn in die donkernag uitskree. Ironies soos wat dit mag wees, was dit weer eens Henri wat na my uitgereik het en 'n eksistensiële aanslag gebruik het om my te laat uitbeweeg na nuwe vryheid. "Dankie, my kind, dat jy my wese begryp. Ek kan weer lag..." Die somber donkerheid het stadigaan gewyk, ligter grys, amper wit-grys geword. Die beweging van die oggendson oor die oosterkim het ook vir mý die belofte van 'n nuwe dag ingehou.*

## 5.4 SAMEVATTING

Ons roeping, volgens Müller (2000) is om 'n situasie te fasiliteer waarin daar 'n dinamiese beweging is na die 'better things which are ahead', "om 'n situasie te skep waarin daar gedink en gepraat en verbeel kan word – dít is ons taak!" (2000:103). In die geval van hierdie studie is spel 'n belangrike komponent van die dialoog met die gespreksgenoot binne 'n gemarginaliseerde ruimte.

Gadamer (1982:330) noem dat alle "cultural disciplines" in die fundamentele struktuur van menslike begrip gewortel is. Begrip en empatie staan vir hom uit as die belangrike aspekte tydens die pastorale dialoog. Dilthey weer (1972:229), meen dat die leegmaak- en ontladingsproses tydens gespreksessies as belangrik beskou word. Daarby moet die gespreksgenoot 'n verbeeldingryke identifikasie met die ervaring van "historiese akteurs" of iemand vanuit sy/haar verlede probeer verstaan. Hierdie mening dra 'n sterk nuanse van die eksistensiële terapie van Victor Frankl. Husserl (1970:38) se gedagtes rakende die verstaan van die lewe en die verstaan van 'n krisis, wentel weer om 'n objektiewe beskrywingshandeling wat behels om al ons persoonlike vooroordele en verpligtinge opsy te skuif, te neutraliseer of tussen hakies te plaas.

Gadamer (1982), onder leiding van Heidegger, het verder beweeg en die siening ontwikkel dat die soort objektiwiteit en selflediging wat deur Dilthey en Husserl vereis word, nie slegs onmoontlik was om te bereik nie, maar dat dit daarin faal om goeie begrip en voldoende praktyk te bevorder. Hy bepleit, volgens Browning (1996:38) 'n dialoog of gesprek waartydens vooroordele, verbintenisse en slegte verlede-ervarings in die hele verstaansproses gebruik behoort te word (Gadamer 1982:235). Die sinvolle vraagformaat van Freedman en Combs (1996:49–50), Tomm (1987:167), Strong *et al.* (2008:184), en Winslade, Crocket en Monk (1997:71) is vir hierdie doel in spelvorm omskep.

Rakende die *leitmotiv*, is daar in die ruimte van hierdie hoofstuk aan die aanmekaarwerk van die pante aandag gegee: die kledingstuk is byna gereed om gedra te word. Soos wat ek in my lewe ook 'n paspop begeer om die kledingstuk na die regte mate te vorm, is daar in die afgelope hoofstukke na die verstelbaarheid van "modelle" gekyk. Soos God vir Jeremia gestuur het om na die ateljee van die pottebakker te gaan om dáár na God se boodskap te luister, het ek ook by die ateljees van verskillende pastorale pottebakkers aangeklop om God se stem te hoor. Toe Jeremia (Jer 18:3) by 'n ateljee instap, het hy 'n pottebakker aangetref wat besig was met 'n pot wat nie, na sý smaak, reg was nie. Hy het die klei toe weer inmekaargedruk totdat dit 'n bolvorm gehad het, sodat hy 'n nuwe pot kan vorm soos hy dit wou hê.

Met die akademiese, sowel as praktiese agtergrond van hierdie studie word die kledingstuk, die pot, in die hande van ons Maker geplaas. Mag Hy hierdie pastorale aanslag vorm na sy wil. Mag die pragmatiese beskouing van die rol van spel in pastoraat in gemarginaliseerde gemeenskappe, deur God gevorm word, soos Hy dit wil hê.

Met die ondersteuning van pastorale spel, waarvan die gebruik in hierdie studie bepleit word, sluit ek by Gadamer aan om op speelse wyse en met spelvorme as taalkonstruk, die gespreksgenoot se patrone aan te wend om die verstaansproses te vergemaklik. Müller (2000:103) bevestig weer hierdie beskouing met die volgende woorde: "Ons moet ons weerhou van goedkoop hoop en maklike strategieë. Maar ons moet onvermoeid voortgaan om toekomsverhale te help skep: verhale wat in pas is met die realistiese hoop van die evangelie".

# HOOFSTUK 6

# NARRATIEWE PASTORALE SPEL EN GEMARGINALISEERDE GEMEENSKAPPE: SAMEVATTENDE PERSPEKTIEWE

## 6.1 INLEIDING

Die bevindinge en aanbevelings van hierdie navorsingstudie word in hierdie hoofstuk saamgevat. Die primêre navorsingsvraag en ondersteunende sekondêre navorsingsvrae wat in die vorige hoofstukke aan orde gestel is, dien as agtergrond vir die samevattende perspektiewe wat in die slothoofstuk aangebied word. Die wyse waarop praktiese teologiese navorsing uitgevoer is, behels meer as om net ervarings te interpreteer en te beskryf (Müller 2005:83). Die oorhoofse doel van hierdie studie was ŉ pastoraal-teologiese en ŉ psigiese ondersoek, en om in hierdie proses bruikbare pastorale riglyne vir die gebruik van spel in narratiewe pastoraat daar te stel. Die sogenaamde alternatiewe interpretasies en gebruike impliseer dat daar tydens die proses ook van dekonstruksie en eksternalisering gebruik gemaak word (White & Epston 1990:62; Müller 2005:83).

Die praktyke wat met die dekonstruksie en eksternalisering van die probleme geassosieer word, kan ook tot bevryding van die probleemversadigde beskrywings van ŉ lewe binne ŉ verhoudingsraamwerk lei. Dit moedig ook die generering van alternatiewe en meer lonende stories van lewens en verhoudings aan, en kan help om ŉ nuwe verhouding met die probleem te ontwikkel (White & Epston 1990:65). Hare-Mustin (1994:192) het die metafoor van spieëls gebruik om te verduidelik: “The therapy room is like a room lined with mirrors. It reflects only back what is voiced within it.”

| Outeur | Müller (2005) | White en Epston (1990) | Osmer (2008) | Browning (1996) |
|---|---|---|---|---|
| Hoofstuk 6 | Die nuwe storie – die verbeelde toekomsverhaal | Die uitleef van die nuwe verhaal en toekomstige nuwe uitkomste | Die voortleef in die leiding van die Heilige Gees | Die etiese bewussyn oor ŉ sinvolle lewe |

***Tabel 6.1: Gekompakteerde tabel rakende die pastorale klem in die slothoofstuk***

Ten opsigte van die *leitmotiv* as herhalende tema, kan aanvaar word dat die kledingstuk nou gereed is om gedra te word. Die komposisies en saamvoeging van die materiale en bykomstighede het op hierdie stadium die verlangde harmonie en eenheid bereik. Daar kon,

ter wille van die feestelikheid van Gwendolien se droomdag, verder met verskillende drade en kraletjies op die byna-klaar tabberd geborduur word.

Hierdie idee impliseer dat terapeute voortdurend moet reflekteer oor die diskoerse wat hulle persepsies van wat moontlik is, vorm, beide vir hulself en vir die mense met wie hulle werk. Daar kan besin word oor die krag van verhoudings wat implisiet in elke moontlike diskoers is. Nuwe moontlikhede kan gesoek word deur selfopvoeding en deur voortdurende, gereelde dekonstruksie van ons oortuigings en praktyke (Freedman & Combs 1996:58). Tydens die gespreksessies van hierdie studie is die medenavorsers ook genooi om nuwe betekenis aan hulle lewensverhale te gee en dit het dus ŉ groot bydrae gelewer tot nuwe, alternatiewe verhale wat unieke uitkomste kon waarborg.

Ten laaste bly al die inligting wat ingesamel is, net dit: inlingting oor verskillende verskynsels en die moontlike impak daarvan (Mouton 2022:114). ‘n Doelbewuste poging tot konseptualisering en aktualisering kan ‘n nuwe visie skep en ideale verwesenlik wat transformasie en ideale mag beïnvloed.

Strydom ( 2021:141) skryf in sy herinneringe oor ‘n kerkkamp wat hy as jong seun bygewoon het, dat die gespreksleier hulle aangemoedig het om, soos ons dit ook ken, Johannes 3:16 ‘n klein bietjie te verander en dan te memoriseer: Eerder as om te sê “God het die wêreld so liefgehad”, moes hulle die aksent verskuif en sê “God het *my* so lief gehad”. Strydom skryf: “Ek verstaan wat die kerkkamp-oom met dié oefening wou regkry. Hy wou hê ons elkeen moes God se unieke liefde vir ons persoonlik ervaar, maar die feit is, daar staan “die wêreld”. Ek is nie die middelpunt nie. Ek is maar ‘n klein deeltjie van die groter prent in God se oë. Juis daarom kan my vryheid nie losgemaak word van die res van die wêreld nie”.

Bogenoemde feit het my laat besef dat dit ‘n besondere voorreg is om met die medenavorsers ‘n pad te kon stap en vanuit hulle perspektief by ‘n bediening van hoop en transformasie betrokke te raak (Mouton 2022:114). Bybelkenners bereken, volgens Steenkamp (2008:474) dat ‘n groot gedeelte van Jesus se openbare onderrig die vorm van illustrasies aangeneem het. Steenkamp skryf: “ As Hý dit nodig geag het om sy boodskap op die manier beter in mense se harte te anker – geld dit seker ook vir ons wat sy boodskap wil verkondig”. God gebruik nie modelle, ontwerpe of programme nie, maar mense (Buys & Nougueira 2019:10). Ek het dit daarom goed geag om verskillende lettertipes te gebruik om die lig uit elkeen van hierdie navorsingsgenote te laat skyn.

Hoofstuk 6 is dus in der waarheid ‘n terugverwysing na die primêre, sowel as sekondêre, navra wat in opsommende perspektiewe saamgebind word.

## 6.2 FRAGMENT UIT MY EIE LEWENSVERHAAL: DIE EMOSIONELE SEKURITEIT VAN ’N VASTE RITME

Nuwe uitkomste kan so maklik verkeerd interpreteer word. Die lewe is nie ’n sprokie nadat terapeutiese intervensie gedoen is nie. Die teendeel daarvan kan eerder die waarheid wees; ’n mens beskou en hanteer die lewe anders nadat probleme geëksternaliseer en gedeel is.

My eie posisionering binne hierdie studie het ’n dieper dimensie aangeneem. Die narratief van my lewe is saamgeweef uit my eie lewenservarings. Elke storie het ’n eie agtergrond en word deur wisselende realiteit gevorm. Iewers moet ek begin verstaan dat ander se pyn ook my deel sal wees. Ek moes leer, op ’n baie harde manier, dat vergifnis nie ’n abstrakte begrip is nie. Om konkreet te dink mag dalk verligting van emosionele pyn bring. Ek moet aanvaar dat God my vergewe het dat ek, as ouer, nie ’n dubbele rol kon vertolk nie en steeds soos ’n “slegte ma” voel. Ek moet leer om myself te vergewe.

> *My man en kinders worstel ook met die elemente wat voortspruit uit ’n onvergewensgesinde houding teenoor hulleself. Trane word deel van my lewe. Ek beweeg in ’n soort donkerte, soos ek reeds gemeld het, wat ek nie verstaan nie, ’n soort toekomsloosheid. ’n Tronk vol woestynsand, die afwisseling sonder ritme en doel. ’n Volmaakte lewe bestaan tog nie, waarom blý ek dan myself straf? Oorgawe word my votum: “Here, net U kan help!” Hy antwoord my met sy seëngroet vol opregte vrede, nie soos die wêreld gee nie, maar opregte vrede. Vergifnis. Ek huil, maar geleidelik resoneer die woord “nuwe” genoeg by my dat ek ook begin vashou aan hoop. ’n Nuwe hoop en ’n nuwe bestaan. Estés (2008:462) beskryf dit treffend in haar boek vir die sekulêre mark: “If you don’t go out in the woods, nothing will ever happen and your life will never begin”. Wanneer ons nié ons lewe leef nie en te bang is om ons lewensverhale te laat vorm aanneem, sal ons nooit werklik die lewe ervaar nie.*
>
> *Is ons trots nie eintlik maar net ’n intergenerasionele stuk erfenis nie? Deur ons voorsate in ons persoonlikhede ingeweef. Die afgesplitste beelde van die verskillende traumatiese gebeurtenisse is in ’n laai van ons geheue gestoor en mag moontlik tot kompartementalisering en dissosiasie lei (Blom 2012:8). Hierdie ongesonde hantering van die situasie kan weer ’n bydrae lewer tot die verlies van energie en ’n onttrekking uit die samelewing. Ek gee nou oor!*
>
> *Tog hoor ek stemme wat rustig gesels en lag, asof ek in ’n straat met bekende en geliefde bure woon en nie net êrens langs ’n verlore langpad*

*nie. Ek kan weer saamsmelt met 'n groter lewe. Weer tuis wees in myself. Dit voel soos 'n outydse fotonegatief, eers vaag en onduidelik, maar dan word dit deur God se genade weer helder. Hierdie unieke uitkoms (White & Epston 1990:60) sal ek vir altyd koester.*

## 6.3 PRAKTIES-TEOLOGIESE INTERPRETASIE: DIE AFSLUITING VAN HIERDIE STUDIE DEUR DIE LENSE VAN OSMER, WHITE EN EPSTON, MÜLLER, EN BROWNING

### 6.3.1 Osmer se fokus op breinkrag

In sy epiloog fokus Osmer (2008:145) op die konseptualisering van taakbevoegdheid in terme van die breër samevattende moment van prakties-teologiese interpretasie. Hy lê klem op die belangrikheid daarvan om die kapasiteit van interdissiplinêre denke te vergroot. Mense in diensberoepe kom gewoonlik voor multidimensionele probleme te staan, wat die vertrekpunte van verskeie velde vereis. In hierdie geval is die psigologiese terreine wat by hierdie studie betrek is, sinvol gebruik. Hierdie dissiplines is geskik vir die stelsel van die pastoraal-teologiese veld.

'n Praktiese-teologiese interpretasie is nie slegs die aanleer van nuwe tegnieke nie, maar behels veral goeie oordeel in baie besondere omstandighede. Dit verg houdingsaanslae soos gewilligheid om met openheid en bedagsaamheid aan ander aandag te gee en te bly gee (Osmer 2008:222). Osmer bepleit "key-attitudes like the willingsness to attend to others with openness and thoughtfulness and to suffer the raising of difficult normative questions and of leading the change" (Osmer 2008:222). Persoonlike aandag aan gespreksgenote is, aldus Osmer, 'n belangrike deel van praktiese teologie. Om te help groei, verander en om selfbegrip aan te moedig, sluit aan by die metafoor wat in die *leitmotiv* gebruik word. Die gespreksgenoot moet ook 'n realistiese onderskeiding tussen persoonlike beperkinge en sterk persoonlikheidseienskappe hê. Dit kan met die onderhoud van die kledingstuk in die *leitmotiv* vergelyk word.

Vir my was hierdie "risiko" en leer van onskatbare waarde. Die saamloop met die vyf deelnemers het my lewe beslis ook getransformeer. Osmer noem hierdie verstaan en transformasie die vermoë om op 'n sagte, vloeibare manier met 'n mens se kennis om te gaan. Hiermee wil ek weer eens aan die promotor van hierdie navorsing dank betuig.

Gewortel in hulle spiritualiteit, moet beide die navorser en die medenavorser leer om staat te maak op die leiding van die Heilige Gees (Osmer 2008:29).

### 6.3.2 White en Epston se kragtige ooreenstemming en akklimatisering

Hierdie skrywers, wat 'n groot invloed op die narratiewe verstaan van pastoraat gelewer het, haal die teoloog Foucault (1979:220) aan wanneer hulle oor mag (power) praat. Foucault verwys nie na positief in die gewone sin van die woord nie, dit wil sê as iets wensliks of voordeligs nie, maar "rather, he is referring to a form of power that is positive in the sense that it is constitutive or shaping people's lives" (White & Epston 1990:72). Dit sluit aan by die weggee van mag om, in die proses, eerder met outoriteit geseën te word (Hunter 2004:80). Elke medenavorser kon met groot vreugde en verwondering hierdie "ontvang van outoriteit' ervaar en geniet.

Unieke uitkomste kan geïdentifiseer word deur na 'n historiese oorsig van die gespreksgenoot se invloed in terme van die probleem te kyk. Dit is ook belangrik om na wat tussen die verskillende sessies met die medenavorser binne die konteks van die agtergrond van terapie gebeur, te kyk en terapeuties in ag te neem.

> *'n Kort fragment ter verduideliking: In hierdie opsig moes Johannes aanvaar dat sy nuwe uitkoms op 'n ander plek ook maar uitdagings inhou. Tydens die sessie van die roosboomfantasie het hy verwonderd gestaan om te sien hoeveel hierdie nuwe invloede hom reeds op 'n minder positiewe wyse beïnvloed het. Hy kon leer hoe om die "bye in die roosboom" weer op 'n unieke manier aan te spreek. 'n Unieke uitkoms hoef nie 'n triomf oor die probleem te wees nie* (Freedman & Combs 1996:125).

White en Epston (1990:56) beklemtoon die feit dat gespreksgenote aangemoedig behoort te word om sommige van hulle ervarings te weerspreek. Daar sal altyd nuwe, alternatiewe storielyne wees. Carey en Russel (2003:62) het dit soos volg verwoord: "We are multi-storied. Re-authoring conversations involve the co-authoring of storylines that will assist in addressing whatever predicaments have brought someone into counseling."

Saam met White en Epston (1990) is daar dankbaarheid vir die uitleef van die nuwe verhaal en ook vir toekomstige nuwe uitkomste:

> *Unique outcomes can have a future location. These can be identified in a review of persons' intentions or plans to escape the influence of the problem or through an investigation of their hopes of freeing their lives and relationships from certain problems* (White & Epston 1990:60).

### 6.3.3 Browning se basale boog van praktyk na teorie na praktyk

Tydens hierdie navorsingsprojek het Browning 'n besondere impak op my lewe en studies gehad. Die wyse waarop ons probleme rakende die bestuur en organisasie van teologie

probeer oplos, maak, op die mees konkrete vlakke van ons lewens, 'n verskil in hoe ons dink en optree. Hy beveel aan dat daar 'n duidelike beweging vanaf praktyk na teorie, en dan weer terug na die praktyk, behoort te wees (Browning 1996:9). Hierdie konkrete waarheid is regdeur hierdie studie in ag geneem.

In sy boek, "A fundamental practical theology" het Browning gepoog om die besprekings van die norme van verandering en die bespreking van die dinamika van verandering saam te voeg. Dit is die basiese doel van 'n fundamentele praktiese teologie. Al die bekommernisse wat met 'n fundamentele praktiese teologie gepaard gaan, kulmineer in volledige of strategiese praktiese teologie en word by die voorwaardes van transformasie aangepas (Browning 1996:278).

Ek het sterk aansluiting gevind by Browning (1996:38) se vertolking van Gadamer (1982:235, 261) se uitgangspunt dat, binne die narratiewe aanslag van pastoraat, die dialoog as goeie begrip en voldoende praktyk uitgesonder is. Die dialoog tussen die navorser en gespreksgenoot is eintlik 'n sinvolle plek waar ons vooroordele en verbintenisse in die hele proses van verstaan gebruik kan word. Deur ook spelvorme daarby in te sluit, het vir my 'n nuwe wêreld tot die gemarginaliseerde medenavorsers geopen.

Die insette van Müller ten opsigte van die nuwe verbeel/verbeelding van die toekomsverhaal van hoop is regdeur die hoofstuk betrek en word nie hier as aparte agendapunt behandel nie.

### 6.3.4 Post-fundamentele epistemologie en sosiaalkonstruksionisme

In hierdie studienavorsing is vanuit 'n "postfoundational" epistemologie, wat sosiaalkonstruksionisme as 'n psigologiese uitdrukking van die postmoderne wêreldbeskouing aanvaar, te werk gegaan (Corey 2013:361; Gergen 1985:267). Die studie het daarop gefokus om na die medenavorsers se lewensverhale te luister. Daar is voorts op die proses van die betrekking van spel tydens die luister na die lewensverhale, gefokus. Die modus sou wees om aan die navorsingsdeelnemers kennis en mag te bied om hulle lewensverhale op so 'n wyse te deel dat verhale van nood vir verhale van hoop geruil sou kon word. Soos in Hoofstuk 1 bespreek, sou dit nie werklik moontlik wees om data op 'n alternatiewe wyse te kon insamel nie, aangesien kosbare nie-verbale inligting in die proses verlore sou raak.

As pragmatiese uitvoering binne 'n pastoraal-teologiese terrein, is spelvorme getoets om die beste aanslae binne 'n gemarginaliseerde gemeenskap te verkry. In die geval van Annalet, Rochelle en Riana, sal terapeutiese intervensie steeds beskikbaar wees. Hierdie navorsingsmetode kon, glo ek, op verskillende vlakke transformasie bied: die vlak van die verteller, die vlak van die luisteraar en laastens ook moontlik op die vlak van die leser. Vir 'n

beter praktykuitkoms het ek my deur die woestynmetafoor laat inspireer en nie slegs enige vorm van spel betrek nie, maar steeds bly soek na die regte plantmateriaal, die regte metode om psigologiese terreine by die teologiese diskoers te betrek. Ek maak weer staat op die metafoor van die stok waarmee Moses die water geslaan het. Dit was nie sommer net ŉ stok nie.

### 6.3.5 Navorsingsomgewing en deelnemers: Fragmente uit verhaalstudies van die medenavorsers

Die navorsingstudie het binne ŉ plattelandse distrik in die Noordwes-Vrystaat plaasgevind. Drie tot ses deelnemers word as redelik in die interpretatiewe verskynselleerontwerp geag. ŉ Kleiner groep kan ŉ genoegsame, breër spektrum vir die ontleding van inligting bied (Finlay 2011; Saldaña 2011:358). Die populasie relevant tot hierdie studie het vyf deelnemers wat, met die uitsondering van Johannes, uit gemeenskappe kom waar armoede en onderdrukking hoogty vier. Om hierdie agtergrond deurentyd in ag te neem, was belangrik.

Soos in Hoofstuk 3 genoem, kan ŉ individu nie werklik ten volle verstaan word wanneer die sosio-politiese konteks nie in ag geneem word nie. Elke individu behoort binne sy/haar holistiese bestaan benader en behandel te word. Meer as om bloot na my medemens uit te reik, het ek op die mobilisering van individuele kragte, sowel intra- as interaktief, binne die individu en die gemeenskap, gefokus.

In kwalitatiewe navorsing word onderhoudsvrae gebruik as ŉ manier om ŉ gesprek te vorm, maar die bedoeling vir die gesprek is om areas te ontwikkel en te verken wat van dieper belang vir die gespreksgenoot kan wees (Ward 2017:159). Hierdie tipe semi-gestruktureerde onderhoudvoering is buigsaam en leen sigself tot nuwe groei.

Die doel is om gedetailleerde en ryk materiaal te genereer eerder as om bloot vrae wat vooraf bepaal is, te beantwoord. Dit bring mee dat die onderhoudvoerder oop vrae moet vra, wat komplekse antwoorde fasiliteer. Die spelproses, soos in Hoofstuk 1 uiteengesit, het die kern van die onderhoud gevorm (Ward 2017:159).

Deelnemerswaarneming word, volgens Ward, oor die algemeen vasgepen deur ŉ eenvoudige vorm van aantekeninge te gebruik. Soms sal navorsers hul waarneming opvolg deur hul indrukke en gedagtes neer te skryf. Die doel van hierdie soort opname is nie bloot om te onthou wat gebeur het nie, maar om patrone te soek in die waarnemings en ook in hul eie reaksie op die gebeure. Hierdie patrone is moontlik aanvanklik nie duidelik nie, maar hierdie tipe terugvoer kon my in staat stel om te reflekteer oor wat die medenavorsers ervaar het en hierdeur kon begin word met die formulering van ŉ analise.

Freedman en Combs (1996:14) meen dat medenavorsers se manier van denke geakkommodeer behoort te word. Weingarten (1991:289) het hierdie mening soos volg ondersteun: "In the social constructionist view, the experience of self exists in the ongoing interchange with others... the self continually creates itself through narratives that include other people who are reciprocally woven into these narratives."

#### *6.3.5.1 Johannes se dans na die ritme van sy eie voete*

*"Ons aanbid 'n God wat êrens heen met ons op pad is" (Müller 2000:99). Johannes het reeds in 'n vorige sessie hierby aangesluit met die woorde van die ou Gesang 29: "As U son my hart verheug, bring dit my vernude vreug!" Hierdie vernude vreug is sý sisteemdenke wat 'n verstaan van interaksies, prosesse en verhoudinge tussen mense impliseer (Müller 2000:56) wat die verhalende aard van sy menslikheid blootgelê het (Müller 2000:58).*

*Met die gebruik van die bordspel waarin Freedman en Combs (1996:49–50) se vraagformaat as spelvorm aangepas is, het hy gesê dat hy nooit regtig van narratiewe terapie gehou het nie. Hy verstaan nie die konsep van dekonstruksie en eksternalisering nie. Ek het hom gerusgestel en gesê dat hierdie net 'n gesels-sessie is. Ek het die bordspel ongemerk eenkant gebêre en in 'n gewone geselstrant die gesprek gelei. Hy het my, soos ook met die sandrakprojeksie en die roosboomfantasie, oor die drumpel van sy wêreld genooi. Hy het weer die metafoor van die kampterrein aangehaal en gesê dat hy steeds soms net binne die woonwa se staanruimte beweeg, al is hy nou in sy nuwe Kanaän. Hierdie betrekking van die eerste metafoor wat hy gedurende die sessies gebruik het, het my toegelaat om met meer as net begrip te luister. Ek kon my met sy lewensruim vereenselwig omdat hy my toegelaat het om betrokke te raak.*

*Johannes het, met ervarings uit sy verlede en wat hy nou weer in die hede ervaar, uit die woonwastaanplek getree en beelde geprojekteer van wat sy bestaan in die toekoms kan wees (Müller 2000:99). Hy het die realiteit van die alledaagse lewe besef en gesê dat hy nou weet om "bye en goggas – en dorings! – in sy roosboom te verwag" en op 'n verantwoordelike wyse daarmee om te gaan.*

*Nuwe moontlikhede van interpretasie is geskep omdat hy 'n appèl op sy verbeelding gerig het. Sonder om te sê dat die gesprek op 'n narratiewe lees geskoei is, kon hy sy kwesbaarhede insien en die werklikheid 'uitdaag' deurdat hy relevansie op nuwe manier tussen sekere kwessies in sy lewe kon plaas. Die nuwe seer en uitdagings in*

*sy nuwe Kanaän hoef nie noodwendig terugslae te wees nie. Met nuwe perspektief kan die verledeverhaal gebruik word as ŉ deurvloei tot ŉ nuwe toekomsverhaal.*

*Johannes het besef dat die daaglikse realiteit nie slegs uit persepsies vanuit sy "woonwastaanplek" bestaan nie, maar wel uit konstrukte wat gedeel word. Hy het die wens uitgespreek om hierdie gesprek in ŉ vraelys te kon saambind om weer in sy bediening te kan gebruik. Dit was vir my ŉ voorreg om die sinoptiese vraagformaat van Freedman en Combs (1996:49) aan hom beskikbaar te stel.*

*Dit was vir my ŉ voorreg om die beskikbare bronne wat deur hierdie studieprojek aan my beskikbaar gestel is, te kon mobiliseer en dat ons mekaar kon aanmoedig om nooit op te hou wag nie. Om die misterieuse van die lewe met verantwoordelikheid te aanvaar, om aan te hou speel sodat sy lewensmelodieë nie stil word nie, om aan te hou dans na die ritme van sy eie voete. Trou aan sy aard het hy weer spontaan begin sing, Hierdie keer ŉ lied van Panam Percy Paul: "Lord, Your power we don't recognise, we can no more pretend, we are now totally repent"* (Paul 2021:aanlyn).

#### *6.3.5.2 Rochelle se digitale dans*

*Müller (2000:65) meen dat pastoraat meer na ŉ kuns as na ŉ wetenskap behoort te neig, minder met diagnoses en meer met kreatiwiteit te doen behoort te hê. In Rochelle se geval is dit só ŉ kreatiwiteit wat verwagting skep, eerder as om strategieë as hulpmodus te ontwerp.*

*In Rochelle se verledeverhaal is geskryf dat sy vir die idee van ŉ virtuele wêreld ontvanklik is. Sy het eers deur middel van speletjies, soos die geboorte van Jesus, die Paasverhaal en die tien gebooie, aan hierdie idee gewoond geraak. Sy het dadelik baie daarvan gehou en baie stories op die WhatsApp toepassing getik. Later het ons van hierdie kommunikasie drukstukke gemaak en in "boekvorm" vir haar teruggegee. Daar is van hierdie nuwe "taal" gebruik gemaak om haar eie stories te skryf. Volgens die GROW-model (*Whitmore 2002:1*) is dit gebruik om vir haar doelwitte te stel waarvolgens sy, ook teen haar eie tempo en ritme, kan probeer voldoen. Op hierdie manier is "die gordyne ook in haar wêreld oopgeskuif".*




***Figuur 6.1: GROW-model (Whitmore 2002)***

*Haar GROW-sirkel is gelamineer en word by herhaaldelik en met groot vrug en vreugde gebruik. Soos voorheen genoem, kom kreatiwiteit juis na vore "wanneer die bewustelike oordeel plek maak vir naïwiteit, speelsheid en kinderlike onskuld" (Müller 2000:65). Hierdie spelverhale is nie meer 'n tendens bokant haar sosiale vlak nie, maar vul haar met lewenskragtigheid en nuwe geestelike vitaliteit. Hierdie magiese kuns het nie haar verantwoordelikheid afgebreek nie, maar juis 'n nuwe verantwoordelikheidsin gefasiliteer. Dit verwys ook weer na White en Epston (1990:59–60) se huidige, sowel as toekomstige, unieke uitkomste wat tot 'n nuwe sinvolheid in haar lewe kan lei.*




***Figuur 6.2: 'n Gekopieerde voorbeeld van Rochelle se digitale boodskappe***

Adriaanse (2021:30) skryf in haar boek vir die populêre mark*: "Om net vrede in die lewe te hê, is soos om op 'n plek te woon waar die son altyd skyn. Die geheim lê daarin dat jy moet leer wat om met die bewolkte dag te doen."*

*Dit sluit direk aan by Rochelle se metafoor van die drie varkies en dat die "wolf" in haar lewe daar is om te bly. Müller (2000:49) se mening is dat die "lam honde", in hierdie geval die aktiewe wolf van die verlede, weer onthou en vertel moet word. So kan Rochelle die toekomstige legkaart van haar lewe stukkie vir stukkie aanmekaar heg. Sy was eintlik verras om te besef dat sy nie regtig die einde van haar "probeer" bereik het nie, maar dat haar nuwe lewensvitaliteit die oorhand oor 'n versteurde toekomsperspektief kon kry. Hierdie aksie is wat Gerkin (1984:122) die werklike hermeneutiese omgaan met die lewe noem. Volgens Osmer (2008:175) is hierdie juis die pragmatiese taak: die taak om strategieë van aksie te vorm. Hierdie strategieë moet op Rochelle se vlak wenslik wees om uitgevoer te word.*

*Met Rochelle kon ek nie sessie vir sessie hanteer soos dit in Hoofstuk 1 uiteengesit is nie, dit was eerder 'n vrye integrasie van metode en tegniek, soos in die veld van Gestaltterapie gemodelleer is. Müller (2000:67) idealiseer in hierdie opsig "dat die kunswerk, die bevrydende terapeutiese situasie, net sal gebeur."*

*My droom vir Rochelle se nuwe, realistiese toekomsverhaal vind aansluiting in Ester 2:17: "Hy het die kroon op haar kop gesit en haar koningin gemaak." Daar is ook reeds met 'n hulporganisasie gereël dat daar 'n gala-aand vir Rochelle en ander vriende wat daarna smag om ook matriek-afskeid te kan hou, georganiseer sal word. My wens is dat daar eendag in haar toekomsverhaal 'n stukkie geskiedenis geskryf sal word wat van God se beskerming en sy plan vir jou bestemming getuig. 'n Pragtige sprokie vir Rochelle, gevul met mirre-olie en heerlike, geurige kruie. My spontane gebed vir hierdie kind sluit aan by die hemelwaartse versugting van Linde (2020:66): "Here, hoe dikwels is bolangse gebeure eintlik U pad van bestemming, al herken ons dit nie dadelik nie. Maak my opmerksaam en leer my om verder as vandag te kyk."*

## 6.4 METODOLOGIE, DATAVERSAMELING EN ONDERHOUDVOERING

Met hierdie spesifieke soeke, soos deur die woestynmetafoor beklemtoon word, is gepoog om 'n diepgaande ervaring van wat die medenavorser as individu beleef, weer te gee. Die navorsingsproses is grootliks subjektief aangepak en inligting is verbaal, en nie deur syfers nie, verkry (Maree *et al.* 2007:183*)*. Dataversameling was minder gestruktureerd deur onderhoude en waarnemings as studiemetode te gebruik. Die metode was, na my mening, geskik vir 'n tema soos wat in hierdie studie ondersoek is. Die metode laat ruimte vir transformasie; ook vir mense om te droom en inspraak in hulle toekomsverhale te hê. Die besef dat hierdie insae en insette 'n moontlikheid is, het vele unieke uitkomste geborg.

Botkin (2000:32) meen dat daar, vanuit die spelproses vir volwassenes, veel voordele te trek is: "...including the opportunity to engage in magical thinking, pretend play and role playing."

'n Uiteensetting van hoe die sessies beplan was, is in Hoofstuk 1 verskaf. Mense, in hierdie geval mense in gemarginaliseerde gemeenskappe, verloor soms perspektief omdat daar 'n gebrek aan visie, of ook 'n gebrek aan taalgebruik mag voorkom. Robinson (2011:214) het dit soos volg gestel: "Direct communication through speech can be very daunting." Norton en Norton (2008:42) sluit hierby aan deur te sê dat, hoewel die verbale reaksie heeltemal akkuraat kan wees, kan dit wees dat die gespreksgenoot sukkel om die impak daarvan te aanvaar. Wanneer die ervaring deur die gespreksgenoot beheer word, verkry hy/sy teen sy/haar eie tempo bemeestering oor die emosionaliteit.

Landreth (2012:244) verduidelik dat speelgoed deur kinders (in hierdie geval die gemarginaliseerde volwassene) gebruik kan word om hul eie, sowel as die gedrag van hulle familie- en gesinslede, op 'n simboliese manier te verteenwoordig. Sodoende kan so 'n persoon gehelp word om sy/haar ondervindinge op 'n voldoende wyse uit te druk en uit te leef. Handpoppe en projeksiefiguurtjies kan as buffer tussen fantasie en realiteit gebruik word.

Tydens hierdie studie het ek steeds te werk gegaan vanuit 'n post-modernistiese epistemologie, wat sosiaal-konstruksionisme as 'n psigologiese uitdrukking van die postmoderne wêreldbeskouing aanvaar (Corey 2013:361; Gergen 1985:267). Hierdie raamwerk is op 'n prakties-teologiese basis gebou en voortgesit.

Die mondelinge inligting is herskryf en volledige prosesnotas is in veiligheid geliasseer. Saldaña (2011:727) meen dat dit wenslik is om kwalitatiewe navorsingsdenkmodelle as voorlopig tydens die navorsingsproses te beskou. Die mens is nie slegs die produk nie, maar ook die produseerder, van sy eie verhaal (Foucault 1972:95; Binneman 2010:345). Hoewel die metode wat tydens hierdie studie aangewend is, nie werklik "ontleed" kan word nie, kon daar wel sinvol op die gespreksgenote se verhale gereflekteer word. Die spesifieke navorsingsmetode het grootliks ruimte vir transformasie gelaat, asook sodat die medenavorsers insig en inspraak in hul toekomsverhale kan hê.

Seidel en Kelle (1995:53) het die kodering van data op drie basiese maniere gedifferensieer. Eerstens kan dit as objektiewe voorstellings of feite gebruik word. Tweedens kan dit heuristiese hulpmiddels wees wat mense in staat stel om self nuwe insigte te ontdek of aan te leer en verdere ondersoek moontlik te maak. Op 'n derde vlak stel dit die navorser in staat om voort te gaan om ontdekkings te maak oor dieper realiteite in die data waarna deur die kodes verwys word.

Die data wat tydens die onderhoudsgesprekke na vore gekom het, is verwerk volgens 'n algemene kwalitatiewe navorsingsdenkmodel, die beskrywende analise van Tesch (1990) en

Creswell (1994:155–159). Vanuit ŉ narratiewe begrip kon daar egter nie ŉ data-ontleding gedoen word nie, maar die gespreksgenote kon tot ŉ ryker beskrywing en beter begrip gelei word. Geen "boksies" of kategorieë word uiteengesit nie; daar word eerder ŉ teoretiese reflektering gebied (Sien beskrywing na fotos – net voor termineringsboekie).

Die navorsingsessies is met 'n sandrakprojeksie begin wat tegelykertyd as 'n ysbreekspel, asook as 'n verkenning van die persoon se omgewings- en gesinsdinamika, kon dien (Axline 1982:48; Blom 2011:71). Sien Addendum 1.

Tydens die volgende sessie is gepoog om verdere inligting rakende die medenavorsers in te win. Hierdie vraagstellingstrategie wat deur middel van prentekaarte aangewend is, was baie gewild en die medenavorsers het besondere inligting deur middel van hierdie spel openbaar gemaak (Blom 2000:71; Giordano, Landreth & Jones 2005:37, Blom 2011:41) (Sien Addendum 2).

Die vereenvoudigde spelweergawe van 'n genogram het dan gevolg en uiteindelik op die mees geverbaliseerde emosie op die profiel ingeskryf is (Venter 1988, Blom 2006:73). Die "Rotter onvoltooide sinne vraelys (Rotter 1950, Blom 2000, 2006, Giordano, Landreth & Jones 2005:50). 'n Groter agtergrond van die medenavorser se leefwêreld kon hierdeur verken word. Elke deelnemer het met spontaneïteit nog gedeeltes van hulle leefwêreld na vore gebring (Sien Addendum 3).

Die gebruik van die Roosboomfantsie (Blom 2011:74-76; Oaklander 1988:192 ; Thompson & Rudolf 1996:30) was werklik ook vir my weer 'n herontdekking van 'n spelvorm om 'n gespreksessie te gebruik om, die waardigheid as sleutelkonsep, emosies te mobiliseer. Daar was besondere reaksies wat interne insig en 'n nuwe, hoopvolle repliek op die self kon genereer (Sien Addendum 9).

Die "Veilige Plek Fantasie" funsksioneer op dieselfde grondliggende beginsel as die roosboomfantasie en is daarom nie met al die deelnemers gebruik nie (Oaklander 1988:196; Blom 2004:76-77). Dit kon egter wel vir Rochelle, Annalet en Riana die geleentheid bied om 'n plek van veiligheid te skep wat selfkoestering, selfsorg en selfonderhouding kon bevorder.

Tydens hierdie fase van die proses is 'n redelike kartering gedoen (White & Epston 1990:42) en kon ons voortgaan na 'n vraagstellingsessie wat van internalisering tot eksternalisering kon lei. Hierdie stel vrae van Freedman en Combs (1996:49-50), waarvan ek in die inleidende gedeelte van my persoonlike lewensverhaal vertel, is in bordspelvorm verwerk en aangebied. (Sien Addendum 6 en 7. Klik ook op die volgende skakel https://drive.google.com/file/d/1szmdmEMNBxunelwUvWPSa_Bv2cfmVsQq/view?usp=sharing om 'n uittreksel van die aanbieding van die bordspel te sien). Die medenavorsers kon ook op die vinielbord skryf en aanbeweeg met rooi of groen huisies. Hier word ten nouste

saamgewerk om die negatiewe uitwerking van sekere waardes, instellings en praktyke, binne die groter kultuur, te identifiseer en aan te spreek (Freedman & Combs 1996:13).

Adams-Westcott, Dafforn en Sterne (1993:262) het boeiend geskryf oor hoe mense wat mishandel word, die neiging toon om die traumatiserende gebeure waaraan hulle onderwerp is, te internaliseer. Hierdie innerlike dialoë en die (somsverwronge) interpretasie daarvan, kan die lewe vir sulke persone negatief kleur. Probleme ontwikkel wanneer mense gesprekke internaliseer wat hulle beperk tot 'n eng beskrywing van hulself. hierdie sories word as neerdrukkend ervaar, juis omdat hulle die persepsie van beskikbare keuses beperk word.


Freedman en Combs (1996:49) beveel aan dat ‘n karatereienskap wat pla, in byvoeglike naamvorm gekies word en dat daar vanaf hierdie vertrekpunt met die speletjie begin word. In die vorm wat Johannes gekies het (Addendum 5), word hierdie aanslag en vrae duidelik uiteengesit.

Die bordspel, Pachisi (Addendum 4) is vanuit die vraelyste van Tomm *et al*. (2008:174-191) gebruik om problematiese houdings, persepsies, oortuigings en patrone na vore te bring. Nie al die deelnemers het hierby aansluiting gevind nie, maar dié spelvorm was opbouend in die lewe van Shané. Die ander deelenemers het dit as “te uitgerek beskou”. Annalet het wel by hierdie spelvorm aansluitin gevind, maar het verkies om die Roosboomsessie by herhaling te “speel”. Louw, Denton en Grober (2016:8), soos in hoofstuk een gemeld, pleit vir die erkenning van die kontaksiklus. Met sommige persone toon ‘n korter siklus meer effektiwiteit om ‘n afgerondheid te bereik, terwyl “ ander prosesse weens die kompleksiteit daarvan, oor ‘n langer tydperk moet plaasvind”.

Addendum 10 wys na ‘n opvolgspel vir die “Freed-X”-spel wat op dieselfde grondbeginsel gebou is. Freedman en Combs (1996:49) sê dat dieselfde kwaliteit, eienskap of slegte ervaring wat in die “Freed-X” spel gebruik is, nou as selfstandige naamwoord gebruik word. Sy gebruik die voorbeelde “mededinging” en “kwaad”. Indien die ervaring tydens die voorbeeld ‘n onderbou van mededinging bevat het, dit nou as kompetiese behandel moet word. Indien kwaad as emosie oorheers het, dit nou as woede behandel sou kon word. Al die mededeelnemers kon tydens hierdie spel ontlading en verligting ervaar en het dit ook as sulks gekommunikeer.

Die laaste spelvorm, die termineringsboekie is goed ontvang en kon boustene vir die toekoms opstapel. Die vrae het die volgende temas gedek: Wat het ek tydens hierdie studie geleer? My hanteringsvaardighede, ontspanningstegnieke, hoe verskil ek van die persoon wat ek voor hierdie studie was, my veiligheidsplan, my hoop en drome vir die toekoms, my ondersteuningsnetwerk. Kulturele reëls vir die uitdrukking van emosies het ‘n belangrike

invloed ten opligte van die wyse waarop uitdagende emosies erken en bestuur kan word (Blom, Read & Kind 2012:8)




***Figuur 6.3: 'n Voorbeeld van die termineringsboekie se voorblad (Addendum 11)***

### 6.4.1 Data-ontleding

Die formulering en konstruksie van die verloop van die gespreksessies wat gedurende die navorsingstudie gedoen is, was op die doel van die studie, naamlik narratiewe pastorale spel en gemarginaliseerde gemeenskappe, gebaseer.

Die mondelinge inligting is volgens die beginsels van 'n algemene kwalitatiewe inligting-ontledingsproses herskryf. Saldaña (2011:127) meen dat dit wenslik is om kwalitatiewe navorsingsdenkmodelle as voorlopig in die navorsingsproses te beskou.

Binne 'n konteks waar in ontledings van sekularisasie, postsekularisasie, betowering, herritualisering en godsdienstige fundamentalisme saam en teen mekaar woeker, maak dit, volgens Walton (2022:49), maklik om te verstaan waarom die studie en voorstelling van bepaalde lewens as 'n toenemend aantreklike manier blyk te wees om oor godsdienstige identiteit na te dink. Walton (2022:49) beskryf dit soos volg: "It has also proved a creative means to engage theologically with the complex nature of contemporary faith." Binne die praktiese teologie was daar 'n betekenisvolle en produktiewe wending tot die gebruik van lewensverhale as "data" vir sosiale analise en teologiese nadenke. Hiermee skaar Walton haar aan die kant van Ganzevoort, De Haardt en Scherer-Rath met die betiteling van hulle boek, "Religious stories we live by: Narrative approaches in theology and religious studies" (2013).

Tot onlangs nog was akademiese gebruik van persoonlike lewenservaring relatief ongewoon, maar danksy getroue navorsing het dit 'n paar baie belangrike ontwikkelings moontlik gemaak

om binne die teologiese dissipline plaas te vind. Ook elemente van 'n eie lewensverhaal word binne tekste ingesluit. Soos Van den Berg, het ook Miller-McLemore (1994), Beaudoin (2016), Couture (2016) Graham (2017) en Walton (2018) 'n sterk invloed op hierdie keuse in my studie uitgeoefen. Gepubliseerde werke in praktiese teologie wat van die skryf van lewensverhale as navorsing gebruik maak, neem dus eksponensieel toe.

Meyer (2018:148) haal die Duitse skrywer Grethlein (2016:188) aan wat sê dat God se liefde in kommunikatiewe prosesse vervul word. Meer spesifiek fokus Meyer op “die maniere van onderrig en leer, saam feesvier en help om te lewe” (2018:148). Hierdie kommunikatiewe prosesse is wedersyds gedeel en geniet word. Die medenavorsers het deur die deel van hulle lewensverhale God se liefde gekommunikeer:

“God’s love can be communicated in all contexts, to be used constructively during daily living” (Meyer 2018:153). Meyer meen dat… “that these modes of communication keep pace with the development of communication in not only secular spaces, but also nontheological sciences” (Meyer 2018:153). Hierdie mening word bevestig deur die kommunikasie van God se liefde in gemarginaliseerde gemeenskappe. Ek kon met nuwe vriende in nuwe plekke hierdie studie voltooi.

Met 'n terugverwysing na die navorsingsvraag in Hoofstuk 1: “Kán spel deur die pastorale berader benut word om, tydens die gebruik van 'n narratiewe terapeutiese benadering in pastoraat, beter gevoelsvaardighede aan te leer?” (Blom, Read & Kind 2012:3), kan die gevolgtrekkings en waarneming in hierdie navorsingsprojek wel gebruik word om hierop oortuigend *ja* te antwoord. Ward (2017:168) meen juis dat die mees fundamentele produk van praktiese teologie altyd die lewens, wat deur die werk van God verander is, sal wees: “the most fundamental product of practical theology will always be lives changed by the work of God” (Ward 2017:168).

Die kwalitatiewe navorsingsdenkmodel in ag genome, is daar op die verkryging van inligting deur woorde en die subjektiewe aanpak van die navorsingsproses gefokus. Die versameling van die data is hoofsaaklik deur onderhoude/gespreksessies en waarnemings (Louw & Louw 2016:41-43) verkry en kon daartoe lei dat resultate nie veralgemeen kan word nie. Daar is ook meer op beskrywing en interpretasie van gedrag gefokus.

Met die navorsingsbevindinge van hierdie studie glo ek dat bestudeerde inligting met bewysgebaseerde persoonlike insigte in die veld vertolk en aangebied is. Ek glo dat die navorsingsbevindinge 'n bydrae tot die kennisbasis van die dissipline sal lewer en dat die dissonansie van probleme deur narratiewe pastorale spel met speelsheid en 'n ligtheid van hart in onverwagte harmonie gebring kan word (Freeman, Epston & Lobovits 1997:294).

### 6.4.2 Etiese aspekte

Voorgeskrewe etiese aspekte is deurgaans tydens die gespreksessies gehandhaaf (Strydom 2011:115–122). Wetlike toestemming, soos deur die "Risk and Insurance Management Society, Inc" (RIMS) voorgeskryf is, is op 20 November 2020 verkry: UFS HSD2020/0837/0611. Al die deelnemers se toestemmingsvorms is voltooi en, ter wille van rekordhouding, ingehandig.

Alle Covid-19 protokol, soos wetlik bepaal (South Africa: 2020), is deurgaans tydens hierdie studie gevolg. Hoewel die wêreld soos ons dit voor 2020 geken het, deur die koms van die Corona-virus omgekeer is, word hierdie nuwe uitdagings ook binne pastoraal-teologiese veld aanvaar.

Soos toenemende optiese veselontwikkeling in die kuberruim die gebruik van virtuele platforms meer bereikbaar maak, word diversiteit binne die dissipline van praktiese teologie soveel groter sodat dit verskillende nuwe kontekste en uitdagings kan akkommodeer (Ganzevoort 2006:1). Sosiale media is as geestelike platforms ingespan sodat "mense in hulle eie lewenssituasies in staat gestel word om deel te neem aan dit waarmee God besig is" (Louw & Louw 2016:7).

### 6.4.3 Interdissiplinêre perspektiewe

Die vraag wat Miller-McLemore (2022:707) rakende interdissiplinêre perspektiewe vra, lê eintlik op die vlak van die empiries metodologiese ruimte. Sy haal die skrywer Barbour (1966:1) aan, wat na die plek van godsdiens in die huidige wetenskaplike era op soek is. Hoewel Miller-McLemore (2022:707) glo dat Barbour (1966:4) eerder vanuit sy vraestelling bedrewe is om aan te dui wat godsdiens uit die wetenskap mag skep, as andersom, verkies hy steeds die betroubaarste pad van kennismaking. In Barbour se boek, wat sommige erken as die skep van die wetenskap-godsdienstige veld, beskryf hy drie reaksies op moderne wetenskap: eerstens, teoloë wat skerp kontraste trek, tweedens diegene wat parallelle trek, en derdens diegene wat betoog dat teologie en selfs God se bestaan, uit die wetenskap afgelei kan word. Barbour (1997:4) beskou wetenskap as ŉ meer menslike onderneming en teologie as ŉ meer selfkritiese onderneming as wat algemeen verstaan word (Barbour 1997:4).

Sosiale wetenskap is dikwels ondergeskik aan breër vrae oor hoe om kultuur, die geesteswetenskappe en ander gesigte van moderniteit te betrek. Sosiale wetenskap figureer nietemin steeds prominent as een van die belangrikste gespreksgenote waarmee praktiese teoloë verstrengel raak in ons poging om die alledaagse lewe te verstaan. Elke model moet vrede maak met hoe om die samelewingswetenskap te beskou, van diegene wat dit as

bykomstig beskou tot diegene wat dit as absoluut vereiste en konstitutief beskou, insluitend empiriese praktiese teoloë wat voorstel dat ons ten volle vertroud is met die metodes daarvan (Miller-McLemore 2022:710).

Wetenskaplike data is altyd op teorie gebaseer en onderhewig aan interpretasie en kreatiewe verbeelding, asook die religie van beoordeling deur middel van wetenskaplike kriteria t.o.v. samehang en doeltreffendheid. In teenstelling met dialoog, bepleit Carter en Narramore (1979:13) 'n integrasie vir en selfs breër metafisika wat wetenskap en godsdiens binne 'n groter geheel omvat. Verskille word beklemtoon, juis met die hoop om maniere te vind waarop elke terrein, binne 'n eie arena, die ander kan beïnvloed.

Dreyer (2012:38) rig sy argument op 'n respekvolle dissiplinêre pluralisme. Hy het waargeneem dat die meeste dissiplines deur onstabiliteit, veelvuldige tradisies en interdissiplinêre diversiteit gekenmerk word. Aangesien diversiteit inherent is, is hy van mening dat die beste reaksie is om dissiplinêre verskille as geleentheid tot produktiewe intellektuele dialoog te beskou. Hy wys op twee keuses, naamlik 'n eenheidsreaksie wat die samesmelting van verskille in 'n gemeenskaplike raamwerk goedkeur; óf om dit as pluralistiese reaksie te benader. Laasgenoemde reaksie dui eerder op 'n blote onnadenkende aanvaarding, of dan die ignorering van dissiplinêre konflikte (Dreyer 2012:49).

Miller-McLemore (2022:710) meen dat alle praktiese teoloë betrokke moet raak in die proses van 'n begrip ten opsigte van die alledaagse lewe. Sy skryf oor verskillende benaderings: "Each model must come to terms with how to regard social science, from those who see it as 'ancillary' (Heitink 1999:171) to those to those who see it as absolutely requisite and constitutive, including empirical practical theologians who suggest that we 'be fully conversant' in its methods" Verskeie teoloë, ongeag die konfessionele, professionele of intellektuele aanslag waaruit daar gewerk word, neem een of ander vorm van korrelasie aan.

Miller-McLemore (2022:706) het kortliks drie uitdagings genoem wat ontstaan wanneer godsdiens en sosiale wetenskap in praktiese teologie betrek word. Dit is nie die enigste debatte nie, maar word deur haar as die kern-uitdagings uitgesonder. Eerstens meen sy dat, binne die meeste akademiese omgewings, sosiale wetenskaplike kennis dikwels geïgnoreer of verkeerd verstaan word. Sy betwyfel die feit dat 'n opregte vennootskap ooit werklik bestaan het. Sosiale wetenskappe versuim óf om teologiese wetenskap te erken, óf twyfel oor die geldigheid en relevansie daarvan. Hierdie ongelukkige dinamiek beroof beide dissiplines van wat innemende interaksies vir beide hierdie kwessies te kon wees.

'n Tweede uitdaging behels die spanning tussen feit en waarde, empiriese beskrywings en normatiewe interpretasie. Ten spyte van die algemene aanvaarding van die postmoderne stelling dat alle kennis deur konteks en mag gevorm word, beskou baie geleerdes steeds

wetenskaplike kennis op een of ander wyse as meer objektief en rasioneel as godsdienstig. Die kwantifiseerbare word bo die kwalitatiewe geprys en haalbare empiriese eksperimente word bo geloofservaring en -kennis verkies.

Derdens bied interdissiplinariteit inherente uitdagings. Mercer (2016:163) beweer dat interdissiplinariteit konstitutief van praktiese teologie is. Met die woorde van Miller-McLemore (2022:711) wil ek hierdie diskoers afsluit:

> *Nevertheless, although a correlational model has come under justified critique from a variety of angles, its usefulness in organizing research projects, course syllabi, and even social justice efforts endures. It is difficult for anyone, even those who adopt models of conflict, independence, or interruption. More important, correlation presumes and demands dialogue, and dialogue places particular demands on the sciences, asking scientists to take religion seriously and to recognize when their own constructs expand beyond scientific parameters into the territory of theology, ethics, and philosophy. Dialogue occurs (or should occur) when religion makes claims about human experience that put it in the realm of science, when science becomes more than science, when science becomes dogmatic, or when science and religion hold competing visions of the good life. In genuine conversation, there is presumably no last or ultimate word.*

Foucault (1972:95) meen dat die mens nie slegs die produk van sy eie verhaal is nie, maar ook die produseerder daarvan. Die vertel van hierdie stories skep 'n dinamiek tussen ware stories oor die realiteit en moontlike stories oor potensiële lewe (Bahtkin 1981:37).

Met spel as modus sluit ek aan by die volgende vertelling van Algeo (2012:aanlyn). Hierdie woorde bevestig my gevolgtrekking dat narratiewe spel as modus hierdie “re-storying” en “lewe in die hede” makliker kon moontlik maak:

> *Such “re-storying” can be thought of as actually “restoring the child’s view of the world in the adult. That is, a child perceives every new experience and his/her reaction to it in the filing cabinet of the mind… (then) the adult takes the old response to that old experience, and projects it onto the new one. Thus, effectively, the adult stops responding altogether to the new lives instead, not in the present, but instead in the past. To be psychologically and spiritually healthy, we all need to remain childlike (not childish). And we do that most easily through fantasy stories* (Algeo 2012: aanlyn).

Die lewe sluit altyd meer identiteite, meer opsies en meer betekenisse in. Hierdie lewensverhale met ‘oop eindes’ (Bahtkin 1981:37) kon deur middel van die spel-aanslae wat in hierdie studie getoets is, die toename in interpretasie, identiteite en betekenisse op die voorgrond plaas.

Na aanleiding van die *leitmotiv* wat as basis gebruik is, is Gwendolien se rok gereed om aangetrek te word. Al die nate, die vasgewerkte kraletjies en borduursels weer gefynkam. Gwendolien se woorde: ”[Ek weet dat as] ek hierdie rok weer en weer na ŉ spesiale geleentheid wil aantrek, ek dit mooi sal moet oppas en versorg.” Die waarheid hiervan het my laat besef dat ek steeds, al is die navorsingsessies afgehandel, God se veranderingsagent in gemarginaliseerde gemeenskappe sal wees. Dit is my roeping. Nell (2022:123) waarsku teen irrelevansie wanneer die omgewing waarvan elke individu deel is, nie getuienis van ŉ helende gemeenskap kan lewer nie. Missionale integriteit het kontekstuele relevansie. Ek wil nie slegs Gwendolien se rok verder versorg nie, ek wil ook die gemeentedeur vir elke persoon binne gemarginaliseerde gemeenskappe, oophou.

Toe ek die sagte sneespapier van die patroonpante netjies wou toevou, raak my hande skielik dom. Die papier bondel en wil nie die skoon, gestrykte voue vind waarin die patroon van die materiaalwinkel gekom het nie. Dít beteken egter lewe, en geleefde godsdiens. Hierdie patroon is gebruik waarvoor dit vervaardig is, en nie om altyd perfek netjies opgevou te lê nie.

### 6.4.4 Fragmente vanuit die medenavorsers se lewensverhale

#### *6.4.4.1 Annalet se blinkgevryfde kopergoedjies*

*Annalet se reis na haar verlede is baie meer as net die ontdekking van hoe haar verlede haar menswees gerig het. Met die besef dat sy ook haar eie verfynde skakering tussen die vetkrytkleure mag wees, het sy eintlik ŉ oorsig oor haar probleem verkry. Sy het insig in die feit dat haar realiteit dieselfde bly, maar haar beskouing, ervaring en hantering van dié realiteit, het verander. Sodoende kan sy ŉ alternatiewe verhaal van haar lewe begin vorm.*

*Hierdie mense se persoonlike omstandighede het ook verander en ŉ besondere unieke uitkoms geword. Sy en haar man is beter behuising aangebied en hulle het hierdie geleentheid met ope arms verwelkom. Die hervestiging vanuit die tent langs die rivier na ŉ huis met lopende water en ŉ sterk dak word ook in haar lyftaal en vroliker kleredrag bevestig. Die disfunksionele kind-vrou wat ŉ gekontamineerde volwassene geword het, kon werklik ŉ historiese insig oor haar lewe verkry. In die proses kon sy haar eie weerstandsperk herken en erken en tot die besef kom (Retief 2004:81) dat sy nuwe ontdekkings kan maak. Dit is ook vir my vreugdevol en in ŉ sekere sin bevrydend om te sien hoe sy deur nuut geopende deure beweeg (Perlz 2014:14) en in die rigting van ŉ verskuiwing van persepsies en oortuiging begin werk (Van den Berg 2008:120).*

*Annalet en Thinus het steeds toegang tot die rivier en gaan vang steeds elke dag vis om te verkoop. Hulle het ook 'n herwinningsbesigheid begin om bykomende inkomste te genereer. Volgens Annalet sal die "roosboomfantasie" altyd haar gunstelingstorie bly: "Dis waar my lewe begin draai het, Antie...". Die spelvorm het vir Annalet goedkeuring gegee om haar lewensverhaal te begin neerskryf en met haar ma te "kommunikeer". Sy het letterlik boeke vol geskryf. Hierdie fantasie-tegniek kon haar help om bewus te word van haar gevoelens in die hier en nou. Ons het bespreek hoe hierdie projeksie in haar lewe kan inpas (Oaklander 1988:192). Die selfsorg en koestering wat hieruit gevloei het, was vir Annalet baie waardevol. Sy pluk steeds riete by die rivier om in haar nuwe tuin te sit; ook om haar herinnering aan haar ma vars te hou. Hierdie handeling behels tegelyk 'n afhandeling en 'n heroriëntasie. Die afbrekende teenstrydighede word in 'n nuwe verhaal geïntegreer (Müller 2000:102). Op hierdie manier is ruimte geskep tot bemiddeling van die hoop op 'n beter toekoms, ongeag haar omstandighede.*

*Ten spyte van die gunstelingstatus van die roosboomfantasie, het die nuwe besigheid ook nuwe lewensinsig gebring. Annalet en Thinus het heelwat koper items gekry om te "riesaaikel", maar het besef dat die mark wat vir hierdie artikels bestaan, blinkgevryfde koperstukke bo dofgevatte, vaal items verkies. Ek het vir haar 'n blikkie Brasso geneem om die koper se oorspronklike fleur te probeer terugkry. Hierdie metaalpolitoer wat ontwerp is om vlekke van koper en vlekvryestaal items te verwyder, het tot 'n nuwe, kosbare metafoor gelei: "As jy iets wil skoonmaak, word dit eers baie vuil. Moet dit so wees?" Ongelukkig is die antwoord hierop "ja". So is die lewe maar. Wanneer iets heelgemaak word, is daar soms 'n deel wat eers nog verder stukkend breek.*

*My gebed is dat God Annalet se storie inmekaar sal weef deur die regte insidente vir haar te laat uitstaan: "Depending on influences in our environment, we include events that fit into the dominant plot to create our stories, while other events are not storied" (Morgan 2000:5). Dit is nie my werk om vir haar 'n soliede en tasbare toekoms uit te werk nie, maar ek is dankbaar teenoor God dat ek geroep is om 'n situasie te kan fasiliteer waarin daar 'n dinamiese beweging plaasvind. Met haar sterk geloof as basis, bewerk dit die aangryp van 'n realiteit om hierdie nuwe verhaal, wat beter stabiliteit inhou, deel van haar lewe te maak.*

*Om oorwinning, vreugde en "vrede wat alle verstand te bowe gaan" (Filip 4:7), weer op 'n nuwe en vars manier te kan beleef! (Smith 2012:11).*

#### *6.4.4.2 Riana se hoofrol in "Lord of the dance"*

*Met ʼn volgende kuier het Riana vrolik gegroet. "Volgens konvensie sê ʼn mens mos maar altyd 'Goed dankie, en met jou?', maar Tannie, dit gaan régtig goed met my!" Sy vertel hoe sy ook uiteindelik, soos ʼn plantjie wat in die sonlig staan en uitbundig blom, kon oopgaan.*

*Sy worstel steeds met die dinosourus-metafoor, maar sy is in beheer! Met haar besondere kreatiwiteit het sy sement gebruik om ʼn dinosourus-ornament te maak. Haar motivering was dié woorde van haar broer: "Make a feature of the creature!" Dié tuinversiering herinner haar elke dag daaraan dat slegs sý die besluit kan deurvoer om beheer van haar lewe te neem.*

*In ʼn vorige greep uit Riana se verhaal is gestel dat hierdie pragtige jong vrou eers weer bewus moet raak van vooroordele. Volgens Müller (2000:36) sal sy moet erken dat sy vooroordele het. Hierdie metakommunikasie is [letterlik] kommunikasie oor kommunikasie en kommunikasie oor ons vooroordele (soos genoem). Ek het uitgesien na ʼn gesprek wanneer haar vooroordele openlik verwoord kan word sodat sy die geleentheid gebied kan word dat iemand haar help om van wanvoorstellings ontslae te raak. Uiteindelik kon so ʼn gesprek plaasvind. Stereotipe persepsies, veral ten opsigte van mans, kon uitgewys word. Sy kon haar vooroordele openlik verwoord en het aan my die geleentheid gebied om haar te help om van haar wanvoorstellings ontslae te raak.*

*Riana was gewillig om ou, geykte interpretasies uit haar verlede te heroorweeg sonder om haarself weer in die proses te laat "sterf". Sy moes letterlik besluit om, met die nodige innerlike en emosionele versterking, die tou waarmee die dinosourus beheer word, in háár hande te hou. Sy moes ook weer leer om nie van die verlede te vergeet nie, anders sou sy nie ʼn lens gehad het om na die toekoms te kan kyk nie.*

*Om haarself te wees, en te mág wees, was vir Riana ʼn bevrydende ervaring. Haar woorde: "Ek dans weer!", het my onwillekeurig aan die verhaal van Clara in die "Nutcracker Suite" van Ilyich Tchaikovsky laat dink. Na Clara se vele onaangename belewenisse, en nadat die Muiskoning verslaan is, verander sy in die suikerfee vir die weelderige viering wat in die betowerde paleis plaasvind.*

*Riana kon haarself met dié dansende fee identifiseer, nie omdat sy meer transformasie of ontkenning as verdedigingsmeganismes nodig het nie, maar omdat sy met die waarheid saamleef – en steeds dans! Die werklikheidsgetrouheid laat haar opnuut vashou aan die herontdekte vrou wat nie meer verwag dat die lewe pynloos sal wees nie, maar dat sy die lewe met ʼn nuwe benadering tegemoet sal gaan. Die*

*balletsamestelling deur Pekkeaw Loi, wat op die liriek van "Lord of the dance" soos deur Laurika Rauch gesing, gebaseer is, het Riana se temalied geword. Sy dans die hoofrol in die samestelling van haar eie lewe.*

#### *6.4.4.3 Shané se stewige vastrapplekke*

*"Ons mis die sleutel van interkulturele kommunikasie omdat ons nie bereid is om die 'donker wêreld' van die ander se verhaal te betree nie". Hierdie woorde van Müller (2000:35) het my laat besef dat, alhoewel ek 'n gewillige toetrede tot Shané se ervaringswêreld gemaak het, ek nog nie werklik tot haar hart deurgedring het nie.*

*Shané beskou haar hanteringsvaardigheid nie werklik as vaardigheid nie, maar as deel van 'n vasgeloopte verhaal. Ten spyte van die soutmetafoor wat soveel hoop gebied het, smeek sy vir begrip omdat sy haar lyf afskeep. Volgens 'n verbatim-aanhaling uit een van ons gesprekke het sy gesê: "Ek eet my dood om van ander verslawings te vergeet." Met "lê voor die TV en eet", het sy ontspanningstegnieke beskryf. Ek besef dat ek nie langer op naïewe wyse met haar verhaal kan omgaan nie. Kommunikasie vereis tog uitdagings en bevraagtekening.*

*Haar lewe, wat soveel hoop verbeel(d) het, moet weer gemotiveer en geïnspireer word en nie slegs 'n passiewe gebeurtenis wees om die realiteit te blokkeer nie. Sy het ook gesê: "Ek is beter as voorheen, want ek het nie eers lus vir dwelms nie." Haar stryd teen die verslawing vereis samewerking van haar kant af. Is dit moontlik dat sy steeds die blaam op haar neem, dat sy die emosionele landskap van haar verslawingsdae met passiwiteit herskep? Soveel bevryding is tog reeds beleef deur die besef dat sý nie die probleem is nie, maar dat die probleem die probleem is.*

*In Hoofstuk 3 is een van die beperkinge van die postmoderne pastorale aanslag deur Corey (2013:453) soos volg uitgedruk: "There is little empirical validation of the effectiveness of therapy outcomes". Hierdie kritiese beskouing word egter ter syde gestel wanneer ons toelaat dat God as eksterne entiteit weer tot die narratiewe helingsproses toegelaat word.*

*Die tree wat sy gegee het om dwelmmisbruik die stryd aan te sê, is merkwaardig! Dat sy 'n geestelike plato bereik het, is menslik. Dat haar toekomsverwagting getaan het, is hartseer. "Deur aan te hou om die verhaal van die verlede te vertel en te herinterpreteer, help ons om die klippe wat struikelblokke was, in vastrapplekke te verander" (Müller 2000:49). Sy het een van hierdie "vastrapplekke" as voortgaande gespreksessies uitgesonder. Sy het gevra of hierdie "kuiers" weekliks voortgesit mag*

*word. Ek het haar aangemoedig om haar eksistensiële nood (weer) tegemoet te stap. Haar lewe het in passiwiteit verstrengel geraak as gevolg van skuld en angstigheid.*

*Met die gebruik van nuwe, voortgesette spelvorme kon sy weer aangemoedig word om ŉ standpunt en ŉ meer aktiewe strategie teen die probleem te ontwikkel. Haar passiwiteit is met drome en nuwe toekomsverwagtinge, waarin sy weer positief kon glo, dink en praat, vervang. Haar passiewe "bly-dwelmvry-voortbestaan", kon met ŉ nuwe beweging uit die toekoms na die hede vervang word (Müller 2000:99). Daar sal altyd hoogte- en laagtepunte op haar lewensgrafiek wees, maar die werklikheid word uitgedaag deurdat relevansie op nuwe wyses tussen sake geplaas word.*

*Die bordspel "Pachisi" is met groot vrug gebruik om problematiese houdings, persepsies, oortuigings, emosies en patrone na vore te bring. Tydens hierdie spel is die landskap waarin die probleem bestaan, weereens uitgebrei deur vrae wat, soos aanbeveel deur Tomm (2008:174–191), in die bordspel verwerk is. Die kontekstuele invloed van die probleem is op speelse wyse verken. Ek het opnuut die roeping ontvang om, aldus Müller (2000:103) ŉ situasie te fasiliteer waarin daar ŉ nuwe dinamiese beweging, wat in háár lewe haalbaar is, sal plaasvind.*



***Figuur 6.4: Die spel "Pachisi" wat ontwerp is om houdings, persepsies, oortuigings, emosies en patrone te eien***

*Ten spyte van ŉ emosionele "windstilte", kon Shané wéér ŉ blik op haar eintlike innerlike krag kry. Sy het skaam-skaam onthou dat ŉ onderwyser haar op skool eenkeer vermaan het dat lusteloosheid in jou vingerpunte sit. Sodra jy net met iéts begin, dan sal jy beter voel. "Jy werk nie omdat jy lus is nie, maar totdat jy lus is."*

*Sy het ook ŉ lied van Steven Curtis Chapman, "This is the Great Adventure", onthou. Hierdeur is ons saam gemotiveer om weer ŉ droom en ŉ toekomsverwagting te hê:*

*Just listen to what I'm whispering to your heart, 'cause I know this is not anything like you thought the story of your life was gonna be. And it feels like the end has started closing on you. But it's not true. There's so much of the story that is still yet to be unfold. And it's going to be a glorious unfolding. Just you wait and see and you will be amazed. You've just got to believe the story is far from over. So hold on to every promise God has made to us. And watch this glorious unfolding …*

*Saam met hierdie potjie sout, wat nié laf geword het nie, en wat opnuut ervaar hoe hoop lyk en proe, begin ek weer aan ŉ nuwe droom bou.*

*"Versterking van identiteit word bewerk deur die positiewe herformulering van die lewensverhaal" (Müller 2000:93). Die hervertelling van die lewensverhaal beteken dus om die konseptuele en/of emosionele omgewing met ervaring in verbinding getree. Die verledeverhaal word in ŉ ander raam geplaas met die feite van dieselfde konkrete situasie ewe goed of selfs beter, en daardeur kan die hele betekenis weer verander (Watslawick, Weakland & Fisch 1974: 95).*

*Met die versterking van Shané se identiteit deur spelvorme wat die waarde en omvang van haar egokrag kon verbeter, het sy weer haar kop opgelig en vir die lewe begin kans sien. Sy het haar hoop en drome vir die toekoms met my gedeel. Eers toe sy besef dat sy nie te "sleg" is nie, het sy die wysheid van haar onderwyser weer ter harte geneem en dit gewaag om haar droom te verwoord: ŉ Kwekery. Daar is reeds met die Staatskwekery by Bloemhof kontak gemaak en uiteindelik gaan sy, hoewel op ŉ baie klein skaal, hierdie droom begin waar maak.*




***Figuur 6.5: Kleine Kwekery***

*Die Kroniekskrywer weet dat geskiedenis nie slegs 'n tevergeefse proses is wat homself herhaal nie, maar dat dit by uitstek ook 'n goeie motiveerder is. Die moedelose skep moed deur na verhale oor God se sorg deur eeue heen te luister. Shané se verledeverhaal, sowel as haar nuwe verbeelde toekomsverhaal, is 'n geleentheid vir 'n nuwe visie, 'n nuwe verdieping van hoop (Nouwen 2013). Haar projek, "Kleine Kwekery", is 'n kroniek van kreatiewe kwaliteit. Só "'n verbeelding van 'n ander, 'n beter toekoms" is ten diepste 'n geloofsaak (Brueggemann 1993:14), 'n konstruering van 'n ander realiteit". Met die panopticon (White & Epston 1990:67–69, Foucault 1979:2000) as vennoot in "Kleine Kwekery", kan ek uitsien na Shané se lentekalender!*

### 6.4.5 Persoonlike reflektering van hierdie studie

Tydens kwalitatiewe navorsing word die navorser as die primêre dataversamelingsinstrument beskou. Ek besef egter dat daar groot beperkinge is rakende my persoonlike reflektering. Hoewel daar goeie rekleksie vanaf die medenavorsers is, sou ek graag 'n groter deelenemende refleksie wou konstateer. Die oogpunt van die respondent of medenavorsers het veel meer drakrag en behoefte as wat ooit in een navorsingstudie weergegee kan word. Die kernwaardes van kwalitatiewe navorsing word deur Jones en Watt (2010:7) soos volg uitgesonder: deelname, refleksiwiteit en voorstelling, versadigde beskrywing, 'n aktiewe deelnemende etiek, bemagtiging en begrip.

Robinson (2011:207) pleit vir die kernvoorwaardes van kongruensie, aanvaarding en empatie ten opsigte van elke gespreksgenoot. My wens sou wees om met elkeen van hierdie medenavorsers reeds in hulle kinderjare 'n pad te kon begin stap. Zins (*et al.*) (2004:5) meen dat kinders se welstand nie slegs hulle opvoedkundige prestasie in hulle vormingsjare beïnvloed nie, maar 'n groot rol ten opsigte van hulle algemene prestasie as volwassenes speel. Daarom kan dit as ontstellend beleef word dat sommige mense in gemarginaliseerde situasies vasgevang word. 'n Mens het min keuses wanneer die lewe jou dikwels 'n dwarsklap gee. 'n Mens het egter steeds keuses. Annalet het dit op besondere wyse beskryf: "Antie, as jy net besluit om te wen, dan wen jy." Soos daar in die volgende semipunt na Gwendolien se rok verwys word waar daar altyd gaatjies sal agterbly waar 'n naald eens verkeerd gewerk het, is die gaatjies tóg onsigbaar vir ander, maar aanvaarbaar vir die draer van die kledingstuk.

My persoonlike deelname is wel deur elke medenavorser beloon – dit was vir my 'n voorreg om in hierdie vyf mense se harte toegelaat te kon word. Soms het ek tye beleef waar seer uit my eie lewe weer opgediep is, maar omdat ek geanker gevoel het in die doelwit waarheen ek op pad was, was dit hanteerbaar. Ek glo ook dat die deelenemers 'n nuwe visie van 'n nuwe

lewe het om aan vas te hou. Mag elke storie aansluiting vind by die teks wat in Hoofstuk 2 gedeel is: “Met blydskap sal julle water skep uit die fonteine van redding (Jesaja 12:3).

#### 6.4.5.1 Gwendolien se toekoms

*Soos genoem, het ek tydens hierdie studieprojek dikwels ervaar dat “daar waar ŉ naald deur ongeskonde lap gegaan het, daar altyd gaatjies sal agterbly”. Dit word beleef, al is hierdie gaatjies veronderstel om pynloos en onsigbaar te wees. Die vragte pêreltjies wat op Gwendolien se rok vasgewerk is, resoneer met die harde werk wat hierdie studie vereis het. Hoewel dit aanvanklik, soos met ŉ klerepatroon, resepmatig en volgens lineêre voorskrifte aangepak is, het my werkwêreld wyd en sonder grense geraak.*

*Ook Gwendolien se “volmaakte” rok moes verandering deurstaan. Anders het dit nooit by die doel daarvan uitgekom nie. Knap na haar en haar Enak se mooi bruilofsvieringe, het sy gevra of ek die rok in twee dooprokkies kan verander! ŉ Seker teken dat die lewe aangaan. In die kas, goed beskerm met motbolle en plastiek, sou die rok tog geen doel verder gehad het nie?*

*Toe ek die patroon toemaak en probeer opvou, was my hande skielik dom. Die papier het gebondel en wou nie weer die skoon, “gestrykte” voue vind soos dit uit die sakkie gehaal is nie. Dui hierdie gebrokenheid nie juis op diens nie? Op ŉ skeppingsdoel waaraan daar voldoen is. Wat sou die patroon tog beteken het sonder dat dit oopgevou en gebruik is?*

*Fransman, die agtermekaar jong kêrel wat die vader van Gwendolien se babas is, het kom groet en kom dankie sê vir die mooie tabberd. Hy kort ook nuwe klere, sy sterk manslyf is sigbaar onder die dungewaste flennielap van sy hemp. Sy mond beweeg in ŉ wysielose, maar vrolike deuntjie onder die dons van sy bolip. Duidelik trots op die dubbele vreugde wat twee liefdesbondetjies kan bring.*

*Die leitmotiv dui op die begin van ŉ nuwe hoofstuk in hierdie gesin se lewe. Clinebell (1984:118) se kriteria vir spirituele patologie word ook ŉ wens in my hart: dat hierdie kindertjies altyd sal behoort, dat hulle altyd ŉ ervaring van vertroue en geborgenheid binne die heelal sal hê.*

## 6.5 SAMEVATTING

"As die son ook sou sê: Wat maak alles tog saak? sou dit heel dikwels donker wees" (Mergaert 1983). Die mens kan so maklik dink, aldus Salomo, dat alles werklik net 'n gejaag na wind is en dat daar geen bemiddeling van die hoop op 'n beter toekoms moontlik is nie (Prediker 12:8). Tydens hierdie navorsingstudie het my oë opnuut oopgegaan vir die wonder van God se allesomvattende krag.

God stuur ons volgens Matteus 28:19 na alle uithoeke van die wêreld. Hierdie opdrag het my na gemarginaliseerde gemeenskappe as "uithoeke" gestuur. Wat 'n voorreg was dit nie om saam met elke medenavorser die pad te stap nie! Hierdie besondere diensbaarheid het onskatbare waarde tot my eie lewe gevoeg. Osmer skryf (2008:184): "Christ redefines the nature of power and authority by taking the form of a servant". Die gestalte van 'n dienskneg na die uithoeke van gemarginaliseerde gemeenskappe het my weer laat besef dat diensbaarheid fundamenteel is met betrekking tot die missie van dissipelskap.

Jacob Riis, sosiale hervormer in die VSA en skrywer van die boek oor armoede en krotbuurte in New York, "How the other half lives" (1890), het nooit 'n kans laat verbygaan om sy meer welvarende medemense van die euwel van armoede bewus te hou nie. Dit het baie oorreding geverg om Amerikaanse wetgewing te laat verander ten gunste van groter hulp aan die minderbevoorregtes. Soms was hy baie mismoedig oor sy gebrek aan vordering. Maar, het hy dan gesê, wanneer dit lyk of ek niks uitvoer nie, gaan kyk ek na 'n klipsnyer wat tot 'n honderd keer dieselfde klip kap sonder dat daar selfs 'n krakie in kom. Maar die honderd-en-eerste kap kan dit in twee laat breek. Dit herinner my altyd dat dit nie spesifiek daardie laaste kaphou is wat die deurbraak bring nie, maar daardie één, plus al die vorige probeerslae.

Die eskatologiese gety is besig om te draai (Botha 1989). In geestelike afwagting wil ek en die deelnemers aan hierdie projek aktief meewerk om sy koninkryk hier op aarde te laat kom. Die verlede word nie afgesluit nie, dit word net heroriënteer (Müller 2000:101).

> *Die aarde, my broerse, die is die Jirre s'n*
>
> *die Kalarie, die mense en die hele goeterse da-in;*
>
> *en alles wat nog anderdag moet kom,*
>
> *behoort eintlik hoeka al kla aan Hom... (Du Plessis 2001:20).*

Elke navorsingsdeelnemer het Jesus se geskenk van nuwe lewe, soos in Johannes 10:10, aangeneem en ook na my laat oorspoel: "Ek het gekom sodat julle lewe kan hê, en dit in oorvloed" (Joh 10:10). Ek bid dat hierdie eerste tree na 'n reis van duisende myle mag lei... (Lao Tzu:2016).

## Epiloog as afsluiting van my persoonlike besinning van hierdie studie

*Hierdie studie in is ingelei met die woorde: "Een van die min seker dinge in die lewe is dat seisoene kom en gaan". Niks in die lewe is werklik staties nie. In Februarie 2016 het my pad 'n lewensveranderende akademiese rigting ingeslaan toe ek vir 'n meestersgraad in praktiese teologie geregistreer het. Dié gestruktureerde kursus het baie verryking in my praktyk bewerkstellig. 'n Nuwe spontaneïteit teenoor pastorale spel vanuit 'n narratiewe, teologiese vertrekpunt het voor my ontvou.*

*Die navorsing wat hieruit voortgespruit en ontwikkel het, kon tot 'n konstruktiewe, sowel as kreatiewe, aanslag aanleiding gee tot die ontwikkeling van pastorale gesprekke in verskeie genres van die vakgebied. Praktiese wyses van kommunikasie, wat tred hou met ontwikkeling in sielkundige, sekulêre, sowel as teologiese ruimtes, kon hieruit begin groei.*

*Walton (2022:51) meen dat die soeke na 'n samehangende narratiewe self voor ons in groei ontvou: "the quest for a coherent narrative slef is never acieved – it deconstructs before our eyes".*

*Waar ek vandag weer, sommer vir die lekker daarvan, deur die boek van Freedman en Combs (1996) blaai, kan ek nie help om die groei in my eie lewe raak te sien en te waardeer nie. Die akademiese dissipline wat vereis het dat ook mý lewensverhaal in hierdie studie opgeneem word was, soos Walton (2022:53) dit ook beleef het, 'n aktiewe openbaarmaking van die vele sfere waarin ek woon en werk. Om my lewe te beskryf, was 'n bevrydende ervaring. Hoewel dit geskryf is as 'n opregte poging om ervaring te kommunikeer, is dit, grootliks deur die leiding van verskeie praktiese teoloë wat vanuit 'n narratiewe vertrekpunt werk, gekonstrueer om 'n bepaalde doel te bereik. Hierdie vertel van my verhaal is afhanklik, soos enige ander literêre vorm, van plotmiddele waaruit narratief gevorm word.*

*Ek het my lewe geleef, en wanneer ek ervaar het dat die komposisies daarvan 'n verlangde harmonie en eenheid bereik het, het ek die potlood opgetel en huiwerige gedagtes op papier begin neergepen. Ek het ervaar dat ek buite my onmiddellike gesinsverband in vele rigtings ontwikkel en versterk het, maar dat ek seker maar altyd soos 'n kind in grootmensgeselskap sal voel. Uit pas. Danksy die medereisigers, wat veel*

*meer as slegs die medenavorsers insluit, kan ek my benadering van om uit pas te wees, verander en hieruit probeer groei.*

*Verskuil tussen die hoekige letters van die Arial-lettertipe het 'n rewolusie in my lewe begin, 'n skoenlapper wat besig is om gevorm te word. Soos die skoenlapper 'n simbool vir vroulikheid en verandering is, herinner dit ook altyd daaraan dat elke klein gebeurtenis, hoe gering dit ook al mag lyk, 'n groot impak kan hê en die lewe vir ewig verander. My lewensomstandighede het nie oornag nommerpas geword nie, maar my hantering en beskouing daarvan het verander. Ek kan nie die lewe laat stilstaan by goeie tye nie — sonskyn alleen maak woestyne.*

*Ook Gwendolien se "volmaakte" rok moes verandering deurstaan. Anders het dit nooit by die doel daarvan uitgekom nie. Knap na haar en haar Enak se mooi bruilofsvieringe, het sy gevra of ek die rok in twee dooprokkies kan verander! 'n Seker teken dat die lewe aangaan. In die kas, goed beskerm met motbolle en plastiek, sou die rok tog geen doel verder gehad het nie?*

*Ek word ook soms opgesny deur die seerkry van die lewe, maar ek sien hierdie "stukkend word" nie as vernietigend nie, maar as nuwe lewe. Twee dooprokke vir die prys van een trourok… Wanneer die lewe sy donkerkant na my toe draai, dink ek altyd aan Fiela Komoetie wat vir Seling gesê het: "Dink jy nie ek het ook maar die twyfelmoedigheid nie? Dink jy die duiwel het nie hierdie dag opsy gesit om ons te kom tempteer nie? Hy wag mos vir die dag waarop jy net jou geloof het om aan te klou, om sy werk te kom doen. En hoe lediger Hy jou kry, hoe lekkerder kan Hy vir jou wurg. Loop maak klaar die karwats en skop die duiwel onder sy gat" (Matthee 1985:84).*

*Toe ek Freedman en Combs se boek toemaak, val daar 'n veilig gevoude nota met die volgende storie tussen die blaaie uit (Steenkamp 2008:427):*

*'n Koning het 'n prys uitgeloof aan die kunstenaar wat die beste skildery kon maak oor die tema "vrede". Baie het hulle pogings kom voorlê, maar uiteindelik was daar net twee wat die koning aangestaan het. Hy sou tussen hulle moes kies.*

*Een skildery was van 'n kalm meer; die water 'n perfekte spieël, omring deur berge wat vredig daaroor uittroon. Bo-oor alles strek die blou*

*uitspansel, met net 'n paar wollerige wolkies in sig. Almal wat dié prent gesien het, het gereken dit is die volmaakte voorstelling van vrede.*

*Die ander skildery het ook berge in gehad, maar húlle was ru en bar. Die lug daarbo het geweld uitgestraal met reën wat neerstort en weerligflitse. 'n Skuimende waterval het teen die berg afgestort. Dit het glad nie vredevol gelyk nie.*

*As 'n mens egter mooi gekyk het, sou jy agter die waterval 'n klein bossie sien wat in 'n rotsskeur groei. In dié bossie het 'n voël haar nes gebou. Daar, omring deur die woedende gedruis van die water, die wind en die flitsende weerlig, sit die ma-voël op haar nessie – in volmaakte vrede.*

*Die koning het die tweede skildery gekies. "Want", het hy verduidelik, "om vrede te hê beteken nie om op 'n plek te wees waar daar geen geweld, gevaar of ander probleme is nie. Om vrede te hê, beteken om deur al daardie dinge omring te wees en steeds kalm van gees te bly. Dít is ware vrede."*

## BRONNELYS


Adams-Westcott, J., Dafforn, T. and Sterne, P. 1993. Escaping victim life stories and co-constructing personal agency. In: S. Gilligan & R. Price (eds), *Therapeutic conversations,* pp.258-271. New York: Norton.

Adriaanse, W. *Vlug*. Kaapstad: Tafelberg:N.B. Boekuitgewers.

Algeo, J. 2012. *Theosophy, Fantasy and Mary Poppins*. Buckingham: Open University Press.

Allan, J.A. & Berry, P. 1987. Sandplay*. Elementary school guidance and counselling,* 21(4), pp.300–306.

Allan, J.A. & Berry, P. 2002. Sandplay. In: C.E. Schaefer & D.M. Cangelosi (reds). *Play therapy techniques*. Northvale, NJ: Jason Aronson.

Alvesson, M. 2002. *Postmodernism and social research*. Buckingham, [VK]: Open University Press.

Anderson, H. & Goolishian, H. 1988. Human systems as linguistic systems: Preliminary and evolving ideas about the implications for clinical theory. *Family Process*, 27(4), pp.371–393. doi: 10.1111/j.1545-5300.1988.00371.x.

Anderson, H. & Goolishian, H. 1990. Beyond cybernetics: Comments on Atkinson and Heath's "Further thoughts on second-order family therapy". *Family Process*, 29, pp.157-163. https://doi.org/10.1111/j.1545-5300.1990.00157.x

Anderson, H. 1993. On a roller coaster: A collaborative language system approach to therapy. In: S Friedman (ed.). *The new language of change*. New York: Guilford Press.

Anderson, H. 1997. *Conversation, language and possibilities: A postmodern approach to therapy:* New York: Basic Books.

Arney, F. & Scott, D. 2010. *Working with vulnerable families: A partnership approach*. Cambridge: Cambridge University Press.

Aronstam, M. 1989. Gestalt therapy. In: D.A. Louw (red.) *South African handbook of abnormal behaviour*. Johannesburg: Southern Boekuitgewers, pp.630–631.

Augsburger, D.W. 1986. *Pastoral counselling across cultures*. Philadelphia: Westminster Press.

Averill, J.B. 2012. Priorities for action in a rural older adults study. *Family and Community Health*, 35(4), pp.358-372. DOI: 10.1097/FCH.0b013e318266686e

Axline, V. 1982. Entering the child's world via play experience. In: G. Landreth (ed.). *Play therapy: Dynamics of the process of counselling with children*, pp.47–57. Springfield, IL: Thomas.

Bahktin, M. 1981. *The dialogic imagination: Four essays*. Austin, TX: University of Texas.

Ballard, P. & Pritchard, J. 1996. *Practical Theology in action: Christian thinking in the service of church and society.* Londen: SPCK.

Bandler, R., Andreas, S. & Andreas, C. 1985. *Using your brain – for a change*. [e-book]. Moab, UT: Real People Press.

Barbieri, W.A, 1998. Ethics and the narrated life. *The Journal of Religion*, 78(3), pp.361-386. https://www.jstor.org/stable/1206461

Barbour, I.G. 1966. *Issues in science and religion*. New York: Harper Torchbooks.

Barbour, I.G. 1997. *Religion and science: Historical and contemporary issues*. New York: HarperCollins.

Barkhuizen-Le Roux, C. 2016. *Drieklawerblaar*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Barth, K. 1936. *Church dogmatics 1/1.* Edinburg: T. & T. Clark.

Bass, C. & Dykstra, C. 2008. *For life abundant: Practical theology, theological education and Christian ministry.* Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Basson, P.J. 1971. *Die geskiedenis van maatskaplike sorg. Maatskaplike Werk I*. Wellington [Suid-Afrika]: Hugenote Kollege.

Beaudoin, T. 2016. Why does practice matter theologically? In: B.J. Miller-McLemore & J.A. Mercer (reds). *Conundrums in practical theology*. Leuven: Brill, pp.8–32.

Beaumont, M. 2007. *Die een-stop Bybelgids: Gr 10–12*. Johannesburg: Pearson Education.

Becvar, D.S. & Becvar, L.J. 2014. *Family therapy: A systemic integration* (8ste uitg.). Harlow, Essex, VK: Pearson Education.

Beisser, A. 1970. The paradoxical theory of change. In: J. Fagan & I.L. Shepherd (reds). *What is Gestalt therapy?* New York: Harper & Row, pp.77-80.

Bellah, R.N. 1985. *Habits of the heart.* Berkeley, CA: University of California Press.

Belmont, J. 8 Oktober 2013. *American Counselling Association*. Beskikbaar by: www.belmontwellness.com en www.couselling.org/…/2013/10/08/the-magic-of-metaphors-in-counseling. [Besigtig op 6 Maart 2022].

Binneman, A. 2010. Identiteit en homoseksualiteit: die soeke na aanvaarding binne 'n Christelike geloofsgemeenskap (Ongepubliseerde PhD proefskrif). Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Blom, R. 2000. A Gestalt play therapy helping programme in social work for junior primary school children's emotional intelligence (Ongepubliseerde PhD proefskrif). Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

Blom, R. 2006. *The handbook of Gestalt play therapy: Practical guidelines for child therapists*. Londen: Jessica Kingsley.

Blom, R. 2011. *Introductory play therapy course*. Bloemfontein: Red Shoe Centre.

Blom, R. 2012. *Advanced play therapy*. Bloemfontein: Red Shoe Centre.

Blom, R., Read, M. & Kind, A. 2012. *Emosionele intelligensieprogram vir kinders*. Bloemfontein: Red Shoe Centre.

Boik, B.L. & Goodwin, E.A. 2000. *Sandplay therapy*: *A step-by-step manual for psychotherapists of diverse orientations.* New York: Norton.

Bon Jovi, J./Jon Bon Jovi/Billy Falcon/Richard S. Sambora. 2013. *Because we can.* © Bon Jovi Publishing, Sony/atv Tunes Llc, Universal Music Corp., Aggressive Music, Pretty Blue Songs. Beskikbaar by Musixmatch.

Botha, D. 1989. *The tide is turning*. Beskikbaar by: lyrics.wikia.com/wiki/Danie_Botha:The_Tide_Is_Turning. [Besigtig op 28 Februarie 2022].

Botkin, D.R. 2000. Family play therapy: A creative approach to including young children in family therapy. *Journal of Systemic Therapies*, 19(3), pp.1-42.

Bowers, N. & August, K. 2004. Engaging poverty: The church as an organisation for change. *Ned Geref Teologiese Tydskrif*, 45(2), pp.416-427.

Bowers-DuToit, N. 2012. Remembrance and renewal: Exploring the role of the church as an agent of welfare after 15 years of democracy*. Ned Geref Teologiese Tydskrif*. Supplementum 53, pp.205-216.

Bowpitt, G. 2000. Poverty and it's early critics: The search for a value-free definition of the problem. In: J. Bradshaw & R. Sainsbury (reds). *Getting the measure of poverty: The early legacy of Seebohm Rowntree.* Aldershot, VK: Ashgate.

Boyd, G.E. 1996. Pastoral conversation: A social construction view. *Pastoral Psychology,* 44(4), pp.215-226.

Brammer, L.M. & Shostrom, E.L. 1977. *Therapeutic psychology : Fundamentals of counseling and psychotherapy* (3rd ed). Englewood Cliffs, NJ: Prentice-Hall.

Bredenhann, D. 2011. *Bloedwater*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Brown, C. & Augusta-Scott, T. 2007. *Narrative therapy; making meaning, making lives*. Thousand Oaks, CA: Sage.

Browning, D. 1996. *A fundamental practical theology: Descriptive and strategic proposals.* Minneapolis, MN: Fortress.

Browning, D.S. 1997. *From culture wars to common ground: Religion and the American family debate.* Louisville, KY: Westminister John Knox.

Brueggeman, W. 1993a. *Biblical perspectives on evangelism: Living in a three-storied universe*. Nashville, TN: Abingdon.

Brueggeman, W. 1993b. *Texts under negotiation. The Bible and postmodern imagination.* Minneapolis, MN: Fortress.

Bruner, E.M. 1986. Ethnography as narrative. In: V.W. Turner & E.M. Bruner (reds). *The anthropology of experience*.Urbana, IL: University of Illinois Press, pp.139–155.

Buitendag, J. 2002. Die dans van die Christen: die genealogie van tyd en ruimte in 'n postmoderne sameleweing. *HTS Teologiese Studies*, 58(3):940–955. https://doi.org/10.4102/hts.v58i3.586

BUVTON (Buro vir Voortgesette Teologiese Onderrig. Navorsingsgroep vir Gemeente en Gemeenskap). 2002. *Raak betrokke by armoede: 'n Handleiding vir gemeentes en kleingroepe.* Wellington, [Suid-Afrika]: Lux Verbi BM.

Buys, P. & Nogueira, E.B. 2019. Ecclesiola in ecclesia in Brazil from a missio Dei perspective: An autoethnographic case study of four Presbyterian churches in Brazil. *In die Skriflig/In Luce Verbi,* (53)1, pp.1-10.

Carey, M. & Russel, S. 2003. Re-authoring: Some answers to commonly asked questions. *International Journal of Narrative Therapy and Community Work*, 3, pp.60-71.

Carter, J.D. & Narramore, S.D. 1979. *The integration of psychology and theology: An introduction.* Grand Rapids, MI: Zondervan.

Cattanach, A. 2005. *Play therapy: Where the sky meets the underworld*. Londen: Jessica Kingsley.

Chapman, Steven Curtis, 1992. *The great adventure*. Beskikbaar by: https://stevencurtischapman.com › tag › the-great-adventure/ [Besigtig op 16 Junie 2022].

Chesley, G.L., Gillett, D.A. & Wagner, W.G. 2008. Verbal and nonverbal metaphor with children in counselling. *Journal of Counselling & Development,* 86*(*4), pp.399-411.

Christensen, P. & James, A. 2017. *Research with children: Perspectives and practices*. New York: Routledge.

Cilliers, J. 2023. *Moving methodologies: Doing practical and missional theology in an African context.* Wellington, [Suid-Afrika]: BibleMedia.

Clinebell, J. 1984*. Basic types for care and pastoral counselling: Resources for the ministry of healing and growth.* Nashville, TN: Abingdon Press.

Coetzer, W. 2016. *Trauma berading*. Potchefstroom: Wentzel Coetzer.

Collins, G.R. 2007. *Christian counseling: A comprehensive guide*. Nashville, TN: Thomas Nelson.

Collins, J. 1988. Language and class in minority education. *Anthropoloy and Education*, 19(4), pp.299-326. https://doi.org/10.1525/aeq.1988.19.4.05x0914d.

Corey, G. 2013. *Theory and techniques of counselling and psychotherapy* (9th ed.). Belmont, CA: Brooks/Cole.

*Couture, P. 2017. In: M.A. Walsh (ed.) We are not all victims: Local peacebuilding in the Democratic Republic of the Congo, Journal of Pastoral Theology,* 27(2), pp.123-127.

Creswell, J.W. & Poth, C.N. 2013. *Qualitative inquiry and research design: Choosing among five approaches* (4de uitg.). Thousand Oaks, CA: Sage.

Creswell, J.W. 1994. *Research Design, Quality and Quantity approaches*. California: Sage.

Creswell, J.W. 2014. *Qualitative Iinquiry and Rresearch Ddesign* (3de uitg.) Thousand Oaks CA: Sage.

Cunningham, D.S. 2003. The Trinity. In: K. Vanhoozer (red.). The Cambridge companion to postmodern theology, pp.186–202.

De Wet, R. 2010. Pastorale terapie aan die persoon bo 80 jaar (Ongepubliseerde PhD proefskrif). Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

Deist, F.E. 2010. Die herkoms van die begrip hermeneutiek en sy verskillende betekenisse. Studiegids. Ou Testament OTA301-U. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Delport, H. 2011. Die narratiewe terapie en die Gestalt terapie: 'n Vergelyking tussen 'n fenomenologiese eksistensiële benadering en 'n sosiaal konstruksionistiese beskouing tot terapie, *HTS Teologiese Studies/Theological Studies*, 67(3), pp.1-11.

Denton, R.A. 2010. Pastorale Gestaltterapeutiese intervensie om mishandelde laat-adolessente wat skuld en skaamte ervaar, na vergifnis te begelei.Ongepubliseerde proefskrif, Departemente Filosofie. Pretoria: UNISA.

Denzin, N. & Lincoln, Y. 2008. Introduction: Critical methodologies and indigenous inquiry. In: N.K. Denzin,Y.S. Lincoln & L.T. Smith (reds). *Handbook of critical and indigenous methodologies*. Londen: Sage, pp.1–20.

Dilthey, W. 1972. The rise of the hermeneutics. *New Literary History,* 3(2), pp.229-244. https://doi.org/10.2307/468313.

Dinesin, I. 1983. Out of Africa/Shadows on the Grass. In: K. Luedtke (red). *Out of Africa Screenplay*. Los Angeles: Columbia Pictures. Beskikbaar by: https://www.dailyscript.com/scripts/Out_of_Africa_by_Kurt_Luedtke.pdf

Dreyer, J. 1998. The researcher and the researched: Methodological challenges for Practical Theology. *Practical Theology in South Africa*, 13(1), pp.14-27.

Dreyer, J.S. 2010. The narrative turn in practical theology: A discussion of Julian Müller's narrative approach. *Verbum et Ecclesia*, 35(2), pp.1-9.

Dreyer, J.S. 2012. Practical theology and intradisciplinary diversity: A response to Miller-McLemore. *International Journal of Practical Theology*, 16(1), pp.34-54. DOI 10.1515/ijpt-2012-0004

Dreyer, T.F.J. 2004. God die Allerhoogste woon nie in mensgemaakte konstruksies nie. *Hervormde Teologiese Studies*, 60(3), pp.665-672.

Dreyer, Y. 2003. Luister na die storie van die kerk: Riglyne vanuit 'n narratief-hermeneutiese perspektief. *Hervormde Teologiese Studies*, 59(2), pp.333-351.

Du Plessis, H. 2001. *Innie skylte vannie Jirre: Griekwapsalms en ander gedigte*. Pretoria: Lapa.

Du Plessis, Y. & Müller, J. 2007. Die gebruik van 'n handpop as mede-terapeut en 'n vyfjarige kankerpasiënt. Hervormde Teologiese Studies, 63(3), pp.1299-1317.

Dykstra, C. 2008. Pastoral and ecclesial imagination. In: D.C. Bass & C. Dykstra (reds). *For life abundant: Practical theology, theological education and Christian ministry.* Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Epston, D. 1993. Internalizing discourses versus externalizing discourses. In: S. Gilligan & R. Price (reds.). *Therapeutic conversations*. New York: Norton, pp.161-177.

Estés, C.P. 2008. *Women who run with the wolves: Myths and stories of the wild woman archetype*. Londen: Ebury.

Farley, B.W. 1995. In praise of virtue: An exploration of the Biblical virtues in a Christian context. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Finlay, L. 2011. *Phenomenology for therapists. Reaching the lived world.* Chichester: Wiley-Blackwell. Kindle-uitgawe. Beskikbaar: http://www.amazon.com

Foskett, J. & Lyall, D. 1988. *Helping the helpers: Supervision and pastoral care*. Londen: SPCK.

Foucault, M. 1979. *Discipline and punish: The birth of the prison*. Middlesex, [VK]: Peregrine Books.

Foucault, M. 1980. *Power/Knowledge: Selected interviews and other writings*. New York: Pantheon Books.

Foucault, M.1984. Space, Knowledge and Power, In: P. Rabinow (red.). *The Foucault Reader*, New York: Pantheon.

Fourie, S.D. 2022. *Die reis*. Pretoria: Protea Boekhuis.

Fowler, J.W. 1981. *Stages of faith: The psychology of human development and the quest for meaning.* New York: HarperCollins.

Frankl, V.E. 1960. Paradoxical intention: A logotherapeutic technique. *American Journal of Psycho-therapy*, 14, pp.520–535.

Frankl, V.E. 2008. *Man's search for meaning*. Londen: Penguin Random House.

Fraser, S. 2004. In: S. Fraser, V. Lewis, S. Ding, M. Kellet & C. Robinson (reds). *Doing research with children and young people*. Londen: Sage.

Freedman, J. & Combs, G. 1996. *Narrative therapy: The social construction of preferred realities.* New York: Norton.

Freeman, J.C., Epston, D, & Lobovits, D. 1997. *Playful approaches to serious problems.* New York: Norton.

Freire, P. 1972. *The pedagogy of the oppressed*. Harmondsworth, [VK]: Penguin Education.

Freud, A. 1946. *The psychoanalytic treatment of children*. New York: International Universities Press.

Friedman, M. 1998. Ontlonting van getraumatiseerde persone. Seminaar Pretoria. aangebied in Mei 1998 in Pretoria-Wes vir Maatskaplike werkers, leraars en beraders. Pretoria.

Gadamer. H.G. 1982. *Truth and method*. New York: Crossroad.

Gallant, P. 2008. Michael White: In memoriam: Therapist, teacher, innovator. *Journal of Marital and Family Therapy,* 34(4), pp.427-428. https://doi.org/10.1111/j.1752-0606.2008.00098.x

Ganzevoort, R. & Van den Berg, J.A. 2014. The art of creating futures: Practical theology and a strategic research sensitivity for the future. *Acta Theologica*, 34(2), pp.166–185.

Ganzevoort, R., De Haardt, M. & Scherer-Rath, M. 2013. *Religious stories we live by: Narrative approaches in theology and religious studies.* Leiden: Brill.

Ganzevoort, R.R. & Roeland, J. 2014. Lived religion: The praxis of practical theology, *International Journal of Practical Theology*, 18(1), pp.91–101.

Ganzevoort, R.R. & Visser, J. 2007. *Zorg voor het verhaal*. Zoetermeer: Meinema.

Ganzevoort, R.R. 2006. *De hand van God en andere verhalen: Over veelkeurige vroomheid en botsende beelden*. Zoetermeer: Meinema.

Ganzevoort, R.R. 2009. Forks in the road when tracing the sacred, Practical theology as hermeneutics of lived religion. Presidential address to the 9th Conference of the Internationa Acadamy of Practical Theology, Chicago 3 August 2009. Beskikbaar by: http://www.ruardganzevoort.nl/pdf/2009_Presidential pdf. [Besigtig op 10 April 2020].

Ganzevoort, R.R. 2011. Trauma en geestelijke verzorging. Eigen deskundigheid op het existentiële en spirituele domein. *Cogiscope*, 1(3), pp.2-5.

Ganzevoort, R.R. 2012. Narrative approaches. In: B.J. Miller-McLemore (red.) *The Wiley-Blackwell companion to practical theology*. Chichester: Wiley-Blackwell, pp.214–223.

Gaskell, G. 2000. Individual and group interviewing. In: M.W. Bauer & G. Gaskell. *Qualitative researching with text, image and sound*. Londen: Sage, pp.38–56.

Geldard, D. & Geldard, K. 1997. *Counselling children: A practical introduction*. Londen: Sage.

Geldard, K.J., Geldard, D. & Yin Foo, R. 2018. *Counselling children: A practical introduction* (5th ed.). Los Angeles: Sage.

Gergen, K.J. & Joseph, T. 1996. Organizational science in a postmodern context. *Journal of Behavioral Science*, 32, pp.356-378.

Gergen, K.J. 1985. The social constructionist movement in modern psychology. *American Psychologist*, 40(3), pp.266–275. https://doi.org/10.1037/0003-066X.40.3.266

Gerkin, C. 1991. *Prophetic pastoral practice: A Christian vision of life together*. Nashville, TN: Abingdon.

Gerkin, C.V. 1984. *The living human document: Re-visioning pastoral counselling in a hermeneutical mode*. Nashville, TN: Abingdon.

Gerkin, C.V. 1997. *An introduction to pastoral care*. Nashville, TN: Abingdon.

Gil, E. 2015*. Play in family therapy.*(2[de] uitg.). . New York: Guilford Press.

Gilbert, N. 2008*. Researching social life*.(3[de] uitg.). Londen: Sage.

Gilham. B. 2005. *Research interviewing. The range of techniques*. Londen: McGraw Hill.

Giordano, M., Landreth, G. & Jones, L. 2005. *A practical handbook for building the play therapy relationship.* Landham, MD: Jason Aronson.

Goto, C. 2018. *Taking on Practical Theology: The idolization of context and the hope of community.* Leiden: Brill.

Graham, E. 2000. Practical Theology as Transforming Practice. In: J. Woodward, S. Pattison & J. Patton (reds). *The Blackwell reader in Pastoral and Practical Theology.* Oxford: Blackwell, pp.104–117.

Graham, E. 2017. On becoming a practical theologian: Past, present and future tenses. *HTS Teologiese Studies/Theological Studies*, 73(4), pp.1–9. DOI:10.4102/hts.v73i4.4634

Graham, E., Walton, H. & Ward, F. 2005. *Theological reflection: Sources*. Londen: SCM.

Green, E. J., & Connolly, M. E. 2009. Jungian family sandplay with bereaved children: Implications for play therapists. *International Journal of Play Therapy,* 18(2), pp.84–98. https://doi.org/10.1037/a0014435.

Grethlein, C. 2016. *An introduction to practical theology: History, theory, and the communication of the Gospel in the present*. Waco, TX: Bailer University Press.

Groenewald, A.J. & Buitendag, J. 2005. Who is the God Nietzsche denied? *Hervormde Teologiese Studies*, 61(1–2), pp.143–163.

Groenewald, H. 2017. *Terreur in Kaboel*. Kaapstad: Lux Verbi.

Groome, T.H. 1998. *Sharing faith: A comprehensive approach to religious education and pastoral ministry: The way of shared praxis.* Eugene, OR: Wipf & Stock.

Grootboom, G. 2007. *How adolescents perceive their future and why: A cross-cultural study* (Ongepubliseerde PhD proefskrif). Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

Gros, J. 2001*. Theological reflection: Connecting Faith and life*. Chicago: Loyola Press.

Habermas, J. 1984. *Theory of communicative action. Reason and rationalization of society.* Boston: Beacon.

Habermas, J. 1987. *Theory of Communicative Action. Lifeworld and system: A critique of functionalist reason*. Boston: Beacon Press.

Halliwel-Phillipps, J. 2010. *My treasury of five-minute tales*. Heatherton, Victoria, Australia: Hinkler Books. (Film-weergawe: https: cartoonresearch>index.php.waltdisney…)

Hamilton, J.D. 1997. Gestalt in pastoral care and counseling: A holistic approach. New York: Routledge.

Hansen, E. & Steenkamp, E. 2008. *Die groot stories-boek: Tydlose vertellings oor lewenswaarde en die waarde van die lewe*. Wellington, [Suid-Afrika]: Lux Verbi.BM.

Hardy, R.E. 1991. *Gestalt psychotherapy: Concepts and demonstrations in stress, relationships, hypnosis and addiction*. Springfiel, IL: Charles Thomas.

Hare-Mustin, R. 1994. Discourses in the mirrored room: a postmodern analysis of therapy. *Family Process*, 33(1), pp.19–35. doi: 10.1111/j.1545-5300.1994.00019.x.

Hays, R.B. 1996. *The moral vision of the New Testament: A contemporary introduction to New Testament ethics.* New York: Bloomsbury.

Heitink, G. 1993*. Praktische theologie: geschiedenis, theorie, handelingsvelden*. Kok, Kampen.

Heitink, G. 1997. *Pastoraat als hulpverlening: Inleiding in pastorale theologie en psychologie.* Kampen: Kok.

Heitink, G. 1999. *Practical Theology: History, action and domains*. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Hendriks, H.J. 1992. *Strategiese beplanning in die gemeente: Die beginsels en praktyk*. Wellington, [Suid-Afrika]: Lux Verbi.

Hendriks, H.J. 2004. *Studying congregations in Africa*. Wellington, [Suid-Afroka]: Lux Verbi.

Hermans, C.A.M. & Dupont, J. 2002. Social constructionism of moral identity. In: C.A.M. Hermans (red.). *Social constructionism and theology.* Leiden*:* Brill.

Hermans, C.A.M. & Van den Berg, J.A. (reds). 2020. *Battle for the heart: How (not) to transform church and society*. Zürich: LIT. (International Practical Theology, 23).

Hermans, G. Immink, A. de Jongh & J. van der Lans. 2002. *Social constructionism and theology*. Leiden: Brill, pp.239–270.

Hicks, R. 1996. *Trauma: the pain that stays*. Grand Rapids: MI: Fleming H. Revell.

Hiltner S. 1958. *Preface to pastoral theology*. Nashville, TN: Abingdon Press.

Hobday, A. & Ollier, K. 2002. *Creative therapy with children and adolescents* (2de uitg.). Atascadero, CA: Impact.

Humphrey, K. 1986. Laura Perls: A biographical sketch. *Gestalt Journal*, 9(5), pp.5–11.

Hunter, J.C. 2004. *The world's most powerful leadership principle: How to become a servant*. New York: Crown Business.

Hunter, J.C. 2012. *The servant: A simple story about the true essence of leadership*. New York: Crown.

Husserl, E. 1970. *The crisis of European science and transcendental phenomenology: An introduction to phenomenological philosophy*. Evanston, IL: Northwestern University Press.

Jacobs, M. & Van Wyk, C. 2015. Riglyne vir maatskaplike werkers wat peuters forensies assesseer*. LitNet Akademies,* 12(3), pp.1–31.

Janse Van Rensurg, J. 2000. *The paradigm shift: An introduction to postmodern thought and its implications for theology.* Pretoria: Van Schaik.

Jeffrey, AJ. 1997. *The Natal story: Sixteen years of conflict*. Johannesburg: South African Institute of Race Relations.

Jensen, D.H. 2005. *Graced vulnerability: A theology of childhood*. Cleveland, OH: Pilgrim Press.

Jithoo, V. & Bakker, T. 2011. Family therapy within the African context. In: E. Mpofu (red.) *Couseling people of African ancestry*. Cambridge : Cambridge University Press, pp.142–154.

Johnson, S.M. 2004. *The practice of emotionally focussed mental therapy: Creating connection.* New York: Routledge.

Jones, J.S. & Watt, S. 2010. *Ethnography in social science practice*. Thousand Oaks, CA: Sage.

Jonker, W.D. 1968. *Brief: W.D. Jonker aan Ds W Wiersma*. [Aanlyn]. Willie Jonher Digitale Argief. https://williejonker.co.za/19680318/ .

Jonker, W.D. 2008. *Die relevansie van die kerk.* Wellington, [Suid-Afrika]: BybelMedia.

Josselson, R. 2011. Narrative research: Constructing, deconstructing, and reconstructing story. In F.J. Wertz, K. Charmaz, McMullen, L. M., Josselson, R., Anderson, R. & McSpadden, E. 2011. *Five ways of doing qualitative analysis: Phenomenological psychology, grounded theory, discourse analysis, narrative research, and intuitive inquiry*. New York: Guildford, pp.224–242.

Joyce, P. & Sills, C. 2014. *Skills in Gestalt counselling and therapy*. Londen: Sage.

Kapic, M. & McCormack, B.L., 2012. *Mapping modern theology: A thematic and historical introduction.* Grand Rapids, MI: Baker Academic.

Keeney, B.P. & Ross, J.M. 1985. *Mind in therapy: Constructing systemic family therapies.* New York: Basic Books.

Klein, M. 1955. The psycho-analytic play technique. *American Journal of Orthopsychiatry,* 25(2), pp.223–237.

Koppel, M.S. 2015. A pastoral theological reflection on play in the ministry. *Journal of Pastoral Theology,* 13(1), pp.1–9.

Kotzé, D.J. 1992. Verantwoordelikheid as antropologiese essensie (Ongepubliseede DD proefskrif). Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Kruidenier, R. 2017a. Trying for better circumstances (Zama Zama): Exploring ubuntu amongst marginalised women in an informal settlements. *Verbum et Ecclesia*, 36(4), pp.1–8.

Kruidenier, R. 2017b. Personal encounters with children in an informal settlement: exploring spirituality. *Verbum et Ecclesia*, 38(1), pp.1-8. http://dx.doi.org/10.4102/ve.v38i1.1632

Kwok, P-L. 2011. The politics and poetics of Ada María Isasi-Días. *Feminist Theology,* 20(1), pp.33–38. https://doi.org/10.1177/0966735011411

Laird, J. 1994. Thick description revisited: Family therapist as anthropologist-constructivist. In E. Sherman, & W. Reid (reds). *Qualitative research in social work*. New York: Columbia University Press, pp.175–189.

Lakoff, G. & Johnson, M. 2003. *Metaphors we live by.* USA: University of Chicago Press.

Landman, W.A. 1985. *Fundamentele pedagogiek en kurrikulumstudie*. Pretoria: N.G. Kerk Boekhandel Transvaal.

Landreth, G.L. 2012. *Play therapy: The art of relationship* (3de uitg.). New York: Routledge.

Lao Tzu, 1867-1931. 2016. *The Tao Te Ching: Lao Tzu's book of the way and of righteousness* (vertaal deur Charles Johnston). [s.l.]: Kshetra Books.

Larner, G. 1996. Narrative child family therapy. *Family Process*, 35(4), pp.423–440.

Le Roux-Weitsz, Q. 2015. Pastorale inkleding van speeltegnieke by die begeleiding van pre-adolessente wat seksueel misbruik is (Ongepubliseerde MTh verhandeling). Potchefstroom: Noordwes-Universiteit.

Levinson, D.J. 1978. *The seasons in man's life*. New York: Knopf.

Linde, E. 2020. *Op pad deur Betlehem*. Kaapstad: Lux Verbi.

Lockhat, R. & Van Niekerk, A. 2000. South African children: A history of adversity, violence and trauma*. Ethnicity and Health*, 5(3/4), pp.291-302

Louw, A.M. 1963. *Twenty days that autumn: 21st March–9th April, 1960: A novel.* Kaapstad: Tafelberg.

Louw, D. & Louw, A. 2016. *Die ontwikkeling van die kind en die adolessent* (3de uitg.). Bloemfontein: Psychology Publications.

Louw, D. 1999. *Pastoraat as vertolking en ontmoeting*. Wellington, [Suid-Afrika]: Lux Verbi BM.

Louw, D. 2003. The paradigmatic revolution in practical and pastoral theology: From metaphysics (substantial thinking) to empirism, from theism to theopaschitism (hermeneutical thinking). *Practical Theology in South Africa*, 8(2), pp.33–57.

Louw, D.A.P. & Louw, A. 2015. *Die ontwikkeling en veroudering van die volwassene*. Bloemfontein: Psychology Publications.

Louw, D.J. 1996. Praktiese Teologie in sosiale perspektief: Enkele kritiese vrae met die oog op teologiese teorievorming. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 11(1), pp.23–37.

Louw, D.J. 2000*. Meaning in suffering: A theological reflection on the cross and the resurrection for pastoral care and counselling.* Bern: Peter Lange.

Louw, D.J. 2008. *Cura vitae: Illness and the healing of life: A guide for caregivers.* Wellington, [Suid-Afrika]: Lux Verbi.

Louw, S.W., Denton, R.A, & Grobler, H.B. 2016. 'n Praktykbenadering tot geloofsvorming vanuit die benadering van Thomas Groome en die Gestaltteorie: 'n Prakties-teologiese dialoog. *HTS Teologiese Studies/Theological Studies*, 72(3), pp.1–11.

Lowenstein, L. 2010. *Creative family therapy techniques: Play, art and expressive activities to engage children in family* sessions. Ontario: Champion Press.

Ludwig, K. 2007. The epistemology of thought experiments: First person versus third person approaches. *Midwest Studies in Philosophy*, 31(1), pp.128–159. https://doi.org/10.1111/j.1475-4975.2007.00160.x

Maartens, M. 2020. *Van ongenooi na ingenooi*. Tygervallei: Struik Christian Media.

Magezi, V. 2007. Pastoral counselling: towards a diagnostic and interpretational approach in Africa. *In die Skriflig/In Luce Verbi*, 41(4), pp.655–672.

Maree, D. & Janse Van Rensburg, J. 2009. Pastorale sorg aan gemarginaliseerdes met spesifieke verwysing na kinderhuiskinders. *In die Skriflig*, 43(3), pp.159–183.

Maree, K. 2007. *First steps in research*. Pretoria: Van Schaik.

Marx, J. 2014. Die waarde van spelterapie: ‘n Pastorale benadering (Ongepubliseerde PhD proefskrif). Potchefstroom: Noordwes-Universtiteit.

Matthee, D. 1985. *Fiela se kind*. Kaapstad: Tafelberg.

May, J. & Govender J 1998. *Poverty and inequality in South Africa*. Beskikbaar by: https://journals.co.za/doi/pdf/10.10520/AJA0259188X_767 [Besigtig op 10 Februarie 2022].

McKenzie, W. & Monk, G. 1997. Learning and teaching narrative ideas. In G. Monk, J. Winslade, K. Crocket, & D. Epston (reds).*Narrative therapy in practice: The archaeology of hope*. San Francisco: CA: Jossey-Bass, pp.82–117.

McMahon, L. 2009. *The handbook of play therapy and therapeutic play*. Londen:Routledge.

Mearnes, D. & Thorne, B. 2001. *Person-centered counselling in action*. Thousand Oaks: CA: Sage.

Meiring, J.J. 2013. Sharing in God’s surprise: The place and role of the Department of Science of Religion and Missiology at the University of Pretoria. *Verbum et Ecclesia*, 30(3), pp.1–7. http://dx.doi.org/10.4102/VE.V30I3.183.

Meiring, P.G.J. & Joubert, S.J. 1992. *Fokus op die kerk: Die rol van die kerk in ‘n veranderende Suid-Afrika.* Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Mercer, J.A. 2016. *Interdisciplinarity in a Practical Theological Conondrum*. Leiden: Brill.

Mergaert, J. 1983. Op weg van gister na more: ‘n hartewens. Vertaal deur F. Strydom.Roodepoort: CUM-Uitgewers.

Meulink-Korf, H. & Van Rhijn, A. 2016. *The unexpected third: Contextual pastoral care, counselling and ministry: An introduction and reflection* (Vertaal deur N. Visser). Wellington: CLF.

Meyer, J. 2018. Review an introduction to practical theology: History, theory, and the communication of the gospel in the present. *Acta Theologica*, 38(1), pp.148–153.

Meylahn, J.A. 2012. *Church emerging from the cracks: A church IN, but not OF the world*. Bloemfontein: SunMedia.

Midgley, M. 1978. *Beast and man: Human nature*. Ithaca, NY: Cornell University Press.

Miller McLemore, B. 1994. *Also a mother: Work and family as theological dilemma*. Nashville, TN: Abingdon.

Miller-McLemore, B.J. 2012. Introduction: The contributions of practical theology. In B.J. Miller-McLemore, (red.). *The Wiley-Blackwell companion to practical theology*. Oxford: Blackwell, pp.1–20.

Miller-McLemore, B.J. 2022. Religion and the social sciences. In: B. Weyel, W. Gräb, E. Lartey & C. Wepener (reds). *International handbook of Practical Theology*. Berlin/Boston: De Gruyter, pp.703–712.

Moffitt, R. & Tesch, K. 2006. *If Jesus were mayor: How your local church can transform your community?* Oxford: Monarch.

Morgan, A. 2002. Beginning to use a narrative approach in therapy. *International Journal of Narrative Therapy and Community,* 1, pp.85–90.

Motsoenyane, J. 2017. Opmerking tydens 'n klasaanbieding deur Dr Joseph Pali: Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

Mouton, D. 2022. Writing the self in(to) Practical Theological research. In: J. Cilliers (red.). *Moving methodologies: Doing practical and missional theology in an African context.* Wellington, [Suid-Afrika]: BibleMedia, pp.79–98.

Mouton, D.P. 2022. Communities facing disruption: a pastoral approach of issues of trauma and restoration. Thesis submitted in fulfilment of the requirements for the degree Doctor of Philosophy. University of the Free State: Bloemfontein.

Mpofu, E. 2011. Counseling people of African ancestry. Cambridge: Cambridge University Press.

Müller J. C. 2005. A postfoundationalist, HIV-positive practical theology. *Practical Theology in South Africa*, 20(2), pp.72–88.

Müller, J.C. & De la Rey, C. 2012. *(Praktiese) Teologie: 'n Verhaal van twyfel en verbeelding*. Pretoria: Universiteit van Pretoria. http://hdl.handle.net/2263/20311

Müller, J.C. & Maritz, B. 1998. Die waarde van metafore binne die hermeneuties-pastorale sisteem. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 13(1), pp.64–71.

Müller, J.C. & Schoeman, K. 2004. Narrative research: A respectful and fragile intervention. *Sociale Interventie*, 13(3), pp.7–13.

Müller, J.C. & Stone, H.W. 1998. Intercultural pastoral care and counselling: Resources from narrative therapy and brief pastoral counselling, *Skrif en Kerk*, 19(2), pp.325–341.

Müller, J.C. 1996. *Om tot verhaal te kom: Pastorale gesinsterapie*. Pretoria: RGN Uitgewers. (RGN-studies in Praktiese Teologie).

Müller, J.C. 2000. *Reis-geselskap: Die kuns van verhalende pastorale gesprekvoering,* Wellington, [Suid-Afrika]: Lux Verbi.

Müller, J.C. 2003. HIV/AIDS, narrative practical theology and postfoundationalism: The emerge of a new story*. Hervormde Teologiese Studies*, 60(1–2), pp.293–306.

Müller, J.C. 2011. (Outo)biografie as teologie. *HTS Teologiese studies/Theological Studies*, 67(3), pp.249–269.

Müller, J.C., 2011(b). Postfoundational practical theology for a time of transition. *HTS Teologiese Studies/Theological Studies*, 67(1), pp.1–5. DOI:10.4102/hts.v67i1.837

Müller, J.C., Van Deventer, W. & Human, L. 2001. Fiction writing as metaphor for research: a narrative approach. *Practical Theology in South-Africa*, 16(2), pp.76–96.

Müller. J.C. 1994. Intercultural pastoral care. An eco-hermeneutical perspective. *Skrif en Kerk*, 15(1), pp.345–357.

Nel, J. 2016. *Narratiewe terapie. Gevorderde studies in pastorale sorg: Leereenhede I-IV*. 14–18 Maart 2016,. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat, pp.1–45.

Nel, M. 2022. Missionaliteit: Hoe maak en preek gemeentes wat grense oorsteek? *Die Kerkbode*, 28 Januarie 2022. Deel 208, nr. 9.

Nell, I. 2022. Revisioning congregational life: reflections on researching and congregations in South Africa. In: J. Cilliers, (ed), *Moving Methodologies*. Wellington: Biblecor, pp.117-140.

Niebuhr, R.R. 1941. *The nature and destiny of man: A Christian interpretation*. *Vol. 1: Nature*. New York: Scribner & Sons.

Niebuhr, R.R. 1943. *The nature and destiny of man*. Vol. 2: *Destiny.* New York: Scribner & Sons.

Niebuhr, R.R. 1953. *The self and dramas of history*. New York: Scribner & Sons.

Nieuwenhuizen, J. 2007. Analying qualitative data. In: J.G. Maree, J.W. Creswell, L. Ebersöhn, I. Eloff, N. Ivankova, J. Jansen, J. Nieuwenhuis, J. Pietersen, V, Clark & C. van der Westhuizen, *First steps in Research*, Pretoria, Van Schaik Publishers, pp.100 -120.

Norton, C.C. & Norton, B.E. 2008. Experiential play therapy. In: C.E. Schaefer & H.G. Kaduson (reds). *Contemporary play therapy: Theory research and practice*. New York: Guildford Press, pp.28–45.

Nouwen, H. 2013. *The wounded healer: Ministry in contemporary society*. Cincinnati, OH: Franciscan Media.

Nouwen, H. 2020. *Minimalist quotes*. Beskikbaar by https://minimalistquotes.com/henri-nouwen-quote-155409/ [Besigtig op 14 Julie 2023]

O'Hanlon, B. 1994. The third wave: Can a brief therapy open doors to transformation? *Family Networker*, Nov/Des:19–29.

O'Leary, E. 1992. *Gestalt therapy: Theory, practice and research*. Londen: Chapman & Hall.

Oaklander, V. 1988. *Windows to our children: A Gestalt therapy approach to children and adolescents*. Highland, NY: Gestalt Journal Press.

Odendaal, P. 2021. Ek hoor God in die wonde van die wêreld praat. Preekopsomming 18 April 2021. Beskikbaar by: https://ngkerkadelaide.com/2021/04/ [Besigtig op 14 Julie 2023].

Osmer, R.R. 2008. *Practical theology: An introduction*. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Osmer, R.R. 2012. Toward a story of Practical Theology. *International Journal of Practical Theology,* 16(1), pp.66–78. https://doi.org/10.1515/ijpt-2012-0006

Patterson, L.E. & Weifel, E.R. 1999. *The counseling process* (5de uitg.). Pacific Grove, CA: Brookes/Cole.

Pattison, S. 2007. *The challenge to practical theology: Selected Essays*. Londen: Jessica Kingsley.

Paul, P.P. 2021. Bring down Your glory. Beskikbaar by https://praisezion.com›2021/08›panam-percy-paul-bring-down-Your-glory [Besigtig op 6 April 2022].

Pederson, J. 1979. Habermas' Method: Rational Reconstruction (Unpublished Doctoral Dissertation for the degree PhD at the University of Bergen.

Perls, F. 1969. *Gestalt therapy verbatim*. Moab, UT: Real People Press.

Perls, F. 2014. *Reconnect to the experience of aliveness*. The Gestalt Therapy Institute, pp. 1–14. [Aanlyn]. Beskikbaar by: gestalttherapyinstitute.org/layers-neurotic-personality. [Besigtig op 12 Maart 2022].

Perls, L. 1976. Comments on new directions. In: E. Smith (red.). *The growing edge of Gestalt therapy*. New York: Brunner/Mazel, pp.221–226.

Perls, L. 1990. A talk for the 25th Anniversary. *Gestalt Journal*, 13(2), pp.15–22.

Philips, D. 2019. *How pastors can lead in serving the marginalized*. Beskikbaar by: https://www.forthecity.org/blog/how-pastors-can-lead-in-serving-the-marginalized/. [Besigtig op 16 Mei 2020].

Pienaar, C. 2020. Kerk moet sy lede bemagtig. *Volksblad*, Saterdag, 11 Julie 2020. p.5.

Pienaar, H.E. 2014. An epistemology of facilitation: A Julian Müller story. *Verbum et Ecclesia,* 35(2), pp.1–12.

Pieterse, H.J.C. 1993. *Praktiese teologie as kommunikatiewe handelingsteorie*. Pretoria: RGN.

Pirsig, R.M. 2010. *Zen and the art of motorcycle maintenance: An inquiry to values*. New York: HarperCollins.

Prickett, S. 2002. *Narrative religion and science: Fundamentalism vs irony, 1700-1999.* Cambridge: Cambridge University Press.

Rader, V. 1990. Human needs and the modernization of poverty. In: J. Burton (ed.) *Conflict: Human needs theory.* London:Palgrave MacMillan, pp.219-224.

Rauch, Laurika/ Sydney Carter / Frank Gallagher. *Lord of the dance*. © George Martin Music Limited. Musixmatch

Retief, Y. 2004. *Genesing vir trauma in die Suid-Afrikaanse konteks*. Kaapstad: Struik Christelike Boeke.

Ricoeur, P. 1981. *Hermeneutics and the human sciences: Essays on language, action, and interpretation* (Vertaal deur J.B. Thompson). Cambridge: Cambridge University Press.

Ricoeur, P. 1992. *Oneself as another*. Chicago: University of Chicago Press.

Riis, J. 1890. *How the other half lives: Studies among the tenements of New York*. [s.l.]: CreateSpace.

Roberts, R. W. & Nee, H. 1970. *Theories of Social Casework*. Chicago: University of Chicago Press.

Roberts-Holmes, G. 2018. *Doing your early years research project: A step-by-step guide* (4de uitg.) Londen: Sage.

Robinson, S. 2011. What play therapists do within the therapeutic relationship of humanistic/non-directive play therapy. *Pastoral Care in Education*, 29(3), pp.207–220.

Rogers, C. R. 1980*. A way of being*. Boston: Houghton Mifflin.

Rogers, C.F. 1972. *An introduction to the study of pastoral theology*. Oxford: Clarendon Press.

Rogers, C.R. 1986. The Rust Workshop: a personal overview. *Journal of Humanistic Psychology,* 26, pp.23–45.

Rohr, R. 2021. In: J. Strydom (ed.), *Leef lig: Vyf gewoontes van die vroeë kerk*. Kaapstad: Lux Verbi/NB Uitgewers, p.13.

Root, A. 2014. *Christopraxis: A practical theology of the cross*. Kindle Edition. Minneapolis: Fortress.

Rotter, J.C. & Bush, M.V. 2000. Play and family therapy. *Family Journal*, 8(2), pp.172–176.

Rotter, J.C. 1950. *The Rotter Incomplete Sentences Blank*. New York: Psychological Corp.

Rust, M. 2023. *Van vrees na vrede*. Kaapstad: Lux Verbi.

Saldaña, J. 2011. *Fundamentals of qualitative research.* New York: Oxford University Press.

Schleiermacher, F. 1966. *Brief outline on the study of theology*. Richmond: John Knox.

Scholtz, E. 2005. Pastorale benaderings: ‘n Herskryf vanuit ‘n narratiewe perspektief. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 20(2), pp.140–152.

Schrag, C. 1992. *The resources of rationality: A response to the postmodern challenge.* Bloomington: Indiana University Press.

Seidel, J. & Kelle, U. 1995. Different functions of coding in the analysis of textual data. In: U. Kelle (red). *Computer-aided qualitative data analysis: Theory, methods and practice*. Londen: Sage.

Serok, S. 2000. *Innovative applications of Gestalt Therapy*. Malabar, FL: Kriegler.

Sider, R.J., Olson, P.N. & Unruh, H.R. 2002. *Churches that make a difference*. Baker Books.

Siegel, D. 1999*. The developing mind: How relationships and the brain interact to shape who we are*. New York: Guilford Press.

Silverman, D. 2001. *Interpreting qualitative data*. Londen: Sage.

Singer, P. 1981. *The expanding circle: Ethics and Sociobiology*. New York: Farrar, Straus and Giroux.

Sisemore, T.A. 2003. Christian counselling for children: The five domains model. *Journal of Psychology and Christianity*, 22(2), pp.115–122.

Smith, C. & Denton, M.L. 2005. *Soul searching: The religious and spiritual lives of American teenagers*. Oxford: Oxford University Press.

Smith, C. & Nylund, D. 1997. *Narrative therapies with children and adolescents*. New York: Guilford Press.

Smith, J. 2012*. As die lewe jou klap*. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Smith, L. & Botha, J. 2001*. Die Bybelse omgewing*. Pretoria: LAPA.

South Africa. Government. 2020. *Disaster Management Act, 2002: Amendment of regulations issued in terms of section 27(2).* Beskikbaar by https://www.gov.za/documents/disaster-management-act-regulations-alert-level-1-during-coronavirus-covid-19-lockdown-18#:~:text=(4)%20Gatherings%20at%20social%20events,than%2050%20percent%20of%20the [Besoek op 12 Februarie 2023].

Steenkamp. E. 2008. *Die groot stories-boek: tydlose vertellings oor lewenswaarde en die waarde van die lewe*. Wellington: Lux Verbi.

Stiver, D.R. 2001. *Theology after Ricoeur: New directions in hermeneutical theology. Louisville, KY: Westminster John Knox.*

Strong, T., Sutherland, O., Couture, S. & Hope, T. 2008. Karl Tomm's Collaborative approaches to counselling. *Canadian Journal of Counselling*, 42(3), pp.74–191.

Stroup, G.W. 2003. Reformed identity in an ecumenical world. In: W.M. Alston Jnr. & M. Walker (reds). *Reformed theology: Identity and ecumenicity*. Grand Rapids, MI: Eerdmans, pp.257–270.

Strydom, H. 2011. Ethical aspects of research in the social sciences and the human service professions. In: A.S. De Vos, H. Strydom, C.B. Fouché & C.S.L. Delport (reds). *Research at Grass Roots. To the Social Sciences and Human Service Professions*. Fourth Edition, pp.115–122. Pretoria: Van Schaik.

Stydom, J. 2021*. Leef lig: Vyf gewoontes van die vroeë kerk*. Kaapstad: Lux Verbi.

Super, D.E., Savickas, M.L. & Super, D. 1996. The lifespan, lifespace approach to careers. In: D. Brown & L. Brooks (reds). *Career choice and development* (3de uitg.). San Francisco: CA: Jossey Bass.

Swart, I. 2004. The third public: Hermeneutical key to the theological debate in church and development? *Ned. Geref Teologiese Tydskryf,* 45(2), pp.475–494.

Swinton, J. & Mowat, H. 2006. *Practical theology and qualitative research*. Londen: SCM.

Terr, L. 1999. *Beyond love and work: Why adults need to play*. New York: Scribner.

Terre Blanche, M. 1997. The knowledge that one seeks to disinter': psychiatry and the discourse of discourse analysis. In: A. Levett, A. Kottler, E. Burman & I. Parker. (reds). *Culture, power and difference: Discourse analysis in South Africa*. Kaapstad: University of Cape Town Press, pp.139–185.

Tesch, R. 1990. *Qualitative research: Analysis types and software tools.* Beskikbaar by: https://projectguru.in/publications/qualitative-content-analysis-research/ [Besigtig op 16 April 2022].

Thompson, C.L. & Rudolph, B.R. 1996. *Counseling children* (4de uitg.). Belmont, CA: Brooks/Cole.

Tomm, K. 1987a. Interventive interviewing: Part I. Strategizing as a fourth guideline for the therapist. *Family Process*, vol. 26(1), pp.2–13. DOI: 10.1111/j.1545-5300.1987.00003.x

Tomm, K. 1987b. Interventive interviewing: Part II. Reflexive questioning as a means to enable self-healing. *Family Process*, 26(2), pp.167–183. https://doi.org/10.1111/j.1545-5300.1987.00167.x

Tomm, K. Sutherland, O., Couture, S., Godard, G. & Hope, T. 2008. Karl Tomm's Collaborative approaches to counselling. *Canadian Journal of Counselling*, 42(3), pp.174–191.

Van Aarde, A. 2004a. Postmoderne epistemologie en postkoloniale hermeneutiek. *Hervormde Teologiese Studies*, 60(1), pp.1105–1125.

Van Aarde, A. 2004b. Skrifbeskouing in die lig van postmoderniteit. *Hervormde Teologiese Studies*, 60(1/2), pp.503–523.

Van den Berg, J.A. 2006. 'n Verandering in tongval…? 'n Verwoord(-beeld)-ing van pastoraal teologiese perspektiewe. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 21(2), pp.161–194.

Van den Berg, J.A. 2008. An embodied spirituality: Perspectives for a bodily anthropology. *Acta Theologica*, 28(2):118–132.

Van den Berg, J.A. 2010. An (auto)biographical theologia habitus: Futures perspectives for the workplace. *Acta Theologica,* 30(Supplementum 13), pp.1–158.

Van den Berg, J.A. 2016. *Pastorale sorg*. Beskikbaar by: eckechristians.co.za/2016/03/24/pastorale-sorg/ [Besigtig op 1 April 2019].

Van Den Berg, J.A. 2020. Weerkaatsende woorde. 'n (Outo)biografiese refleksie van 'n (praktiese) teoloog. *Scriptura*, 119(3), pp.1–11. http://dx.doi.org/10.7833/119-3-1762

Van der Lans, J.M. 2002. Implications for the psychological study of religion. In: C.A.M. Hermans, G. Immink, A. de Jongh & J. van der Lans (reds). *Social constructionism and theology*. Leiden: Brill, pp.24–39.

Van der Merwe, J.M. 2020. Poverty and the Covid-19 pandemic: A challenge to the church. *HTS Teologiese Studies/Theological Studies*, 76(1), pp.1–9.

Van der Ven, J. A. 1993. *Practical theology: An empirical approach*. Kok: Pharos.

Van der Vlies, B, Grobler, H.B., Denton, R.A. 2015. Adolessente se ervaring binne ’n lesbiese ouerhuis: ’n Pastorale-Gestaltteoretiese hulpverlening. *HTS Teologiese Studies /Theological Studies,* 71(3), pp.1–10.

Van Hollander, T. 2020. Teleplay therapy in a pandemic. 2022 Oct-Dec; 19(10-12): 40–42. Beskikbaar by: https://www.mainlineplaytherapy.com/post/manage-your-blog-from-your-live-site. [Besigtig op: 4 Julie 2020].

Van Huyssteen, W. 1997. *Alone in the world? Human uniqueness in science and theology.* Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Van Klinken, A. 2018. Autobiographical storytelling and African narrative queer theology. *Exchange*, 47(3), pp.211–229. https://doi.org/10.1163/1572543X-12341487

Van Niekerk, P.A. (red.). 1986. *Die opvoedkundige-sielkundige*. Stellenbosch: Universiteitsuitgewers.

Van Niekerk, P.I. 2015. God en armoede in die Karoo: ’n Besinning oor ’n teologie van transformasie. *Stellenbosch Theological Journal*, 1(1), pp.321–343. doi:10.17570/stj.2015.v1n1.a16.

Van Rensurg, J.J. 2000. *The paradigm shift: An introduction to postmodern thought and its implications for theology.* Pretoria: Van Schaik

Van Wyk, C.P. 2022. Die migrasie van tradisionele godsdiensbeoefening na spiritualiteit: Bedieningspraktyke and post-kerklikes. Proefskrif ingelewer ter vervulling van die graad Doctor of Theology with specialisation in Spirituality in die Departement Praktiese en Missionale Teologie aan die Universitiet van die Vrystaat: Bloemfontein.

Vanhoozer, K.J. 2007. What is everyday theology? How and why Christians should read culture. In: K.J. Vanhoozer, C.A. Anderson & M.J. Sleasman (reds). *Everyday theology: how to read cultural texts and interpret cultural trends*. Grand Rapids, MI: Baker Academic pp.15–60.

Venter, C.A. 1988. Grafiese gesinsbeelding. Fourth National Congress of South African Institute for Marriage and Family Therapy. 6–9 April, Kaapstad.

Vetere, A. & Dowling, E. 2005. *Narrative therapies with children and their families: A practitioner’s guide to concepts and approaches*. New York: Routledge.

Walsh, M.A. 2017.We are not all victims: Local Peacebuilding in the Democratic Republic of Congo. *Journal of Pastoral Theology*, 27(2), pp.123-127.

Walton, H. 2017. Theology in the way we live now: A theopoetics of life writing, *Concilium.* London: SCM Press, pp.1–9.

Walton, H. 2018. We have never been theologians: Postsecularism and practical theology. *Practical Theology*, 11(3), pp.218–230. https://doi.org/10.1080/1756073X.2018.1461489

Walton, H. 2022. Life writing and religion. In: B. Weyel, W. Gräb, E. Lartey & C. Wepener (reds). *International handbook of practical theology*. Berlyn: De Gruyter, pp.47–60.

Ward, P. 2017. *Introducing practical theology: Mission, ministry and the life of the church.* Grand Rapids, MI: Baker Academic.

Warren, R. 2003. *Veertig dae van doelgerigte lewe*. Grand Rapids, MI: Zondervan.

Watslawick, P., Weakland, J.H. & Fisch, R. 1974. *Change: Principles of problem formation and problem resolution*. New York: Norton.

Weingarten, K. 1991. The discourses of intimacy: Adding a social constructionist and feminist view. *Family Process*, 30(3), pp.285–305.

White, M. & Epston, D. 1990. *Narrative means to therapeutic ends*. New York: Norton.

White, M. 1986. Negative explanation, restraint and double description: A template for family therapy. *Family Process*, 25(2), pp.69–184. https://doi.org/10.1111/j.1545-5300.1986.00169.x.

White, M. 1988/9. The externalizing of the problem and the re-authoring of lives and relationships. *Dulwich Centre Newsletter*, Summer, pp.3–20.

White, M. 1991. Postmodernisms, deconstruction and therapy. *Dulwich Newsletter*, 3, pp.21-40. https://dulwichcentre.com.au/wp-content/uploads/2020/09/Deconstruction-and-Therapy.pdf

White, M. 1993. The histories of the present. In: S. Gilligan & R. Price (reds). *Therapeutic conversations*. New York: Norton, pp.121–135.

Whitmore, J. 2002. *Coaching for performance: GROWing people, performance and purpose*. Third Edition. London: Naperville, USA: Nicholas Brealy.

Wilson, F. & Ramphele, M. 1989. *Uprooting poverty: The South African challenge*. Kaapstad: Philip.

Winslade, J., Crocket, K. & Monk, G. 1997. The therapeutic relationship. In: J. Winslade, K. Crocket, G. Monk & D. Epston (reds). *Narrative therapy in practice: the archaeology of hope*., San Francisco, CA: Jossey Bass, pp.53–81.

Yontef, G.M. & Jacobs, L. 2014. Gestalt therapy. In: R.J. Corsini & D. Wedding (reds). *Current psychotherapies* (10de uitg.). Belmont, CA: Brooks/Cole, pp.299–338.

Yontef, G.M. 1993. *Awareness, dialogue and process: Essays on Gestalt therapy*. Highland, NY: Gestalt Journal Press.

Zahavi, D. 2007. Subjectivity and the first-person perspective. *Southern Journal of Philosophy*, 45(S1), pp.66–81. https://doi.org/10.1111/j.2041-6962.2007.tb00113.x

Zander, B. & Zander, R. 2002. *The art of possibility: transforming professional and personal life.* Londen: Penguin.

Zerfass, R. 1974. Praktische Theologie als Handlungswissenschaft: In F. Klostermann & R. Zerfass (reds). *Praktische Teologie heute*. München: Matthias-Grünewald-Verlag, pp.164–177.

Zilbach, J.J. 1986. *Young children in family therapy*. New York: Brunner/Mazel.

Zins, J.,Bloodworth, M.R., Weissberg, R.P. & Walberg, H.J. 2004. The scientific base linking social and emotional learning to school success. In. J. Zins, R.P. Weiberg, M.C. Wang & H.J. Wahlberg (reds). *Building academic success on social and emotional learning: What does the research say?* Londen: Teachers College Press, pp.3–22.

# ADDENDA

## Addendum 1: ‘n Voorstelling van die sandrak en projeksiefiguurtjies



**Addendum 2: Prentekaarte met vrae soos uiteengesit**

Hierdie vrae mag verder meehelp om inligting rakende die medenavorser in te win (Blom 2000:71; Giordano, Landreth & Jones 2005:37; Blom 2011:41). Die volgende vrae is tydens hierdie prentekaartspeletjie gebruik:

1. In wie se kamer sal jy graag die hele dag wil deurbring en waarom?
2. Vertel van 'n slegte droom wat jy gehad het?
3. Wat is die stoutste ding wat jy al ooit gedoen het?
4. Wanneer laas het jy lekker vir jouself gelag omdat jy 'n rêrige dom ding gedoen het?
5. As jy baie geld kon hê en dit mag spandeer soos jy wil, wat sal jy daarmee doen?
6. Saam met wie wil jy maan toe gaan? Jy mag net een mens kies?
7. Wat maak jou die kwaadste?
8. Wie is jou beste vriend/vriendin?
9. Wat wil jy vir jou ma/vrou vertel?
10. Wat wil jy vir jou pa/man vertel?
11. As almal jou verjaardag vergeet, hoe sal dit jou laat voel en hoe sal jy optree?
12. Waarvoor is jy bang, al weet jy daar is geen rede tot vrees nie?
13. Wat is die wonderlikste ding wat al ooit met jou gebeur het?
14. Watter drie wense, wat vir seker sal waar word, sal jy vandag wens?
15. Watter raad sal jy vir jou ouer gee wat tot beter ouerskap kan lei/vir jou man of vrou gee wat tot 'n beter verhouding sal lei?
16. Indien jy iets aan jou voorkoms kan verander, wat sou jy doen:
17. Indien jy toegelaat word om skool te verlaat/jou werk te bedank, sou jy?
18. Wat is die slegste by die skool/werk?
19. Wat is die lekkerste by die skool/werk?
20. Is jy tevrede met die reëls wat tans in jou lewe is, of sou jy dit wou verander?

Hierdie vrae is agter op prentekaarte geplak en die medenavorser kon 'n keuse uitoefen watter vraag hy verkies om eerste te beantwoord, en/of hy wel die vraag wil beantwoord. Johannes het vir 'n duplikaat van hierdie spel gevra om dit in sy eie bediening te kan gebruik.




Prentekaarte as instrumente ter fasilitering van die narratiewe gesprek
(Giordano, Landreth & Jones 2005:37, Blom 2011:41

**Addendum 3: Rötter se onvoltooide sinne-lys**

**Onvoltooide sinne toets:**

**Naam**: ……………………………………………………… **Datum**: ……………………

*Voltooi asseblief die volgende sinne met die eerste gedagte wat in jou kop kom…*

1. Ek hou van…
2. Die gelukkigste oomblik…
3. Voordat ek saans gaan slap, dink ek…
4. Ek wil baie graag…
5. Ek voel…
6. My vriende weet…
7. Die kinders terg my…
8. Mense wat my nie verstaan nie…
9. Ek raak geïrriteerd…
10. My ma…
11. My grootste vrees…
12. My pa…
13. Ek kon nog nooit…
14. Toe ek jonger was…
15. Ek sal nooit vergeet…
16. Ek word kwaad…
17. My grootste bekommernis is…
18. Somtyds wonder ek…
19. Ek voel hartseer…
20. As ek dinge kon verander, sou ek…
21. Dit bekommer my dat…
22. Ek verkies…
23. Wat ek nodig het, is…
24. Mense wat nie van my hou nie…
25. Ek het nie tyd vir…
26. Ek wens…
27. Ek is jammer…
28. Ek haat…
29. Ek is baie…
30. Ek wens ek kon my ma vertel…
31. Soms verbeel ek my…
32. Dit is my fout dat…
33. Ek wens ek kon my pa vertel…
34. Ek kan nie verstaan…
35. Ek verlang na…
36. As my pa en ma…

Die Onvoltooide sinne vraelys soos opgestel deur Rotter: Giordano, Landreth & Jones 2005:50).

**Addendum 4: Die bordspel "Pachisi" soos op Tomm (2008:174-191) se vraelys gebaseer**




Die bordspel "Pachisi" soos op Tomm (2008:174-191) se vraelys gebaseer.

**Addendum 5: Vraelys wat gelei het tot die Freed-X spel**

## Question Format:

(Freedman & Combs, 1996:49 – 50)

**Van internalisering tot eksternalisering**:

| | **Is nog 'n werkwoord en dus intern tot die kliënt, bv. *angry* en nie *anger*.** | |
|---|---|---|
| H | **Hoe** het X deel geword van jou lewe? | hoe |
| M | Waaroor is jy die **meeste** X? | meeste |
| G | Watter dinge het **gebeur** wat jou veral **gelei** het om X te wees? | gebeur |
| G | Wat is die **gevolge** vir jou verhoudings en jou lewe wanneer jy X voel? | Gevolge |
| H | Watter van jou **huidige** probleme kom van X wees? | huidige |
| S | Hoe is jou **selfbeeld** anders wanneer jy X is? | selfbeeld |
| W | **Wonderwerk** en X is nie meer – hoe sal dit jou lewe verander? | wonderwerk |

Hoe **voel** jy?

Wat is **moontlik** rondom hierdie gevoel?

Wat is **onmoontlik** rondom hierdie gevoel?



Hoe lyk die **toekoms t.o.v. hiervan**?

**Rename the past! X word Y, en word buite jouself geplaas**. **Y is nie meer kompetisie**

| | **Word 'n naamwoord en staan ekstern teenoor die kliënt.**<br>***Angry* word *Anger*.** | |
|---|---|---|
| K | Wat het jou **kwesbaar** gemaak vir Y sodat dit moontlik geword het om jou te domineer? | kwesbaar |
| S | In watter **situasies** of kontekste is Y besig om oor te neem in jou lewe? | situasies |
| T | Watter dinge gebeur wat vir Y **toestemming** gee om oor te neem? | toestemming |
| O | Waarin het Y jou laat beland wat teen jou beter **oordeel** is? | oordeel |
| E | Watter **effek** het Y op jou lewe en verhoudings? | effek |
| NP | Hoe het Y jou in die **probleemsituasie** ingelei wat jy **nou** ervaar? | Probleemsituasie<br>nou |
| B | Maak Y jou soms **blind** sodat jy nie jou bronne of die positiewe kan raaksien nie? | blind |
| T | Was daar **tye** in jou lewe wat jy in staat was om beheer te neem oor Y? Tye wanneer Y kón oorneem, maar jy dit nie **toegelaat** het nie? | Tye<br>toegelaat |
| A | Wat het jy daardie keer gedoen wat **anders** was as die ander kere? | anders |

**Addendum 6: Die bordspel Freed X**


Die bordspel Freed-X (foto, bo links) word gespeel deur ‘n eenvoudige, emoji-dobbelsteentjie en ‘n elimineerpen te gebruik. Soos wat die projeksiefiguurtjie voortbeweeg, word bogenoemde vrae op speelse wyse gestel.



Links bo is die konsep van die bordspel wat op die vraelys van Freedman en Combs (1996:49) gebaseer is.

.

**Addendum 7: Die Freed-X spel in 'n vroeë stadium van ontwikkeling**



**Addendum 8: Die nuwe Freed-X speletjie soos op viniel gedruk en in die praktyk gebruik word**



**Addendum 9: Die Roosboom fantasie**

Versoek die kind/gespreksgenoot om op hulle rug te lê en ‘n paar keer diep asem te haal, terwyl hulle met agtergrondmusiek gelei word om op verskillende liggaamspiere te fokus een dit progressief te ontspan. Versoek die kind/gespreksgenoot dan om hulle te verbeel dat hul ‘n roosboom is.

Voorsien die volgende suggesties:

- Watter tipe roosboom is jy: sterk of swak?
- Hoe lyk jou wortelstelsel: diep of vlak?
- Het jy enige blomme aan ~ indien wel, is dit rose?
- Hoeveel rose het jy ~ baie of min?
- Watter kleur is jou rose?
- Hoeveel dorings het jy, as jy het? Is dit baie? Is dit min?
- Hoe lyk jou blare?
- Hoe lyk die omgewing?
- Waar staan jy – in ‘n tuin, in die stad, ‘n woestyn of in die middel van die see?
- Wat is rondom jou ~ is daar ander rose of blomme, of staan jy alleen?
- Is daar enige mense of diere rondom jou?
- Lyk jy soos ‘n roosboom?
- Is daar iets soos ‘n heining rondom jou?
- **Hoe voel dit om ‘n roosboom te wees?**
- Hoe oorleef jy ~ wie sorg vir jou?
- Hoe lyk die weer vandag by jou?

Versoek die gespreksgenoot hierna om hulle roosboom te teken en dan aan jou in die teenwoordige tyd te beskryf, asof hulle die roosboom is. Skryf die beskrywings neer en lees dit aan die gespreksgenoot voor**. Help die gespreksgenoot dan om moontlike wyses waarop dit in hulle lewe inpas te vind**. Musiek word deurlopend in die agtergrond gespeel… ♫♪♫

By jonger kinders word “Kandit wees?”-vrae gebruik, bv. “Kan dit wees dat jy ook somtyds aleen voel soos hierdie roosboom wat heeltemal alleen in die woestyn staan?” ens…

<u>Die gespreksverloop</u>:


Wat laat jou groei?
Is dit lekker as iemand ‘n roos pluk?
Sal daar weer ander rose in sy plek groei?
WIL die roosboom graag alleen staan?

Is die roosboom gelukkig in die huidige milieu?
Is daar vandag ‘n son of donderwolke?
Sal die by die roosboom kan beskerm as daar aanvallers kom?
Gee jy om as die butterfly jou geur na ander toe dra?
Ruik die rose baie lekker?
As ek een roos mag pluk, na wie sal jy my stuur om dit te gaan gee?
Vir wie wil die dorings gaag steek?
Is daar goggatjies in die roosboom?
Staan die roosboom naby ‘n huis?
Wie snoei die roosboom?
Word die roosboom dikwels gesnoei?
Is dit baie seer?
Kom daar dikwels kinders naby die roosboom?
Hoe lank staan die roosboom al op hierdie plek?
Is die roosboom gelukkig waar dit staan?
Is daar bye of skoenlappers naby die roosboom?
Sou die roosboom daarvan hou om omhein te wees?
As die roosboom kon praat – met wie sou die boom graag wou gesels?
Kom daar soms diere in die roosboom se koelte lê?
Gaan die roosboom dood wanneer dit winter word?
Die hele boom of net die rose?
Is daar ‘n kraan met ‘n tuinslang naby die roosboom?
Reën dit dikwels hier waar die roosboom staan?
As die roosboom sou kon skuif na ‘n ander plek – sou dit?
Waarheen?
Word die roosboom soms bang vir die donderweer?
Is daar baie dikwels donderweer?
Watter soort voeding sou die roosboom graag wou hê?
As jy vir die roosboom een ding kan sê, wat sal jy sê?

**Addendum 10: Die bevrydingspeletjie (Jill-X) soos ook in Addendum 6 na verwys**



**Addendum 11: 'n Voorbeeld van die termineringsboekie**




Ekstra spelvorme bygewerk:

<u>Spelvorm</u>: Who is it – to find out the suspect. Verdere eksternalisering van probleme. Diversicor ®




"Wie is die skuldige" – spelvorm deur Diversicor ontwerp

# Who is it?

# ... to find out the suspect person...

## Majors for Minors Game

Diversicor (+27 11 803 3316)
info@diversicor.co.za
www.diversicor.co.za

1. Identifiseer die probleem.
2. Wie veroorsaak die probleem? Is dit jyself, iemand anders of 'n situasie?
3. Teen wie is jou woede/hartseer/emosie gemik?
4. Kan jy van "target" verander?
5. Wat is die gevolge van hierdie probleem in jou lewe? Fisies? Emosioneel?
6. Hoe kan hierdie probleem en sy gevolge aangespreek word?
7. Wat maak jou kwesbaar vir die probleem om jou te domineer?
8. Maak dit jou soms blind sodat jy nie jou positiewe punte kan raaksien nie?
9. Was daar al 'n keer in jou lewe wat in dit op 'n ander manier hanteer het?
10. Waarom het jy tóé toegelaat dat jy in beheer was en nie die probleem nie?
11. Wat het jy tóé gedoen wat anders was as die ander kere?
12. Was dit 'n besluit wat jy op jou eie geneem het, of het iemand jou hiermee gehelp?
13. Was dit 'n goeie of slegte ervaring?
14. Sal jy graag meer sulke positiewe uitkomste in jou lewe wil hê?
15. Wat sê dit van jou karakter?
16. Wat sê dit van jou lewensdoelwitte?

Vraagformaat: Freedman & Combs 1996, pp. 49-50.

Spelvorm: Story Cubes*:* a non-competitive storytelling game designed to spark the imagination of players of all ages: O'Connor en Murphy. ®




Spelvorm: Shape your story: A unique storytelling game where the artist meets the storyteller: Chalk and Chuckles Products Pvt. Ltd, 2012 ®

Spelvorm: Once Upon a Time: a storytelling game – Frank Educational Aids Pvt. Ltd.




Die storievertel-spel

## Addendum 12: GHREC Vorm



**GENERAL/HUMAN RESEARCH ETHICS COMMITTEE (GHREC)**

06-Nov-2020

Dear Mrs Hester Van Schalkwyk

**Application Approved**

Research Project Title:
**Narratiewe pastorale spel en gemarginaliseerde gemeenskappe.**

Ethical Clearance number:
**UFS-HSD2020/0837/0611**

We are pleased to inform you that your application for ethical clearance has been approved. Your ethical clearance is valid for twelve (12) months from the date of issue. We request that any changes that may take place during the course of your study/research project be submitted to the ethics office to ensure ethical transparency. furthermore, you are requested to submit the final report of your study/research project to the ethics office. Should you require more time to complete this research, please apply for an extension. Thank you for submitting your proposal for ethical clearance; we wish you the best of luck and success with your research.

Yours sincerely

**Dr Adri Du Plessis**
**Chairperson: General/Human Research Ethics Committee**



205 Nelson Mandela Drive
Park West
Bloemfontein 9301
South Africa

P.O. Box 339
Bloemfontein 9300
Tel: +27 (0)51 401 9337
duplessisA@ufs.ac.za
www.ufs.ac.za